# ONS GLO EN BELY

Deur

M.J. Booyens

# Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe ..... 2
WOORD VOORAF ..... 4
VAN DIE SKRYWER ..... 5
GEBED VAN LEERLINGE ..... 6
Hoofstuk 1 ..... 7
"Julle sal my getuies wees" ..... 7
Hoofstuk 2 ..... 11
ARTIKEL 1 - Ons glo met die hart ..... 11
Hoofstuk 3 ..... 17
ARTIKEL 1 - Ons glo in God ..... 17
Hoofstuk 4 ..... 22
ARTIKEL 1 - 'n Ewige Geestelike Wese ..... 22
Hoofstuk 5 ..... 27
ARTIKEL 2 - God openbaar Homself ..... 27
Hoofstuk 6 ..... 34
ARTIKEL 2 - "God het baie keer en op baie maniere gespreek". ..... 34
ARTIKEL 3 - Deur die Heilige Gees Gedrywe ..... 35
ARTIKEL 4 - Ou- en Nuwe Testament ..... 36
ARTIKEL 5 - Die Bybel as Norm ..... 37
Hoofstuk 7 ..... 41
ARTIKEL 6 - Die Bybel alleen ..... 41
ARTIKEL 7 - Die Bybel is genoeg ..... 42
ARTIKEL 2 - 7 Wat het ons aan die Bybel? ..... 45
Hoofstuk 8 ..... 48
ARTIKEL 8 - God Drie-Enig ..... 48
ARTIKEL 9 - Die Bybel leer ons dit ..... 49
ARTIKEL 10- Jesus Christus is God ..... 50
Hoofstuk 9 ..... 54
ARTIKEL 11 - Die Heilige Gees ..... 54
Hoofstuk 10 ..... 60
ARTIKEL 12 - Skepping ..... 60
ARTIKEL 13 - Onderhouding ..... 65
Hoofstuk 11 ..... 69
ARTIKEL 14 - Goed geskape — diep geval ..... 69
ARTIKEL 15 - Die Erfsonde ..... 71
Hoofstuk 12 ..... 74
ARTIKEL 16 - Uitverkies ..... 74
ARTIKEL 17 - Opgesoek en Getroos ..... 76
Hoofstuk 13 ..... 81
ARTIKEL 18 - Die Woord het vlees geword ..... 81
ARTIKEL 19 - Twee nature — een Persoon ..... 83
ARTIKEL 20 - God se aangesig in Jesus Christus ..... 85
Hoofstuk 14 ..... 88
ARTIKEL 21 - Ons ewige Hoëpriester ..... 88
ARTIKEL 22 - Geregverdig deur die geloof ..... 89
ARTIKEL 23 - Regverdiging - Vergewing en toerekening ..... 91
ARTIKEL 24 - Vrugte van die Geloof ..... 93
Hoofstuk 15 ..... 96
ARTIKEL 25 - Christus het eenmaal gely en alles volbring ..... 96
ARTIKEL 26 - Wat vir ons intree ..... 99
Hoofstuk 16 ..... 103
ARTIKEL 27 - Die Kerk ..... 103
ARTIKEL 28 - Elkeen moet hom by die ware kerk voeg ..... 105
Hoofstuk 17 ..... 108
ARTIKEL 29 - Die ware en valse kerk ..... 108
Hoofstuk 18 ..... 113
ARTIKEL 30 - Kerkregering en Tug ..... 113
ARTIKEL 31 Die roeping tot die amp kom van die Here. ..... 114

ARTIKEL 32 - Orde, Dissipline, Tug ..... 115
Hoofstuk 19 ..... 120
ARTIKEL 33 - Sakramente ..... 120
ARTIKEL 34 - Die Heilige Doop ..... 121
Hoofstuk 20 ..... 129
ARTIKEL 35 - Die Heilige Nagmaal ..... 129
Hoofstuk 21 ..... 136
ARTIKEL 36 - Die Owerheid en die Eindoordeel ..... 136
ARTIKEL 37 - Kom Here Jesus! ..... 139

# WOORD VOORAF

*Die boek wat u nou in u hande geneem het, bied homself aan as 'n kort verklaring van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die skrywer het hom beywer om die Konfessie van Die Gereformeerde Kerke op 'n eenvoudige en tegelyk bevatlike wyse te verduidelik.*

*Wanneer u die boek gelees het dan sal u uitvind dat wat die ondertitel aandui werklik die bedoeling van die skrywer was. Hy het terwyl hy besig was om te skryf die kinders van die kerk maar ook die mense buitekant die kerk voor sy aandag gehad. Dit beteken dat hierdie boekie sowel in die katkisasieklas as ook in verband met evangelisasiehuisbesoek gebruik kan word.*

*In 'n tyd soos hierdie is dit van die uiterste belang dat ons kinders meet wat die leer van die kerk is, want die leer van die kerk is die inhoud van die Bybel. By die lees van die manuskrip het ek onder die indruk gekom hoedat ons Belydenis die taal van die Bybel praat en alleen beoog dat ons vaster in die Heilige Skrif gefundeer word.*

*Dit is juis die mooie van ons Belydenis dat deur dieper in die leer van die kerk in te dring, verryking van die kennis van die Woord van God ontvang word.*

*Die skrywer het eintlik niks anders gedoen dan telkens weer vir die leser te wys hoe nou die band tussen die Bybel en die Belydenis is. In die Belydenis van die kerk word die inhoud van die Woord van God deur die gelowige hart nagespreek.*

*Dr. A. Kuyper het eens op 'n treffende manier die verskil tussen die Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis soos volg uitgedruk: die Kategismus spreek binne die mure van die kerk. Hy soek die kinders in huis- en skoolonderrig. Maar die Belydenis soek ook die mense buite die mure van die kerk. Die Geloofsbelydenis het dus ook 'n evangeliserende strekking. Dit het ds. M.J. Booyens ook raakgesien. Hy het daarom sy verhandeling oor die Geloofsbelydenis op so 'n wyse geskryf dat daarmee ook die buite-kerklike bereik kan word.*

*Mag onder die seën van die Here hierdie boek wat ons van harte wil aanbeveel sy weg vind na die katkisasie-klaskamer, die huisgesin en die van die kerk vervreemde mens. Mag die Here hierdie boek gebruik as 'n skakel tussen die Bybel en die kind van die kerk maar ook die moderne mens buite die kerk, sodat harte gaan glo en monde gaan bely dat die Woord van God die waarheid is en dat die God van die Woord goed is, onuitspreeklik goed vir sondige mense.*

*Want om dit te glo met die hart en te bely met die mond gee blydskap in die lewe.*

*Prof. dr. L. Floor.*

# VAN DIE SKRYWER

*Die aandrang om die boek te skrywe, was in die eerste plek die besef van die gebrek aan Bybelkennis van die lidmate van ons kerk. Ons het bv. sterk behoefte aan een of ander handleiding vir mense wat kan optree as evangelisasiewerkers. Om diesulkes te help, het ek nie die Nederlandse Geloofsbelydenis volledig "verklaar" in die gewone sin van die woord nie, maar aantekeninge daarby geskrywe met oorvloedige verwysings na die Bybel. My eerste doel is om Bybelkennis te verskaf. Dit is bedoel om in Bybelstudie 'n hulp te wees en tot verdere Bybelstudie te prikkel.*

*Ek het egter probeer om die boek so bevatlik moontlik te skryf. sodat dit ook vir die groter kinders in die katkisasie en die skool gebruik kan word. Ook in die opsig bestaan daar 'n groot behoefte in ons kerk en ons land.*

*Daar gaan soms stemme op teen die gebruik van "handboeke" so asof die boeke die aandag van die Bybel self aftrek. Ek glo egter nie dat 'n handboek wat in die ware sin van die woord "christelik" is, die uitwerking kan hê nie. Dit verinnig en verdiep ons Bybelkennis en prikkel tot meerdere Bybelstudie. Indien dit die Bybel sou verdring, sou die prediking eintlik maar dieselfde uitwerking hê. Ek moet sê dat dit wel bedroewend is dat ons mense sonder die Bybel kerk-toe kom. Ons prediking sou gewis ook veel vrugbaarder wees, indien ons ons Bybels byderhand het en self nie huiwer om aantekeninge te maak van die hoofpunte of treffende gedagtes uit preke nie.*

*Ek wil in besonder vir prof L. Floor hartlik bedank vir sy aanmoediging en belangstelling. Hy het bv. die manuskrip deurgelees en allerlei wenke en verbeteringe aan die hand gedoen wat die geheel net ten goede kom. Pretoria. Augustus 1972.*

**Opgedra aan my vrou**

# GEBED VAN LEERLINGE

Here, U is die bron van alle wysheid en kennis. Dit behaag U om my in my jeug onderrig te gee wat vir my nuttig sal wees om heilig en opreg te lewe en daarom bid ek U dat u my verstand sal verlig om die onderwys wat ek ontvang, te verstaan.

Sterk my geheue dat ek goed kan onthou wat ek geleer het.

Rig my hart so dat ek daarna verlang om groot vorderings te maak en ek nie die geleentheid om te leer wat U my vandag bied, verby laat gaan nie.

Daarom, o my God, gee my u Gees.

Hy is die Gees van verstand, van waarheid, van onderskeiding en van wysheid.

U Gees sal my bekwaam maak om vooruit te kom.

Hy sal ook bewerk dat die moeite wat mense doen om my bekwaam te maak, nie tevergeefs is nie.

Hy sal ook bewerk, Here, dat ek elke studie waaraan ek my wy, bring tot die ware doel, naamlik om U en u Seun Jesus Christus te ken.

So sal ek ook van u genade verseker wees en in staat om u trou te dien.

Verder het U belowe dat U deur u wysheid en kennis die kleines en die nederiges met 'n opregte hart sal verlig. Daarenteen verwerp u die wat trots is om in die ydelheid van hulle redeneringe verlore te gaan. Laat daarom u Gees my onderdanig en gehoorsaam maak, allereers aan U maar ook aan hulle wat U aangestel het om my onderrig te gee.

Wil ook my hart bereid maak om U ywerig te soek, met verloëning van my slegte begeertes.

Skenk ook, o God, dat dit my enigste doel sal wees om my van nou af aan toe te rus om U te dien in die roeping waarin dit. U sal behaag om my te roep.

Amen.

(Calvyn het, volgens De Reformatie, hierdie gebed by sy Kategismus laat afdruk. Ons het dit goed gedink om dit in Afrikaanse verwerking hier weer te gee, omdat dit voortreflik is en veral vir ons jeug van groot waarde kan wees. — Die skrywer).

# Hoofstuk 1

## *"Julle sal my getuies wees"*

Hierdie bekende uitspraak is van Jesus aan sy elf apostels op die dag van sy hemelvaart. Jesus se geestesoog het die wêreld in steeds wyer wordende kringe omvat: , Julie sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8). Hierdie opdrag kom dikwels voor in die Bybel.

### *Bloedgetuies van Jesus Christus*

Jesus Christus se getuies het sedert 1521 'n moeilike tyd in Nederland belewe. Op 1 Julie 1523 is in Brussel 'n skavot opgerig, waarop die eerste bloedgetuies in Nederland die marteldood sou sterwe. Hulle was drie monnike: Hendrik Voes, Johannes van Esch en Lambertus Thorn wat volgelinge van Luther geword het. Sterwend het hulle saam met die menigte gesing: "Ons loof U, o God, ons prys u Naam". Die brandstapel het 'n preekstoel geword . . . Sterwende getuies van Jesus Christus preek nog nadat hulle reeds gesterf het. Die bloed van die martelaars is die saad van die kerk.

In die jare is baie brandstapels en galge opgerig in Nederland. Die vuur van die suiwer Evangelie kon egter nie geblus word nie. Dit is veeleer aangeblaas.

### *Guido de Bres*

In dieselfde jaar 1523 is in Bergen 'n seuntjie gebore met die naam van Guido de Bres. Hy is deur sy moeder streng opgevoed in die leer en seremonies van die Roomse kerk. Hy het die Bybel egter onder oë gekry. Sy oë is geopen vir die dwalinge van Rome, maar ook vir sy eie verlore toestand. Eindelik kon hy hom verbly in die heerlike waarheid van die Evangelie dat Jesus gekom het om sondaars salig te maak.

Op 31 Mei 1567 het hierdie man, wat intussen bedienaar van die Woord van God geword het, ook gesterf as bloedgetuie van Jesus Christus. Hy is op las van die owerheid "opgehang en gewurg". Voor sy dood het hy die geleentheid gehad om aan dierbares en sy gemeente te skryf en hulle te versterk vir wat wag. Toe hy weggeneem is om tereggestel te word, was sy laaste woorde aan sy medegevangenes: "Dit is vir my asof my gees vleuels ontvang het om na die hemel te vlieg, aangesien ek tans genooi is na die bruilof van my Here, die Seun van God . . ."

### *'n Belydende getuie*

Vir ons het Guido de Bres 'n kosbare getuienis nagelaat. Dit is 'n klein boekie bekend as "Die Sewe-en-dertig Artikels" of die "Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit is een van die "Belydenisskrifte" van ons drie Afrikaanse kerke. Dit was vanselfsprekend nie alleen sy eie werk nie. Hy het bv. die Franse Geloofsbelydenis, bekend as Confesio Gallicana, as voorbeeld gebruik. Voor publikasie het hy ook ander predikante geraadpleeg.

Dit is goed om te weet dat die woord "bely" eintlik stam uit die kringe van die regspraak: "Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemel is" (Matt. 10:32 en sien ook Luk. 12:8). Dit is derhalwe verwant aan ..getuig" of "getuie wees". Daar word 'n beroep op jou gedoen om te verklaar, getuig, bely . . . Jy neem standpunt. So is Petrus bv. in die voorhof van Kajafas gevra of hy ook by Jesus hoort. met hom in verband staan (Matt. 25:12). Hy moes getuienis gee of bely.

As iemand belydenis doen gebeur dit, omdat sy naam uitgeroep word. Nou is dit sy of haar beurt om te getuig. Ons moet altyd bereid wees om rekenskap af te lê betreffende ons verhouding met ons Here Jesus Christus. Luister maar na Paulus bv. voor die regterstoel van

goewerneur Felix:" *Maar dit erken ek voor u dal ek* volgens die Weg, wat hulle sekte noem, so die God van my vaders dien, terwyl ek alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is, en 'n hoop op God het, 'n hoop wat hulleself ook verwag, dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges" (Hand. 24:14, 15). Hiervan is daar volop voorbeelde in die Nuwe Testament. Mense kies vir Jesus en is dan sy getuies deur die belydenis wat hulle aflê.

***Doornik 2 November 1561***

In die vroeë more van 2 November 1561 is die poort van die kasteel van Doornik soos gewoonlik oopgemaak. Daar binne die buitenste muur lê 'n verseëlde pakkie, wat in die nag oor die muur gegooi is. Behalwe 'n begeleidende brief aan koning Philips II van Spanje, die destydse heerser oor Nederland, het dit ook die Nederlandse Geloofsbelydenis bevat. Daar was juis in daardie tyd twee gevolmagtigdes van Philips II in die kasteel tuis. In die brief aan die koning skryf Guido de Bres, destyds "ondergrondse" predikant van Doornik, o.a.: "Maar noudat alle wee vir ons afgesluit is, (om persoonlik voor die koning te verskyn), wil ons, in die naam van meer as honderdduisend mense in die Nederlande, op hierdie wyse *getuienis van ons geloof aflê ...*"

Vyf-en-'n-half jaar later het Guido de Bres hierdie "getuienis van sy geloof' met sy eie bloed beseël, toe hy ,.opgehang en gewurg" is.

***Belydenis 'n saak van gehoorsaamheid aan Christus***

Vóór sy belydenis het De Bres die volgende tekste geplaas. Dit is "enkele tekste uit die Nuwe Testament waardeur gelowiges vermaan word om belydenis van hulle geloof voor die mense af te lê". Matt. 10:32. *"Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.*" Mark. 8:38 (Luk. 9:26): *"Want elkeen wat hm vir My en my woordeskaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hm sal die Seun van die mens hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele.* "

1 Petr. 3:15: "*... wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is."*

Rom. 10:10: *"Want met die hart glo ons lot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.*"

2 Tim. 2:12: *"As ons hom verloën, sal Hy ons ook verloën."*

***Jesus roep om belyders***

Ons het op die terrein van die geeste allerlei getuies in ons tyd. Daar is die getuies van Jehowa; getuies van die groot doop en onderdompeling, getuies van die Sabbat . . . Daar is ook getuies of belyders van die liberalisme, die evolusionisme; die rasionalisme; die humanisme; die kommunisme; die nihilisme en eksistensialisme ens . . . Ons leef immers in 'n gekompliseerde wêreld . . .

En dan hoor ons 'n koor van stemme van talle wegwysers en leiers wat soms "verleiers" is, hoe om die mens van ons tyd te benader . . . Hoe moet 'n mens nou eintlik getuig of bely in die tegniese eeu waarin ons leef? Jy moet vir die moderne mens "nie preek nie"; jy moet die Bybel "aanpas" deur dit te "ontmitologiseer" en sorg tog dat die wetenskap in sy "waarheid" nie verloën word nie . . . Om nou meer enkele bekende stemme te noem.

Ondanks al die vordering en verval van die mens van ons eeu bly sy behoefte wesenlik egter dieselfde sedert Adam. Hy is soeker wat gejaag word deur 'n innerlike leegte wat uitloop op die uitsigloosheid en sinloosheid van die nihilisme — wat eintlik maar die voorportaal van die hel is — omdat hy 'n sondaar is. Sy enigste werklike hoop en redding is geleë in die versoening van sy sondes en die vrede met God in Jesus Christus. Daarom is dit in die eerste piek nodig

dat ons die Bybel moet ken. Dit is dan ook die bedoeling van hierdie boek — om kennis van die Bybel aan kind en grootmens te bring. Dit gaan vir my ook nie alleen daarom dat ons die Bybel moet ken, sodat onsself gewapen in ons persoonlike geloofslewe nie, maar juis in besonder dat ons ook die waarheid sal bely voor die mense.

### *'n Band van eenheid*

Ons moet onthou waarom belydenisskrifte ontstaan het. In die eerste plek is dit die band van die eenheid van die geloof van die Christene. 'n Mens staan verwonderd as jy dink hoe die Apostoliese Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels) die kerk deur die geslagte heen en oor die hele wêreld bind. So is ook die Nederlandse Geloofsbelydenis 'n band wat Gereformeerde belyders aan mekaar bind. Ons bely saam in die wêreld wat ons glo. Hierdie geloof rus op die Bybel — die belydenisskrif se inhoud is immers uit die Bybel gehaal. Daarom is die Nederlandse Geloofsbelydenis vir ons een van die drie "Formuliere van Eenheid".

### *"Elke ketter het sy letter"*

Die belydenis is egter ook 'n wapen teen dwalinge. Elke "ketter het sy letter". Daarom is dit so 'n besondere gawe van die Here om die belydenis te besit, waarin die Bybelse waarhede in hulle verband saamgevat is. Paulus het bv. in sy tyd te kampe gehad met dwaalleraars, wat ons die "Judaïste" noem. Hulle het die Bybel geken en gebruik en mense met Bybeluitsprake mislei. Hulle het egter die Evangelie van Jesus Christus daardeur verloën. Dan waarsku Paulus: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees" (Gal. 1:8). Dit is my oortuiging dat daar weinig sulke nuttige middels is om die Bybelse waarheid te leer ken as om die Bybel aan die hand van die belydenis te bestudeer.

### *'n Calvinistiese Belydenis*

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is deur en deur 'n Calvinistiese belydenis. Johannes Calvyn se Skrifopvatting is hierin vertolk deur die opsteller, Guido de Bres. Calvyn self het baie geskryf. Sy bekendste geskrif is egter die bekende "Onderwysing in die Christelike Godsdiens", beter bekend as sy "Institusie". Dit is opmerklik dat die eerste uitgawe van die Institusie ook as 'n protesskrif teen die vervolging van die Protestante in Frankryk aan hulle koning, Frans I, gestuur is. Calvyn was toe pas 27 jaar oud. In hierdie klein boekie het Calvyn in breë trekke die belydenis van die Hervorming uiteengesit. Met elke nuwe uitgawe het die Institusie dikker geword. Dit was die grondslag van al die Gereformeerde Belydenisskrifte.

Veral sedert 1540 het die aanhangers van Calvyn vinnig aangegroei in Nederland. Vanweë die swaar vervolging het baie Gereformeerdes buite Nederland sg. "vlugtelingkerke" gestig. Veral sedert 1550 is ook in Nederland self, veral in die Suide, sg. "kerke onder die kruis" gestig. Hier het Guido de Bres gewerk. Hy was 'n leerling van Johannes a Lasco en Calvyn. Calvyn het selfs sy goedkeuring verleen aan die belydenis wat De Bres in 1561 uitgegee het.

### VRAE

1. Is dit Metodisties om 'n getuie van Jesus Christus te wees?
2. Wat doen jy as jy belydenis aflê?
3. Hoekom is dit onskriftuurlik om te praat van "aangeneem word"?
4. Is belydenis van die geloof 'n kwessie wat van jou eie begeerte afhang?
5. Wat is die enigste werklike hoop van die mens?
6. Waarom het belydenisgeskrifte ontstaan?
7. Waarteen is die belydenis 'n wapen?

8. Wat is Calvyn se bekendste boek?
9. Wie is die opsteller van die NGB?
10. Wie was o.a. sy leermeesters?

# Hoofstuk 2

## *ARTIKEL 1 - Ons glo met die hart*

"Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en eenvoudige geestelike wese is wat ons God noem: ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig. almagtig; volkome wys, regverdig, goed en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is".

***"Ons glo ..."***

Opmerklik dat Guido de Bres in sy belydenis nie begin soos in die "Algemene Belydenisskrifte" nie. In die Apostoliese Geloofsbelydenis (Die Twaalf Artikels) en Die Geloofsbelydenis van Nicea is die aanhef: "Ek glo . . ." Die Geloofsbelydenis van Athanasius begin weer met die woorde: "Elkeen wat wil salig word, vir hom is voor alle dinge nodig dat hy die Algemene geloof moet hou ..."

Al drie die ou belydenisskrifte van die christelike kerk begin dus in die enkelvoud: "ek" of "hy . . ."

***Waarom: "Ek glo . . .?"***

"Ek glo . . ." plaas my alleen in my "ek" voor God. En dit is noodsaaklik, Die geloof van die kerk in die algemeen maak my nie salig nie, maar *"elkeen* wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie?" (Rom. 10:13, 14).

"Ek glo . . ." Vir my is die geloof eers werklik aktueel, wanneer ek self daarby betrokke is. Daarom: "ondersoek julleself of julle in die geloof is; stel julself op die proef (2 Kor. 13:5).

Met die belydenis: "Ek glo" staan "ek" eensaam in die wêreld. "Ek" voor "God" — gelukkig kan ek sê "my God" want ek glo in Hom. Dit het Guido de Bres maar te goed geweet. Toe hy deur mense "opgehang en gewurg" is vir die geloof wat hy bely, was dit hy alleen voor God en die mense. Hy het gesterf vir sy persoonlike geloof en belydenis. Toe was dit voor God en die mense: "Ek glo . . ."

Niemand mag skuil agter die belydenis van die kerk nie. Elkeen sal persoonlik tot verantwoording geroep word oor sy eie geloof. . . Daarom gee ons die "ek glo" nie prys nie, want daarsonder is "ek" verlore. Dit het Guido de Bres geweet en met sy eie martelaarsbloed bevestig.

***Waarom dan: "Ons glo?"***

Hier spreek Guido de Bres nie alleen in sy eie naam nie. Hy is hier mondstuk van 'n groep gelowiges. "Ons glo almal. . ." En ons almal is nie bloot 'n groep bymekaargeraapte mense nie. Ons almal is lede van die kerk van Jesus Christus. Ons is die gemeente van Jesus Christus; ons is sy lewende liggaam. Daarom sal die poorte van die doderyk ons nie oorweldig nie. Sien u die vlammende skrif van die lewende geloof? Merk u hoe die Heilige Gees werk in die harte van mense? "En omdat ons dieselfde Gees van geloof het — soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek — glo ons ook, daarom spreek ons ook" (2 Kor. 4:13). "Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is" (Ef. 4:5, 6).

***Vandag nog: Ons glo***

In 1562 bely Guido de Bres: "Ons glo . . ."

Ons sê hom dit vandag nog van harte na. Ons het immers deur die genade van die Heilige Gees dieselfde dierbare geloof verkry.

"Ons glo almal." Daarom leef ons; daarom spreek ons. Ons bely soos Guido de Bres in die wêreld, al kos dit ons eie bloed. Ons "getuig" egter ook in die wêreld — tot eer van ons Here en tot behoud van die mensdom.

Ons nooi van harte uit. Kom tot dieselfde dierbare geloof! Die geloof in God . . . God die Vader ... en die Seun ... en die Heilige Gees! Dit beteken nie in die eerste piek 'n binding aan "ons" nie, maar aan God. "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jes. 55:6, 7).

Hoe graag sou ons met die ganse mensdom wou bely: *"Ons glo almal met die hart en bely met die mond, daar is 'n ewige God en Hy het ons lief!"*

*"Ons glo almal met die hart ...*"

*"Ons glo met die hart ...*"

Met "hart" bedoel die belydenis, in navolging van die Bybel, nie die liggaamsdeel of orgaan wat ons "hart" noem nie. Dit wil bloot vir ons sê dat dit gaan om die diepste "middelpunt" van ons wese as mense. *Dit gaan om die "hele mens" met al sy eienskappe; liggaamlik, verstandelik, sielkundig.* Die "hart" is die toonaangewende, regerende middelpunt van die mens. *Dit omval die mens in sy eenheid en geheelheid — sy verstand, wil en gevoel. "0ns glo met die hart ...*"

Ons geloof is gesetel op die troon van die middelpunt van ons wese. Ons is in ons diepste innerlike gegryp. Die geloof het op ons beslag gele en ons lewe daaruit: ". . . die regverdige sal uit die geloof *lewe"* (Rom. 1:17). Ons ken geen ander lewensbron as die geloof in God nie.

*"Ons glo met die hart ...*" In ons lewe het waar geword wat Paulus verklaar: "En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes . . . Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus . . . Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God (Ef. 2:1-10).

"*Ons glo met die hart. . .*"beteken dat ons weer gebore is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. Wedergeboorte en geloof word deur onse Here Jesus verbind in die gesprek met Nikodemus in die nag. "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie . . ." En dan later: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê . . . (Joh. 3:3, 16).

*"Ons glo met die hart ...*" God het sy vuur in ons harte aangesteek. Hy het in ons begin, soos Hy altyd en oral eerste is. "In die begin het God . . ." (Gen. 1:1). So begin Hy altyd ... So begin die Bybel; so begin die skepping — so begin Hy ook die skepping van nuwe mense; mense wat dood was in sonde en misdade maak Hy lewend deur sy Gees . . .

"Ons glo almal met die hart . . ." Dit is 'n menslike belydenis. Dit kom uit die hart van mense. Ja, die geloof is 'n eiesoortige menslike aktiwiteit. Engele hoef immers nie te glo nie — hulle sien God. Diere kan nie glo nie, want hulle is nie geskape na die beeld van God nie. Dit is die voorreg van 'n mens alleen om te glo.

"Ons glo almal met die hart . . ." Ons gee ons gewonne aan Gods Woord. Ons hoor daarin die stem van onse Vader. Die goeie Herder roep sy skape by die naam. Ons luister na sy stem en volg hom (Joh. 10:3, 27). Ons vertrou onsself aan God toe; Hy lei ons; Hy dra ons. "Ons glo

met die hart . . ." Daarom sing ons: "Wie kan ons voor die Regter daag? Gods uitverkore kind verklaag? Waar is die mond wat durf verdoem as God sy kind regverdig noem?" (Rom. 8:33 soos vertolk in Skrifber. 10:1).

"Ons glo met die hart. . ." Selfs in die dal van duisternis en doodskaduwee kan ons nog sing. Ons behou die uitsig op die genadetroon van God (Ps. 23).

Ons het gehoor: God spreek ons toe uit sy Woord. Hy het ons die oor gegee om te hoor.

Ons het gekom op sy uitnodiging: "0 almal wat dors het, kom na die waters" (Jes. 55). Dors, ja dors, na die lewende God! Dit is die diepste behoefte van elke mens.

Ons het gekom, in antwoord op sy stem: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee . . ." En wat 'n rus! Ons het vrede met God, omdat die oorsaak van ons onrus en kommer, naamlik ons sonde, in Christus weggeneem is.

"Ons almal glo met die hart . . . Daarom dien ons hom soos sy geliefde kinders. Ons volg sy voetstappe. Selfverloëning? Kruis? Vervolging? "Opgehang en gewurg", soos Guido de Bres ons voorganger in die belydenis? Ja, dit is gedoen en dit word gedoen en dit sal gedoen word . . . Ons glo, daarom word ons soos skape geslag.

"Ons glo almal . . ." Daarom is ons meer as oorwinnaars deur hom vir wie ons leef en ly.

Kom dan, deel die dierbare geloof met ons!

*"Ons bely almal met die mond ...*"

*"Ons bely met die mond?"* Was dit in jou tyd waar, Guido de Bres? In ons tyd is daar agitators wat met groot stemme "bely" — die klein minderheid — en die "swygende meerderheid" wat hulle regte laat vertrap. En soos in die wêreld, so is dit ook in die kerk, 'n *"swygende meerderheid" met 'n minderheid wat bely.*

"Ons bely almal met die mond!" Vir Guido de Bres en sy tydgenote was dit 'n doodnatuurlike saak. "Ons glo almal en ons bely almal . . ." En brandstapels word aangesteek en skavotte opgerig en "belyders" word soos skape na die slagplek gelei. Belyders sterwe met die belydenis op die lippe (Rom. 8:31-29).

### *Keuse om lewe en dood*

Hoe kon dit ook anders? Hulle het gekies. Dit was 'n keuse om lewe en dood. Hulle was nie alleen belyders nie, maar ook getuies. Hulle het gehoor hoe hulle Here hul oproep om getuienis af te lê voor die regbanke van die Pous en keisers en konings en heersers. En hulle kon hom nie verloën nie, omdat hulle gegryp is. Hulle glo immers met die hart.

"Ons bely almal met die mond . . ." Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. "Aan die vrugte word die boom geken. Want uit die oorvloed van die hart, praat die mond. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word" (Matt. 12:33 — 37).

En hoe kon hulle swyg, wanneer hulle Here hulle daartoe oproep? "Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook bely voor die engele van God" (Luk. 12:8, 9). Hulle glo in God en sy heilige engele. Hulle het met Paulus gereken dat die lyding van die teenwoordige wêreld nie opweeg teen die heerlikheid wat ons te vvagte is nie" (Rom. 8:18).

### *Soos hulle, so ook ons*

"Ons bely almal met die mond . . ." Soos hulle, so ook ons. Ag, Here vergewe tog ons lawwe mensevrees. Open u ons monde sodat ons met die mond kan bely, u Naam kan bely. Ons het immers 'n heerlike tyding om te verkondig . . . Sion? Dit is ons! Jerusalem? Dit is u kerk van

alle eeue. Daarom'. "0 Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoe berg! O Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! "Sê vir die wêreld: Hier is julle God! (Jes. 40).

***Hou vas aan my Naam***

Onse Here ken ons. Hy ken ons werke. Hy hoor ons woorde en hy sien ons swye. Gelukkig is ons indien Hy vir ons soos vir Pergamus kan se: "Ek ken jou werke en die piek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan mv Naam en het die geloof in Mv nie verloën nie" (Openb. 2:13).

Wat was die geval met die gemeente Pergamus, met wie die Here hierbo te doene het? Pergamus het gewoon by die troon van die owerste van hierdie wêreld, die Satan. En Pergamus was swak, word selfs opgeroep om hulle te bekeer. Struikelend, klein, swak — dan hou hulle vas aan die ewige Bron van krag: die Naam van God en die geloof in Jesus. Daarom kon hulle selfs getuies wees van hom wat hulle daartoe oproep in die piek waar die troon van Satan is (Openb. 2:12-17).

*Soos 'n brullende leeu:*

Die belydenis van Guido de Bres wat "opgehang en gewurg" is. Die belydenis van Paulus wat gegesel, gestenig, gevange geneem en eindelik — volgens die oorlewering — met die swaard doodgemaak is. Die belydenis van Richard Wurmbrand vir veertien jaar in die gevangenis agter die ystergordyn — in die lewe gehou net om hom te kon martel — 'n genadedood is aan hom nie gegun nie.

Satan gaan rond soos 'n leeu wat brul en soek wie hy kan verslind (1 Petr. 5:8). Sy groot oorwinning is dat hy soveel christene tot swye gebring het. Wurmbrand verlang terug na die warmte en liefde van die belydende en lydende kerk agter die ystergordyn. Hy kry geestelik koud in die sg. "vrye Weste".

Sou ons ook moet versink agter die ystergordyn of die bamboesgordyn, voordat ons wakker skrik! Onse God is immers 'n jaloerse God. Indien ons op aarde nie met heilige jaloesie waak oor sy heilige Naam nie, doen Hy dit self. Hy bring ons in die vuur en Hy smelt ons soos 'n mens silwer smelt en toets ons, soos 'n mens goud toets (Sag. 13:9). Waarom? Om ons monde te open sodat ons kan bely: "Die HERE, my God!"

## AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK

### In jou geloof staan jy persoonlik voor God as enkeling:

Reeds in die Ou Testament gaan dit nie in die eerste plek om verbondenheid aan die volk Israel nie, maar die persoonlike band met God. Dit is ook nooit bloot die instemming met 'n stel reëls of 'n bepaalde leer nie, maar 'n volkome vertroue in die getroue God en 'n liefdevolle gehoorsaamheid aan sy wil. Dink maar aan die "persoonlike" belydenis wat ons deurgaans in die Psalms kry. Iemand noem die Psalms "die skreeu van die gelowige tot die hemel". Die volgende Skriftuurplekke verwys na die persoonlike band met God in die Ou Testament: Ps. 5:11; 7:1; 9:9, 10; 32:10; 34:8, 22; 37:5; 40:4; 64:10; 84: 5, 12; 118:8, 9; 125:1; 147:11. Ook die boek Spreuke vermaan die enkeling bv. Spr. 3:5; 14:26; 22:19; 28:25; 29:25; 30:5; die profete benadruk dit ook gedurig: Jes. 10:20; 14:32; 26:3; 10:15; Jer. 17:7, 8; 39:18; Nahum 1:7.

### Persoonlik glo in Jesus Christus

Dieselfde word deurgaans in die Nuwe Testament verkondig. Waar die woord "glo" en "geloof"

maar ongeveer dertig keer in die Ou Testament voorkom, tref ons dit byna 500 keer in die Nuwe Testament aan. Ons noem enkele plekke: Matt. 21:21, 22; Mark. 9:23, 24; Luk. 7:50; Luk. 18:8; Joh. 11:25 — 27; Joh. 3:16. Die Nuwe Testament maak aanspraak daarop dat die beloofde Messias gekom het. Hy is Jesus van Nasaret. Deur in hom te glo, word jy 'n christen. Dit is duidelik dat Jesus Homself sien as die voorwerp van ons geloof. Sonder die persoonlike band met Jesus is jy verlore. Die eerste christene het hulleself "gelowiges" genoem (Hand. 2:44) en hulle het andere probeer oorreed om ook tot die geloof in Jesus te kom: Hand. 6": 7; 28:24. Veral in die briewe van Paulus kry ons die geloof teenoor die vervulling van die wet, as die weg tot verlossing. (Daaroor handel ons in Art. 22). Ons noem enkele verdere bewysplekke: Hand. 3:16; 13:48; 26:18; Rom. 1:16, 17; Rom. 4:1 — 25; 1 Kor. 2:5; 12:8, 9; Ef. 2:8 en baie ander plekke.

**"Ek glo" en "ons glo"**

Die gelowiges bly egter nooit in sy alleenheid voor God staan nie. Hy is ook horisontaal gebind aan ander gelowiges. Daarom rig die Here sy verbond op met Abraham en sy nageslag. Ons weet "almal is nie Israel wat uit Israel is nie" (Rom. 9:6). Aan die ander kant bly die verbond van God die bedding waarbinne die rivier van die uitverkiesing vloei. In die Nuwe Testament word die gelowiges selfs die "liggaam van Christus" en die "tempel van die Heilige Gees" genoem. 'n Liggaam en 'n tempel is tog 'n eenheid (I Kor. 12:25 — 27). Jesus noem die liefde onder mekaar die kenteken van ons band met hom (Joh. 13:35). Ons handel verder hieroor by Art. 27 en 28 — daar gaan dit om die kerk en dat 'n mens skuldig is om jou by die ware kerk te voeg.

**Die betekenis van "hart" in die Bybel**

"Hart" in Bybelse betekenis is nie die orgaan wat tans "oorgeplant" kan word nie. Dit is die diepste innerlike of wesenlike van ons bestaan. Die "hart" word gewoonlik gebruik om die gesindheid of toestand van die persoon aan te dui.

Die hart is die setel van ongehoorsaamheid, ongeloof, verhardheid, onbekeerlikheid, hoogmoed, sinlike begeertes, geestelike blindheid ens. Gen. 6:5; 8:21; 1 Sam. 17:28; Rom. 1:21; Matt. 12: 34; Ps. 101:4; Jos. 11:20; Rom. 2 5. Dit kan selfs "duiwels" wees (Joh. 13:2; Hand. 5:3).

Die wedergebore hart is die oorsprong van geloof, liefde, gehoorsaamheid, blydskap, reinheid, opregtheid, ywer ens. Deut. 30:6; Ps. 51:10; Eseg. fl:19; Rom. 2:29; Hebr. 11:17; Ef. 6:6; Hand. 8:37; Ps. 4:7; Ps. 34:18; Hebr. 10:22.

**Bely met die mond**

Die soort van uitsprake is dwarsdeur die Bybel goed bekend: "Loof die HERE, roep sy Naam aan, maak onder die volke sy dade bekend! Sing, psalmsing tot sy eer, spreek van al sy wonders" (1 Kron. 16:8, 9). Dit is die oproep om te bely of getuienis te gee wie die Here is en wat Hy vir ons beteken. Dit is belydenis met die mond. Dit gaan om die eer van God — ook onder die ander volke. Sy naam moet deur almal verheerlik word. So gee Jesus bevel om sy getuies te wees (Hom te bely) in die hele wêreld (Hand. 1:8). Kyk maar hoe dikwels word die heidene ook in die Ou testament genoem: Ps. 18:39; 145:11, 12; Jes. 12:4—6; 43:10; 44:8. Dink ook aan die bekende gelykenis van die lamp (Mark. 4:21). Kyk na die erns van uitsprake soos: Luk. 12:8, 9: Matt. 10:32. Nog enkele ander uitsprake: Joh. 15: 27; Hand. 1:22; Rom. 10:9, 10; Tim. 6:12, 13; 2 Tim. 1:8: 1 Petr. 3:15 ens.

**VRAE**

1. Wat beteken die woorde "ek glo"?
2. Wat beteken dan "ons glo"?
3. Ons glo met die hart — wat is die hart?
4. Glo engele ook? En diere? Motiveer.
5. Hoe bely jy met jou mond?
6. Wie is Richard Wurmbrand?
7. Hoe word die Psalms deur iemand genoem?
8. Hoe dikwels kom glo/geloof in die Ou Testament en in die Nuwe Testament voor?
9. Voltooi: die verbond van God is die bedding . . .

# Hoofstuk 3

## *ARTIKEL 1 - Ons glo in God*

"Ons glo met die hart en bely met die mond, dat daar 'n enige en eenvoudige geestelike wese is wat ons God noem"

Kom ons praat eers bloot daaroor dat ons glo in God. Ons glo daar is 'n God.

"Ons glo in God . . ." Dit is die belydenis van die kerk van alle eeue. *Sonder die belydenis is die kerk geen kerk nie.* Die kerk behoort immers aan God. Sonder Hom sou daar geen kerk wees nie; die vergadering van God met sy volk.

***Ons glo — dan lig van die wêreld***

"Ons glo daar is 'n God . . ." Dit bely ons in die wêreld. Dan dink ons aan God. En ons dink ook aan die wêreld, wat Hy geskape het. Ons dink aan die wêreld verlore in misdade en sondes. En dan bely ons dat Hy ook Verlosser van die wêreld is. En bely dat Hy ons verlos het om die lig van die wêreld en die sout van die aarde te wees (Matt. 5:13 — 16). Hy het immers die wêreld lief, so lief dat Hy sy eniggebore seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16).

***Sonder God sinloos en leeg***

Sou ons se: "Ons glo nie in God nie" dan het ons 'n ongelooflik sware taak. Die wese van alle dinge; die doel van ons bestaan; die vanwaar en waarheen van alles, lê soos 'n sware las op ons skouers. Dit maak alles sinloos en uitsigloos. Die optimistiese "nasate van 'n apegeslag", wat steeds hoer reik verby die maan na die sterre, staan voor die harde werklikheid dat daar sonder God geen uitsig of verwagting is nie. Die lewe is sinloos en leeg en die mens sit en ween by die verseëlde graf waar hy "God" begrawe het. Die God wat "dood" is . . .

Ag sê tog aan die wêreld: "Daar is 'n God! Hy is die enige en ware God en Hy is die lewende . . .!" Ons glo in Hom. Ons ken Hom. Ons weet in Wie ons glo. 'n Man ken sy vrou, want hy leef elke dag met haar saam. Ons ken God, want ons asem is in sy hand (Dan. 5:24). Ons leef elke dag met Hom. Die mees intieme sake van ons hart, deel ons elke dag met Hom.

***Ons sien God***

"Ons glo in God . . ." Dan sien ons hom soos Job bely: "Van hoor-sê het ek van U gehoor, maar nou het my oog U gesien" (Job 42:5). Ek sien sy Vaderhand wat lei en versorg en voorsien. In aardse nood en ellende sien ons met verskerpte blik wat ons geloof in God vir ons beteken.

Ons hoor nie bloot sy stem in sy Woord nie. Ons ontmoet Homself in sy Woord. Sv Woord is die "woorde van die ewige lewe" (Job. 6:68). Ja, ons ken Hom, want ons het sy aangesig gesien in die Woord wat vlees geword het en onder ons gewoon het — sy eniggebore Seun. Ontroerend was die aanskoue van sy liefde, so onbegryplik en onverdiend, vir ons uitgestal aan die Kruis op Golgota, waar die Lam van God vir ons sondeskuld geslag is.

***Ons lewe aan sy hand***

"Ons glo in God . . ." Dan voel ons sy handdruk. Met Asaf kan ons stamelend juig: "U het my regterhand gevat. U sal *my* lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem" (Ps. 73:23, 24). Ons stap vol vertroue die donker toekoms tegemoet, want ons hand is in die hand van ons hemelse Vader. En voor wink die blinkende heerlikheid by hom en sy heilige engele.

"Ons glo in God . . ." Daarom ken ons Hom. Ons beaam ook wat Hy sê en van ons verwag. Ons is dit met hom eens. Ons stem saam met alles wat Hy in sy Woord aan ons geopenbaar

het. Ja, ons is dit met hom eens, al kos dit stryd en pyn. Sy wee begryp of hom verstaan? Wie kom daarby? "Want soos die hemel hoer is as die aarde, so is my wee hoër as julle wee en my gedagtes as julle gedagtes" (Jes. 55:9).

"Ons glo in God . . ." Daarom is ons klein. Ons buig laag in die stof. Maar daarom is ons sterk, juis wanneer ons swak is (2 Kor. 12:9, 10). Sy genade is vir ons genoeg. Buig voor Hom, o volke wat die aarde oordek!

***Onse God is die enigste ware God***

"Ons glo met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige God is . . ." God is enig. Dit sê die Bybel ook: *"Hoor Israel, die HERE onse God is 'n*

*enige HERE!"* (Deut. 6:4). Ons glo in *een* God; Hy is die enige ware God.

Ons godsdiens is monoteïsties: ons glo en bely nie meer as een God nie. So wil die Here geëer en aanbid wees: *‚Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie"* is die eerste van die tien gebooie.

Ons ken nie so-iets as 'n veelgodedom nie. Dit is geen onverskillige saak in watter god of in hoeveel gode 'n mens glo nie. Dit is ook nie waar dat elkeen op sy eie geloof salig word nie. "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Hand. 4:12). Alleen die geloof in die ware God, soos Hy hom in sy Woord geopenbaar het, beteken die saligheid vir 'n mens.

> *"Die HEER is God, 'n eenge HEER;*
> *die HEER is God en niemand meer.*
> *Erken dit alle volke ...*"

So sing ons van harte mee met Jesaja, soos vertolk in Skrifberyming 34. "Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie" (Jes. 45:5). "U alleen is God van al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak . . ." (2 Kon. 19:15). *"Laat u Naam geheilig word".* So is ons voorgese om te bid. En elkeen wat Hom, die enige ware God bely, het rede om dit dringend te bid. En begin maar heel voor: Gee, dat ons U reg ken — die enige ware God. Leer ons deur u Woord en neem ons gevange deur u Gees. Gee dat u Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word.

Leer ons ook om U uit u werke *te* ken. Uit u werke skyn die heldere lig van u almag. "Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie . . ." (Jes. 40:26).

En wanneer ons die enige ware God meer en meer ken uit sy Woord, uit die wonderbare skepping, "die werk van sy vingers"; uit die geskiedenis waarin sy raad voor ons oe afspeel; uit ons eie lewe wat bestier word deur die God in Wie se hand ons asem is — dan kan ons alleen maar roem in sy wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid. *Waarlik Hy is die enige God en my siel weet dit al te goed . . .*

***Aandrang tot evangelisasie en sending***

Ons glo in die God wat se: "Ek is die HERE, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie" (Jes. 42:8). Hoe sou ons dan kon swyg indien sy Naam ontheilig en gelaster word in die wêreld? Sy heilige Naam, wat ontheilig word, is die sterkste pleitgrond waarop sy kind tot hom mag nader en pleit om genade. So is sy Naam ook die sterkste aandrang by sy kind om sy Naam in die wêreld te bely. Dit dring ons na vore om sy Naam te proklameer onder die volke, waar sy eer aan andere gegee word en sy lof aan

gesnede beelde. Ons, wat aan hom behoort, is geroepe om sy Naam met heilige jaloesie te beskerm.

Verhef sy Naam tot 'n banier van die volke!

Die dag kom en dit brand soos 'n oond. Die dag van die HERE, waarop Hyself sal intree vir sy heilige Naam. "Vrees God en gee hom heerlikheid; want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het" (Openb. 14:7).

Elke knie moet voor hom buig en elke tong moet hom aanroep, want daar is geen ander God nie.

***Ons glo in 'n eenvoudige wese wat ons God noem.***

*Waarom ongerymdhede?*

"As daar 'n God is, waarom is daar soveel ongerymdhede in die wêreld? Waarom is daar nood en oorlog en lyding? As Hy 'n God van liefde is, waarom is daar soveel onskuldige mense wat so bitterlik moet ly? Dink aan klein kindertjies en weerlose vroue!

"En die .ongerymdhede' kry ons selfs in die Bybel. Word die God van die Ou Testament nie dikwels tereg ‚bloeddorstig' genoem nie? Dink aan sy bevel dat al die inwoners van Kanaän deur Israel uitgeroei moes word! Ook was die opdrag aan Saul om die Amalekiete met die banvloek te tref — niemand moes gespaar word nie. Selfs die vee moes uitgeroei word ..."

So kan vrae opgestapel word.

***In God geen gedeeldheid nie***

En tog bely ons: "God is 'n eenvoudige wese . . ." M.a.w. daar is in hom geen gedeeldheid nie. Hy ken geen spanninge of stryd nie. Sy eienskappe en deugde bots nie onderling teen mekaar nie. In hom is geen teëspraak of gespletenheid nie. Hy is regverdig, wat in regmatige toorn kan ontvlam oor die ontheiliging van sy Naam. Aan die ander kant is Hy barmhartig wat in onbegryplike liefde die grootste sondes kan vergewe. Dit hou geen teëspraak in nie. Tussen sy regverdigheid en barmhartigheid staan immers die kruis van Golgota. Sy geregtigheid eis straf en Hy straf ons sonde aan sy eniggebore Seun sodat Hy aan ons sy barmhartigheid kan bewys.

***Harde leer van die uitverkiesing***

Dink aan die onderlinge stryd tussen kerke. Aan die een kant is daar diegene wat staan en val by die leer van die uitverkiesing, wat soos 'n goue draad dwarsdeur die Heilige Skrif loop. Daarom jubel Paulus: ". . . soos Hy ons in hom (Christus) uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld" (Ef. 1). Die uitverkiesing is 'n deel van wat ons noem "die verborge raad of wil van God . . ." Aan die ander kant het ons te doene met sy "geopenbaarde wil". So roep Hy alle mense in sy Woord op tot bekering. Dit sou dan volgens baie goeie christene die "harde leer van die uitverkiesing" weerspreek.

***Soli Deo Gloria***

En tog kan hier tussen geen teëspraak wees nie. Vra maar vir enige ware gelowige, of hy nou al die uitverkiesing verwerp al dan nie, hoe hy gered word. Elkeen sal antwoord: "Uit genade alleen". Geen christen, wat weet wat dit beteken om die ewige lewe te besit, sou ooit enigsins enige verdienste aan homself kon toeskrywe nie.

Alleen genade — alleen barmhartigheid — beteken Hy het uitverkies tot saligheid. Hy, die Here het alles gedoen. Selfs die geloof is 'n gawe van Hom (Ef. 2). Die uitverkiesing kom aan die Hg in geloof en bekering. Daarom moet ons kom as Hy roep — so kom asof alles van onsself afhang. Indien ons egter tot geloof kom, weet ons agterna dat Hy alles gedoen het.

*Kan God nie deurgrond*

Nee, in Hom is geen teëspraak nie. Ag, vanselfsprekend sal ons Hom nooit kan deurgrond nie. Hy is die Onbegryplike. Maar ons kan onsself met voile vertroue op Hom verlaat. "Die raad van die HERE bestaan vir ewig en sy gedagtes van geslag tot geslag" (Ps. 33:11). Hy is onveranderlik in sy trou. Sy genadegawes skenk Hy onberoulik — Hy neem dit nimmer terug nie.

*Vaste en veilige hawe*

*"*Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg; sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê; en ons het dit as 'n anker van die siel wat *veilig en vas is"* (Hebr. 6:17, 18).

Veilig en vas in die hand van ons HERE by Wie geen verandering of skaduwee van omkering is nie. Ons onrustige hart het rus gevind by Hom op wie ons kan vertrou.

Ken u die vaste en veilige hawe? Kom skuil onder sy ewige vleuels!

**ENKELE AANDUIDINGS VIR SKRIFONDERSOEK**

**1. Die geloof in God**

Die Bybel gaan uit van die grondstelling dat die enige ware God Homself aan ons openbaar. Ex. 3:1 — 6; 6:1 — 3. Daarom word alle mense opgeroep tot die geloof in God. Joh. 14:1; Gen. 15:6; God is kenbaar, hoewel ons Hom nooit volkome ken nie (Matt. 11:27; Deut. 29:29). Die Bybel verkondig Hom as die God wat die wêreld gemaak het. (Hand. 17:23). Die mens kan Hom ken, selfs uit sy werke (Rom. 1:19). Daarbenewens openbaar Hy hom deur te spreek deur profete en sy eie Seun (Hebr. 1:1). Om God waarlik te ken, is geloof nodig (Hebr. 11). Die Bybel doen geen moeite om die bestaan van God te bewys nie. Dit gaan van die bestaan uit — dit veronderstel dat die mens God ken en erken. Om God te verloën is dwaasheid (Ps. 14:2). Dit is so vanselfsprekend soos 'n os wat sy besitter ken en 'n esel die krip van sy eienaar (Jes. 1:3). Tog roep die Bybel bepaalde getuienisse van sy bestaan na vore: Rom. 1:20; Ps. 8; Hand. 14 :"l7; Rom. 2:14; Hand. 1 7:24; Rom. 1:19, 32. Selfs die "vermoëns" van die mens word voorgehou as 'n getuienis van die vermoëns van God: Ps. 94:9; Ex. 4:11. In werklikheid spreek die Bybel nêrens van enige "Godsbewys" waardeur ons met ons sintuie kan vasstel dat God bestaan nie. Die geloof alleen is vir ons die "bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Hebr. 11:1). Selfs 'n ,.bonatuurlike" verskynsel, soos iemand wat uit die dood opstaan, sal die mense nie oortuig nie. Hulle moet alleen glo in die Bybel (Luk. 16:29 — 31).

**2. Hebreeuse woorde vir God**

**a. 'el, 'eloah, 'elohim:**

"E1" kom van 'n wortel wat **krag** of **mag** aandui. Dit word ook soms in verband met m_ense gebruik. I.v.m. God word dit gewoonlik in kombinasie gebruik met 'n ander woord soos **El-Shaddai — "God-Almagtig". Eloah** word gewoonlik alleen digterlik gebruik. **Elohim** is 'n meervoudvorm en word meestal vir God gebruik. Dit dui egter nie "nieer gode" aan nie, maar dit is gebruiklik om in Hebreeus die meervoud te gebruik wanneer hulle 'n idee wil benadruk. Al drie die woorde vertaal ons met God.

**b. Jahweh**

Dit word gewoonlik vertaal met **Jehowa,** maar ons gebruik in Afrikaans die vorm **"HERE"** met vier hoofletters geskryf. Dit is die Persoonsnaam van die God van Israel. Dit word ter

onderskeiding van ander "gode" soos Baal, Dagon ens., alleen gebruik as die Naam van die God van Israel. Die betekenis van die woord is onduidelik — dit hou moontlik die gedagte in van **onafhanklike en vrymagtige bestaan.** Die HERE self verklaar in Ex. 3 dat dit sy Naam is en dan onthul Hy die betekenis daarvan as: "EK IS **WAT** EK IS". Daarmee wil hy sy getroue en onveranderlike liefde vir vandag, more en tot in alle ewigheid benadruk. Ons weet nie seker hoe die Naam uitgespreek word nie, omdat die Jode dit later nooit uitgespreek het nie. Daarom het die Jode self, oral waar die Naam voorkom, 'n ander Naam, "Adonai" gebruik.

**c. Adonai**

Die woord is ook 'n meervoudsvorm en beskrywe God as 'n wese **vol van lewe en krag. Hy** is "Heer" of "Here" — Regeerder — aan wie alles onderworpe is (Gen. 17:27). Die Naam is deur die Jode gebruik i.p.v. Jahweh — daarom skryf ons ook i.p.v. Jahweh "HERE".

**VRAE**

1. Wat sal lewe sonder God wees?
2. Waarin sien ons God?
3. Waarin ontmoet ons Hom?
4. Begryp ons God?
5. Wat beteken monoteïsme?
6. Noem twee uitsprake uit die Ou- en twee uit die Nuwe Testament as bewysplekke.
7. Wat beteken dit dat God 'n eenvoudige wese is?
8. Watter belydenisskrif handel hoofsaaklik oor die uitverkiesing?
9. Hoe kom ons tot geloof?
10. Kan jy iemand bekeer en hoe?

# Hoofstuk 4

## *ARTIKEL 1 - 'n Ewige Geestelike Wese*

*"Ons glo in 'n geestelike wese, wat ons God noem ..."* Hier staan ons voor die geheimenis van die andersheid van God. Ons mag van Hom nie aards dink nie. Eintlik kan ons nie sê "wat" God is nie, maar alleen maar wat Hy *nie is nie.* Hy is nie aards of stoflik nie. Hy is nie waarneembaar vir ons sintuie nie. Selfs ons eie gees kan met die bestaan van God nie vergelyk word nie. Ons is immers geskape en Hy is ewig, ongeskape, alomteenwoordig. Hy is, soos Hyself aan Moses se: "EK IS WAT EK IS"

### *God nie plek-gebonde nie*

"God is Gees, en die wat Hom aanbid moet Hom in gees en waarheid aanbid" (Joh. 4:24). Dit sê die Here Jesus aan die Samaritaanse vrou. Haar probleem was of die Jode reg is dat God in Jerusalem aanbid moes word of die Samaritane dat Hy op die berg Gerisim aanbid moes word. So maak sy van God 'n plekgebonde God. Sy trek Hom binne die kring van die geskapene. Nee, sê Jesus dit gaan nie om die plek waar ons God aanbid nie. Dit gaan om ons geloofsgestalte voor God. Is dit in gees en waarheid, want Hy is Gees?

### *Onse Vader, wat in die hemele is*

En is dit dan vreemd hoe Jesus ons leer om te bid? Onmiddellik, by die begin van die gebed, plaas hy ons in die regte gestalte voor God: "Onse Vader, wat in die hemele is". Waarom? Omdat ons van die hemelse majesteit van God nie aards mag dink nie. Ons moet Hom reg aanbid en dien soos Hy dit van ons verwag.

Maar die Here ken ons. "Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is" (Ps. 103:14). Daarom spreek Hy van Homself op menslike wyse. Ons lees van sy "aangesig", sy "hande", sy "oë". Hy spreek van menslike gewaarwordinge en emosies. Hy kyk, Hy vat, Hy het berou. Dit is alles dinge wat by God, die eenvoudige, alomteenwoordige geestelike wese nie tuishoort nie. Dit is wat ons noem "antropomorfismes" — mensvormige voorstellinge van God se handelinge of eienskappe in die Bybel. Hoe sou ons anders iets kon begryp van wat Hy aan ons wou sê of tuisbring?

### *Volk begeer sigbare voorstelling van God*

Aan die ander kant waarsku Hy egter: , Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel of onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie" (2de gebod). Hoe nodig dit was, blyk daaruit dat hierdie woorde nog in die ore van Israel by Horeb sou naklink, toe hulle al weer besig was om goue oorringe en armbande en neusringe af te ruk en aan te dra na Aaron. En Moses was nog op die berg met die Here om die kliptafels van die wet uit sy hand te ontvang, toe die volk alreeds in beurtsange en koordanse rondom die goue kalf huppel: "Dit is jou gode o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek . . ." (Ex. 32).

Israel het nog maar gedink dat hulle besig is om die HERE, hulle God, te dien. Hulle wou alleen 'n sigbare en tasbare voorstelling van Elom maak. Hulle wou iets hê waaraan hulle sintuie kon vashou. So was dit ook later met Jerobeam wat goue kalwers opgerig het by Dan en Betel (1 Kon. 12:29). Dit het egter uiteindelik gelei tot naakte afgodery by Israel. Agab en sy vrou Isebel kon sonder veel inspanning die volk van die Here daartoe bring *om* te buig voor die Baäls en Astarte (1 Kon. 16:29 — 34).

### *Beelde as boeke van die leke*

Die Roomse kerk het ook in die tyd van Guido de Bres, wat hierdie belydenis opgestel het, beelde van Christus en die sogenaamde heiliges, in die kerke gehad "as boeke van die leke". Die eenvoudige mense, wat nog nie op die vlak van die ingewyde klerus of priesterstand verkeer nie, kan tog die "duistere Woord van God" nie begryp nie. Gee dus vir hulle die beelde as 'n voorstellingswyse van die onbegryplike. Dit trek God, die geestelike wese, binne die sfeer van die aardse en stoflike. Dit is in die grond niks anders as 'n "vervloekte afgodery" nie.

Hierdie beeldediens was ook mede-oorsaak van die kerkhervorming van die 16de eeu. Omdat gelowiges nie voor die beelde van die Roomse kerk wou buig nie, het menige brandstapel gerook, waarop die sogenaamde "ketters" met hulle lewe moes boet. Ons dink onwillekeurig aan die vuuroond van Nebukadnesar in die dal Dura by sy goue beeld. Wanneer sy orkes begin het om te speel, moes al sy onderdane neerkniel voor die beeld, so nie word hulle binne-in die brandende vuuroond gegooi (Dan. 3). Rome het ook sy vuuroond gehad waarin mense, wat nie wou neerkniel voor hul beelde nie, gegooi is.

En Rome met sy beeldediens is nog dieselfde. Ons hoor wel vandag nie meer die gegrom *van* die leeu nie, maar die gekoer van die vredesduif. Laat ons egter gewaarsku wees. In lande waar Rome die toon aangee, brand die vuuroond nog steeds al is dit op meer geraffineerde wyse.

*"Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie"* (Ps. 139:6).

Wat is dan te hoog en te wonderbaar vir ons mensekinders? Luister na Guido de Bres; hy kan verder maar net stamelend bely dat hy die God in Wie hy glo nie begryp nie: God is: "ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig; volkome wys, regverdig, goed en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is".

En wat sê dit alles nou eintlik anders vir ons as dat dit vir ons verstand en insigte te hoog en wonderbaar is? Hier breek ons veelgeroemde Westerse rede sy hoogmoedige nek. Hierdie dinge is verberg vir wyse en verstandige mense en aan kindertjies geopenbaar (Matt. 11:25). Laat ons dan kinderlik 'n paar gedagtes hieroor wissel.

### *God is ewig*

God is *ewig.* So sê die Bybel: "Die ewige God is 'n woning, en onder — ewige arms" (Deut. 33:27). Wanneer ons hoor van *ewig* dan dink ons aan 'n baie, baie lang tydsduur. Die Bybel knoop egter iets anders daaraan vas: God se onwankelbaarheid, sy oneindigheid, sy almag, sy volkomenheid . . . Agter alles wat ons in die geskiedenis sien kom en gaan, staan die vastigheid van God se ewige trou. Hy is van ewigheid tot ewigheid dieselfde.

Wat doen die grote God tog baie om aan ons tuis te bring "wie" Hy is, sodat ons kan weet wat dit vir ons beteken om in hom te glo! So 'n God alleen kan vir ons 'n houvas wees in die wisseling en verwarring van ons aardse bestaan. Daarom: "Vertrou op die HERE vir *ewig,* want die Here HERE is 'n ewige rots" (Jes. 26:4). En Hy is met niks in verleentheid nie — selfs nie met die voortvlugtende tyd nie: "Ek, die HERE, die Eerste, en by die laaste is Ek dieselfde" (Jes. 41:4).

### *Ewolusie — 'n ewige lewende sel?*

Hierdie dinge sou ons nie weet indien Hy, die ewige, hom nie tot 6ns, die tydelike en verganklike, neergebuig en hom in sy Woord aan ons geopenbaar het nie. Ons sou in die duister rondgetas het en eindelik in die sinlose en niksseggende verwarring in donker wanhoop versink het, soos soveel miljoene ander mense wat die oersel van hul "apevoorgeslag" verhef tot . . . wat? 'n Ewige lewende sel? Ag nee, dit kan tog nie! Dit is absurd. Het die "dooie" stof dan sommer lewend geword en het die dooie stof sommer vanself uit niks ontstaan? Vertel dit vir

'n aap, maar die mens na die beeld van God geskape weet van beter. Hy weet daar is 'n ewigheid en 'n ewige God, anders sou "ek" nie daar gewees het nie. Want "ek" is 'n wonder: "Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke en my siel weet dit al te goed" (Ps. 139:14).

***Ons en die ewige God***

En nou ken ons hom nie alleen as die Ewige wat alles geskape het en in die wisseling van die tyd tot hul bestemming voer nie, maar ons weet ook dat Hy sy ewige hand uitgesteek het tot ons in Immanuel — God met ons (Matt. 1:23). En dit beteken vir ons die "ewige lewe". Ja, ons is klaar oorgeplaas in die beginsel van die ewigheid: "En Ek gee hulle (my skape) die ewige lewe en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie". Dit is vastigheid! Dit is 'n anker gegrond in die ewigheid.

Ons aardse lewe is wel 'n gestadige dood. Ons uiterlike mens vergaan, maar ons gee die moed nie op nie, want ons innerlike mens word dag na dag vernuwe . . . "Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n allesoortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig" (2 Kor. 4:16-18).

Om ons en in ons is die verganklikheid werksaam, maar "ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, *ewig,* in die hemele" (2 Kor. 5:1).

Loof, die HERE, o my siel en alles wat binne-in my is sy heilige *Naam!* (Ps. 103).

**ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK**

**God se wese en eienskappe**

**God is Gees** — suiwere, persoonlike en oneindige Gees (Joh. 4:24). Vir ons sintuie is Hy onwaarneembaar (Joh. 1:18). Hy is 'n persoonlike Gees — rasioneel, met 'n selfbewussyn en selfbepalend (Rom. 9:16 — 18; 11:33 — 36). God is die Bron van alle rede en verstand by sy skepsel, die mens. Hy is oneindig — onbeperk in sy bestaan en vermoëns.

Sy **oneindigheid** is t.o.v. tyd **"ewig"** en t.o.v. ruimte **"alomteenwoordig".**

**In** verhouding tot die heelal praat ons gewoonlik van die **transendensie en immanensie van God. Transendensie** beteken dat Hy onafhanklik van sy skepping bestaan as 'n opsigselfbestaande wese, Hy is nie vasgevang binne die natuur nie, maar bestaan oneindig hoog daarbo verhewe. Hy het sy skepping nie nodig vir sy bestaan of heerlikheid nie. Wanneer hedendaagse teoloë die transendensie van God verwerp en dit dan voorstel as sou dit "ruimtelik" (daar bo) gesien moet word, dan maak hulle 'n karikatuur van wat die transendensie werklik is. Verwerp ons die transendensie, dan verloor ons ons anker. Alles, ook ons Godsbegrip, is dan subjektief mensveranderd. Dan is God geen God meer nie.

**Hy is ook immanent** — Hy is in sy skepping — die oorsprong van die skepping se ontstaan en oorsaak van sy voortbestaan. Dit is wat ons in die skepping "sien" as "ewige krag en goddelikheid" — (Rom. 1:20).

Beide God se transendensie en immanensie spreek duidelik uit 'n uitspraak soos die volgende: "Want so sê die **Hoe en Verhewene,** wat in die **ewigheid woon,** Heilig is sy Naam: **Ek woon in die hoogte en in die heilige plek** en by die verbryselde en nederige van gees" (Jes. 57:15). Dit kom ook duidelik uit in die leer van die Heilige Skrif dat God die menslike

natuur aangeneem het in Christus en in ons woon deur die Heilige Gees.

God is 'n **Persoon.** Dan kan ons praat van sy **aard** of **karakter.** Hy het bepaalde **eienskappe** — ons praat ook van sy **deugde.** Daar is egter geen **"eienskap"** wat God se aard volkome kan uitdruk of omvat nie — dit gee ons alleen maar 'n indruk van sy transendente en immanente wese. God se wese en eienskappe is een. Ons kan hom nooit sonder sy eienskappe voorstel nie. Daar is ook geen stryd tussen sy eienskappe of deugde nie. Ons kan bv. nie sê dat God gedeeltelik liefde en gedeeltelik geregtigheid is nie. Hy is geheel liefde en geheel geregtigheid. God self word geheel uitgedruk in elke eienskap: "God is liefde". Die mens bly mens al het hy nie lief nie. Met God is dit egter nie so nie. Indien Hy nie liefhet nie is dit in stryd met sy wese as God — dan is Hy nie meer God nie.

Om die eienskappe van God te klassifiseer, is dit gerieflik gevind om te praat van **"mededeelbare"** en **"onmededeelbare"** eienskappe.

**Mededeelbare eienskappe** is die wat, tot 'n mate, meegedeel kan word aan sy redelike en sedelike skepsel, die mens. Sulke eienskappe is wysheid, goedheid, geregtigheid, liefde — hierdeur word die inwoning van God deur die Heilige Gees in die mens geopenbaar — dit toon m.a.w. die "immanensie" van God.

**Onmededeelbare eienskappe** is Goddelike volmaakthede wat geen ooreenkomstige eienskappe by die mens kan hê nie: selfgenoegsaamheid, onveranderlikheid, onwetendheid, alomteenwoordigheid, ewigheid, almag — dit is eienskappe wat sy transendensie benadruk. Hierdie eienskappe kan ons net ten dele definieer. Dit gaan ons begrip te bowe.

**God is selfgenoegsaam** — Hy het buite Homself niks nodig om te bestaan nie. **(Ons skepsele kan geen oomblik bestaan sonder dat Hy ons onderhou nie).**

**God is onveranderlik** — in sy Wese, sy volmaaktheid, sy doel, sy bedoelinge bly Hy altyd onveranderlik.

**God is ewig** — t.o.v. tyd is Hy bo die beperkinge van tyd — sonder begin, sonder einde — (Tyd is deur hom geskape met die oog op sy skepping — in Gen. 1:1 lees ons van die begin van die tyd — tyd kan nie bestaan afgesien van die skepping nie — dit bestaan nie in en deur sigself nie).

**God is alwetend en alomteenwoordig** beteken dat Hy nie beperk word deur ruimte nie. Sy kennis is deel van sy wese — (ons moet kennis aanleer) — daarom is sy kennis geheel en volmaak. Hy is ook alomteenwoordig — Hy is altyd aanwesig op alle plekke — Hy is in Homself die alomteenwoordigheid. Hy is geheel, en nie gedeeltelik, teenwoordig op alle plekke.

**God se almag** is gans iets anders as die sg. mag van die mens. God se almag is skeppend — dit is die energie wat iets uit niks voortbring.

Die **heiligheid** van God kan ons die onderskeidende, alomvattende eienskap van God noem. Dit is sy **heiligheid** waarin Hy in besonder apart van sy skepping bestaan — Hy alleen is heilig — dit maak hom ontoeganklik in al sy volmaakthede. (Ons word heilig genoem omdat ons in Christus aan hom behoort, maar in onsself besit ons nie die heiligheid nie).

VRAE

1. Kan ons sê "wat" God is?
2. Wat is antropomorfisme?
3. As God hom dan so voorstel om ons te help mag ons onsself dan verder help deur Sy woorde in sigbare beelde vas te lê?

4. Waarom kan God vir ons 'n houvas wees in die aardse verwarring?
5. Wat beteken "Immanuel"?
6. Waar bely ons in die Heidelbergse Kategismus ons geloof in die opstanding van die vlees en die ewige lewe?

# Hoofstuk 5

## *ARTIKEL 2 - God openbaar Homself*

"Ons ken hom deur twee middele. Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons *die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en goddelikheid,* soos die apostel Paulus se, Rom. 1:20; dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem. Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en Goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan hom behoort."

***Ons ken God uit sy Werke en Woord***

*"Laat ons ken — laat ons dit najaag om die HERE te ken"* (Hos. 6:2). Bind dit as 'n teken op jou hand; as 'n voorhoofsband tussen jou oë. En skrywe dit op die deurposte van jou huis en op die poorte van jou stad (Deut. 6:8, 9).

En skerp dit by jou kinders in en praat met hulle daaroor as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan le en as jy opstaan (Deut. 6:7).

Wat is die dinge wat vir die bejaarde Moses so belangrik is by die afskeid van sy geliefde volk? Moses gaan sterwe en hy weet dit. Soos 'n bekommerde vader gee hy sy laaste bevele aan sy volk. Hy het rede om bekommerd te wees, want hy ken sy volk. Hy weet hoe maklik hulle vergeet. Vergeet? *Ja, vergeet van God en sy dade.* Was dit nie die klag van die profeet Hosea, toe sy volk se ondergang naby was nie?" *My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp"* (Hos. 4:6).

Daarom, laat ons ken — laat ons dit najaag om die HERE te ken. Ek is bevrees dat ook ons volk te gronde gaan om dieselfde rede: gebrek aan kennis.

***Valse kennis***

Kennis? Maar wat dan van ons skole en universiteite? Wat van ons radio en televisie; ons boeke en tydskrifte en koerante? Dit is tog alles media om aan ons kennis, kennis en nogmaals kennis toe te bring? Ons kennis word verbreed en verdiep. 'n Mens verstom jou oor die kennis van 'n klein kind wie se ore en oë maar enigsins oop is in ons tyd . . .

Maar nou lees ek van ons aller moeder Eva in die Paradys: "Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, *'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry;* en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet. Toe gaan altwee sê oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is" (Gen. 3:6, 7). Arme Adam en Eva het te laat uitgevind dat alle kennis nie goed is nie. *Daar is ook kennis wat seermaak, wat die angel van dood en verderf in hom dra . . .*

***Strewe na kennis***

En nou eet ons mense maar lustig voort aan "die boom van die KENNIS. "Hulle meen alle kennis is goed. Ken jouself; ken die wêreld met sy mense en strominge; ken die heelal! Laat jou ontleedmes diep indring in die vesels van die menslike liggaam en verower ook die geheimenisse van die menslike gees met jou geesteswetenskap! Laat die mens ken, proefondervindelik ken! Wys hom die geheime van die lewe — ook die waaroor in fatsoenlike geselskap nie hardop gepraat word nie. Op die vleuels van KENNIS styg ons op verby die maan en die sterre. Ons getal is "666". Ons reik na "777" — die volmaakte getal. Dan het ons

weer die paradys op aarde! (Openb. 13:18).

"Ag", sug ons saam met Paulus: "Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander . . . Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer — hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel geëer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen" (Rom. 1:18-32).

"Amen! Dit sal waar en seker wees. God moet geëer en geprys word. Ook in ons KENNIS.

*"Laat ons ken — laat ons dit najaag om die HERE te ken!"*

Om die HERE te ken, beteken om Hom te ken met liefde en dan is ons gehoorsaam aan sy wil, soos geliefde kinders. Dit is die ware KENNIS. Dit is die kennis van die lewe . . .

**God skrywe 'n mooi boek**

***Die wêreld is mooi***

Wie kan dit ontken dat die wêreld waarin ons leef mooi is? Ons hoef waarlik nie almal digters of komponiste of skilders en sangers te wees, om die mooie in die wêreld raak te sien en te vertolk nie. Ons klein kringetjie is elke dag weer gevul met die mooi dingetjies, indien ons maar die tinteling van die sonlig daaroor sien speel. Kyk na die sterre aan die wye firmament en let op die sterre in die oë van jou kleuter.

Ons hoef ook selfs nie bloot na die oppervlakte van die dinge te kyk, om die mooie raak te sien nie. Ondersoek maar met jou mikroskoop die mikrokosmos van die onsigbare organismes of speur met die teleskoop die onmeetbare ruimtes in. Meer en meer word geheimenisse ontbloot en steeds meer geheime bly onontdek.

***Wonderboek van die Skepping***

Elke dag lees ons in die boek, die wonderboek van die skepping. Alle mense lees dit en ondersoek dit en bekyk dit en bewonder dit. Sommige vra hulleself nooit af wie is die skrywer van hierdie wonderlike boek nie. Hulle maak hulle nie daaroor moeg om te vra waar alles vandaan kom, waarvoor dit bestaan en waarheen dit op pad is nie. In die geheel gesien bly dit steeds alles in beweging. Soos die dae en nagte, seisoene en jare kom en gaan. Maar selfs die heelal met sy miljarde onmeetlike hemelliggame bly nie konstant of staan nie stil nie. Daar is steeds beweging, gang, koers — waarheen? Wie weet? Ja, ook die geskiedenis van die mens op aarde beweeg voort na sy bestemming.

***Bril van die Woord van God***

Die Skrywer is besig om te skrywe. Hy skrywe in die natuur en wie oë het, lees dit. Want daar is, helaas, blindes wat nie kan sien nie. Eintlik is hulle ook nie heeltemal stokblind nie. Paulus sê selfs dat hulle genoeg sien, van die ewige krag en goddelikheid van die Skrywer, om aan hulle alle verontskuldiging te ontneem. Hulle sien iets, maar hulle weier om 'n bril op te sit, sodat hulle beter kan sien. En die bril is die Woord van God (Calvyn). Lees Rom. 1 vanaf vers 18 en u sal skrik vir wat die mense maak van die Skrywer van ons mooi boek.

***Boek sonder skrywer?***

Ons leef in 'n tyd van klein mensies met groot name: "wetenskaplikes en kunstenaars van naam. "En die klein mensies lees ook met "hulle verduisterde verstand", wat hulleself "verlig" noem, die boek en verklaar dan in lang verhandelinge of in duistere niksseggende kunswerke: "Die boek van hierdie wêreld het geen skrywer nie". Hy skrywe hom sommer vanself.

***Excelsior!***

Aan die een kant is daar die optimiste. Die dooie stof, sê hulle, het sommer vanself daar gekom. Dit is "onwetenskaplik" om te sê dat dit deur 'n God van buite geskape is uit niks. En alle lewende wesens, sê hulle, het uit een of ander eensellige lewende iets in die oerverlede ontstaan. Die "oersel" het ook self uit dooie stof ontstaan. En die mens stam saam met die ape af uit een of ander oer-apegeslag. En nou soek hulle na die "missing links" tussen die aap en die mens en hulle vergeet gerieflikheidshalwe van al die miljoene der miljoene ander "missing links" tussen al die ander lewende wesens op aarde. Want een ding moet hulle toegee — hulle ken immers ook die wette van Mendel waarvolgens soort maar altyd soort bly — dat in al die miljoene lewensvorms hulle nog nimmer getuie was van een soort wat 'n ander soort geword het nie. Sou hulle tog maar die bril opgehad het

— die bril van Gods Woord — dan sou hulle geweet het dat God, die skrywer van die skeppingsboek, alles *"volgens hulle soorte geskape het"* (Gen. 1).

Hierdie optimiste sê slagspreuk is: "Excelsior!" — steeds hoër. Die ape het mense geword en die mense reik na die aardse paradys, waar alles vrede en liefde en veiligheid sal wees. Die gang is *ape — aapmense — mense — supermense. Dan sit die mens self op die troon van God en gee voor dat hy god is.*

***Reisigers na nêrens!***

Maar toe die gewaande supermense al hulle aardse paradys in die verskiet sien, het die mens self in sy slaai kom krap. Die verwagte vrede het tussen hulle vingers vervlugtig deur twee verwoestende wêreldoorloë en 'n langdurige yskoue "koue oorlog" wat maar geen einde ken nie. En nou kom die pessimiste aan die woord. Hulle sê hierdie boek waarin ons lees is niksseggend, leeg, sinloos. Die mens is soos 'n vasgekeerde wese in 'n lugleegte. Hy is 'n reisiger na nêrens.

Ag, as die mense tog ook maar net die bril wou opsit, dan sou hulle sien dat hulle tot 'n mate die waarheid praat. Hulle sou met die bril sien dat die mens van nature sleg is. Hy is selfs "dood in misdade en sonde" (Ef. 2). *Maar hulle sou ook lees van verlossing en herstel en 'n ewige verwagting.*

***God skrywe rustig voort***

En onder en tussen die geskarrel deur — van klein mensies met groot name en groot aansprake — gaan die Skrywer van ons boek rustig voort om te skrywe. Ag, en selfs ons wat die bril op het, lees ook maar swakkerig. Ons sien deur 'n spieël in 'n raaisel. Ons ken ten dele maar eendag sal ons ten volle ken, net soos ons ten volle geken is (Rom. 13:12).

Ons het egter rus en vertroue, ons weet immers Wie die Skrywer van die skeppingsboek is, en ons kan op Hom vertrou. *"Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande"* (Ps. 19:2).

***Naby God en die natuur***

God skrywe in die boek van sy skepping van Homself. Dit vertel die mense aan ons wat sy werke bekyk deur die bril van sy heilige Woord. Die Bybelgelowiges het naby God geleef, maar ook naby die natuur. Hulle sterrenagte was nog nie verdof deur mensgemaakte skynwerpers nie. Hulle kon nog die sterre sien en die aarde en die winde en die wolke. Hulle kon hulle ook nog verwonder oor die Skepper wat al hierdie dinge geskape het. Daarom is dit goed om nog 'n bietjie stil te staan by die "mooi boek" van God en te sien wat die mense daarvan gedink het. Moontlik mag dit ons ook weer tot verwondering bring, "oor die werke van Gods hande" en, wat veel belangriker is, ons op die knieë bring voor Hom die almagtige Skepper en Onderhouder van die heelal.

***Slaan julle oë op in die hoogte***

Kom ons begin by Jesaja, die adelaar onder die profete. Hy sê self: die wat op die HERE wag, vaar op met vleuels soos die arende (Jes. 40:31). Is dit dan 'n wonder dat hy ons oproep: "Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie" (Jes. 40:26). Hieroor praat Dawid saam bv. in Ps. 19: "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande". En in Ps. 8, soos só treffend vertolk deur Totius in die beryming wat ons sing:

"As ek, o HEER, u nagtelike hemel daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel: hoe, deur u toeberei, die skugter maan met stille gang oor sterrevelde gaan — wat is die mens dan dat U hom gedenk het, die mensekind wat U so ryk beskenk het!"

***Hy laat gras uitspruit***

Dawid, die digter-siener, kon nie uitgesing raak oor die heerlikheid van God in die natuur nie: "Loof die HERE, o my siel! HERE my God, U is baie groot! Met majesteit en heerlikheid is U bekleed — wat Uself omhul met lig, soos met 'n kleed, wat die hemele uitspan soos 'n tentdoek . . . wat van die wolke sy wa maak, wat op die vleuels van die wind wandel . . . winde sy boodskappers . . . vuurvlamme sy dienaars. Hy het die aarde gegrond op sy grondveste, sodat dit vir ewig en altyd nie wankel nie. Hy laat gras uitspruit vir die diere en die plante tot diens van die mens. Die hoë berge is vir die steenbokke, en die rotse is skuilplekke vir dasse . . ." (Ps. 104).

*Die grote hemel en die aarde dra Hy in sy hand — daarom is die aarde "gegrond op sy grondveste"— al hang dit soos 'n nietige ertjiepit in die hemelruim. Maar ook die mens en die steenbokkie en die dassie het Hy nie vergeet nie.*

***Kan 'n byl hom beroem teen die wat daarmee kap***

En nie alleen die natuur nie, maar ook die geskiedenis van die mensdom openbaar sy werke. Assur en Nebukadnesar en Kores is maar instrumente in sy hand. En wanneer die koning van Assirië hom daaroor verhef dat hy volke verslaaf en buit insamel deur sy eie mag, dan sê die HERE aan hom: "Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek? Asof 'n staf hulle swaai wat hom ophef, asof 'n stok hom ophef wat nie hout is nie" (Jes. 10:15). Sê dit aan die sogenaamde "grotes" wat die volke van die aarde regeer: "Kan 'n byl hom beroem teen die wat daarmee kap?"

O, hoeveel sal neergekap word! Klein en groot; oud en jonk! Hoe sal die volk van die Here, die belyders van Christus nog kruip en spartel in hulle bloed wanneer die byl kap — die byl wat ons die "Antichris" noem. Maar ook selfs hy sal maar net 'n "byl in die had van God" wees. In Openb. 13 lees ons van hom, die "dier" uit die see (die volkeresee) en hoor dan telkens: "Dit is aan hom gegee . . ." So is dit aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin (Openb. 13:7).

God skryf selfs vir die ongelowige mense. Daarom kan Hy Hom met reg vertoorn oor die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense "wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, *in hulle openbaar is,* want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af *in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid,* sodat hulle geen verontskuldiging het nie . . ." (Rom. 1:18-20).

Vrees God en gee Hom heerlikheid!

***God gebruik mense***

Ons kan maar nog nie wegkom van die mooi boek wat God skryf nie. Die letters waarmee Hy skrywe is al die skepsele, groot en klein.

En dan gaan ons gedagtes vér terug na die dae toe die skepping nog jonk was. Die mens en sy vrou was jonk en mooi en goed — onbedorwe, want hulle is geskape na die beeld en gelykenis van God. *Hulle het ook die taak of roeping ontvang om oor die skepping te heers, dit te bewerk en te bewaak.* En nou weet ons Adam en Eva was naderhand nie meer mooi en goed nie — hulle het lelik en sleg geword . . . nie omdat hulle oud geword het nie, maar omdat hulle aan God ongehoorsaam was en in sonde geval het (Gen. 1-3).

### *Kultuurbouers*

Ondanks die sonde en bedorwenheid van die menslike geslag, het hy tog sy opdrag om *oor die skepping te heers en dit te bewerk en te bewaak,* nie heeltemal vergeet nie. Dit is asof die soort mense, wat God gans en al nie wil erken of eer nie, die mees aktiewe beoefenaars van die "kultuur" geword het. Hulle woel en werskaf sedert die dag toe die paradyspoorte agter hulle gesluit is. Dit is asof hulle van die begin af besef het hulle lewe is kort en hulle is "aards" — maak die beste van jou tyd en van die aarde waarop jy lewe.

Jabal, die kleinseun van Kain, was die vader van die tentbewoners en die veeboere. 'n Grot was vir hom nie goed genoeg nie. Hy het sy skapies geskeer en die wol verwerk tot tente om in te woon. So word hy die eerste "kultuurmens".

Jubal, sy broer was die vader van almal wat op siters en fluite speel. Hier het ons die eerste "kunstenaar".

Tubal-Kain, 'n ander broer, was 'n smid wat allerhande koper- en ysterinstrumente gemaak het (Lees dit in Gen. 4). Hom kan ons die eerste "vakman" noem.

### *Geen apegeslag*

So vertel die Bybel van die begin van die "menslike kultuur". En die "menslike kultuur" is een van die groot "bewyse" dat die mens 'n "letter" in die mooi boek van God is. Ons dink aan "talente", aan tegniese vernuf en begaafdheid; aan die wondere van die mens sê verstand; sy tegniese hoogvlugte. Ons kan nie anders as om te "sien" dat hier meer as "'n nakomeling van 'n aap" werksaam is nie. Watter blote dier sal die verstandelike vermoë besit om die tegniese toerusting te ontwerp wat bv. 'n maanvlug moontlik maak?

En by die aanskoue van die bedrewenheid van kunstenaars staan ons versteld — stomgeslaan. Dat 'n "mens", 'n verganklike en sondige mens, daartoe in staat is om byna "hemelse" musiek voort te tower. Dan dink ons aan die "kunstenaars" wat Moses in die woestyn gebruik het om die tabernakel met al sy "kunsskatte" te maak. Dit was 'n sekere Besáleël en Ohóliab. Van hulle staan daar in die Bybel dat God hulle vervul het met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk, om kunstige planne uit te dink, om dit uit te voer in goud en silwer en koper (Ex. 31).

Is dit 'n wonder dat kunstenaars hulleself en hulle gawes soms as "goddelik" beskou? Die arme drommels! Net asof die natuurwetenskaplike en die wiskundige en die argeoloog ook nie maar sy gawes van God ontvang het nie? God "skrywe" deur die kunstenaar, maar ook deur die wetenskaplike en die tegnikus — al besef hulle dit nie eens nie. In sy "algemene openbaring" gebruik hy mense — ook die mense wat hom verloën — om sy werke te openbaar.

### *Feite en vertolking van feite*

Ons kan nie "kultuur" — wetenskap en kuns — as vals beskou bloot omdat ongelowige mense dit beoefen nie. As 'n ongelowige onderwyser my kind leer dat twee plus twee vier is, dan lieg hy nie. Ek moet maar net onthou dat daardie wiskundige "wet" deur die Skepper neergelê is.

Dit is egter 'n perd van 'n ander kleur wanneer die wetenskaplike en kunstenaar 'n "vertolker" van die waarheid wil wees en dan die feite, wat God aan hom gee, aanwend om God te onteer of dood te verklaar.

Ons moet afskeid neem van die "mooi boek" wat God skrywe. En al sien ons maar net brokstukkies en hier en daar 'n flits van wat Hy werklik besig is om te sê, troos dit ons dat alles wat die mens in skoonheid hier op aarde vermag het, nie saam met die aarde en die boosheid en die Bose sal vergaan nie. Iets van die "heerlikheid en eer" van die konings van die aarde — wie sê dat dit net regeerders is? — sal pryk in die "nuwe Jerusalem", die stad wat fondamente het, waar God vir ewig met sy gesaligdes sal woon (Openb. 21:24).

Of Beethoven die ewige heerlikheid beërwe het, weet ek nie. Hy was glo 'n uitgesproke humanis. Ek kan egter van harte met hom saam sing van die "heerlikheid van God in die natuur". En moontlik — wie weet — hoor ons nog van Beethoven sê musiek in die nuwe Jerusalem.

**ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK**

Ons onderskei tweërlei "Openbaring" van God:

a. **Algemene Openbaring** (Revelatio Naturalis — Openbaring in die natuur). Bewysplekke: Ps. 19:2; Rom. 1:20; Ps. 33:10 — hier sien ons dat God ook in die geskiedenis spreek deur sy raad; Rom. 1:18; volgens dr. A. Kuyper openbaar God Hom selfs in die gewete van mense. As bewysplek voer hy aan Rom. 2:14, 15.

b. **Besondere Openbaring.** (Die Bybel - sien hiervoor hoofstuk 6). **Die Algemene Openbaring is nie genoeg nie.** Waarom?

a. 'n Mens kan Christus daaruit nie ken nie: Joh. 14:6; Hand. 4:12 — in Hom alleen het ons die weg van die saligheid.

b. Omdat ons verstand deur die sonde verduister is, is die godsdiens daarop gegrond on suiwer en met bygelowe vermeng. Rom. 1:23.

c. By geen enkele volk word 'n godsdiens aangetref, wat suiwer op die Algemene Openb. gegrond is nie. (Alle godsdienste beroep hulle op 'n "bonatuurlike" openbaring).

**Die waarde van die Algemene Openbaring**

Dit het 'n groot betekenis in hierdie lewe vir die volkere van die wêreld. Daardeur word die uitbarsting van die sonde in sy gruwelike boosheid nog teëgehou — dit maak die lewe op aarde nog draaglik.

Dit het egter ook 'n groot betekenis vir die gelowiges:

a. Die Christene loop gevaar om hulle oë te sluit vir God sê heerlikheid in die natuur en hulle alleen besig te hou met die ryk van genade. Ons oog moet ook op die natuur — die mens in sy geskiedenis; sy wetenskap, kuns, kultuur, tegniek ens. gerig wees. Ook dan sien ons die werke van God in sy skepping.

b. Dit lê in 'n aanknopingspunt tussen die gelowiges en hulle medemense. Die ongelowiges en heidene mag Christus ontken en bespot, tog moet hulle erken dat hulle innerlik soekend is — honger en dors — en selfs deur onrus verteer word, omdat hulle onvolmaak en sondig is. Hulle het selfs 'n vae besef van die bestaan van God.

Die Christen moet daarvan bewaar word om die natuur te vermy. Natuur en genade staan nie vyandig teenoor mekaar nie, want ook die natuurlike lewe is 'n skepping van God.

'n Vraag wat 'n mens dikwels teëkom is: Gaan die heidene verlore wat nooit van Christus

gehoor het nie?

As antwoord hierop dien Rom. 1:20 — hulle het genoegsaam van God "in sy werke verstaan en duidelik gesien, **sodat hulle geen verontskuldiging het nie";** Hand. 4:12: **"En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie"** — d.i. die Naam van Christus, waarna Petrus hier verwys. Joh. 14:6: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; **niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.** Matt. 11:27: ". . . ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie **die Seun dit wil openbaar".** Op hierdie gronde kan ons nie aanvaar dat hulle gered word nie. Ons kan wel sê dat hulle straf ligter mag wees as die straf van hulle wat die Woord gehoor het en tog nie geglo het nie. Sien hiervoor Matt. 11:20-24.

**VRAE**

1. Waarom kan 'n volk ondergaan van 'n gebrek aan kennis?
2. Is alle kennis goed?
3. Hoe leer ons God ken uit die natuur en die geskiedenis?
4. Kan ons tegelyk in God, en die leer dat mense van ape afstam, glo?
5. Het die Antichris uit homself mag?
6. Is kultuurbeoefening sonde?
7. Maar is dit wel die moeite werd as alles tog sal verdwyn en tot niet gaan?

# Hoofstuk 6

## *ARTIKEL 2 - "God het baie keer en op baie maniere gespreek".*

"God maak Homself nog duideliker en meer volkome aan ons bekend deur sy heilige en Goddelike Woord". So bely Guido de Brès voortgaande.

### *Goddelike Openbaring*

"God het gespreek" deur die profete deur die Seun en Hy spreek nog deur sy Woord, die Bybel. Ons kan maklik ons gedagtes aan mekaar oordra, deur met mekaar te praat. Hoe sou die ewige God egter sy gedagtes tot ons kon oorbring? Sy gedagtes is hoër as ons gedagtes, soos die hemel hoër is as die aarde (Jes. 55 i 9). En ons sou nooit tot. die hemel kon "opklim" om sy gedagtes te verneem nie. Die Rus, Juri Gagarin, het spottend gesê dat hy in sy ruimtevaart in die hemel was en God nêrens gesien het nie. Gelukkig is dit nie nodig om op te vaar na die hemel nie. God het Hom neergebuig na die aarde. En Hy gebruik mense: "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun" (Hebr. 1:1). *Ons kom te hore van God nie deur ons eie rede of verstand nie, maar deur Goddelike Openbaring.*

### *Geloof en natuurwetenskap*

Wetenskap en godsdiens is nie in teëspraak met mekaar nie. Die rede van die botsing tussen wetenskap en godsdiens is daarin geleë dat mense die natuurwetenskaplike "metode" wil oorplaas op die terrein van die godsdiens en die Bybel. Wetenskaplike kennis word verkry deur waarneming en eksperimente. Dit berus op gegewens wat deur ons sintuie ingesamel word. God kan ons egter nie ken deur ons sintuie nie. God openbaar Homself aan ons in sy Woord en ons ken Hom deur die geloof in sy Woord. Die natuur is wel sy "mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is" waarmee God skrywe. Dit is egter nie genoeg nie. Ons moet Hom duideliker en meer volkome ken. Ons moet meer weet as wat ons bloot in die boek van die natuur kan lees, om tot sy eer te kan lewe en die saligheid te kan beërwe. Daarom het Hy Hom ook aan ons in sy Woord geopenbaar. En as die "boek van die natuur" genoegsaam is "om hulle alle verontskuldiging te ontneem", hoeveel te meer sy Woord, wat ons sy "besondere Openbaring" noem. Daarin spreek Hy ons persoonlik aan.

### *Hulle het Moses en die Profete*

U het ook al gehoor van Lasarus en die ryk man, Lasarus sê liggaam bedek met afskuwelike swere, lê voor die poort van die ryk man sê villa. Geklee in vodde leef hy van afvalkos wat die bediendes vir hom aandra. Hy sterwe en word opgeneem in die heerlikheid aan die boesem van vader Abraham. Die ryk man sterwe ook en ly smarte in die vlam van die verderf. Hy leer *spoedig* dat hy *moes* bly waar hy is en dat Lasarus of niemand anders hom kan help nie. Dan dink hy aan sy broers op aarde. Hulle leef ook soos hy geleef het en hy weet hulle "bestemming" is ook die plek waar hy nou smarte ly. "Ag vader Abraham, stuur Lasarus na my vader sê huis. Sê dat hy my vyf broers kan waarsku!" Abraham sê antwoord is: "Hulle het Moses en die profete; laat hulle na die luister." Toe hy aanhou, antwoord Abraham: "As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan" (Luk. 16:19-31).

*Wie is vir ons "Moses en die Profete en die Apostels?" Dit is die Bybel.* God het ons gegee meer as wat nodig is tot ons verontskuldiging. Niemand sal kan sê: "Ek het nie geweet nie". Hy praat nie alleen in die natuur nie, maar "daar is ook geskrywe" (Matt. 4:4, 7, 10) in sy heilige en Goddelike Woord. Vir Jesus Christus was dit die einde van alle teëspraak. Waarom dan nie

ook vir my nie? God het gespreek en ek moet luister. Ek moenie meer verwag bv. deur iemand wat uit die dode opstaan of deur gesigte of deur 'n engel nie.

***Hoor deur die Woord van God***

"Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in Wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?

En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God" (Rom. 10:13-17).

Ons saligheid bestaan daarin dat ons luister na die stem van ons Herder (Joh. 10). En die stem van ons goeie Herder is sy heilige en Goddelike Woord.

## *ARTIKEL 3 - Deur die Heilige Gees Gedrywe*

Ons bely dat *hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek,* soos die heilige Petrus sê. Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel; en Hy het self met sy vinger die twee tafels van die Wet geskrywe. Om die rede noem ons sulke geskrifte: Heilige en Goddelike geskrifte".

***God spreek deur mense wat praat en mense wat skryf***

Ons kom nou by die "inspirasie" van die Bybel. "Deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petr. 1:21). Dit is daarom dat die woord wat hulle gespreek en neergeskryf het, die Woord van God is. God spreek deur mense. Dit leer die Bybel self en Guido de Brès sê dit die Bybel na. Dit is die "selfgetuienis" van die Bybel. Eers is gespreek, daarna is opgeskryf — dikwels deur iemand anders as die spreker — maar by beide gebruik God mense om sy Woord te openbaar. God dra besondere sorg vir ons saligheid, daarom gee Hy aan ons sy onfeilbaar geskrewe Woord, waarop ons volkome kan vertrou. Dit is goed om te let op die voorbeeld van onse Here Jesus Christus. Vir Hom was die Bybel onomstootlik die onfeilbare Woord van God. Daarom bind die band aan Christus ons aan die Bybel. Verwerp ons die Bybel as die Woord van God, dan verwerp ons Hom as onse Here en Saligmaker. Sy Bybel is ook my Bybel.

***Die Ou Testament is vir Jesus: Woord van God.***

Die drie eerste hoofstukke in die Bybel is in ons dae onder geleerdes sterk in die gedrang. Dit is eintlik maar vir baie van hulle "'n skeppingsmite". In Matt. 19 verwys Jesus daarna in sy gesprek oor die huwelik: "Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. "Dit is 'n duidelike verwysing na Gen. 2:24. Hy skryf dit toe aan God; dit is vir Hom die Woord van God.

Dink maar aan Matt. 4, die gedeelte oor die versoeking van die Here deur die satan. Elke keer antwoord die Here Jesus: "Daar is geskrywe . . ."en dan haal Hy aan uit die Ou Testament. Dit is vir Hom die einde van alle teëspraak. Hy verklaar ook gedurig dat die Skrif in Hom vervul word. Die beloftes in die Ou Testament word in Hom werklikheid. Hy sê aan die Jode: , Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het, en dit is die wat van My getuig" (Joh. 5:39).

***Die hele Skrif is deur God uitgegee***

Die apostels neem die: "daar is geskrywe" van Jesus oor. Jesus het immers

belowe: "maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Joh. 14:26). So verklaar Paulus in 2 Tim. 3:16: "Die hele Skrif is deur God ingegee". En Petrus: "Deur die Heilige Gees gedrywe het die heilige mense van God gespreek" (2 Petr. 1:21).

***Hoe gebruik God die Bybelskrywers***

Die mense wat gepraat en geskryf het, gedryf deur die Heilige Gees, was *"mense"* en nie *"dinge"* nie. Hulle het hul eie talente gehad; hulle eie persoonlikheid; het gelewe onder bepaalde omstandighede, met 'n bepaalde opvatting en agtergrond. Iets wat in ons tyd so dikwels in gedrang kom, is die sg. "wêreldbeeld" van die Bybel. Die Bybelskrywers weet bv. nie van 'n draaiende aarde wat rondom die son beweeg nie. Maar is dit vir ons saligheid nodig dat die Here ook dit vir ons moes sê? Die Bybel is geen wetenskaplike handboek nie. Een ding weet ons: Die Here het alles geskape — ook die aarde wat in die ruimte hang en om sy as wentel, is in die hand van die Skepper en Onderhouder van alle dinge. Josua bid dat die son moet stilstaan, omdat hy nie geweet het dat die aarde draai nie. En ons praat nog van die "son wat opkom en ondergaan", hoewel ons weet dat dit nie so is nie. Laat ons maar nie spitsvondig wees wanneer ons met die Bybel omgaan nie.

Die "menslike" faktor in die Bybel is vir ons geen struikelblok nie. Dit hoef ons nie daartoe te bring om te praat van "mites" nie. Ons vind dit nie nodig om die Bybel te "ontmitologiseer" soos die geleerde Bultmann en sy volgelinge nie. Ons weet God het feilbare mense gebruik, maar sy Woord is vir ons die onfeilbare Woord van God.

Voor Hom en sy Woord moet 'n mens sy verstand kruisig. Hier staan ons tereg soos kindertjies aan wie die Vader hierdie dinge "geopenbaar" het (Matt. 11).

## *ARTIKEL 4 - Ou- en Nuwe Testament*

"Ons vat die heilige Skrif saam in twee boeke, die van die Ou en die van die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waar niks teen gesê kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is as volg": . . . (Hierop volg dan die name van die 39 boeke van die Ou Testament en 27 boeke van die Nuwe Testament, soos ons hulle in ons Bybel het).

**Ou Testament en Nuwe Testament**

***Verbond***

Die benaming "Ou Testament" kry ons uit 2 Kor. 3:14: "Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde sluier ..." Paulus verwys hier na die "sluier" oor die gesig van Moses, toe hy van die berg Sinaï af gekom het, waar hy in die teenwoordigheid van God was. Oor sy gesig was só 'n glans dat hy dit moes bedek vir die oë van die volk. Die volk sien Moses deur 'n sluier heen (Ex. 34:33-35). Só sê Paulus, lê 'n sluier oor die Ou Testament, wanneer die Jode dit lees. sodat hulle nie kan sien dat die koms van die Here Jesus daarin aangekondig en verbeeld is nie.

"Testament" is die Latynse woord vir *"verbond"*. Afgesien van alle ander faktore wat die Ou- en Nuwe Testament aan mekaar verbind, bly die verbond van God met sy volk sentraal. Die verbond met Abraham, die vader van die gelowiges (Rom. 4:11) bly waar ook vir ons en ons kinders: "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte, tot 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (Gen. 17:7). Dit word bevestig in die Nuwe Testament bv. deur Petrus: "Want die belofte kom aan julle toe en julle kinders . . ." (Hand. 2:39).

### *Verbond — Testament*

Die Heilige Skrif is 'n versameling van boeke, waarin dit gaan oor die verbond van God met *Israel* (Ex. 24) en met *alle volke,* bv. Jes. 49:6: "Hy het gesê: Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot 'n Lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde". In die Nuwe Testament word die woord "verbond" meesal vervang deur "testament". Daarin kom nog sterker na vore dat die verbond van God uitgaan en dan word dit nog boonop bevestig deur die dood van die Seun van God (Hebr. 9:15-17). Sy verbond kan nie meer ongeldig gemaak word nie. Die "erflater" Christus, het immers gesterwe. Sy gelowiges word nou "erfgename" genoem — die heil in Christus is ons erfenis.

### *Ou- en Nuwe Testament*

Die Ou- en Nuwe Testament is ons Bybel. Die Nuwe Testament is op verborge wyse reeds in die Ou Testament aanwesig, terwyl die Ou Testament eers ten volle "oopgaan" in die Nuwe Testament. Hierdie mooi uitspraak kom van die ou kerkvader Augustinus. Sonder die Ou Testament, kan ons die Nuwe nie begryp nie en sonder die Nuwe Testament bly die Oue onvervuld.

In die Nuwe Testament kry ons egter ook 'n voortskreiding van die openbaring. Daar kom "nuwe" openbaringsmomente na vore. God spreek "in hierdie laaste dae deur die Seun" (Hebr. 1:1). Dit is wat dit nuut maak. "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid" (Joh. 1:14).

Die Ou Testament word soms genoem die "belofte" en die Nuwe die "vervulling". Die Ou Testament in sy skaduagtige seremonies en wette, in sy profesieë en offers, is "vervul in Christus". En tog is dit nog nie ten volle vervul in die "eerste koms" van Christus nie. Hy kom "weer" op die wolke van die hemel — dan eers is die Ou Testament ten volle vervul. Ook daarom, "verval" die Ou Testament nie vir ons nie. Ja, hy spreek selfs nog tot ons in die "vervulde" seremonies en offerandes — deur die skaduwees heen — begryp ons Christus en die Nuwe Testament soveel beter.

## *ARTIKEL 5 - Die Bybel as Norm*

### *Die Bybel ons norm vir leer en lewe*

"Net al hierdie boeke neem ons aan as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is; en dit nie juis omdat die kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is; en omdat hulle ook die bewys daarvan in hulleself het, aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is".

### *Ons geloof gegrond op die Bybel*

Alreeds in artikel 4 bely ons: "Dit is die kanonieke boeke waar niks teen gesê kan word nie". En nou, dat net hierdie boeke heilig en kanoniek is, "om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig". Ons het "buite onsself' 'n fondament waarop ons bou; dit is die fondament van die "apostels en die profete". Ons het buite onsself 'n kanon. Dit is 'n reël, rigsnoer, onbedrieglike maatstaf van die geloof. Dit is die fondament, grond, basis van die geloof. Dit bevestig die vastheid van die geloof.

### *Geen mens kan uit homself uitmaak wat is Gods Woord nie*

Die anker van ons vastigheid is buite onsself heg en seker in die Woord van God. Daar is altyd iets humoristies-tragies in geleë dat klein mensies met hulle verduisterde verstand wil uitmaak wat Gods Woord is en wat nie. Hulle is nie tevrede met die norm wat God gee nie, maar wil self uitmaak wat die "waarheid" is. Ag, en wat kom dan nie alles daarby te pas nie? Nie alleen ken die allerwysste mens alleen "ten dele" nie, maar hy is sondig, en dwaas in die oorlegginge van sy hart. Hoe sou 'n eindige mens kan opklim tot die "oneindige?"

Weet ons dan nie dat die mens soos gras is nie? "Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid" (Tes. 40:8).

### *Ons ontvang die Bybel*

Hier het ons iets wat nie deur 'n mens gemaak is nie. Ons ontvang dit. Duidelik leer die apostel Paulus dit: "Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het" (1 Kor. 15:3). En dit is die Evangelie wat die gemeente ook "aangeneem" het (1 Kor. 15:1; 1 Thess. 2:13). Die Evangelie is nie van 'n mens ontvang nie, maar is 'n gawe van God: "Want ek het dit nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus" (Gal. 1:12). "Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die Woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het, nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die Woord van God wat ook werk in julle wat glo" (1 Thess. 2:13).

### *Wie die Evangelie ontvang, ontvang God.*

En wie die Evangelie ontvang, ontvang Hom van Wie die Evangelie praat. Eintlik kom Hy tot ons in die gewaad van die Woord soos Calvyn sê. Daarom is die "Woord lewendig en kragtig en skerper as enige tweesnydendeswaard . . ." (Hebr. 4:12). Of soos Paulus jubelend getuig: "Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo . . ." (Rom. 1:16).

### *Verwerp die Woord, dan verwerp jy God self*

Op só 'n Woord kan ons bou. "Dit is die woorde van die ewige lewe" (Joh. 6:68). En wie weier om na die Woord te luister, weier in werklikheid om na God te luister. Hy verwerp nie alleen die Woord nie, maar God self. Dit is daarom dat Paulus hom so ernstig uitspreek teen die valse leraars wat die Woord van God verdraai: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" (Gal. 1:8, 9).

### *"Mondige" mens ly aan "Sielemaerte"*

Hier kom te pas die geloof en nie die wysheid van mense nie. In ons tyd word die Evangelie sogenaamd aangepas by die "mondige" mens van ons eeu. Die mens het só "mondig" geword dat hy nie meer in die wondere kan glo wat in die Evangelie verkondig word nie. Ag, is dit dan 'n wonder dat die mens 'n "sielemaerte" ontwikkel wat geestelik uitteer en afstomp! (Ps. 106).

## Hoe weet ons die Bybel is die Woord van God?

### *Ons glo die Bybel is die Woord van God*

"Ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is ..." So bely Guido de Brès kinderlik, maar nie stamelend nie. Dit is vir hom 'n sekerheid en geen twyfelagtige saak nie. Hy was só seker daarvan dat hy met 'n lied in die hart die marteldood kon sterf vir hierdie belydenis.

### *Stel ons belydenis bo die Skrif?*

Hier lê een van die groot "aanklagte" teen ons belydenis in ons tyd. Mense kom selfs met die vroom argument dat ons die belydenis bó die Skrif stel. Dan wonder 'n mens of die motiewe eerlik is. Kan daar 'n duideliker uitspraak bestaan waarin die gesag van die Bybel bo alle twyfel bo elke menslike belydenis gestel word? Hier het ons die "selfgetuienis" van die belydenis dat hy hom volkome onderwerp aan die onfeilbare Woord van God.

***Bybel aanstoot, daarom belydenis aanstoot***

Maar waarom dan die voortdurende klag teen die belydenis wat ons dan te hoog sou stel? Gaan dit nie miskien juis om die inhoud van hierdie artikel nie? Mense wil nie toestem dat, alles wat in die Bybel vervat is, sonder enige twyfel die Woord van God is nie. Omdat die Woord van God 'n aanstoot is, is die belydenis dit ook, omdat hy die Bybel handhaaf as die Woord van God vanaf Genesis tot Openbaringe.

***Kerk nie waarborg van gesag van die Bybel nie, maar selfgetuienis van die Woord***

Gelukkig kan ons dit vir Guido de Brès van harte nasê, omdat hy hierdie belydenis uit die Bybel self haal. Die grond waarom ons die Bybel beskou as die Woord van God draai alleen om die getuienis van die Bybel self. Die Roomse kerk knoop die gesag van die Woord van God vas aan die "kerk". Die kerk het die kanon vasgestel. Daarom is die "kerk" die "waarborg" van die kanonisiteit van die Bybel. Nee, sê die Hervormers van die tyd van Guido de Brès, die Heilige Skrif is in homself geloofwaardig, sonder enige ander steun as alleen die van die Heilige Gees.

***Woord en Gees nie skei nie***

Al sou geen mens dit bely nie, dan nog bly die gesag van die Bybel ongeskonde. Maar nou kom mense wel tot belydenis. En daartoe "werk" die Woord. Die Woord staan egter nooit alleen nie, want die Gees werk deur die Woord. Woord en Gees kan ons nie van mekaar skei nie. Sedert Pinkster het die Gees Hom met 'n onverbreekbare band met die Woord verbind, het Calvyn verklaar. Waar die Woord verkondig word is die Gees ook werksaam. Daarom kan ons bely. "insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is" — naamlik al die boeke van die Ou- en Nuwe Testament.

***Die Heilige Gees oortuig ons***

Ons glo met die hart en bely met die mond, omdat die Heilige Gees aan ons die geloof gee. (Dink maar aan Joh. 3:1 — 21; Hand. 16:14.) Die Heilige Gees oortuig ons in die eerste plek van die waaragtigheid van die Bybel as die Woord van God. Hoe? Wie sou die werke van die Gees kon naspeur? Ons hoor maar net die Woord; ons raak oortuig dat dit die Woord van God is. Daarom gee ons gehoor aan die Woord en kom tot die hartlike belydenis.

***Die Bybel self 'n gawe van die Heilige Gees***

En nou is die selfgetuienis van die Bybel en die getuienis van die Heilige Gees eintlik maar dieselfde. Die Bybel is self 'n gawe van die Heilige Gees: "Deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petr. 1:21). God self is in die Bybel aan die Woord. En Hy het nie alleen gespreek tot Abraham en Moses en Dawid en die profete nie. Hy het ook nie alleen tot die apostels gespreek nie.

***In die Bybel praat God nog in die hede met ons***

Die geopenbaarde en geskrewe Woord uit vroeër eeue, kom tot ons in die hede. Dit is nog vir ons God sê stem. Daarvan oortuig die Heilige Gees ons. Ons glo — ons gee ons gewonne aan die getuienis van die Bybel. God, is die ware God, die ewige Skepper van hemel en aarde. Hy het tot ons gekom in Jesus Christus en Hy maak woning in ons deur die Heilige Gees. Die Gees getuig met ons gees dat ons kinders van God is, omdat Hy, onse Vader ons in sy Woord toespreek (Rom. 8:16).

**VRAE**

1. Hoe openbaar God Hom die duidelikste?
2. Wat is die algemene openbaring?
3. Waarom is dit wat mense gepraat en geskryf het die Woord van God?
4. Wat sê Jesus van Ou- en Nuwe Testament?
5. Wat sê Paulus en Petrus van die hele Skrif?
6. Waarin lê ons enigste anker?
7. Wie kom tot ons deur die Skrif?
8. Wat waarborg die gesag van die Bybel?

# Hoofstuk 7

## *ARTIKEL 6 - Die Bybel alleen*

"ONS maak onderskeid tussen hierdie heilige boeke en die apokriewe, naamlik die derde en vierde boek van Esra, die boek van Tobias, Judit, die boek van die Wysheid, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die gebed van die drie manne in die vuur, die geskiedenis van Susanna, van die beeld Bel en van die Draak, die gebed van Manasse en die twee boeke van die Makkabeërs. Hierdie boeke kan die kerk wel lees en ook daaraan onderrig ontleen vir sover hulle ooreenkom met die kanonieke boeke; maar hulle besit geensins die krag en gesag dat deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens bevestig kan word nie. Dit is daarom onmoontlik dat hulle in staat sou wees om die gesag van die ander heilige boeke te verminder"

### *'n Stukkie geskiedenis?*

'n Interessante stukkie geskiedenis, sou u sê. Ons ken tog nie meer die sg. "apokriewe" boeke nie. Waarom sal ons ons dan daaroor moeg maak?

### *Roomse Kerk handhaaf nog steeds apokriewe boeke*

Ons moet net onthou dat die Rooms-Katolieke Kerk vandag nog die "apokriewe" boeke beskou as 'n deel van die Bybel. Dit is daarom nodig dat ons darem die stukkie geskiedenis nie ongemerk laat verbygaan nie. Ons het Roomse bure en vriende en hulle bou hulle "geloof' nie alleen op die "oorlewering van die Kerk" nie, maar ook op bepaalde boeke waarvan die waaragtigheid bevraagteken word.

### *Waar kom die sogenaamde "apokriewe" boeke vandaan?*

In die tyd toe die Here Jesus op aarde was, het daar 'n Griekse vertaling van die Ou Testament bestaan, wat die Septuaginta genoem word. By die Griekse vertaling was bepaalde "aanvullinge" wat nie in die oorspronklike Hebreeuse Bybel gevind is nie. Hierdie "aanvullinge" is die apokriewe boeke waarna ons belydenis verwys.

### *Hieronimus en Athanasius teen apokriewe*

Die ou christelike kerk het die Septuaginta gebruik met hierdie aanvullinge. Die kerkvader Hieronimus het die Bybel in Latyn vertaal. Hy is oorlede in die jaar 420. Hy het hom daarteen verset om die boeke, wat nie in die Hebreeuse Bybel voorkom nie, op te neem in sy vertaling. Hy het egter soveel teëstand ondervind dat hy dit ook maar vertaal het. Daar is wel andere wat ook nie die apokriewe boeke beskou het as gelykstaande aan die kanonieke boeke nie. Ons dink bv. aan Athanasius wat in die jaar 373 oorlede is.

### *Protestante kies Hebreeuse Kanon*

Die Roomse kerk volg vandag nog die Septuagint-Bybel. (Die amptelike Bybel van Rome is die sogenaamde Vulgata of Latynse vertaling van die Bybel, wat oorspronklik deur Hieronimus vertaal is). Die kerke van die Hervorming het egter teen die apokriewe boeke gekies en handhaaf, wat die Ou Testament betref, die Hebreeuse kanon.

### *Dordtse Sinode en Statevertaling*

Vanselfsprekend was dit nie maklik *om* die boeke geheel weg te laat uit die "Bybel" nie. Selfs op die Dordtse Sinode (1618-19) kon nog nie besluit word om dit weg te laat uit die sg. "Statevertaling" van die Bybel in Nederlands nie. Die sinode verlê egter die aksent. Guido de Brès het nog bedoel dat die betrokke boeke in die eredienste gelees kon word, terwyl Dordt bepaal het dat gelowiges dit nog tuis kon lees, maar nie in die eredienste nie.

***Leersaam maar nie gesag van die Bybel***

Dit mag interessant en selfs leersaam wees, maar het nie dieselfde gesag as die Bybel nie. Die kerke van die Reformasie sou nooit enige argument uit die apokriewe boeke handhaaf wat in stryd is met uitsprake van die Bybel nie.

In die ou christelike kerk het selfs "Nuwe Testamentiese apokriewe" bestaan. Daar is egter reeds lankal opgehou om dit as "Bybelboeke" te beskou.

***Vasstelling van die Kanon***

Reeds voordat die Here Jesus op aarde was, was die Hebreeuse "Kanon" voltooi. Dit is ook algemeen as die Woord van God erken, soos ons reeds uit die Nuwe Testament aangetoon het. Gaandeweg het ook die geskrifte van die Nuwe Testament in die ou christelike kerk die erkenning as gesagvolle Woord van God ontvang. Die Sinodes van Laodicea 360, Hippo Regius 393 en Karthago 397 het uiteindelik volgens sinodebesluit verklaar watter boeke kanoniek" is. "Hierdie besluite van die kerk was geen eiemagtige of outoritêre handeling nie, maar alleen die vaslegging van die reg wat, t.o.v. hierdie boeke, reeds lankal in die gemeente bestaan het. Die kanon is nie gevorm deur 'n besluit van 'n sinode nie". (Prof H. Bavinck: Dogmatiek 1: bl. 370).

Ons kan daarom met groot dankbaarheid getuig dat God ook in die vorming van die kanon, sy besondere sorg bestee het, sodat ons sy Woord besit, wat deur die eeue heen vir ons bewaar en oorgelewer is.

## *ARTIKEL 7 - Die Bybel is genoeg*

"Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word. Want aangesien die wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin geheel-en-al uitvoerig beskrywe is, is dit aan geen mens, al was dit ook die apostels, geoorloof om anders te leer nie as wat ons alreeds geleer word deur die heilige Skrifte; *ja al was dit ook 'n engel uit die hemel,* soos die apostel Paulus sê. Want omdat dit verbode is om iets by die Woord van God by te *voeg of daarvan weg te laat,* is daardeur duidelik genoeg dat die leer daarvan geheel volmaak en in alle opsigte volkome is. En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die Goddelike Skrifte gelykgestel word nie, of ook die gewoonte met die waarheid van God nie — want die waarheid is bo alles — of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone, of die Kerkvergaderinge, verordeninge of besluite nie; want *alle mense is uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self.* Daarom verwerp ons van ganser harte alles wat met hierdie onfeilbare reël nie ooreenkom nie, soos die apostels ons geleer het as hulle sê: *Stel die geeste op die proef of hulle uit God is.* En ook: *As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie".*

**Die Bybel is genoeg**

***Die letter maak dood, maar die gees lewend***

Wanneer Paulus sê: "die letter maak dood, maar die gees maak lewend" (2 Kor. 3:6), vertolk sommige geesdrywers dit so asof 'n mens deur die Gees los van die "letter" van die Bybel moet lewe. Om konsekwent te wees, moet hulle dan ook hierdie uitspraak van Paulus verwerp, want dit is ook met "letters" in die Bybel geskrywe. Dit gaan duidelik by Paulus daarom dat 'n mens nie na die letter van die Wet kan lewe en jou saligheid daardeur kan verdien nie. Jy is alleen lewend wanneer die Heilige Gees jou lewend gemaak het. Maar dan verwerp jy nie die Woord as "letters wat doodmaak" nie —jy lewe daarvolgens omdat dit die "woorde van die ewige lewe" is (Joh. 6:68). "Want die Woord van God is lewend en kragtig . . ." (Hebr. 4:12).

***"Inwendige lig"***

In die tyd van Guido de Brès was daar veral twee groepe wat die Bybel nie as volkome genoegsaam beskou het nie. Ja, daar was toe reeds "geesdrywers" soos die sg. "Doperse" — ons sou hulle moontlik "Wederdopers" genoem het. Vir hulle "lei" die Gees 'n mens deur regstreekse openbaring buite die Skrif om, deur die "inwendige lig" in hul gemoed. Die soort ekstatiese geesdrywers is in ons tyd ook bekend, soos bv. sommige "Pinkstergroepe", die eertydse Oxfordgroep en die sogenaamde Morele Herbewapening.

***"Tradisie"***

Maar hierdie belydenis van die genoegsaamheid van die heilige Skrif is veral gemik teen die dwalinge van die Roomse kerk. Hier begewe De Brès hom inderdaad op lewensgevaarlike terrein. Hy is hier besig om *die gesag* van die pous en die *oorlewering* of *tradisie* by Rome te weerlê. In die oog van die Roomse kerk pleeg hy hier niks minder as 'n doodsonde nie. Geen wonder dat hy in 1567 veroordeel is om "opgehang en gewurg" te word nie.

***Tradisie geen kenbron naas die Bybel***

Die oorlewering van voorgeslagte is soms van groot waarde. Veral die arbeid van voorgeslagte aan die Bybel en die verklaring daarvan is vir ons van groot betekenis. Dit kan egter nooit vir ons "normatief' wees nie. Dit is nie vir ons die grondslag van ons geloof naas of buite die Skrif nie. By Rome is dit egter 'n "kenbron" naas die Bybel en later is dit selfs bokant die Heilige Skrif verhef. Volgens Rome openbaar die Here hom dus ook in die Roomse tradisie, net soos in die Bybel.

***Leergesag van die Pous***

Hierdie oorwaardering van die oorlewering lei by Rome tot 'n verdere dwaling. Die kerk ontvang 'n onfeilbare *leergesag,* wat gelykstaan aan die uitsprake van die Bybel. Hierdie leergesag setel in die *Pous.* Wanneer hy in sy amp as "plaasvervanger van Christus op aarde" 'n verklaring doen, dan is dit net so goed asof God self spreek. Hy spreek dan sg. "Ex cathedra Petri" — uit die stoel van Petrus. Hy is volgens hulle oorlewering die opvolger van Petrus, wat die eerste biskop van Rome was. Dit is 'n oorlewering wat ook maar baie twyfelagtig is en eintlik op geen ware geskiedkundige gronde rus nie.

***Woord van God enigste bron van gesag***

Nee, sê Guido de Brès, die kerk is alleen aan die Bybel gebonde. Die Bybel is voldoende. Die kerk en elke mens — selfs die Pous van Rome — moet buig voor die Woord van God as enigste reël van leer en lewe. Jy mag alleen die Bybelse waarhede verkondig en jou lewe moet beantwoord aan die norme wat die Skrif stel. Dit is die moeite werd om vir só 'n belydenis te sterwe.

***"Maria opgevaar"***

Nog in 1950 het die Pous as "gesagvolle" leerstuk afgekondig dat Maria, die moeder van Jesus, na die hemel opgevaar het. Hierdie kennis, sê die Pous, is ontvang langs die weg van die "goddelike oorlewering" — derhalwe kom die "leerstuk" nie uit die Bybel nie. Daarna het Rome weer, na die verloop van byna 100 jaar, Sinode gehou. Dit is die sg. "Vatikaanse Konsilie (II). By die konsilie verklaar Rome nou dat die oorlewering die Skrif nie "voltooi" nie, maar "outentiek vertolk of verklaar". Dit moet wonderlik wees om 'n *onfeilbare* verklaring van die Bybel te besit! En nog wonderliker dat die verklaring die Bybel aanvul en heel dikwels weerspreek!

Nee wat, Guido de Brès sou selfs vandag nog maar moes getuig vir die Bybel teen Rome en . . . met sy lewe boet, indien Rome daartoe die mag sou besit.

**"Sola Scriptura"**

***"Die heilige Skrif alleen!" Niks meer en niks minder nie.***

"Stel die geeste op die proef of hulle uit God is (1 Joh. 4:1). En hoe anders kan ons dit uitmaak as om die "geeste" te toets aan die Woord van God? Valse profete en valse christusse sal selfs wonders en tekens in die Naam van Christus doen, maar moet hulle nie glo nie (Matt. 24:24). Nee, stel hulle op die proef: toets hulle woorde en werke aan die enigste ware norm wat ons besit nl. die Bybel.

***Sy weë van menslike willekeur***

Luther, Calvyn, John Knox, Guido de Brès en soveel ander Hervormers was bereid om te sterwe vir die beginsel: "Sola Scriptura" — "die Skrif alleen". Hulle het geweet dat dit gaan om die eer van God in die eerste plek. Wanneer 'n mens jou op die tradisie beroep, aanvaar jy iets of iemand buite die Here God, as die bron van jou heil. Wie naas die heilige Skrif nog 'n ander kenbron van die waarheid aanvaar, kom op die syweë van menslike willekeur — van menslike wysheid en leuen — te lande.

***Die Bybel plus . . .***

Dit het vanselfsprekend nie opgehou by die Roomse en Doperse nie. Behalwe die "tradisie" en "inwendige lig" is daar nog baie ander dinge naas of bokant die Bybel gestel. Later is dit: Skrif plus rede; Skrif plus ervaring; Skrif plus natuur — in ons tyd Skrif plus natuurwetenskap of evolusionisme. By die "Christian Science" is die Skrif plus die boek: "Die sleutel tot die Skrifte"; by die Mormone: Skrif plus die boek van Mormon. Ons glo met die hart en bely met die mond dat die heilige Skrif volkome en genoegsaam is. Ons het niks meer nodig om tot eer van God te lewe en die weg van verlossing te ken nie. Hier mag ons geen menslike opinie daarop nahou, wat van die openbaring van God in die Bybel verskil nie.

***Mag nie byvoeg of wegneem***

Dit is nie eng en onverdraagsaam nie. Dit is barmhartig. Dit gaan om die ewige saligheid van die mense. Buig ons nie voor die Bybel nie, dan word ons deur dieselfde Bybel verpletter. Daarin word beide God sê genade en sy toorn aan ons blootgelê — ook sy toorn oor hulle wat torring aan sy heilige Woord. "As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge 'waarvan in hierdie boek geskrywe is" (Openb. 22:18, 19).

***Christus sentraal in Bybel***

Maar gee die Bybel dan antwoord op alle vrae? Nee, gewis nie. Ons leer nie uit die Bybel hoe ons 'n ambag moet beoefen, of ons wetenskaplik moet besig hou of een of ander kunswerk moet voortbring nie. *Dit gaan in die Bybel om die gesprek van God met ons oor ons saligheid.* Daarvoor is die Bybel aan ons gegee.

Die Skrif loop nie vooruit op die natuurlike ontwikkeling van die menslike geslag of die ontsluiting van die natuur nie. Dit korrigeer nie 'n verkeerde voorstelling van die samestelling van die heelal nie. "Die Skrif belig mens en wêreld, geskiedenis en toekoms, kerk en volk, staat en maatskappy, wetenskap en kuns vanuit één punt: die koms, die dood, die opstanding, die wederkoms van Christus" (prof. H.N. Ridderbos).

***Bybel as Godsopenbaring ter sake***

Ons mag nie antwoorde in die Bybel soek op vrae waarom dit in die Bybel nie gaan nie. Dink

maar aan die "onvolledige" geskiedenis van die mensdom en van Israel, indien jy die Bybel as "geskiedenisboek" sou wou aanwend. God het in die .„geskiedenis" net gebruik gemaak van gebeure en mense wat daartoe sou dien om sy gesprek met ons oor ons saligheid te kan voortsit. Daarom swyg Hy oor belangrike gebeure en mense, terwyl "nietige" voorvalle en "onbelangrike" mense besondere aandag ontvang. Hy doen dit só omdat Hy langs die weg Homself en sy heil aan ons wil openbaar. Dinge wat in die verband van belang is, word verhaal.

## *ARTIKEL 2 - 7 Wat het ons aan die Bybel?*

Ons glo dat die Bybel die Woord van God is. Dit beteken:

**a.** ***Dit besit Goddelike gesag.***

Daaroor het ons gehandel in Art. 3 en 5.

**b.** ***Die Woord van God is duidelik.***

Ons begryp nie alles in die Bybel nie. Dit is nie omdat God onduidelik gespreek het nie, maar omdat ons verstand verduister is deur die sonde. Daarby *wil* ons dikwels nie verstaan nie — opdat ons ons nie hoef te bekeer nie. Die son skyn helder en tog kan 'n blinde mens dit nie sien nie. Ons oog moet reg wees om te kan sien. Die lig in die Bybel sien ons alleen waarlik met die geloofsoog.

**c.** ***Die Bybel is noodsaaklik***

Ons het in art. 2 gesien dat God ook spreek in die boek van die natuur. Dit is egter nie genoeg nie. Sonder die "besondere Openbaring", die Bybel, kan ons selfs in die natuur nie die taal van God verstaan nie. Hoewel die "algemene openbaring" in die natuur genoegsaam is om die ongelowiges alle verontskuldiging te ontneem (Rom. 1:18 en volgende verse), sou ons die weg van verlossing sonder die Bybel nie geken het nie.

**d.** ***Die Bybel is genoegsaam***

Om God en die weg van saligheid te ken, hoef aan die Bybel niks toegevoeg te word nie. Dit leer ons uit Art. 7.

Op grond van hierdie vier eienskappe kan ons die Bybel as die "swaard van die Gees" (Ef. 6:17) met vrymoedigheid opneem en die wêreld intrek. Ook die mens van ons tyd het niks meer nodig nie.

"Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf en vermaan in alle lankmoedigheid en lering" (2 Tim. 4:1, 2).

**ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK Die woord: "Skrif en "Skrifte"**

a. Grieks: **"Grarama"** in die Nuwe Testament vertaal met ,.wet" of ..wette" van Moses (Rom. 2:27, 29: 7:6; 2 Kor. 3:6) en soms bloot as 'n dokument in die sin van bewys of getuienis (Luk. 16:6: Hand. 28:21). Slegs een keer as ..heilige Skrifte" (2 Tim. 3:15).

b. **"Graphè"**— in Grieks 'n **"geskrif,** word in die Nuwe Testament ongeveer 50 keer gebruik waar dit in tegniese sin die Ou Testament bedoel. "Daar is geskrywe" kom ongeveer 60 keer in die Nuwe Testament voor, waar aangehaal word uit die Ou Testament. Selfs in gewone Griekse geskrifte beteken die uitdrukkings "gesagvolle" of "wetlike" verwysings of kennisgewings. Dit hou gewis die gedagte in dat die Ou Testament gesagvol is (Matt. 4:4, 7, 10).

**Die woord "Openbaring"**

In Engels "Revelation" afgelei van Latyn: "revelu". In Hebreeus: "gala" en Grieks "apokalypto". Al die woorde druk dieselfde gedagte uit: iets wat verborge was, word ontsluier om dit te kan sien en te weet wat dit is. I.v.m. die Bybel beteken dit: God die Skepper. maak Homself doelbewus aan die mense bekend om sy krag en heerlikheid. sy wese en aard. sy wil en weë en planne — in een woord. Homself — bloot te lê.

Dit is opmerklik dat God sê openbaring altyd 'n eis tot gehoorsaamheid inhou. H\' gee nie bloot inligting nie. maar openbaar om tot geloof in Homself te bring. Sv woord keer nie leeg terug nie, maar doen wat Hom behaag Jes. 55). Bring dit jou nie tot geloof nie, dan maak dit jou verantwoordelikheid groter en jou oordeel swaarder.

**Openbaring het twee swaartepunte:**

**a. God vertel die mense van Homself,** sy dade, sy wil en wat Hy van hulle verwag. Hy neem bv. vir Noag, Abraham en Moses in sy vertroue en vertel hulle wat Hy wil doen (Gen. 6: 13 — 21; 12: 1 v.; 15:13 — 21; Ex. 3: 7 — 22). Hy openbaar aan Israel die wette en beloftes van die verbond (Ex. 20 - 23 ens.); Lev., Deut. ens. Hy maak sy bedoeling bekend aan die profete (Amos 3:7). Christus vertel sy dissipels: "Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy (die Heilige Gees) dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig" (Joh. 16:15). (Opmerklik: Christus maak die Vader bekend en die Heilige Gees maak Christus bekend —Joh. 16:12 vv.: Matt. 11:25-27). Daarom praat ons van "geopenbaarde waarheid" wanneer ons verwys na die Bybel (Ef. 1:9; 3:3-11; 2 Thess. 2:11-13; 2 Tim. 2:18).

b. Aan die ander kant **konfronteer God die mens met Homself wanneer** Hy sy Woord tot hom bring. Die Bybel beskou "openbaring" nie alleen as die blote bekendmaking van wat verborge is nie, **maar as God sê persoonlike koms na die mens, met sy genade en oordeel** (Gen. 35:7; Ex. 6:3; Num. 12:6-8; Gal. 1:15vv.) Dit leer ons bv. uit die sg. "theophanië" in die Ou Testament (d.i. verskyninge van God: Ex. 3:2 v.; 19:11-20; Eseg. 1 ens.). God is nie alleen die Skrywer of Sender van sy gesante nie — Hy is self die Boodskapper — met sy boodskap, staan Hyself voor die mens. Wanneer 'n mens die Woord van God hoor — soms skynbaar toevallig — dan is dit nooit maar 'n blote woord nie; Hy staan voor God self.

**Die "besondere Openbaring" is noodsaaklik**

Die Bybel handhaaf deurgaans dat God Homself eers moet "openbaar" voordat die mens Hom kan ken. **God is immers transendent — verborge vir die sintuie** (Joh. 1:18; 1 Tim. 6:16; Ex. 33:20). **Jy** kan Hom nie self ontdek nie (Job. 11:7: 23:3-9).

Hierby kom **nog dat die mens sondig** is en daarom in sy verstand duister is (2 Kor. 4:4; 1 Kor. 2:14). Sy eie ingebeelde wysheid weerstaan die wysheid van God (Rom. 1:21 v.; 1 Kor. 1:21). Sy sonde bring hom selfs daartoe om die dinge waarin God sê ewige krag en goddelikheid in die natuur openbaar word, te verduister en daardeur in afgodery te verval (Rom. 1:21 v.). Sy goedheid en die openbaring van sy krag in die skepping lei net daartoe om die mens sonder verskoning te laat (Ps. 19:1; Hand. 15:17; Rom. 2:12 v.; Rom. 1:18-20).

Die Openbaring in die Skrif is noodsaaklik **omdat die mens 'n Verlosser en Redder nodig het.** Dit weet ons nie sonder die Bybel nie.

Selfs al het ons die Bybel as Woord van God. moet God self nog ons innerlike verlig deur ons die geloof in sy Woord te gee. Die Jode het bv. die Ou Testament as Openbaring ontvang, maar het dit nie begryp nie (2 Kor. 3:14 v.: Rom. 9:31 - 10:4).

**VRAE**

1. Wat is apokriewe boeke?
2. Vind daar nog buite die Bybel Godsopenbaring plaas?
3. Mag die Kerk die Skrif verander?
4. Waarom begryp ons nie alies in die Bybel nie?
5. Wat beteken "Sola Scriptura"?
6. Waarom is die Openbaring noodsaaklik?

# Hoofstuk 8

## *ARTIKEL 8 - God Drie-Enig*

ONS glo dat God enig is in wese en tog onderskeie is in drie persone . . . Dit bely ons in artikel 8. Dit is goed om weer — veral nou — daaraan te dink dat ons ons geloof bely. Ons glo . . .

### *Menslike verstand kan dit nie omvat nie*

Dit is ook goed om te besin dat ons glo in die Woord van God. Ons glo nie in 'n God wat ons self uitgedink het nie. Hy is geen God wat ons met ons menslike verstand, wat boonop deur die sonde verduister is, kan omvat nie. Sy gedagtes is hoër as ons gedagtes en sy weë as ons weë. Ja, soos die hemel hoër is as die aarde, so is sy gedagtes hoër as ons gedagtes (Jes. 55). Hoe sou ons dan sy wese kan verstaan, indien ons nie eens sy weë met 'n sondaarmens begryp nie?

### *"Symbolum satanasium"*

Guido de Brès, die opsteller van die belydenis, en sy geesgenote was gewikkel in 'n dodelike stryd. Aan die een kant is hulle self uitgekryt as "ketters" wat die Drie-eenheid van God verwerp. Aan die ander kant het hulle ook te doene gehad met allerlei dwalinge en dwaalleraars wat die Drie-eenheid inderdaad verwerp het. So het Servet bv. verklaar dat die belydenis van Athanasius, waarin die Drie-eenheid bely word, nie die "symbolum athanasium" nie, maar die "symbolum satanasium" ('n Sataniese belydenis) is.

### *Getuies van Jehowa*

Ook vir ons is die belydenis van aktuele belang, want veral die sg. "Getuies van Jehowa" is besig met 'n verderflike leer juis oor hierdie belydenis. van God Drie-enig. Dit is daarom baie nodig dat ons ons daaroor besin. Teenoor hulle en alle dwaalleraars, kan ons verklaar: Ons is maar besig om te stamel oor dinge wat ons verstand vér te bowe gaan. Ons kan egter nie anders as om dit te bely nie, omdat God Homself só in sy Woord geopenbaar het.

### *God een wese, drie persone*

Lees ons artikel 8 dan is één ding duidelik: Die belydenis werk met begrippe en onderskeidinge, wat wel uitgespreek moet word, maar wat sy en ons almal sê begrip te bowe gaan. God is 'n enige God, 'n enige wese en tog onderskeie in drie persone. Die drie persone is inderdaad en werklik en van ewigheid af onderskeie volgens hulle onmededeelbare eienskappe naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle dinge.

Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.

Die Heilige Gees, die ewige Krag en Moondheid, wat uitgaan van die Vader en die Seun.

### *Luister alleen na die Bybel*

Só nogtans dat hierdie onderskeiding nie teweegbring* dat God in drie gedeel is nie. So spot die "Getuies van Jehowa" dat ons glo in "drie gode" of 'n "driekoppige monster". Ons luister egter nie na die "Getuies van Jehowa" of watter ander getuies ook al nie. Ons luister na wat God van Homself verklaar. Luister, Guido de Brès gaan voort: *"aangesien die heilige Skrif ons leer* dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy selfstandigheid het wat onderskeie is deur sy eienskappe; maar dan só dat hierdie drie persone maar een enige God is . . ."

### *Drie-eenheid 'n geheimenis*

Hierdie belydenis is nie *teen* die verstand nie, maar gaan *alle verstand te bowe.* Dit is die

belydenis van die geheimenis of misterie van die wese van God. En nou moet ons dit goed onthou dat alles wat die Bybel aan ons "openbaar" oor God en sy werke, 'n openbaring van geheimenisse of verborgenhede is. Ons ken dit deur "openbaring" maar dan nog behou dit onpeilbare dieptes, selfs vir die verligte wedergebore mens. Dit is nie makliker om oor die skepping, sondeval, verlossing, voorsienigheid ens. te praat, as oor God Drie-enig nie.

***Ons daarby betrokke***

Ook hier bely ons geen dorre stuk teorie of dogma nie. Ons *glo immers* in

God die Vader en *ons skepping;*

God die Seun en *ons verlossing;*

God die Heilige Gees en *ons heiligmaking.*

(Heidelbergse Kategismus, Sondag 8)

Ons is by hierdie belydenis betrokke. God die Vader het my geskape. God die Seun het vir My gely en gesterwe en vir my sondes betaal. God die Heilige Gees woon en werk in my om my te heilig sodat ek meer en meer gelykvormig word aan die beeld van my Heiland en Verlosser. Daarom sê ons van harte ná wat Athanasius bely: "Elkeen wat wil salig word, vir hom is voor alle dinge nodig dat hy die algemene geloof moet hou; en die een wat dit nie geheel-en-al en ongeskonde bewaar nie, hy sal ongetwyfeld ewiglik verlore gaan".

En die algemene geloof, waarna Athanasius verwys, is die geloof in God Drie-enig.

## *ARTIKEL 9 - Die Bybel leer ons dit*

Ons glo in 'n *enige God:* die Vader, die Seun en die Heilige Gees. *Die enige God is een wese in drie persone.* Ons glo dit, waarom? *Omdat Hy dit aan ons in sy Woord sê.* Dit is die eenvoudige kinderlike antwoord van ons belydenis.

***Bewyse uit Ou Testament***

Daarvan gee ons rekenskap in Artikel 9. "Die getuienisse van die heilige Skrifte wat ons leer om aan hierdie Heilige Drie-vuldigheid te glo, is in baie plekke van die Ou Testament beskrywe ..." Dan verwys Guido de Brès na Gen. 1:26, 27 waar God sê: *"Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis",* ens. *"En God het die mense na sy beeldgeskape; man en vrou het hy hulle geskape".* Ook in Gen. 3:22: *"Nou het die mens geword soos een van Ons".* Daar is meer as een persoon in die Godheid. Hy sê immers: *"Laat Ons mense maak na ons beeld en ons gelykenis".* Daarna wys Hy weer na die eenheid: *"God het geskape"* dus *een* wese.

***Die Engel van die HERE***

Ons kan selfs meer bewyse uit die Ou Testament aanvoer as Guido de Brès. Ons dink aan die verskyninge van die sg. "Engel van die verbond" of die "Engel van die HERE" in die Ou Testament. So verwys Stefanus na Hom in Hand. 7:30-32: "En toe veertig jaar verby was, het *'n Engel van die Here* aan hom (Moses) verskyn in die woestyn van die berg Sinaï, in die vuurvlam van 'n doringbos . . ." Toe kom die stem van die Here tot hom: *"Ek is die God van jou vaders ..." Die "Engel" en "God" is dieselfde wese.* Lees nou hierby Ex. 3:1-6 dan blyk dit duidelik dat Stefanus reg is. Hy, die ongeskape Engel, word met God vereenselwig.

In die verskyning van die "Engel" in die Ou Testament het ons te doene met die tweede Persoon in die Drie-eenheid — *God die Seun.* U kan verder van Hom lees as *"My Engel"* (Ex. 32:34); *"Die Engel van God"* (Ex. 14:19; Rigt. 13:6; 2 Sam. 14:17, 20; *"Engel van die HERE"* (Ex. 3:2; Rigt. 2:1); *"Die Engel van sy aangesig"* (Jes. 63:9).

***Die Heilige Gees***

Ook van die *Heilige Gees* lees ons meermale in die Ou Testament. Ons let op enkele uitsprake waar duidelik verwys word na die Heilige Gees, soos Hy in die Nuwe Testament geopenbaar is. So kyk Jesaja die toekoms in: *"totdat oor ons uitgegiet word, die Gees uit die hoogte* ..." (Jes. 32:15). Treffend word in Jes. 63 *"engel van sy aangesig"* en die *"Heilige Gees"* as persoon bymekaar vermeld: "In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die *Engel van sy aangesig* (die Seun) het hulle verlos . . . Maar hulle was wederstrewig en het sy *Heilige Gees bedroef*'. (Jes. 63:9, 10 — lees ook 11). Hierna verwys Paulus ook: "En *bedroef nie die Heilige Gees* van God nie" (Ef. 4:30). Nog 'n ander treffende verbinding tussen die Ou- en Nuwe Testament vind ons in Jes. 61:1 en Luk. 4:18. Luister: "Die *Gees van die Here HERE is op My,* omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges" (Jes. 61:1). In Luk. 4:18 pas die Here Jesus hierdie profesie op Homself toe

***By die Doop van Jesus***

En dan is ons klaar in die Nuwe Testament. De Brès verwys na die geleentheid toe Jesus deur Johannes die Doper gedoop is. Die *Seun* staan daar in die water; die *Heilige Gees* daal op Hom neer in die gedaante van 'n duif en *die stem van die Vader* kom uit die hemel: *"Dit is my geliefde Seun"* (Matt. 3:13-17; Luk. 3:21, 22). En by die aankondiging van die geboorte van die Here Jesus aan Maria: *"Die Heilige Gees* sal oor jou kom. Daarom ook sal die *Heilige* wat gebore word, *Seun van God genoem word".*

***Doopbevel en Seënbede***

Ons het nog die bekende uitsprake soos die doopbevel: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die *Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees".* (Matt. 28:19). Ons dink aan die seënbede van Paulus: "Die genade van die *Here Jesus Christus* en die liefde van *God* en die gemeenskap van die *Heilige Gees* sy met julle almal!" (2 Kor. 13:13).

***Een Wese en drie Persone***

Samevattend leer die Bybel: *"Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE"* (Deut. 6:4).

Jesus Christus, *die Seun van God,* is God uit God, Lig uit Lig, eenswesens met die Vader: *"Hy wat My gesien het, het die Vader gesien* . . . Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? *Glo dat Ek in die Vader is en die Vader in My"* (Joh. 14:9, 10, 11). "En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het. sodat hulle een kan wees, *net soos Ons een is"* (Joh. 17:22).

En die *Heilige Gees is 'n persoon,* net soos die Vader en die Seun waaragtig en ewig God . . . "maar die *Trooster,* die *Heilige Gees,* wat die Vader in my Naam sal stuur, *Hy* sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het'"(Joh. 14:26). Hy kan *"bedroef*' word (Ef. 4:30); Hy kan vir ons intree met *"onuitspreeklike sugtinge"* (Rom. 8:26).

So leer die Bybel ons om te dink oor God — God Drie-enig — God die Vader — God die Seun en — God die Heilige Gees. Hierdie Drie is die enige, waaragtige en ewige God.

## *ARTIKEL 10- Jesus Christus is God*

### Jesus Christus is waaragtige en ewige God

***Hoë dunk as "mens" nie genoeg***

Ons glo met die hart en bely met die mond dat Jesus Christus waaragtige en ewige God is. Dit bely ons teenoor mense wat 'n "hoë dunk" van Hom as "mens" het, soos bv. die mense van sy tyd: Sommige het gesê Hy is Johannes die Doper, en sommige Elia, en ander Jeremia of een

van die profete (Matt. 16:14). Ook selfs teenoor hulle wat Hom 'n "Godslasteraar" genoem het en daarom tot die kruisdood veroordeel het (Matt. 26:65).

Ja, ook teenoor die mens wat vir elke tyd sy ‚Jesusbeeld" skep. Elke geslag skep sy eie Jesus-beeld. In die vorige eeu was dit die "liberale" Jesus-beeld. Aan die begin van die 20ste eeu was die "sosiale" Jesus-beeld weer in die mode en in ons tyd gaan dit weer om die "rewolusionêre" Jesus-beeld.

***Glo dit omdat die Woord Hom so verkondig***

Waarom glo ons dat Hy God uit God en Lig uit Lig is? Ons glo dit omdat die Bybel, die Woord van God, Hom só aan ons openbaar. Dan vervaag alle menslik ingebeelde "beelde" van Jesus soos die mis voor die son. Glo ons in die Bybel, dan kan ons nie anders nie. Wanneer ek Jesus aanbid as "My Here en my God!" soos Thomas dit doen in Joh. 20; 28, dan verdwyn ook allerlei ander geloofsprobleme. Dan sien ons God in Christus en ons bestaan in die wêreld en voor God, kry sin en betekenis. Ons het koers in die krisis en uitsig in die donker.

***Jesus se self-gekonsentreerde prediking***

En kyk ons na die Bybel, dan is een ding wel duidelik: Jesus sê self vir ons Wie Hy is. Hy is self die middelpunt van sy prediking. Daarom is ons godsdiens die "christelike" godsdiens. Ons dien Jesus Christus as God en "Saligmaker, omdat Hy homself so aan ons openbaar. Wie nie vir Hom is nie, is teen Hom. Geen middeweg is moontlik nie. Sy prediking is "selfgesentreerd". Dink maar hoe praat Hy van Homself: "Ek is die brood van die lewe . . .; Ek is die lig van die wêreld . . .; Ek is. die opstanding en die lewe . . .; Ek is die weg en die waarheid en die lewe . . .; Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee . . . ens." (Joh. 6:35; 8:12; 11:25; 14:6; Matt. 11:28).

***Jesus dra Goddelike Name***

Ons glo in die Godheid van Christus omdat Hy met Goddelike name aangedui word. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, *en die Woord was God"* (Joh. 1:1). "En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid" (Joh. 1:14). Ja, Paulus bevestig dit met 'n "Amen!" Luister: " . . . uit wie die Christus is na die vlees — Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen!" Die "Woord", (in Grieks "Logos"), is die tweede Persoon in die Drie-eenheid. Wanneer ons praat van , Jesus van Nasaret," dan gaan dit om die persoon Jesus, met beide die Goddelike en menslike natuur in Hom verenig.

***Goddelike eienskappe***

Aan Hom word ook goddelike eienskappe toegeskryf: "Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek" (Joh. 8:58). In sy gebed vir sy dissipels: "En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was" (Joh. 17:5). Hy verklaar nadruklik en duidelik: "Ek en die Vader is een" (Joh. 10:30). Só duidelik is hierdie uitspraak dat die Jode klippe optel om Hom te stenig oor sy godslastering, "omdat U wat 'n mens is, Uself God maak" (Joh. 10:33).

***Ontvang Goddelike eer***

Hulle wat in Hom glo, bewys aan Hom goddelike eer. Ons word in sy Naam gedoop, soos Hyself beveel het: " ... en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Matt. 18:19). Dink aan só 'n uitspraak: "Glo in God, glo ook in My (Joh. 14:1). Daarom roep Thomas uit: "My Here en my God!" (Joh. 20:28). " ... sodat in die Naam van Jesus sou

buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is (Filip. 2:10).

***Doen Goddelike werke***

Is dit dan 'n wonder dat die Bybel aan Hom ook goddelike werke toeskryf? "Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie" (Joh. 1:3). Daarom kan Hy van sy skape sê: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Joh. 10:27). En dink aan só 'n uitspraak: "Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem" (Joh. 10:17, 18). Dit kon geen blote mens sê nie.

***Vir ewig behoue of vir ewig verlore***

So kan ons die voorbeelde vermenigvuldig. Maar waarom is dit vir ons dan só belangrik om die Godheid van Christus ten alle koste te handhaaf? Ons antwoord is: "As Jesus nie God is nie, is ons geloof nutteloos. Dan bou ons op 'n leuen of inbeelding. Dan is Jesus 'n bedrieër en ons die "ellendigste van alle mense" (1 Kor. 15).

Om Jesus te ken, beteken vir ons die ewige lewe:

Om Hom te ken, beteken om God te ken (Joh. 8:19); deur Hom te sien, sien jy God (Joh. 14:9); om in Hom te glo, glo jy in God (Joh. 12:44); ontvang jy Hom, dan ontvang jy God (Markus 9:37); haat jy Hom, dan haat jy God (Joh. 15:23); bewys aan Hom eer en jy eer God (Joh. 5:23).

**ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK**

In die "praktyk van die godsaligheid" is die geloof in God Drie-enig van die allergrootste waarde.

"Ek glo in God . . ." Maar God is ewig en hoog — onbereikbaar. Daarby is Hy heilig — soos 'n verterende vuur en ewige gloed. Die wedergebore mens kan van God nie loskom nie. Hy leef egter onder die besef van sy sonde — hy maak sy skuld daagliks meer. God sê toorn beteken vir ons die dood en sy guns vir ons die lewe.

In die "Seun" wat tegelyk ons Middelaar is, reik God na ons. In Hom is ons sonde versoen en ons skuld bedek. Hy is "Immanuel" — God-met-ons. So kan ons die heilige God nader — Hy bly nie die toornige God van verre nie.

Maar hoe kom dit dat soveel mense God in Christus verwerp en hoe kom dit dat juis "ek", wat netso 'n sondaar is as alle ander mense, glo? Hierop is die antwoord: die werking van die Heilige Gees. Hy kom "in ons woning" maak. Hy skep vir ons 'n oor om die roepstem van God te hoor en Hy maak ons gewillig om na Christus te kom. Hy is: God in ons.

M.a.w. "ek het 'n heilige en barmhartige God deur my sonde beledig en bedroef; 'n liefderyke God het my verlos; 'n genadige God woon in my hart en het my één plant met Christus gemaak in die gelykmaking van sy dood en wederopstanding" (Dr. A.G. Honig: Gereformeerde Dogmatiek p. 218).

**God die Vader:** Hy word "Vader" genoem:

a. As Skepper van alle dinge (Ef. 3:14, 15).

b. In teokratiese (Godsregering) sin as Vader van Israel (Jes. 63:16).

c. As Vader van alle gelowiges (Matt. 6:9).

Alleen by Hom is die vaderskap onbeperk — Hy was nie eers ook "seun" soos alle aardse vaders nie. Hy het ook nie, soos die aardse vader, 'n vrou nodig om Vader te kan wees nie. Hy

is louter Vader van nature Vader, van ewigheid tot ewigheid Vader.

**Die hoofsaak is dat Hy van ewigheid af die Vader van die Seun is. Daarom is Hy ook onse Vader ter wille van sy eniggebore Seun.** (Ps. 2:7; Matt. **1**1:27; Joh. 5:26; Joh. 14:9-11).

**God die Seun:** Hy is die tweede Persoon in God Drie-enig. "Seun van God" word ook genoem:

a. Die engele (Job 38: 7);

b. Israel (Hos. 11:1) — hierdie uitspraak word ook op Jesus van toepassing gemaak (Matt. 2:15).

c. Die mens in die algemeen (Luk. 3:38).

d. Die gelowiges (2 Kor. 6:18).

As tweede Persoon in die Drie-eenheid is die Seun egter geen skepsel nie, maar God uit God en Lig uit Lig. Hy is: Die "Logos" — Woord — (Joh. 1:1, 14); die beeld van God (Kol. 1:15; Hebr. 1:3); die Eniggeborene (Joh. 3:16); die Geliefde (Matt. 3:17); God sê eie Seun (Rom. 8: 32).

Net soos die Vader die vernaamste werker is by die skepping, so is die Seun die vernaamste werker van die verlossing.

**God die Heilige Gees:** Hy is die derde Persoon in die Drie-eenheid. Hy heet in die Skrif "pneuma"; Hy word dikwels met asem of wind vergelyk en van Hom word die woorde blaas, uitstort of neerdaal gebesig. Net soos die asem uit ons mond uitgaan so word dit voorgestel dat die Gees uitgaan uit die Vader en die Seun.

Hy word die "Heilige Gees" genoem om Hom daardeur nog duideliker as Persoon te onderskei van die Vader en die Seun, wat ook geestelik bestaan — God is Gees (Joh. 4). Só word Hy ook onderskei van alle geskape geeste. Verder is Hy die oorsprong van alle heilige lewe (Ps. 51:13).

**Griekse voorsetsels gebruik vir die werk van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.**

By die Vader gewoonlik "ek" — "uit"; die Seun "dia" — "deur" en die Heilige Gees "en" — "in". 1 Kor. 8:6 en Ef. 4:6.

**VRAE**

1. As ons sê dat ons glo dat God Drie-enig is, beteken dit dat ons sê dat dit vir ons volkome verstaanbaar is?

2. Wat is die eienskappe van die drie Persone van ons enige God? (HK Sondag 8).

3. Hoekom glo ons in die Drie-enige God terwyl ons dit nie verstaan nie?

4. Noem 'n Ou Testamentiese teks in verband met die Drie-eenheid, ook 'n Nuwe Testamentiese teks.

5. In watter Ou Testamentiese teks word die "Engel van Sy aangesig" en die Heilige Gees saam genoem?

6. Wie/wat is die middelpunt van die prediking van Jesus?

7. Ons bely dat Jesus Christus waaragtige en ewige God is en waaragtige mens. Waar in ons Kategismus bely ons dit?

8. Is dit so belangrik dat ons die Godheid van Christus bly handhaaf?

# Hoofstuk 9

## *ARTIKEL 11 - Die Heilige Gees*

**Ons glo dat die Heilige Gees waaragtige en ewige God is**

"ONS glo en bely dat die Heilige Gees van ewigheid af van die Vader en die Seun uitgaan; dat Hy nie gemaak of geskape of ook gebore is nie, maar alleen van albei uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon is van die Drie-vuldigheid, van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun; ja Hy is waaragtige en ewige God, soos. die Heilige Skrifte ons leer".

***Betreklik min oor die Heilige Gees***

Guido de Brès stel hier alleen duidelik wie die Heilige Gees, volgens die Skrif is. Hy is ewig God. Dit tref telkemale dat ons belydenisskrifte só weinig oor die Heilige Gees te sê het. Daar bestaan ook velerlei dwaling en verwarring oor die Heilige Gees en sy werk. Alreeds in die ou christelike kerk van die eerste eeue is gestuit teen moeilikhede oor hoe om die geloof in die Heilige Gees te formuleer. Dit is omdat die Bybel self betreklik min oor die Heilige Gees sê. Hy het ook nie gekom om van Homself in die eerste plek te praat nie, maar om Christus te verheerlik. In die Bybel gaan die Gees skuil agter Christus. "Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig" (Joh. 14:16).

***Pinkster***

In Hand. 2 lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees. Daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind. Toe is daar tonge gesien soos van vuur op die hoofde van die dissipels. Hulle is almal vervul met die Heilige Gees en begin dan praat in ander tale. En hulle praat oor die groot dade van God. En wat hulle dan in die verskillende tale sou gesê het, word vir ons duidelik, wanneer Petrus opstaan en die menigte toespreek. Hy sluit kortliks aan by wat die profeet Joël gesê het: "In die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees . . ." En in vyf Bybelversies handel hy af met die Heilige Gees en dan. begin hy preek oor Jesus die Nasarener.

***Heilige Gees verkondig Jesus Christus***

Die Heilige Gees gebruik Petrus en die ander apostels — hulle is immers "vervul met die Heilige Gees" en dan sê Hy weinig oor Homself. Dit is asof die Gees Hom haas om Jesus Christus te verkondig. En so is dit deurgaans. Die Bybel is 'n gawe van die Heilige Gees; die geloof kom van die Heilige Gees — beide die Bybel en die geloof bind ons egter aan Jesus Christus. Só werk die Gees. In Christus is God vir ons "Immanuel": "God met ons". In die Heilige Gees woon God in ons — so word ons in Christus ingelyf.

***Vorm van Griekse Woord***

Nog 'n probleem waarmee die kerk te kampe gehad het om sy geloof in God die Heilige Gees te bely, was die oorspronklike Griekse woord "pneuma" wat "Gees" beteken. Dit is in Grieks 'n onsydige woord. Daarmee word nie gespreek van 'n "persoon" of 'n "iemand" nie, maar van 'n "gawe", 'n "ding". En tog praat die Bybel van die Heilige Gees ook as 'n Persoon, as God. Die probleem word opgeklaar wanneer ons in gedagte hou dat ook onse Here Jesus Christus 'n "gawe" genoem word.

***Heilige Gees word God genoem***

Maar kom ons kyk wat sê die Bybel van die Heilige Gees as God. En dan is die allereerste bewys dat Hy God genoem word. In Hand. 5 word die droewige gebeure verhaal van die

oordeel oor Ananias en Saffira. Hulle het 'n stuk grond verkoop en bring nou 'n deel van die geld as 'n gawe vir die kerk. Hulle lieg egter deur te sê dat dit die hele opbrengs van die grond is . . . "Toe sê Petrus: Ananias waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg . . .? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God" (Hand. 5:3, 4). Jes. 6:9; Hand. 28:25, Hebr. 10:15; Rom. 8:9, 10).

***Besit Goddelike deugde***

Ons glo dat die Heilige Gees van ewigheid af waaragtig en ewige God is, omdat die Gees Goddelike deugde besit. Hy is alomteenwoordig. "Waar sou ek heengaan van U Gees . . ." (Ps. 139:7). Verder word die inwoning van die Heilige Gees vereenselwig met die inwoning van God (1 Kor. 3:16 en 1 Kor. 6:19). Hy is ewig (Hebr. 9:14); alwetend (1 Kor. 2:10, 11); almagtig (1 Kor. 12:4-6). Hy is derhalwe eenswesens met die Vader en die Seun, waaragtige God.

***Die Heilige Gees doen werke van God***

Daarby doen die Gees ook die werke van God. "Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër" (Ps. 33:6). Hy skenk aan ons die wedergeboorte (Joh. 3); die geloof is 'n gawe van die Heilige Gees. "Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God" (1 Joh. 4:2). Joh. 33:4; Ps. 104:30, Matt. *0:*20, Joh. 14:16 v.v.

***Die Heilige Gees ontvang Goddelike eer***

Die Heilige Gees ontvang ook goddelike eer. Ons word in sy Naam gedoop: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Matt. 18:19). So seën hy ook saam met die Vader en die Seun: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal" (2 Kor. 13:13). Verder: 1 Kor. 12 4-6: Openb. 1:4, Sag. 12:10.

***Die Heilige Gees is 'n Persoon***

En dat die Heilige Gees 'n Persoon is en nie bloot 'n krag of gawe nie, blyk daaruit dat Hv alle dinge, selfs die dieptes van God deursoek (1 Kor. 2:10) en dat ons Hom kan bedroef (Ef. 4:30).

***Die leer van die Filioque***

Waarom lê ons belydenis só. nadruk daarop dat die Heilige Gees uitgaan van beide die Vader en die Seun? Dit is bekend as die leer van die "filioque" ("filioque" beteken: "en van die Seun"). Hieroor was daar ook in die geskiedenis van die kerk groot stryd. Eers met die Sinode van Toledo in 589 is dit in die belydenis van Nicea gevoeg, en in die jaar 1054 was dit een van die redes waarom die destydse kerk in twee geskeur het. Die gevolg was die ontstaan van die Rooms-Katolieke Kerk in die Weste en die Grieks-Ortodokse Kerk in die Ooste. Die Oosterse kerk glo dat die Heilige Gees alleen van die Vader uitgaan. Die konsekwensies van die leer is dat die werk van die Heilige Gees losgemaak is van Christus en sy Woord en gelei het tot allerlei mistiese geesdrywery. Daarom hou ons vas aan die belydenis van die "filioque" op voetspoor van die Bybel. Omdat dit só belangrik is, is dit goed dat ons maar behoorlik kyk na wat die Bybel hieroor sê.

***Skrifbewyse vir Filioque***

Die Heilige Gees staan tot Christus in dieselfde verhouding as Christus tot die Vader. Soos die Seun niks het en niks doen en niks spreek uit Homself nie, maar alles ontvang van die Vader, (Joh. 5:26; 16:15) so neem die Heilige Gees alles uit Christus (Joh. 16:13, 14): "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en

aan julle verkondig". En soos niemand na die Vader kan kom, behalwe deur die Seun nie, so kan ook niemand bely dat Jesus die Christus is nie, behalwe deur die Heilige Gees (1 Kor. 12:3). Die Heilige Gees skenk aan ons die weldade wat deur Christus verwerf is: die wedergeboorte (Joh. 3:3); die oortuiging van sonde (Joh. 16:8-11); die kindskap van God (Rom. 8:15); die lewensvernuwing (Titus 3:5); die liefde van God (Rom. 5:5); allerlei geestelike vrugte (Gal. 5:22).

***God in ons***

Ja, deur die Heilige Gees het ons met niemand minder as met die Vader en die Seun self regstreekse en onmiddellike gemeenskap nie. Die Heilige Gees is God self in ons. (Joh. 14:23 v.; 1 Kor. 3:16; 6:19; Gal. 2:20; Kol. 3:11; Ef. 3:17; Filip. 1:8, 21). Hy is "die Trooster" wat die Vader in die Naam van die Seun gestuur het (Joh. 14:26); Hy is ook aan my gegee om my te troos en ewig by my te bly.

***Die werk van die Heilige Gees***

Ons glo met die hart en bely met die mond dat die Heilige Gees waaragtige en ewige God is. Dit bely ons in artikel 11 en dit het ons nou uit die Woord van God vasgestel. Dit is egter tog darem goed om 'n bietjie verder te gaan as Guido de Brès en ook iets te sê oor die werk van die Heilige Gees. Dink maar aan die mooi belydenis van ons Kategismus in Sondag 20: Ek glo dat die Heilige Gees "eerstelik, saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God is. Ten tweede *dat Hy ook aan my gegee is* om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly".

***Ek glo omdat die Heilige Gees in my woon***

Die Heilige Gees is ook aan my gegee. Hy het ook na my toe gekom. Hy het van my besit geneem. Hy het in my woning gemaak. En dit beteken vir my geloof, wedergeboorte, 'n nuwe lewe, saligheid. Ja, Hy is die Trooster! (Lees dit in die mooi uitsprake van Jesus in Joh. 14 en 16 oor die Trooster wat sou kom wanneer Hy weggegaan het). Die Griekse woord vir Trooster beteken eintlik pleitbesorger of advokaat. En het ek nie só iemand nodig nie? My eie gewete hou nie op om my aan te klaag nie; die duiwel is nie alleen die groot verleier nie, maar ook die aanklaer wat my by myself en my medemens skuldig verklaar.

***Gered en nie verlore***

Maar, die Heilige Gees, wat in my woon, troos my. Teenoor die aanklagte van my eie gewete, die duiwel en die mense van die wêreld, rig Hy my geloofsoog op die kruis van Jesus Christus, wat vir al my sondes ten volle betaal het. En Hy bly by my — vir ewig. Niks kan my van God sê liefde skei en niemand kan my uit sy hand ruk nie (Joh. 10:28 - 30; Rom. 8:35 -39). Ek is vir ewig behoue, want ek het die Heilige Gees ontvang. Hy tree selfs, wanneer ek nie weet wat om te bid nie, vir my in met onuitspreeklike sugtinge (Rom. 8:26).

***Die sonde van lastering teen die Heilige Gees***

Ons kan die Heilige Gees "bedroef" (Ef. 4:30); 'n mens kan die Gees "uitblus" (1 Thess. 5:19); jy kan Hom "smaad" (Hebr. 10:29). En tog bly vir ons die mees ontsettende uitsprake in die Bybel die oor die "lastering van die Heilige Gees" — 'n sonde wat "onvergeeflik" is.

***Deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels***

Die Here Jesus genees 'n duiwelbesetene wat blind en stom was. Die menigte was verbaas en sê: "Is Hy nie miskien die Seun van Dawid nie?" Daarmee vra hulle of Hy nie die Christus is nie. "Maar toe die Fariseërs dit hoor, sê hulle: Hy dryf die duiwels nie anders uit as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels nie" (Matt. 12:24). In sy weerlegging van die aanklag sê Jesus o.a.: " . . . as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van

God by julle gekom". En dan volg die uitspraak: "Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, *maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie.* En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; *maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie een nie en ook in die toekomende nie"* (Matt. 12:31, 32).

***Christus weer gekruisig***

Oor die "onvergeeflike sonde" word verder ook in die Skrif gehandel. Ons dink aan Hebr. 6:4-6: "Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie Woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het — om die weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak". Na hierdie sonde word ook verwys as die "sonde tot die dood" toe, waarvoor 'n mens selfs nie moet bid nie (1 Joh. 5:16).

Wat wil hierdie paar uitsprake nou aan ons tuisbring? Ek wil dadelik vooraf sê dat ek waarlik nie wil voorgee dat ek dit begryp nie. 'n Paar dinge is egter uit die paar uitsprake duidelik.

***Tipiese kerklike sonde***

Allereers het ons hier te doene met 'n sonde van sg. "kerkmense". Dit gaan om mense wat weet wat hulle doen. Die Fariseërs het geweet dat Jesus die duiwels uitdryf deur die Heilige Gees, maar uit haat teen Hom wil hulle opsetlik die werke van die Heilige Gees toeskryf aan die duiwel. Hulle noem met opset die werk van die Heilige Gees duiwelswerk. Ook in Hebr. 6 gaan dit om mense wat die kerk en die werk van die Heilige Gees ken. Daarom is hierdie uitsprake vir ons 'n baie ernstige waarskuwing: Met die Heilige Gees mag 'n mens nie speel nie.

***Sonde van verharding***

In die tweede plek gaan dit om verharding. Veral in die lig van Hebr. 6 is dit duidelik dat ons te doene het met mense wat "die Seun van God weer kruisig". 'n Mens huiwer om daaraan te dink in 'n tyd van verharding en bespotting van alles wat heilig is, soos ons tyd. Dink maar aan: "Jesus Christ, Superstar". 'n Gelowige skrik vir die openlike godslastering. Dit is egter nodig dat ons dit sê vir die ware gelowiges wat hulle daaroor kwel en soms helse aanvegtinge moet verduur, omdat hulle vrees dat hulle die sonde gedoen het: Moenie dat die duiwel u troos aan u ontneem nie. Hulle wat hierdie sonde pleeg, sal daaroor lag en hul nie bekommer of daaroor treur nie.

***God Drie-enig volkome geopenbaar***

Op die vraag: Waarom is die sonde dan só ernstig? is die antwoord: In die koms van die Heilige Gees het God Drie-enig Hom volkome geopenbaar. Wat ons van God weet is nou volkome aan ons gesê. Geen mens het nou enige verontskuldiging nie. Na Pinkster weet almal helder en duidelik wat God aan ons wil sê. Die Fariseërs in Matt. 12 en Luk. 12 het heelwaarskynlik self nie die sonde gepleeg nie. Hulle word egter daarteen gewaarsku. Hoe maklik kan dit gebeur in die bedeling van die Heilige Gees na Pinkster?

***Besondere gawes van die Gees***

U het ook al gehoor van die sg. "Pinksterkerke" wat die "volle Evangelie" bring — die Evangelie van die Gees. Hulle verwyt die kerk dat hy die gawes van die Gees nie tot sy reg laat kom nie. Daarom is die "ontvangs van die Heilige Gees" gepaardgaande met 'n bepaalde ekstase en "spreke" in tale 'n voorwaarde vir wedergeboorte, geloof en bekering. Hulle heg besondere waarde aan die "besondere leiding" van die Heilige Gees, gesondmaking en openbaringe. Hulle wil die "buitengewone" werke van die Gees hernu. Teenoor die

"verskraalde en verminkte evangelie" van die kerk, wil hulle weer die "volle Evangelie" bring.

***Buitengewone en gewone gawes***

Lees 'n mens die boek Handelinge aandagtig, dan blyk dit alreeds dat die "buitengewone" gawes steeds minder word. Dit is die "besondere" gebeure by die uitstorting van die Heilige Gees en die vestiging van die kerk in die wêreld. Die Skrif laat ons sien dat die Heilige Gees aan die kerk sowel die "buitengewone" as die "gewone" gawes gee. Die besondere gawes was die feestelike tekens waarmee die Gees in die gemeente kom woon het. Die buitengewone gawes tref ons ook telkens by die deurbraak van die evangelie tot die Jode (Hand. 2) en die heidene aan (Hand. 8, 10 ens.) In 1 Kor. 12 handel Paulus oor die verskeidenheid van die gawes van die Gees. En dan sluit hy af met die uitspraak: "Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle 'n nog uitnemender weg". *En dan volg die bekende 1 Kor. 13: "Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword ...*"

***Kentekens van die ware dissipelskap***

En vra 'n mens na die kenteken van die ware dissipelskap van die Here Jesus, dan sê Hy: "Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het" (Joh. 13:34). Hy waarsku selfs dat daar valse profete en valse christusse sal opstaan wat tekens en wonders in sy Naam sal doen (Matt. 24:24). Per slot van sake is tekens en wonders — openbaringe en gesondmaking — gesigte en ekstatiese spreke in tale — nog geen bewys van die ware dissipelskap van die Here nie. Die groot vraag is of ons luister na die stem van ons Herder en of ons Hom volg (Joh. 10:27).

Hierin sien Jesus die onderskeiding tussen gelowiges en ongelowiges. Die Here Jesus het baie tekens gedoen en ronduit verklaar Wie Hy is en tog hou die Fariseërs aan om te vra na 'n teken en Wie Hy is. Die rede is: "Ek het dit vir julle gesê en julle glo nie". Om te glo, beteken om te luister na sy stem en nie om op tekens staat te maak nie.

***Wat is vrugte van die Gees?***

Die vrugte van die Gees is die ware lewe in Christus. Paulus noem dit: liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, selfbeheersing" (Gal. 5:22). Teen sulke dinge is die wet nie. Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie (Gal. 4:23 - 26).

***Gawes: eskatologiese flitse***

Die gawes van die Gees moet onderskei word van die vrugte van die Gees. Waar die vrugte van die Gees noodsaaklik is, wil dit nie sê dat die gawes maar kan ontbreek nie. Prof. J.H. Bavinck sê bv. dat daar 'n eskatologiese (toekomsverwagting) sfeer rondom die Pinkstergebeure hang. Dit is asof die toekomende eeu al effens deurbreek te midde van die verwarring en moeite van ons eeu. Petrus knoop die tekens van Pinkster vas aan die eindoordeel (Hand. 2:17). "Van verre hoor ons die klokgelui van die nuwe wêreld" (Prof J.H. Bavinck: Ik geloof in de Heilige Geest p. 88).

Bavinck toon verder aan dat Pinkster ook vooruitwys na wat in die kerkgeskiedenis aan die lig sal kom. Oos en Wes word een en sien saam uit na die bruilof van die Lam. 'n Mens moet egter daarteen waak om te verwag dat die ekstase van Pinkster hulle in die vorm sou bestendig. Die "aardsheid" (Bavinck) van die kerk blyk immers alreeds uit die boek Handelinge. Die eerste Christene het nie altyd in geestesvervoering geleef nie. Ons lees wel dat sommige van hulle enkele kere met die Gees vervul is. Aan die ander kant word Paulus doodgewoon gevange geneem en Stefanus gestenig — alle besware word nie deur wonders weggevaag nie. Die

apostels was gewone mense en die kerk was 'n gewone kerk met sonde en gebreke inkluis.

**VRAE**

1. Waarom sê die Bybel so min van die Heilige Gees?
2. Wat is die werk van die Heilige Gees, volgens Hand. 2?
3. Noem die Skrif die Heilige Gees God?
4. Is die Heilige Gees 'n Persoon?
5. Van wie gaan die Heilige Gees uit?
6. Het jy die Heilige Gees ontvang?
7. Wat is die vrugte van die Heilige Gees?

# Hoofstuk 10

## *ARTIKEL 12 - Skepping*

### Ons glo dat die Vader ... uit niks geskape het

***Die aangesig van God***

In artikel 8 het ons alreeds die Drie-eenheid bely. Toe het ons reeds te doene gehad met God die Vader. Nou begin ons egter eers die aangesig van God die Vader van naderby besien. Ja, God word as't ware belyn. Hy kry gestalte. Sy aangesig tree aan die lig. En dit is die aangesig van die Vader.

***Kom uit die Woord van God***

Gelukkig het God dit nie aan onsself oorgelaat om uit te maak Wie Hy is nie. Die kerk van die eeue spreek. En die begrippe is nie alleen gebore uit nood — soms die nood van martelaarsvure — en stryd — die stryd teen dwaling en ondergrawing van die onwankelbare geloof; en blydskap — die blydskap van behoudenis en oorwinning en salige vreugde in die oorgawe aan die Vader nie. Die begrippe is gebore —ja, soms ontworstel — uit die onfeilbare Woord van God. En onder al die begrippe is een van die kosbaarste pêrels: "Ons glo in die Vader . . ."

***Die Vader — die Seun en die Heilige Gees***

Dit bring ons soveel nader aan God. Wie praat van die Vader, weet ook van die Seun en die Heilige Gees. Daarom weet ons ook van die Vaderliefde bewys in die Seun. Ons weet ook van die nuwe lewe deur die Heilige Gees in ons uitgestort. Ons kan bely: "Ons hemelse Vader!" Ter wille van sy eniggebore Seun is ons aangeneem tot sy kinders. En deur die Heilige Gees is ons daartoe weer gebore.

***Ons staan nie alleen nie***

Dit is goed om ons daaroor te besin dat ons 'n Vader in die hemel het. Ons staan nie alleen in ons nood nie; al is ons nood ons sonde. Ons staan ook nie alleen in die groot heelal nie — al woon ons klein mensies op 'n ertjiepit in die onmeetlike ruimte wat rondom 'n sonnetjie wentel. En is ons nood nie dikwels juis die nood dat die "mondige" mens met sy "verligte" verstand sy borsie uitstoot en oor die eter laat galm sodat elke oor dit kan hoor: "God is dood. Hy is begrawe . . . Dit is onwetenskaplik om te praat van 'n Skepper buite die heelal!" Kan ons dit dan nog waag om met Guido de Brès en met die apostels en profete van ouds te bely: "Ons glo dat die Vader alles uit niks geskape het". Dit kos moed en geloof. Maar, Goddank, ook dit word aan ons deur die Vader gegee!

***Skepping 'n mooi boek van God***

Ons glo aan die Vader wat geskape het. Ons sien immers die werke van sy hande. Die hemele verkondig die eer van God (Ps. 19) en: "slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape?" (Jes. 40). En dan skarrel ons nie rond saam met die stemme van mense en mensies deur die eeue heen, wat spook met die vraag oor die ontstaan van alle dinge nie. Duisende antwoorde is al gegee en, hoewel nuwe antwoorde nog sal kom by wyse van teorieë en menings en hipoteses, weet die Vader alleen. Feit is geen mens was daar toe Hy alles geskape het nie. Lees maar Job 37 - 41 en word weer klein voor Hom, die Skepper. Ons kan die dinge alleen weet as dit vir ons gesê word. Ons kan wel sy werke in die skepping sien, want dit is soos 'n mooi boek, waarin die skepsele groot en klein die letters is waarmee God skrywe, maar dit sê vir ons weinig meer as dat ons te doene het met 'n almagtige Skepper wat die wonderbare heelal voortgebring het en nog dra deur sy alomteenwoordige krag.

### *Ruspunt in God se vrymag en goedheid*

Daar is 'n Skepper en daar is skepsele. Ek is omdat God is. Sonder God sou ek nie gewees het nie. Daarom kan geen skepsel homself opblaas tot iets goddeliks nie. Maar die skepping is ook nie duiwels nie. Dit kom uit die hand van God die Vader. Hy het alles goed gemaak. Hy gun ons die vreugde van ons bestaan op aarde. Ons het 'n ruspunt in God sê vrymag en goedheid. Ons kan en moet saam met die redelose skepping sing van "Gods heerlikheid en eer" (Ps. 19).

### *Wat van die ewolusie?*

Hy, onse Vader, het die hemel en aarde en alle skepsele uit niks geskape, toe dit Hom behaag het. Dit kan ons gerus nog maar van harte glo. Ja, selfs in ons tyd wanneer die sogenaamde "ewolusionisme" hoogty vier. In sy boek: "Implications of Evolution" toon 'n bekende voorstander van ewolusionisme G.A. Kerkut, professor in Southampton, aan, dat wat die "General Theory of Evolution" betref, die "getuienis wat dit ondersteun nie sterk genoeg is om dit meer as 'n bruikbare hipotese (veronderstelling) te beskou nie" (bl. 157). Waarop kan die ongelowige wetenskaplike enigsins anders bou as op dit wat voor hande is? Dit is ook duidelik dat vele aan die "onbewese" ewolusieteorie vasklem, omdat hulle nie wil erken dat daar 'n almagtige God is, wat alles geskape het nie. (In die verband verwys ek net na boeke soos van Clark: "Darwin — Before and After"; Byron. C. Nelson: "Naar hun aard"). Een ding is wel duidelik, dat die greep van die ewolusionisme veel daartoe bygedra het om die mens te verdierlik. Ondanks sy hooggeroemde wetenskaplike en tegniese ontwikkeling, leef ons in 'n tydperk waarin die "laere" drifte van die mens op groot skaal botvier. Dit is asof die mensdom meer en meer 'n verrotte vrug word — gereed vir die vullishoop van die verderf.

### *Dien God ook met verstand*

Die geloofsgreep op die Vader, die Skepper van hemel en aarde, is nie bloot 'n teorie nie. Dit is ook die greep van die verloregaande wat hom vasklem aan die enigste grond en fondament wat onwankelbaar is. 'n Mens moet tog nooit dink dat jy Hom as "Skepper" kan verwerp en as "Vader" kan behou nie. Daar bestaan geen moontlikheid om die Here met "die gemoed" te dien en die "ewolusionisme" met jou "verstand" aan te hang nie. Dan het ons alreeds die Vader kwytgeraak, want jy moet "Hom liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand! (Matt. 22:37).

### *Die Vader het alles geskape deur die Woord*

Die Vader het alles deur sy Woord, dit wil sê sy Seun geskape. Só bely ons op grond van Ps. 33:6: "Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër". En: Joh. 1:1-3: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie". Hierdie "Woord" is die "Woord wat vlees geword het (Joh. 1:14) en Hy is niemand anders as die Seun, onse Here Jesus Christus nie. "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die eersgeborene van die hele skepping, want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape" (Kol. 1:15, 16).

### *Ook die Heilige Gees werksaam*

Maar ook die Heilige Gees het meegewerk in die skepping. Dit lees ons alreeds in die eerste verse van die Bybel: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters". Ook in Ps. 33:6, hierbo aangehaal, word dit nadruklik gesê. Daarom bely ons dat God die Vader en die Seun en die Heilige Gees werksaam was by die skepping. Die Vader tree egter

in die skeppingswerk op die voorgrond — Hy openbaar Hom in besonder daarin dat Hy alles geskape het. Die Seun tree veral na vore in die werk van die verlossing van die mens — hoewel die Vader en die Heilige Gees ook daarby betrokke is. Die Heilige Gees tree weer in besonder na vore in die toepassing van die heil in Christus in ons en in die wêreld, terwyl die Vader en die Seun tog ook weer nie "uitgesluit" word nie.

***Skepping alleen 'n daad van God***

Om te skep, is 'n daad van die almagtige wil van God. Dit beteken om iets uit niks voort te bring. "Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie" (Hebr. 11:3). En wanneer ons nou oordragtelik praat van "skeppingswerk" van mense, bedoel dit maar net dat die mens sê gees of talente daarby werksaam is, maar hy kan nie iets uit niks voortbring nie. Hy werk altyd met iets wat voorhande is — hy werk met skeppingsgawes van God. Hier stuit die voorstanders van die sg. ewolusieteorie op 'n onoorkomelike probleem. Volgens hulle het alles spontaan ontwikkel, maar hoe kon alles spontaan uit niks ontstaan? Of God het alles geskape óf alle bestaande dinge het in hulleself die "goddelike" vermoë om uit niks te ontstaan en vanuit die dooie (anorganiese) tot die lewende (organiese) te ontwikkel. Daartoe is gewis bonatuurlike krag nodig!

***Toe dit Hom behaag het***

Wanneer het God alles geskape? Die Bybel sê: "In die begin". Ons belydenis sê: "Toe dit Hom behaag het". Hy het nie nodig gehad om te skep nie. Hy het dit gedoen omdat Hy dit goed geag het. Dit het Hom behaag. Dit is ook nie vir ons nodig om, tot sy eer en ons saligheid, te weet wat "die datum" was waarop Hy geskape het nie. Op al die vrae: Waarom? Hoe? Wanneer? kry ons geen antwoord nie. Wel op die vraag: Wie? God het geskape. En op die vraag: Waartoe? is die antwoord: Tot sy eer alleen — geen ander Bybelse antwoord ken ons nie. Die hemele vertel die eer van God ... en die uitspansel die werk van sy hande! (Ps. 19).

***Skeppingsverhaal of skeppingsmite***

In ons tyd word Gen. 1 - 3, waarin ons die "skeppingsverhaal" in die Bybel kry, deur baie afgemaak as 'n "skeppingsmite". Dit sou dan in stryd wees met die "bevindinge van die wetenskap". Dat die "bevindinge" veelal op teorieë en gissinge berus, word nie vir ons gesê nie. Die "wetenskap" moet in die verband nog leer wat ware "wetenskap" is. Soos Kerkut sê, is dit beter om te sê: "Ons weet nie", as om 'n onbewese teorie as die waarheid op te dis. Al weet ons nie wanneer? en hoe? nie, weet ons wel dat God geskape het. En dit is veel meer as wat die ewolusie "wetenskaplik" kan bewys van hulle sg. ontstaan en afkoms.

**Wat van die ses skeppingsdae?**

***"Kaderteorie"***

Alreeds in die ou christelike kerk, in die dae van die kerkvader Origenes, was daar probleme oor die ses dae. En hede ten dage is dit nog so. Sommige beskou dit as visioenêre voorstellinge in ses taferele van die ontstaan van alle dinge. Andere sê die dae is tydperke wat vir miljoene jare kon duur. Andere, ook die Hervormers in die tyd van die ontstaan van hierdie belydenis, het daaraan vasgehou as "dae van 24 uur". Vandag word dit maklik opsy geskuiwe as 'n "mite" en dan is daar in ons tyd ook die sg. "kaderteorie". Daarvolgens is Gen. 1 - 3 nie die beskrywing van werklike geskiedenis nie. Dit gaan alleen daarom dat God die Skepper is uit Wie alle dinge hulle oorsprong het. Dit word dan vertel in die "kader" (omlysting) van die Joodse sabbatweek.

***Bybel en kaderteorie***

Dit bly tog maar vreemd hoe mense kan rondspring met die Bybel, wanneer dit nie strook met

jou voorstelling van wat "moontlik" is nie. Prof. J. L. Helberg het in sy proefskrif duidelik aangetoon dat die woord wat ons met "dag" in Gen. 1 vertaal niks anders as 'n "gewone dag" in die Bybel beteken nie. Daarby stel die voorstanders van die "kaderteorie" die saak net andersom as die Bybel. Volgens die Bybel is die Joodse Sabbat juis die uitvloeisel van die skeppingsweek. Hulle beweer dat die skeppingsweek die uitvloeisel van die Joodse Sabbatsleer is. Nou wonder 'n mens wie is reg; die kaderteorie of die Bybel?

***Onse God is almagtig***

Nee, ons glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde en, sou daar vir Hom 'n ding onmoontlik wees? Ons het geen rede hoegenaamd om nie te dink aan gewone dae nie. Meer wil ons nie daaroor sê nie. Ons weet: God het geskape. Die geskiedenis het begin. Dae en nagte, weke en jare volg mekaar op. En dit gaan voort totdat die skepping sy einddoel bereik het.

***Wonderbaarlik is u werke!***

'n Mens kan maar nie uitgepraat raak oor die skepping nie. Daar is hoeveel miljoene mense, geleerde mense, wat hulle dag na dag besig hou met die werke van God. Sommige tuur met hulle teleskope die ruimtes in; andere daal neer in die diepte van die aarde in mynskagte of met diamantbore wat die aardkors binnedring tot waar geen mens sal kom nie om sy verborge geheime bloot te lê. Dan is daar diegene wat met ontleedmes en mikroskoop gewapen die geheime van die lewende wesens tot in die fynste onderdeeltjies en allerkleinste lewende organismes bespied. Ag, en waar sou ons kan eindig? Bioloë en geoloë; medici en plantkundiges; fisici en wiskundiges — almal ondersoek en meet en pas en ontleed en stel teorieë op en verklaar en probeer om geheime te ontrafel. En steeds bly daar oneindige onontginde velde. Waar is ooit die einde? Dit is asof die mens in die ondersoek van die werke van God op 'n reis is — 'n reis van miljoene der miljoene ligjare en ons is nog maar pas 'n paar minute op reis. Ons is nog maar sommer hier op die aarde, soos 'n muggie wat om 'n ertjiepit draai, wentel mensgemaakte maantjies om ons aardetjie en stokkerig beweeg so nou en dan 'n ruimtemannetjie op die maan . . . En wat die aardkors aanbetref, is ons diepste myn nog maar soos 'n speldeprik op 'n mens sê vel. Rondom dein weg in wyer wordende perspektief 'n heelal waarvan miljarde ligjare nog nie die einde is nie . . . Dit is om van te duisel.

Die Skepper! Hoe kan ons ons sy almag en grootheid voorstel as sy werke nimmer deur ons begrip omvat kan word nie?

"O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!
Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!
Want wie het die gedagte van die Here geken,
of wie was sy raadsman gewees?
Of wie het eers iets aan Hom gegee,
dat dit Hom vergeld moet word?
Want uit Hom
en deur Hom
en tot Hom
is alle dinge.
Syne is die heerlikheid
tot in ewigheid. Amen (Rom. 11:33-36).

***Die Hemel***

En dan moet ons nog uit hierdie sigbare skepping uitstyg tot die onsigbare — die verborge woonplek van God en die engele. En vandaar neerdaal tot die onpeilbare afgrond van die "woonplek van die duiwels".

Daar is 'n hemel wat meer is as die lugruim of die sterrehemel. Daar is ook die "derde" hemel — die woonplek van God en sy heilige engele (2 Kor. 12:2). En dan moet ons onthou dat God alomteenwoordig is — selfs hierdie "woonplek" van Hom kan Hom nie omvat nie. Hier word Hy in sy heerlikheid gesien en deur die engele gedien. Hier is ook Jesus Christus, met sy menslike liggaam — vir ons die pand van ons salige opstanding. Ons weet weinig van die hemel. In elk geval is daar 'n heerlikheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie. Ook selfs die hemel is deur God geskape. Hy het die hemel en die aarde geskape

***Die Engele***

En dan praat ons belydenis ook van die engele. God het hulle goed geskape, sodat hulle Hom kon dien en ook die mens — die kroon van sy skepping. Ons lees van hulle in die Bybel: gerubs en serafs en engele en aartsengele. Hulle is dienende geeste en boodskappers .van God en beskermengele en bestryders van duiwels en bose geeste (Hebr. 1:14; Luk. 1:19; 1 Petr. 1:12; Hebr. 1:6; Luk. 15:10; 1 Kor. 13:l;Openbaringe laat ons hulle hoor met hulle basuine en oordeelsaankondiginge). In die Ou Testament hoor ons van engele by die poort van die Paradys met skitterende swaarde om die boom van die lewe te bewaak en tot die laaste boeke van die Ou Testament lees ons van hulle, die engele van God. Van engele word min gepraat en min gedink in ons tyd. Die mens is "sielkundig" verlos van die geloof in "geeste" en "beskermengeltjies" pas alleen nog by "bedside stories" vir kindertjies. En tog lees ons dat hulle hul verheug oor een sondaar wat hom bekeer (Luk. 15:10) en hulle werp selfs die draak, die ou satan neer uit die hemel (Openb. 12).

***Die Satan en sy "engele"***

En hoe vreemd ook al — die duiwel en sy legioene is ook daar. God het hulle geskape, nie as duiwels nie, maar as goeie engele. "Hulle het uit die uitnemendheid waarin God hulle geskape het, in die ewige verderf verval". "Hulle is só verdorwe dat hulle vyande van God is en van alle goeie dinge. Met al hulle mag loer hulle soos moordenaars op die kerk" So wei Guido de Brès oor hulle uit. En Hy haal die gegewens uit die Boek. In 1 Tim. 3:6 word verwys na die oordeel waarin die duiwel geval het.

Ook in Judas vers 6: "En die *engele* wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar".

***Die Satan — Sy mag en ondergang***

In die Paradys tree die duiwel — waarskynlik die owerste van die duiwels — na *vore en* gebruik die slang *om* die *mens* tot sonde te verlei, vandaar dat hy die slang of draak genoem word: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openb. 12:9). Hierdie Satan stry met sy legioene (Luk. 8:30) teen die kerk as geheel, maar ook teen elke lid afsonderlik (1 Petr. 5:8 en Ef. 6:12). Hy maak gebruik van lis en bedrog en selfs van geweld. Hy is neergewerp uit die hemel, toe Christus hom verslaan het by *sy* oorwinning aan die kruis (Matt. 12:28, 29; Openb. 12:9). Hy is selfs gebind (Openb. 20:2, 3) en sal kort voor die koms van Christus weer losgelaat word (Openb. 20:3). Gelukkig net vir 'n kort tydjie voor sy ewige ondergang (Openb. 20:10).

***Moenie met die duiwel speel nie***

Prof. J.D. du Toit (Totius) het by geleentheid aan ons as studente gesê: "Ons hou gans te min rekening met die duiwel in ons tyd. Een ding weet ek: hy is veel magtiger as ek en weet veel meer as ek". Laat ons maar onthou dat hy nie iemand is om mee te speel nie: Hy is 'n brullende

leeu wat soek wie Hy kan verslind en hy brand van begeerte om ons te sif soos 'n mens koring sif (1 Petr. 5:8, 9; Luk. 22:31-34).

## *ARTIKEL 13 - Onderhouding*

### God onderhou en regeer sy handewerk

"Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskape het, hulle nie laat vaar het of aan die toeval of die geluk oorgegee het nie".

### *Die mens wil self onderhou en regeer*

Wat 'n geweldige belydenis in ons tyd! Die mens wat self wou regeer en onderhou, het beswyk onder die gewig van sy verantwoordelikheid. Nou word alles maar met geweld en anargie van die skouers gewerp. Die mens staan by die skerwe van sy ideale en verkondig nou al dringender en met steeds groter geraas: Alles is sinloos, niksseggend, leeg! Die lewe het geen sin of betekenis nie! Breek met alle tradisie! Gooi alles oorboord wat as sinvol beskou is! Die hele Westerse erfenis is voos en verwerplik! Skaam jou vir jou afkoms! En tipies van die Adamskinders word die skuld op iemand of iets anders gewerp. Veral God en die godsdiens, wat aan die mens niks anders beloof as "a pie in the sky" nie, het die mensdom mislei tot valse waardes en valse optimisme. Daarom weg met die *gewaande* God en sy diens met sy sogenaamde Godsregering.

"Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?

"Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!

"Hy wat in die hemel woon, lag; die HERE spot met hulle" (Ps. 2).

### *God nie in verleentheid*

Sou die Here in verleentheid wees met die nasies, wat soos 'n stoffie aan die weegskaal is? (Jes. 40). Sou hulle sy regering in die war kon stuur? Om sy bestaan en regering te ontken, beteken nog nie dat Hy nie bestaan nie. Ja, as ons sy Woord ken en reg lees, dan weet ons van die groot "afval"; dan weet ons van anargie en opstand teen alle gesag. Ons weet selfs van 'n mens wat op die troon van God sal sit en voorgee dat hy god is. Daarom ken die Bybelgelowige geen paniek nie. Ons weet ons asem is in die hand van ons Vader en niemand kan ons uit sy hand ruk nie (1 Thess. 2; Joh. 10).

### *God onse Vader*

Die "goeie" God is immers ook ons Vader. En dan kan ons dit maar prakties aanvaar en belewe: sy almag en sy Vaderskap kan ons nie skei nie. Hy werk in sy almag ook met die oog op ons, sy kinders. En Hy is die Almagtige wat deur sy alomteenwoordige krag en voorsienigheid alles onderhou en regeer. Ons is klein en dikwels hulpeloos en radeloos, maar nooit verleë met Hom nie.

### *Deïste en panteïste en materialiste*

Sommige mense glo alleen in 'n God van verre. Dit is die sg. Deïste. God sou dan alles geskape het en aan die gang gesit het, maar verder laat Hy Hom nie daarmee in nie. Hier op aarde gebeur alles maar volgens die wil van die skepsele en dan kan 'n mens tot 'n groot mate maar vir Darwin gelyk gee: Dit is "the survival of the fittest". Hierteenoor het ons ook mense wat glo dat God in sy skepping — opgaan — die skepping is god en god is die skepping — dit noem ons die Panteïsme. Ons leef natuurlik meer in 'n tyd van "materialisme" — en ateïsme — alles is maar net "materie" (stof) en van 'n God is daar geen sprake nie. Ons bestaan en leef

"toevallig" en "meganies". Hoe kan dit ook anders dat die uiteinde nihilisme is — alles is leeg, sinloos, niksseggend?

***God onderhou***

God, wat alles geskape het, *onderhou* ook alles. Hy bewaar alles, Hy dra dit en hou dit in stand. Daartoe kan Hy middele gebruik — dink maar aan plante- en diere- en mensevoedsel. Die groot heelal word deur Hom onderhou, maar ook die kleinste diertjie of plantjie het sy voortbestaan alleen aan Hom te danke. Onse God is goed en groot en magtig. "Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? *Hy laat hulle uittrek* volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; *daar word nie een gemis nie"* (Jes. 40:26). Hy regeer die onmeetlike heelal.

"Hy laat gras uitspruit vir die diere en die plante tot diens van die mens: om broodkoring uit die aarde te laat voortkom . . . die bome word versadig . . . waar die voëls hulle neste maak . . . Die jong leeus brul om roof en begeer hulle voedsel van God . . . U maak u hand oop, hulle word versadig met die goeie . . . U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hulle stof' (Ps. 104).

***God regeer***

Maar God regeer ook. Dit gee sin en betekenis en gang in die bestaan van alles wat Hy gemaak het. Hy skryf die geskiedenis van sy skepping. Hy lei alles na sy ewige doel — en uiteindelik loop alles uit op sy ewige heerlikheid. Die woede van die duiwel en die sonde van die mens kan Hom nie verhinder in die volvoering van sy ewige raad nie. Ja, onse God regeer. Wanneer die Lam wat geslag is, die boek van God sê raadsbesluit uit sy hand neem, breek Hy die sewe seëls een na die ander en die taferele in die verloop van die geskiedenis speel soos 'n boek voor ons oë af. God sê raad gaan in vervulling — selfs die "antichris" is opgesluit in sy raad en kan net doen wat aan hom "gegee" is (Openb. 5 en volgende hoofstukke. Vir "antichris" Openb. 13:5, 7: "gegee").

***Dit gaan ons verstand te bowe***

Ook hier ontstaan vrae waarop ons geen antwoorde hei nie. Dit gaan ons verstand vér te bowe. Ons belydenis lê egter die volle nadruk op die troos wat die Godsregering vir ons inhou. Al begryp ons nie, ons het 'n anker. Guido de Brès, die opsteller van die belydenis, en sy tydgenote, is mense wat bloedige vervolging geken het. Hulle kon met Maarten Luther die leidsman van die Hervorming sê: "Hier staan ek, God help my. Ek kan nie anders nie!" In die aangesig van die dood, omdat hulle weet dat God regeer. En dit kan ons gelukkig nog doen, omdat God nog daar is en nog regeer. Die groeiende fatalisme en waansin van die mens, laat ons maar net besef dat die vyeboom besig is om te bot: "Lente is hier! Lente is hier . . ."

"En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag geword en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit (die koms van die Seun van die mens op die wolke) naby is, voor die deur" (Matt. 24:32, 33).

***God nie die bewerker van die sonde nie***

Nadruklik verklaar ons belydenis dat "God geensins die bewerker is en ook nie die skuld dra van die sonde wat gedoen word nie". "Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar elkeen word versoek as *hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word"* (Jak. 1:13, 14). Die mens kies self en is vir sy eie dade verantwoordelik. (Hieroor handel ons by art. 14). Doen die mens egter die kwaad, dan gaan dit nie buite God om nie. Hy laat dit toe en wend dit selfs soms ten goede aan. In Gen. 45:8 sê Josef bv. vir sy broers, wat hom as slaaf na Egipte verkoop het: , Julle het my dan nou nie hierheen gestuur nie, maar God". Met

ander woorde sy broers het sonde gedoen opdat hy na Egipte sou kom om sy vader en sy huis te red in die tyd van hongersnood. Hieroor bly egter veel vir ons verborge. Ons weet net een ding: Voor God is elke mens doemwaardig en verdien sy ewige oordeel. Gelukkig weet ons ook van sy genade in Christus; ons word verniet geregverdig. (Let op wat Paulus hieroor sê in Rom. 3:9-31).

***Sy raad tot die einde toe***

Die duiwel brand van begeerte om God na die kroon te steek. Sedert Adam woel en spook hy om die mensdom te bring tot die voile uitbarsting van die kwaad in sy vuile werklikheid. God het egter nog steeds sy hand in erbarming oor die mensdom gehou. Ter wille van sy eer, die volvoering van sy raad en van sy uitverkorenes is 'n ordelike lewe op aarde in stand gehou, ondanks die duiwel en al die vyandskap van die mens. Die tyd kom egter vinnig nader — ons sien alreeds ontstellende voortekens daarvan — dat die satan losgelaat word om die "nasies te verlei" (Open. 20) en dan sal dit 'n tyd van ongekende gruwels wees. En wanneer die kwaad allerweë seëvier en die nood van die gelowiges op die hoogste is — dan kom die einde.

## ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE ONDERSOEK

### Die ewolusionisme 'n antichristelike denksisteem

'n Vooraanstaande natuurwetenskaplike, J.S. Huxley, verklaar in 1960 in 'n televisie-uitsending: "Die eerste punt waarop gewys moet word i.v.m. Darwin sê teorie is dat dit nie langer 'n teorie is nie, maar 'n feit. Geen enkele ernstige geleerde sou die feit wil ontken dat ewolusie plaasgevind het nie, net so min as wat hy die feit sou wil ontken dat die aarde om die son draai".

Daarteenoor verklaar dr. G.A. Kerkut in sy boek: "Implications of Evolution" dat daar geen bewys bestaan vir die waarheid van die ewolusieteorie nie; "dit is 'n saak van geloof' (p. 150). Kerkut verhaal in sy boek hoe hy aan sy eerstejaarstudente altyd 'n taak opdra om die bewyse vir en teen die ewolusie aan te toon. Gewoonlik ken hulle baie "bewyse vir die ewolusie", maar niks wat daarteen aangevoer kan word nie. Kerkut, wat self die ewolusieteorie aanvaar, sê gevolgtrekking is dat die wetenskaplike handboeke eensydig is. Dit benadruk alleen dit was die ewolusieteorie begunstig, maar negeer al die wesenlike besware daarteen.

Kerkut self toon aan hoe die teorie onbewysbaar is. "Daar is sewe basiese veronderstellings wat dikwels nie genoem word, wanneer ewolusie bespreek word nie. Baie ewolusioniste ignoreer die eerste ses veronderstellinge en oorweeg alleen die sewende" (p. 6). Die sewe veronderstellinge is die volgende:

1. Lewende organismes het uit nie-lewende materie ontstaan. (Dit noem hulle biogenese.)
2. Biogenese het net een keer plaasgevind.
3. Virusse, bakterieë, plante en diere is almal onderling verwant vanweë hulle gemeenskaplike oorsprong. (Dit is merkwaardig dat ons dieselfde glo — alleen maar met die verskil dat ons glo alle lewende wesens sê gemeenskaplike oorsprong is die Skepper. Dit is daarom vir ons nie snaaks dat diere en mense bepaalde ooreenkomste in liggaamsbou, en leefwyse openbaar nie. God hulle Skepper het tog 'n bepaalde orde gehandhaaf in sy skepping. Hy het hulle ook almal geskape om op dieselfde aarde in dieselfde atmosfeer ens. te lewe.)
4. Die protosoa (oerslymdiertjie) was die oorsprong van die metasoa (meer ontwikkelde diersoort).
5. Die verskillende soorte ongewerwelde diere is onderling verwant.

6. Die gewerwelde diere het uit die ongewerwelde diere ontwikkel.
7. Die gewerwelde diersoorte het soos volg ontwikkel: uit die vis die tweeslagtige diere (amfibieë), daaruit weer reptiele en uit die reptiele die voëls en die soogdiere. Kerkut bespreek nou verder in sy boek al sewe die veronderstellings. En uiteindelik kom hy dan by al sewe tot die konklusie dat dit onbewysbaar is. "Dit sê aan ons niks van wat sowat 1 000 miljoen jaar gelede kon gebeur het nie. Dit is derhalwe 'n saak van geloof' (p. 150). En dan verklaar hy eindelik: "Dit lyk na 'n goeie beginsel om die bestudering van "wetenskaplike ketterye" aan te moedig. Die gevaar bestaan altyd dat 'n leser deur hierdie ketterye verlei mag word. Dit is beter om te sê dat ons nog nie weet nie as om dogmaties aan 'n teorie vas te hou, wat nie bewys is nie".

'n Boek wat i.v.m. die ontstaan van die lewende wesens insiggewend is, is: "Naar hun aard" van Byron C. Nelson. Daarin word bv. verwys na die "wette van Mendel" waarvolgens dit duidelik is dat elke "soort" lewende wese alleen die eienskappe van sy bepaalde "soort" voortplant. Daar is nog nooit bewys dat een soort uit 'n ander soort ontwikkel het nie.

**Lees verder:**

"Die Bybel, Skepping, Ewolusie" deur prof. S. du Toit.

"Evolution and Christian Thought Today" deur Russel L. Mixter e.a.

"Darwin: before and after" deur Robert E. D. Clark.

"Het lied van Gods Schepping" deur dr. John E. de Vries.

"Geloven tussen Gisteren en Morgen" deur Georg Huntemann.

**VRAE**

1. Kan daar enige lewe sonder God wees?
2. Kan ek in die Vader glo, maar nie in die Skepper nie?
3. Was dit alleen die Vader wat geskep het?
4. Waartoe het God geskep?
5. Is die duiwel sleg geskep?
6. Wat is Deïsme en wat bely ons?

# Hoofstuk 11

## *ARTIKEL 14 - Goed geskape — diep geval*

DIE mens is geskape: goed en na die ewebeeld van God. Die goeie mens was ongehoorsaam en het geval — in sonde en misdade . . .

Die gevalle mens is so bedorwe dat hy van nature geneig is om God en sy medemens te haat. Hy het nie eens meer die "vrye wil" om die goeie te "kies" nie, maar ook in sy wil is hy gebonde deur die verkeerde. "Dood in misdade en sonde" is die regte beskrywing vir hierdie gevalle mens (Ef. 2).

So teken ons belydenis die geskiedenis van die mens, wat ons nou van naderby gaan beskou.

***Die goeie mens***

Ons begin by die "goeie mens". "Ons glo dat God die mense geskape het uit die stof van die aarde en hom gemaak en geformeer het na sy beeld en gelykenis, goed, regverdig en heilig, in staat om met sy wil in alles ooreen te stem met die wil van God . . ." Dit haal die belydenis in die eerste plek uit Gen. 1:26, 27: En God het gesê: "Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ... En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape . . ." Na die beeld van God word ook verwys by die "nuwe" mens, wat deur die Heilige Gees wedergebore is, *herskep* na die beeld van God. " . . . en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware *geregtigheid* en *heiligheid"* (Ef. 4:24). Ook in Kol. 3:10 word hierna verwys: ". . . en julle met die nuwe mens beklee het, wat vernuwe word tot *kennis* na die beeld van die Skepper ..." Hier het ons nou die drie kenmerke waarmee ons Kategismus in Sondag 3 die "beeld van God" beskrywe: *"ware kennis, geregtigheid en heiligheid".*

***U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese***

Hoewel veel meer gesê kan word oor die beeld van God, is dit tog nuttig en leersaam om aan die begrippe "kennis, geregtigheid en heiligheid" vas te hou. Dan begryp ons dat die mens geskape is om geheel-en-al tot eer van sy Skepper te lewe; met hoof, hart en hand. God het hom begiftig met 'n verstand om Hom te ken; met 'n hart om Hom lief te hê en met 'n wil om Hom te dien. Die mens is nie bloot "beeld van God" in bepaalde eienskappe nie: Hy is ook beeld van God as verteenwoordiger van God op aarde — die kroon van sy skepping — om daaroor te heers, dit te beskerm en te bewaak (Gen. 1:28; 2:15). Hiertoe het God die mens goed geskape, begiftig met ryke gawes om sy roeping as kroon van God sê skepping te vervul.

Dis die goeie mens wat deur die goeie God gemaak is. Die sieraad van God sê skepping. "U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon" (Ps. 8:6).

***Sondeval***

"Maar toe hy in aansien was het hy dit nie verstaan of ook sy uitnemendheid besef nie, maar hy het homself gewillig aan die sonde onderwerp en sodoende aan die dood en vervloeking, deur te luister na die woord van die duiwel". In die geskiedenis van die mens staan hierdie ontsettende *"maar . . ."* Die mens wou anders wees. Hy wou soos God wees. Hy het geluister na die influistering van die Bose: " . . . julle sal soos God wees . . ." (Gen. 3:5) en hy het die slaaf van die duiwel geword: dood in misdade en sonde (Ef. 2). Hy het die gebod van die lewe oortree en homself van God, wat die ware lewe was afgeskei en sy ganse natuur verderwe. So is alle sonde. Dit is ongehoorsaamheid aan God en beteken dat ons luister na die verkeerde stem — die stem van die duiwel.

***"Spore van die beeld van God"***

Toe tree die dood in — die liggaamlike en geestelike dood. Hy het wel nie dadelik dood as 'n lyk op die aarde neergeval nie. Maar hy was klaar in die dood — die geestelike dood, waarvan die uiteinde die ewige dood in die hel is. Dit is die weg van al sy nakomelinge — gebore in die geestelike dood en bestem vir die ewige dood. "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore en in sonde het my moeder my ontvang" (Ps. 51:7). Hy is in al sy weë goddeloos, verkeerd en verdorwe. Van al die uitnemende gawes van God het hy niks oorgehou nie as net klein oorblyfsels wat genoegsaam is om die mens alle verontskuldiging te ontneem (Rom. 1). Die woord "oorblyfsels" in Afrikaans is eintlik nog te goed om weer te gee wat Guido de Brès oorspronklik in Latyn geskryf het. Hy gebruik die Latynse woord: "vestigia" wat eintlik "spore" beteken. Daar is maar net nog 'n "herinnering" aan die gawes wat die mens eens besit het, maar wesenlik het hy konkreet niks oorgehou nie. 'n Spoor in die sand is maar net die bewys dat daar eenmaal 'n voet getrap het, maar die voet self is lankal nie meer daar nie. Die gevalle mens het die beeld van God verloor. Hy het God nie meer as sy Vader nie, maar die duiwel. "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af . . ." (Joh. 8:44). Die duiwel het inderdaad die goeie mens vermoor deur hom tot sonde te verlei.

By hierdie leer van die sonde en die onmag van die mens ten goede, staan en val die Christendom. Waarom sou dit anders nodig wees dat ons Middelaar, die Seun van God, kruis en hellesmart moes ondergaan? Straf en vervloeking is ons deel. Christus moes die dood in al sy verskrikking sterwe om ons van die vloek van die hele dood te verlos.

**En wat is die hele dood?**

***Geestelike dood***

Dit is die geestelike dood, waarin ons na liggaam en siel vasgevang is. Dit is ons onmag ten goede. Die sg. "kiesvryheid" bestaan in die gevalle mens nie meer nie. Ook in sy wilskeuse is hy verdorwe — dood in sonde en misdade (Ef. 2:1).

***Liggaamlike dood***

Dit beteken ook die liggaamlike dood. Die mens is bestem om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel (Hebr. 9:27).

***Ewige dood of tweede dood***

En eindelik hou dit ook in die ewige dood. Dit is die smart in die ewige verderf, weg van die aangesig van God af. "Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte" (2 Thess. 1:9).

Wat die liggaamlike en ewige dood aanbetref praat die Bybel ook van die "eerste" en "tweede dood" (Openb. 20:6, 14).

***Onmag teen goed***

Ons het rede om diep te buig . . . Die optimistiese mens, wat met sy roep: "excelsior!" strewe na die hoogste van menslike geluk en vrede en vreugde op aarde, stuit voortdurend teen hierdie "onmag" van die mens ten goede . . . Van sy "paradys op aarde" kom net niks, omdat eiebelang en selfsug die mens sê begeertes en dade beheers. Selfverloënende liefde is alleen moontlik wanneer die "wonder van die wedergeboorte" plaasvind. Alleen in Christus word ons herskep tot nuwe mense. En selfs dan het die allerheiligste maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid aan die wil van God.

## *ARTIKEL 15 - Die Erfsonde*

**Die Erfsonde**

"Ons glo dat deur die ongehoorsaamheid van Adam die erfsonde uitgebrei het oor die ganse menslike geslag."

***Verborge begrip***

Dit is goed om te begin met wat die ou kerkvader Augustinus hieroor geskryf het. "Vir die prediking mag daar niks meer bekend wees as die erfsonde nie, maar vir ons begrip is daar niks meer verborge nie. Die skerpste vernuf kan hier niks naspeur nie. Alleen die gesag van Gods Woord moet ons van stap tot stap lei. Voor hierdie gesag, wat nie bedrieg en nie kán bedrieg nie, moet ons swig."

Swig voor die Woord van God. Dit is die eis, maar dit is nie maklik nie. Daartoe is genade nodig.

***Sonde deur één mens in die wêreld***

Adam, ons almal sê vader, sê sondeval het ook iets aan ons gedoen. As "verbondshoof" het hy opgetree as verteenwoordiger van alle mense. "Daarom, soos deur één mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en só die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het." (Rom. 5:12.) Een ding staan soos 'n paal bo water

—elke mens wat gebore word, is 'n sondaar. Dr. H. Bavinck gebruik êrens die uitdrukking dat 'n pasgebore kindjie 'n "klein tiran" is wat meen die wêreld bestaan alleen vir homself. Hy is nie van nature "onskuldig" nie, maar is in sonde ontvang en gebore (Ps. 51). 'n Kind "word" nie alleen sleg omdat hy 'n slegte voorbeeld van sy omgewing ontvang nie — hoewel ons die invloed van 'n omgewing ten kwade nie mag onderskat nie

—maar aan homself oorgelaat, sal hy vanself neig tot die verkeerde. Soos ds. Veldkamp dit uitdruk: dat ons sonde doen, is erg; maar dat ons sonde is, is veel erger. Die verdorwenheid van die mens is nie alleen totaal nie, maar ook radikaal. 'n Mens word nie as 'n neutrale wese gebore nie, "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit" (Jer. 1 7:9). En dan moet ons goed onthou dat die Bybel die "hart" beskou as die mees innerlike wese van die mens.

***Selfs gelowiges sondig nog***

En dan bely ons verder van harte dat selfs die gelowiges nog sondaars bly. Soos opborrelende water uit 'n onsalige fontein ontsier die sonde ook die lewe van die kinders van God. (Ons moet hier onderskei tussen die sg. "erfskuld" en "erfsmet". Ons sondeskuld — ook ons erfskuld — word in Christus vergewe. Van die sondesmet, wat ook die "erfsmet" inhou, raak ons nie in die lewe volkome ontslae nie.) Die "afwassing" van die smet van die sonde, soos afgebeeld deur die doop, is die lewensvernuwing of heiligmaking deur die Heilige Gees. Ons word meer en meer vernuwe tot die beeld van Christus.

***Sug om heerlikheid***

Maar sondaars bly ons. Gelukkig nie slapende sondaars nie, maar strydende sondaars. Ons jaag daarna of ons dit, die volmaaktheid, kan gryp (Filip. 3:12). Die gelowige het geen vermaak of verlustiging in die sonde nie. Dit laat hom sug en treur, want hy weet: "Ek het teen die Here gesondig!" Dit is my grootste droefheid dat ek die Naam van my Here ontheilig. Daarom sug ons, wat die eerstelinge van die Gees ontvang het, ook in onsself in die afwagting van aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam (Rom. 8). Ja, die sonde, my sonde, laat my verlang na die tyd, wanneer ek van alle sondesmet gereinig sal wees in die ewige heerlikheid by Christus, my Here.

## ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK

**Definisie van sonde:** Verskeie terme word in die Bybel gebruik om sonde aan te dui. In Hebreeus is die mees algemene woord: "hatta" — in 'n verskeidenheid vorms van dieselfde stam. In Grieks is die mees algemene woorde: "hamartia, hamartèma, parabasis, paraptoma, poneria, anomia, adikia". Die verskeie woorde dui gewoonlik die verskillende oogpunte aan van waaruit sonde beskou word. Sonde is bv. mislukking, oortreding, ongeregtigheid, wetteloosheid, bandeloosheid, ongehoorsaamheid. Sonde kan egter nie alleen omskryf word volgens die terme wat daarvoor gebruik word nie. **Die mees tekende omskrywing van sonde in al sy kenmerke is dat dit teen God gerig is (Ps. 51:4; Rom. 8:7). Die wese van alle sonde lê opgesluit in die eerste sonde — dit was ongehoorsaamheid aan God en gehoorsaamheid aan die teëstander van God naamlik die duiwel** (Gen. **3:1-6).**

**Oorsprong van sonde:** Sonde was aanwesig in die skepping voor die sondeval van Adam en Eva. God is egter nie die oorsprong van die sonde nie. Die duiwel het immers reeds geval en het opgetree as verleier. Sy "val" was voor die val van die mens. Vir die mens lê die oorsprong by Adam en Eva. Gen. 3; 1 Tim. 2:24; Jak. 1:13, 14.

**Waarin het Adam en Eva oortree?** Hulle oortree 'n bevel van God. Die erns is daarin geleë dat dit God sê gesag, sy goedheid, wysheid, regverdigheid, getrouheid, ens. verwerp. Dit tas God aan in sy gesag en majesteit en betwyfel sy goedheid, wysheid ens.

**Gevolge van die sonde:** Adam en Eva sê sonde was nie 'n geïsoleerde oortreding nie. Die konsekwensies daarvan vir die mensdom en die wêreld is duidelik; dink aan die volgende:

**a. Die mens sê verhouding tot God:** Die gehoorsame kind verander tot 'n rewolusionêre opstandige. Hy kruip weg vir God (Gen. 3).

**b. God sê gesindheid tot die mens:** God wys tereg, veroordeel, vervloek en verdryf die mens uit die Paradys. Die mens ondervind God sê toorn wat voorheen aan hom onbekend was (Gen. 3).

**c. Gevolge vir die menslike geslag:** Die voortgaande geskiedenis van die mens openbaar die ongeregtighede — vrugte van die sondeval (Gen. 4:8, 19, 23, 24; 6:2, 3, 5). Die vreeslike vermeerdering van die kwaad lei tot die sondvloed waarin alleen agt mense gespaar word (Gen. 6:7 — 13; 7:21 - 24). Daar is 'n geslagssolidariteit in die sonde — geen mens sondig vir homself alleen nie.

**d. Gevolge vir die skepping as geheel.** "Vervloek is die aarde om jou ontwil . . ." (Gen. 3 : 17; Rom. 8:20). Die mens is geskape as die kroon van God sê skepping, na sy beeld (Gen. 1 : 26). Die val van die mens bring ook die vloek oor die hele skepping.

**e. Die verskyning van die dood.** Dood is die samevatting van die straf op die sonde (Gen. 2:17; 3:19). Dood beteken dat die integrale element van die bestaan van die mens, geskei word. In sy mees uiterste konsekwensie in die skeiding van God — in die ewige dood in die hel. Dit word aan die lig gebring deur die verdrywing van die mens uit die Paradys (Gen. 3 : 23, 24).

**f. Die toerekening van die sonde.** (Erfsonde). Die eerste sonde het vreeslike gevolge vir die hele mensdom (Rom. 5:12, 14 - 19; 1 Kor. 15:22). Die sonde van Adam het 'n direkte verband tot die oordeel en dood van alle mense — net soos tot sy eie straf.

**g. Verdorwenheid van die innerlike.** Die Adamsgeslag is dood in misdade en sonde (Ef. 2). Elke sondige daad kom voort uit die boosheid van die hart (Mark. 7:20 - 23; Spr. 4:23; 23:7).

**h. Onbekwaam ten goede:** Onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad, bely ons

Kategismus (Sondag 3). Ons is so onbekwaam dat ons selfs die goeie nie kan ken nie (1 Kor. 2:14). Wat die goeie betref: Rom. 7:7; Rom. 8:8; Matt. 8:18; Joh. 3:3, 5, 6, 8; 1:13; 2:29; 4:7; 5:1, 4, 14.

**i. Verantwoording:** God kan nie neutraal of onverskillig wees t.o.v. sonde nie. Hy vertoorn Hom oor die sonde. Ex. 4:14 — God sê toorn ontvlam; Ex. 32:12 — gloed van u toorn; Jes. 33:14: "Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. Hulle sê: Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed?" Joh. 3:36 — die toorn van God bly op hom wat nie glo nie (Rom. 1:18; 2:5, 8; Ef. 2:3 ens. ens.) God sê toorn eis verantwoording vir die sonde — vandaar die straf in die ewige verdoemenis (Openb. 6:17; 20:11 - 15).

**VRAE**

1. Wat is die drie kenmerke van die beeld van God?
2. Wat is die roeping van die mens as beeld van God?
3. Hoe of wat is alle sonde?
4. In watter mate het die sondeval die mens bederf?
5. Het die mens die vryheid om te kies en die krag (wil) om die goeie te doen?
6. Hoekom deel ons in die erfsonde?
7. Is iemand wat wedergebore is sondeloos?

# Hoofstuk 12

## *ARTIKEL 16 - Uitverkies*

### ***Die ewige verkiesing van God***

"Ons glo dat, nadat die ganse geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in verderf en ondergang gestort is, God homself sodanig betoon het as wat Hy is, naamlik barmhartig en regverdig.

Barmhartig: deurdat Hy uit die verderf trek en verlos diegene wat Hy in sy ewige en onveranderlike raad uit louter goedertierenheid uitverkies het in Jesus Christus, onse Here, sonder om enigsins hulle werke in aanmerking te neem.

Regverdig: deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het".

*"Dit is 'n harde Woord!"* (Joh. 6:60, 65).

In baie "christelike" kringe kom daar verset as die woord "uitverkiesing" gehoor word. Dit slaan die mens reg tussen die oë. Hy word getref in sy "eiegeregtigheid", in sy "redelikheid"; in sy "sin vir reg en geregtigheid . . ." Ja, en dan gryp hy ook na Bybeltekste om sy standpunt te bewys soos bv.: "Glo en jy sal gered word. Kom na My toe. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en oopmaak, sal Ek inkom". Al die uitsprake sê tog só duidelik dat 'n sekere aksie of beweging van my kant vir my die saligheid beteken. Nee, dit is 'n "harde leer". Wat baat dit om te probeer goed doen, as jy tog desondanks verlore gaan? En waarom dan nie maar die sondelewe geniet nie — indien jy 'n "uitverkorene" is, saljy tog nie verlore gaan nie?

### ***My enigste troos in lewe en in sterwe***

"En tog, al moet ons beken, ons begryp dit nie, is ons só bly dat die Here die uitverkiesing in sy Woord openbaar. Dit is ons enigste troos in lewe en in sterwe. Sonder uitverkiesing is ons gewis verlore, want dan moet daar een of ander "iets" in ons wees wat ons ten minste "bo" andere aanneembaar voor God maak en ons weet dat daar niks is nie. Wat ons is, is ons alleen deur loutere en onverdiende genade. En dan haas ek my om te verklaar dat ek hoegenaamd geen oordeel uitspreek oor mense wat besware het i.v.m. die uitverkiesing nie. Ek dink in die verband aan wat Ds. H.J. Hegger, 'n gewese Roomse priester, in sy boek: "My weg na die Lig" hieroor vertel. Toe hy die Roomse kerk verlaat, het hy hom in Brasilië by die Metodistekerk gevoeg. Later het hy by die Gereformeerde Kerk aangesluit. Die Metodiste is gewoonweg uitgesproke teenstanders van die uitverkiesing. *Maar, sê Hegger, elke ware gelowige glo per slot van sake in die uitverkiesing, al bely hy dit nie met die mond nie.* Sou jy vir enige kind van die Here vra: "Hoe is jy gered?" het hy net één antwoord: "Uit genade alleen — sonder enige verdienste aan my kant". En wat is dit anders as die belydenis van God sê vrymagtige verkiesing?

### ***Weinig daaroor in ons belydenis***

Dit is tog opmerklik dat die uitverkiesing dikwels as die mees kenmerkende leerstuk van die Gereformeerdes aangemerk word. En tog word in hierdie belydenis maar een kort artikel daaraan gewy. Die Heidelbergse Kategismus behandel dit nie eens nie — noem dit slegs terloops twee keer (Sondag 19 en 21). In die Dordtse Leerreëls kry ons wel 'n breëre uiteensetting daarvan, maar dit is 'n kerklike stryd wat die Dordtse Sinode daartoe gedwing het om die uitspraak te doen. Maar selfs dan word daaroor met omsigtigheid en vermyding van

allerlei splinterige vrae gehandel. Dit is vir ons 'n rede om die Here te dank, dat die kerk daartoe gedwing is om hom te besin oor hierdie Bybelse leer. Ons moet nie wyser wil wees as God deur te swyg oor die heerlike leer wat Hy duidelik in sy Woord openbaar, net omdat mense aanstoot neem nie. Hy het dit nie verniet geopenbaar nie, maar tot ons troos en tot sy verheerliking.

### *Voor die grondlegging van die wêreld uitverkies*

Kragtens ons geboorte en eie daaglikse sonde, is ons van nature "dood in misdade en sondes" (Ef. 2:1). Uit hierdie geestelike dood moet ons gered word, anders wag daar vir elke mens die ewige dood. Dit is die uitgangspunt van die belydenis. Dit is ook die uitgangspunt van die Dordtse Leerreëls (Hoofstuk 1:1-6). 'n Mens kan vanselfsprekend verder teruggaan soos Paulus bv. in Ef. 1:3-5: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, soos Hy *ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld,* deurdat Hy ons *voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem* deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil". Dit is 'n greep op die wil van God, verborge in die ewigheid. Hy het van ewigheid af uitverkies. So leer die Bybel ons. Ons kan ons beroep op ander uitsprake van die Skrif soos bv. *"Die raad van die HERE bestaan vir ewig,* die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag. Welgeluksalig is die nasie wie sê God die HERE is, *die volk wat Hy vir Hom as erfdeel uitgekies het"* (Ps. 33:11, 12). Ook Israel sê uitverkiesing as volk van die HERE, word verbind aan sy ewige raadsbesluit.

### *Die voor-die-hand-liggende*

Dit is vir ons genoeg om dit te weet, God self weet *waarom* en *hoe* Hy in sy ewige raadsbesluit "te werk gegaan het", om dit op 'n menslike wyse uit te druk. "Die verborge dinge is vir die Here onse God." Ons taak is in die eerste plek om te let op wat Hy aan ons geopenbaar het. En dan is dit goed om soos, beide hierdie belydenis en die Dordtse Leerreëls, uit te gaan van dit wat voor die hand liggend is. Dan staan ons op 'n gemeenskaplike grondslag. Alle mense is sondaars; alle mense is daarom in 'n toestand van verlorenheid. Wie weier om dit raak te sien, kom in onbevaarbare waters. Daar is knope wat ons nie met ons verstand kan deurhak nie. Een ding staan vas — verwerp 'n mens die uitverkiesing, dan verwerp jy ook dat die mens volkome verdorwe is en verlore is voor die aangesig van God. Dan moet ons maar begin by die begin van ons bestaan as sondaars voor God. Gaan kyk dan maar weer wat Paulus sê in Rom. 1 - 3 " ... daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie ..." ens.

### *God buig Hom neer*

Hoe kom ons uit hierdie toestand van verlorenheid. Klim ons self op na God? Ag, net so min as wat 'n lyk kan opstaan en begin loop, net so min kan 'n mens wat geestelik dood is, die stem van die Here hoor en opstaan uit sy toestand van verlorenheid. Hier moet God Hom neerbuig. Hy moet nie alleen roep nie, maar Hy moet ook die "oor" gee om sy stem te hoor, soos Hy Lidia sê hart geopen het om te luister (Hand. 16). Uiteindelik staan ons alleen maar in aanbidding voor God wat sê: *"Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. So hang dit dan nie af van die een wat wil of die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is."* (Rom. 9:15, 16). Dit sê Paulus met 'n beroep op die Bybel wat hy geken het: Moses en die Profete — of soos ons sou sê die Ou Testament. En dit is ook maar al wat ons moet doen. Aanvaar maar gerus wat die Bybel sê. Rom. 9 in sy geheel is al genoeg om ons te oortuig van hierdie Bybelse leer.

### *Soos 'n goue draad deur die Skrif*

Soos 'n goue draad loop die leer van die uitverkiesing of "predestinasie" dwarsdeur die Bybel. Indien u dit wil sien, gee ons aan u 'n aantal Skrifbewyse om self na te slaan. Gen. 2:12, 13 — sien hierby Rom. 9:7; Ex. 9:16; 33:19; Deut. 7:7, 8; 10:15 i.v.m. 4:37; 32:8; Jos. 11:20; 1 Sam.

12:22; 1 Kon. 12:15; 20:42; 2 Kon. 19:25; 2 Kron. 6:6; Job 23:13; Ps. 33:12; Ps. 65:4; 78:67, 68, 70-72; Ps. 105:17 - 22; 135:4; Pred. 16:4; Jes. 44:1, 2, 7; Jer. 1:4, 5; Mal. 1:2, 3; Matt. 11:25, 26; 20:16, 23; 24:22, 40; 25:34; Mark. 13:20, 22; Luk. 4:25-27; 8:10; 10:20; 18:7; 22:22; Joh. 6:37, 39, 44, 45; 15:16, 19; 17:2, 6, 9; 21:23; Hand. 1:7; 2:23; 39, 47; 3:18; 4:28; 13:48; 17:26; 22:14; Rom. 1:6; 8:28-30; 9:11-18; 23, 24, 27-29; 11:5, 7, 8; 1 Kor. 1:26-29; 2:7; Gal. 1:15; Ef. 1:4, 5, 9-11; 2:10; 3:11; Kol. 3:12; 1 Thess. 1:4; 2 Thess. 2:13; 2 Tim. 1:9; Tit. 1:1, 2; Jak. 1:18; 1 Petr. 1:2, 20; 2 Petr. 1:10; Jud. 4; Openb. 13:8.

***Die geloof self 'n gawe van God***

Dit is duidelik dat ons hier met 'n leerstuk te doene het, wat deur God aan ons geopenbaar is. Elke gelowige weet dit: "Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons met sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus — uit genade is julle gered — en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus , . . *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;* Nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. *Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel. " (Ef. 2:4*-10.)

***God is barmhartig en regverdig***

*God is barmhartig* — Hy red mense wat die ewige verdoemenis verdien soos brandhoute uit die vuur.

*God is ook regverdig* — Hy straf die sonde aan die verloregaandes wat in hulle sondedood bly lewe. Maar selfs teenoor hulle laat Hy Hom nie onbetuig nie. Hulle sien sy "ewige krag en goddelikheid" in hulleself en in sy werke (Rom. 1:18-20) sodat hulle selfs daarom sonder verontskuldiging kan wees. En Hy kom ook tot hulle in sy roepstem deur die Evangelie. Hy openbaar ook aan hulle die weg van verlossing in Christus. Hulle wil nie luister nie, en vertrap die bloed van Christus. Hulle — die verloregaandes — is die laastes wat hulle daaroor sal kwel of hulle uitverkies is al dan nie.

***Wie kan ons voor die Regler daag?***

Maar God is ook regverdig — omdat Hy self die sondes van sy uitverkorenes nie ongestraf laat bly het nie. *Hy het dit gestraf aan sy eniggebore Seun:* Daarom:

> "Wie kan ons voor die regter daag?
> Gods uitverkore kind verklaag?
> Waar is die mond wat durf verdoem
> As God sy kind regverdig noem?
>
> Dis Christus wat die skuld wou dra,
> die dood vir ons gesterf het, ja
> wat opgewek in glorie sit
> en altyddeur vir ons wil bid."
>
> (Rom. 8:33, soos vertolk in Skrifberyming 10).

## *ARTIKEL 17 - Opgesoek en Getroos*

**Die gevalle mens opgesoek en getroos**

"Ons glo dat onse goeie God, nadat Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel-en-al ellendig gemaak het, deur sy wonderlike wysheid en goedheid die mens, toe hy al bewende van Hom weggevlug het, weer opgesoek en getroos het

met die belofte om hom sy Seun te gee wat uit 'n vrou gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel en hom geluksalig te maak."

***Vlugtende mens deur God agtervolg***

Ons glo met die hart en bely met die mond . . . dat onse goeie God ons nie in ons "sondedood" laat bly het nie. Ons glo in die "leer" van die uitverkiesing, maar ons glo ook in die *toepassing* daarvan in ons eie lewe. Hier gryp ons belydenis so kenmerkend terug na die eerste aanvang van God sê werk van verlossing. Let wel: ons praat nie van die mens wat God sê aangesig soek nie, maar van God wat die *vlugtende mens opsoek* en selfs, kan 'n mens sê, *agtervolg.* Hy is die Vader wat sien hoe sy kind aan die hand van sy aartsvyand, die duiwel, wegsluip en hom agternaloop om hom uit die greep van sy vyand te ruk.

***Bewende voor heilige God***

Is dit dan 'n wonder dat Guido de Brès dankend en prysend hier die aanvang van die werk van die verlossing aan God toeskryf? Daar in die verre Paradys, toe God na Adam roep: "Waar is jy?" (Gen. 3:9), het ons die eerste openbaring van soekende liefde vir die gevalle mens. Ons moet tog maar nie te min dink van die Ou Testament nie. Dit is nie bloot 'n "Jode-boek" nie, maar 'n brief uit die hemel, ook aan ons. Nie alleen Adam het "al bewende van Hom weggevlug" nie, maar elkeen wat iets van sy eie sondigheid en van God sê heiligheid besef, doen dit vandag nog. In sy roepingsvisioen roep Jesaja uit: "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare gesien." (Jes. 6:5). En Simon Petrus val, by die wonderlike visvangs, op sy knieë voor Jesus neer en sê: "Gaan weg van my, Here want ek is 'n sondige man!" Adam wat geweet het wat dit beteken om onbesmet te bestaan soos God hom geskape het, kon soos niemand anders, besef hoe vreeslik sy sonde is en hoe diep hy die Naam van God verneder het. Vandaar dat ons gerus kan aanvaar dat hy bewende gevlug het.

***Die Moederbelofte***

Maar gelukkig het God nie agtervolg om te verteer nie, maar om te red. Vanselfsprekend is die Paradys daarmee heen. Die vloek van die brood in die sweet van sy aangesig en die dorings en distels, het ook nie uitgebly nie; ook die barensnood van die vrou en dat die man oor haar sal heers. Maar daar was ook 'n belofte, al is dit geklee in die gedaante van 'n vervloeking van die slang, die verleier: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt." (Gen. 3:15). Dit noem ons die "moederbelofte".

***Vyandskap tussen "saad en saad"***

Troosteloos! Vyandskap, haat, nyd — moord en doodslag! Die eerste kinders uit Adam en Eva gebore, vir sovér ons weet, is Kain en Abel. Kain was 'n moordenaar — sedertdien roep mensebloed vanaf die aarde na die hemel. Geen geslag het verbygegaan sedertdien, waarin mensebloed nie deur mensehande — mensegeweld — gevloei het nie. Dr. Hunteman verhaal hoe die soekers na die sg. "missing link" tussen die aap en die mens, êrens 'n klomp skedels ontdek het. Dit was 'n "pragfonds" totdat hulle vasgestel het dat al die skedels deur een of ander harde voorwerp stukkend geslaan of deurboor is. Groot was die teleurstelling: dit is geen "ape" nie, maar volwaardige mense! Alleen mense pleeg massamoord en voer bloedige oorloë. Dit is die vyandskap tussen "saad" en "saad". Geen wonder dat die "slang" of "draak" of ou Satan, die owerste van hierdie wêreld genoem word nie!

***Christus die krag van God en die wysheid van God***

En tog is dit geen troostelose belofte nie. Uit die greep van die slang — uit die geestelike dood — is daar geen verlossing moontlik, behalwe van God self nie. En dit is wat Hy hier belowe

— die slang byt in die hakskeen, maar uiteindelik word sy kop vermorsel. En dit het gebeur: " . . . maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke maar vir die wat geroep is: Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God" (1 Kor. 1:23, 24). Dit is hoe die "saad" van die vrou uiteindelik die kop van die slang vermorsel. 'n Sterwende Evaskind aan die kruis — "My God, my God, waarom het U my verlaat?", hoor ons Hom in sy hellesmart van Godverlatenheid. Maar uiteindelik weerklink dit oor Golgota in 'n groot stem — en dit van 'n sterwende: "Dit is volbring!"

***Wees verheug hemele — wee die aarde***

Die "Slang" sê kop is vermorsel! Dit is vir ons volbring! Dit is Christus, die krag van God en die wysheid van God, wat ons bevry uit die greep van die slang! En dan hoor ons van die slang wat neergewerp is uit die hemel. "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp . . ." (Openb. 12:9).. En tog, jubel ons nie te gou nie! Hoor net: "Daarom wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het." (Openb. 12:12).

***Laaste stuiptrekkings***

Ja, ons leef in die tyd van die oorwinning en tog . . . nog nie. Die stryd is nog daar en dit lyk al meer asof die duiwel los is op aarde en met groot woede te kere gaan. Lees ons dan nie in Openb. 20 dat hy vir duisend jaar gebind is en daarna vir 'n kort tyd losgelaat is nie? Die koninkryk van God het gekom en tog ... dit sal nog kom. Die eerste koms was die saaityd, Hy het gesaai — die saadkorrel het selfs in die aarde geval en gesterwe aan die kruis. Die duiwel saai egter ook. Die "saad" van die koninkryk van God en die "saad" van die Bose groei saam. Gelukkig kom sy laaste stuiptrekkings — dink net daaraan dat hy homself nie kan losruk nie — hy word losgemaak wanneer dit God pas en om God sê doel te dien. Vanselfsprekend gryp hy die geleentheid aan. Die nasies van die vier hoeke van die aarde word verlei. Hulle trek op teen die laer van die heiliges en die geliefde stad. Dit is die laaste stryd teen die saad van die vrou: die gelowiges.

***Oorwinning vir ewig***

"En vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp . . . en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid . . ." (Openb. 20:7-10).

Eindelik is alle stryd en onrus verby. "Kyk, die tabernakel (woning) van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God." (Openb. 21:3). God het sy belofte aan Adam en Eva gestand gedoen. Die slang sê kop is vermorsel en die Paradys het teruggekeer op die nuwe aarde onder die nuwe hemel.

## ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK

### Lyn in die kerkgeskiedenis

In die kerkgeskiedenis loop die lyn van die "absolute uitverkiesing" via Augustinus oor Calvyn na die Sinode van Dordrecht 1618-19, waar die Dordtse Leerreëls opgestel is. Die Dordtse Leerreëls is saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus een van ons Belydenisskrifte. Vir 'n begrip van wat ons onder uitverkiesing verstaan, is dit veral nuttig om hoofstuk I van die Dordtse Leerreëls te bestudeer. Daar vind u ook talle Skrifbewyse waarop die leeruitspraak gegrond is. Dit is opmerklik dat die Dordtse Leerreëls nie verval in redenasies oor die verborge raad van God nie, maar bloot die praktyk benader in die lig van die Bybel. Die opstellers gaan uit van die gegewe toestand van sondeverlorenheid van alle mense,

waardeur almal aan die vloek en ewige dood skuldig geword het. Sommige mense laat God in die oordeel bly — andere skenk Hy genade in Christus. Dit kom voort uit sy ewige besluit. (Lees verder in die bepaalde hoofstuk van die Dordtse Leerreëls).

**Die ewige raad van God**

Die uitverkiesing is 'n deel van die ewige Raad van God. God sê besluit (Ps. 2:7; Miga 7:11) **"is die ewige voorstelling in sy verstand en bepaling in sy wil van alles wat ooit deur sy skepping ontstaan en deur sy voorsienigheid sal gebeur".** (Dr. A.G. Honig: Gereformeerde Dogmatiek p. 254). "My raad sal bestaan, en al wat My behaag, sal Ek doen" (Jes. 46:10). "In Hom in Wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is **ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil"** (Ef. 1:11). Hier sien ons alreeds dat ons uitverkiesing in sy ewige raad vaslê.

**Die raad van God is ewig.** Hand. 15:18: "Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend".

**God is vry in sy raadsbesluit.** Matt. 11:26: , Ja, Vader, want so was dit u welbehae".

**Sy raad is wys.** "Hoe talryk is u werke, o HERE! U het hulle almal met wysheid gemaak" (Ps. 104:24).

**God sê raad is onveranderlik.** Hebr. 6:17: "Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg".

**Sy raad is kragdadig.** Jes. 14:27 " ... want die HERE van die leërskare het dit besluit — wie sal dit kan verydel? En sy hand is uitgestrek — wie sal dit kan afkeer?"

**Die raad van God en die sedelike verantwoordelikheid van die mens.**

Hier het ons te doene met 'n onbegryplike geheimenis. Die Bybel hef die sedelike natuur en verantwoordelikheid van die mens nie op nie, hoewel hy tog aan die ander kant leer dat alles in God sê ewige raad vasgelê is. Die mens is wat sy wil betref vry van dwang. Daarom haat en straf die Here die sonde. Hier weet God alleen wat die antwoord is. **Die oplossing van die vraagstuk van die verband tussen die raad van God en die verantwoordelikheid van die mens het Hy nie aan ons geopenbaar nie.** "Wee Assur! Die roede van my toorn en 'n stok is hy — in hulle hand is my grimmigheid! Maar hy bedoel dit nie só nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart en om nasies uit te roei, nie min nie" (Jes. 10:5, 7). Die Assiriërs word gedryf deur hulle eie bose begeertes en tog is hulle 'n stok in die hand van die Here, om sy raad te vervul. Dink ook aan Hand. 2:23 — volgens die raad en voorkennis van God is Christus oorgegee om gekruisig te word, maar hulle wat dit gedoen het, het daarin gesondig.

**Uitverkiesing en verwerping**

Ook die ewige lot van die mens lê vas in die raad van God. Dit noem ons die **predestinasie** of voorbeskikking. Dit val uiteen in uitverkiesing en verwerping. (Dordt. 1:6; Hand. 15:18; Ef. 1:11; Rom. 9:11-16). Die verwerping laat die Skrif ons sien: a. In die gang van die geskiedenis — God verwerp Kain, Ismael ens. (Gen. 4:21). b. Die Skrif spreek van die verwerping as 'n besluit van God (Spr. 16:4; 1 Petr. 2:8; Rom. 9:22).

"Ons gee geredelik toe dat die Gereformeerde leer vir ons hier 'n ontsettende waarheid preek. Wel tereg spreek Calvyn van 'n "decretum horribile". Die leer is egter nie 'n vinding van mense nie maar die aanvaarding van die onderwys wat God ons in die Bybel gee" (Honig: Geref. Dogm. p. 260).

**God is nie die "Outeur" van die sonde nie:** Die Skrif lê die nouste verband tussen die sonde

en die ewige verdoemenis. Elkeen wat verlore gaan, moet erken: ek verdien dit. Hand. 13:46: "Maar Paulus en Barnabas het vry-uit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die Woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien **julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie** — kyk, ons wend ons tot die heidene". Laat ons liewer met Calvyn sê: "Laat ons daarom liewer in die verdorwe natuur van die menslike geslag die oorsaak van die verdoemenis, wat klaarblyklik is en dig voor ons lê, sien, as om dit in die verborge en geheel onbegryplike predestinasie van God te soek" (Institusie III, 23, 8).

**VRAE**

1. Is jy gered en hoe weet jy of jy uitverkies is?
2. In watter belydenisskrif word die leer van die uitverkiesing behandel?
3. Waar lees ons dat ons van ewigheid af uitverkies is?
4. Hoe kom jy uit die toestand van sonde en misdade?
5. Het ons maar min bewyse vir die uitverkiesing?
6. Verstaan jy die uitverkiesing?
7. Wie het wanneer die kop van die slang vermorsel (Gen. 3:15)?

# Hoofstuk 13

## *ARTIKEL 18 - Die Woord het vlees geword*

### *Die volheid van die tyd*

God vervul sy beloftes op die "tyd deur Hom bepaal", bely ons in hierdie artikel. Paulus sê: *"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou,* gebore onder die wet." (Gal. 4:4). Dit is goed om hier te begin — hier waar God in die "geskiedenis" gekom het en ons vlees aangeneem het. God sê tyd het volgens sy raad "vol" geword. Sy bepaalde oomblik het aangebreek. Hy het sy tyd gekies en ook reg gekies. In die tyd was daar een wêreldtaal nl. Grieks. Maklik kon Paulus en sy mede-sendelinge reis van land tot land en in Grieks preek, sonder enige belemmering. Daar was die magtige wêreldryk van Rome — geen landsgrense en "paspoortprobleme" het reise bemoeilik nie. Bowendien was by al die volke 'n bepaalde geestelike honger — hulle eie afgode het nie meer bevredig nie — grootliks as gevolg van die opkoms van die Griekse wysbegeerte. God het sy toneel reggeskuif vir die vervulling van sy beloftes op sy bepaalde tyd.

### *Dit is vir ons begrip te veel*

Kyk ons goed na wat ons hier bely, dan staan ons verstand stil. Ons kan nog "dink" aan God as die verre, onbegryplike, oneindige Wese wat 'n ontoeganklike lig bewoon. *Maar om te bely: God word gebore uit 'n vrou; Hy neem die menslike natuur aan; Hy word aan ons in alle opsigte gelyk, uitgenome die sonde!* Dit is vir ons begrip te veel. En Hy is gewoonweg gebore, soos enige ander baba. Sy moeder het haar ook verwonder oor die wonder van die moederskap soos enige ander moeder. Sy het egter nog 'n ander geheim in haar hart bewaar en oordink (Luk. 2:19). Sy het ook geweet dat Hy nie die "kind van 'n man was" soos alle ander kindertjies nie.

### *Die Seun van die Allerhoogste*

Maria het die kindjie ontvang van die Heilige Gees. Die engel Gabriël het aan haar verskyn. Sy boodskap aan haar was: "Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee . . ." En Maria, die eenvoudige jong meisie, vra dan: "Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?" En die engel antwoord en sê vir haar: *"Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word"* (Luk. 2:30-35).

### *Maria begryp nie, maar glo*

Het Maria dit begryp? Nee, sy het dit geglo! Alleen daarom kon sy sê *"Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord."* Dit is geloofsoorgawe, geloofsaanvaarding. Ook ons begryp die wonder van die vleeswording van God nie, ons glo dit. En wanneer ons dit nou oordink en iets daaroor sê, is dit nie omdat ons die dinge wil verklaar nie. Wie kan God verklaar? Dit is egter vir ons geloofsversterkend om dit te oordink. Ons verwonder ons opnuut oor die God wat op só 'n wondervolle wyse sy raad vervul om ons. verlore in sonde en misdade, te behou. Bernard van Clairvaux het gepraat van die drie grootste wonders van alle tye: Die eerste is dat die Woord vlees geword het; die tweede dat Jesus uit 'n jonk-vrou gebore is en die derde dat 'n mens dit kan glo.

### *Maria ontvang deur te glo*

"Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu," sê die engel Gabriël aan Maria. Daarom bely ons elke Sondag Hy is "ontvang van die Heilige Gees." En hier in artikel 17: dat Hy "ontvang" is in die liggaam van die geluksalige maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees, sonder toedoen van 'n man. Dr. A.A. van Ruler sê dat die Heilige Gees nie die plek van die man ingeneem het nie. Hy het wel by die "ontvangenis" te pas gekom — hoe weet ons nie. Hy het die moederskoot van Maria vrugbaar gemaak. Hy het dit gedoen deur met haar te praat, haar te beveel, haar te seën. Eintlik het Maria ontvang deur die oor — sy het gehoor en geglo; sy het die belofte aanvaar en omhels.

### *Allergrootste van alle wondere*

Mense neem nogal in ons tyd aanstoot aan wondere. Só word daar bv. gespot met die sg. "saligmakende diere": die slang in die Paradys; die esel van Bileam wat gepraat het en die groot vis wat Jona ingesluk het. Onlangs het ons in 'n koerant gelees van 'n geleerde Afrikaanse christen, wat nie glo dat Jesus werklik die water in wyn verander het nie (Joh. 2). Só kan ons' die voorbeelde vermenigvuldig — die één mens stuit teen die bepaalde wonder of wondere en die ander een weer teen ander wondere. Dit hang maar af van jou "eie insigte" of vooroordele. En dan wonder 'n mens wat maak ons nou met hierdie allergrootste van al die wonders in die Skrif: God is gebore uit 'n mens.

Is die enigste weg dan nie maar om die Heilige Skrif, die "wonderboek" van God, met al sy wondere te aanvaar of te verwerp nie? As ons met ons verstand en insigte wil torring aan die Woord van God, is ons tog klaar besig om die fondament van ons eie geloof te ondergrawe. Maria het die voorbeeld vir elke kind van die Here gestel. Sy kon gewis nie begryp wat God in haar gewerk het nie, maar sy het gesê — gelowig gesê: "Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord." Ons aanvaar, soos sy, kinderlik gelowig. *Ons glo in 'n God wat wonders doen. Ook die wonder van die ontvangenis van die Heilige Gees en die geboorte uit die maagd Maria, is nie te wonderlik vir die God in Wie ons glo nie.*

### *Hy is sonder sonde*

En laat dan maar die jubels opstyg uit die stof! *Hierdie Kind van Maria is sonder sonde.* Die een "mens" by wie daar geen spoor van sondebewustheid of berou te siene was nie. In sy persoon is die Goddelike en menslike natuur verenig. Die Heilige Gees het Maria oorskadu en die krag van die Allerhoogste het oor haar gekom, daarom is die "Heilige" wat gebore is, die Seun van God. (Luk. 1:35). Die "heilige" mensjesus, kan in die plek van alle mense nader tot die heilige God, wat is soos 'n verterende vuur en 'n ewige gloed, (Jes. 33:14). Hy kan vir ons intree, want Hy is sonder sonde. Ons kan self nie intree nie, want ons maak self ons eie skuld daagliks meer. Daar is verlossing uit die oordeel!

### *Immanuel — God met ons*

Sy Naam is Immanuel . . . God-met-ons. Beter as wat Johannes dit stel in Joh. 1:14 kan ons dit nie uitdruk nie: *"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid."* Ook in sy eerste brief skryf hy daaroor: "Wat van die begin af was wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, *wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van Lewe . . ."* (1 Joh. 1:1). In Hom, die Seun, is God met ons. Hy het onder ons gewoon en ons het sy heerlikheid aanskou. Opsetlik, doelbewus het Hy só tot ons gekom. Sy geboorte was 'n gewone geboorte en tog was dit ook anders as ons geboorte. Ons word gebore sonder dat ons daar iets aan kan doen. Hy het in sy geboorte die menslike natuur aangeneem — vrywillig. *Selfs sy geboorte was 'n daad van Homself.* Dit was vir Hom 'n daad van vernedering om ons te verhoog.

Só kom God tot ons in die Middelaar wat gebore is. Hy is selfs in ons plek gebore. Die sonde waarin ons ontvang en gebore word, is in sy heilige ontvangenis en geboorte bedek voor die aangesig van God.

***Geen mite, maar geskiedenis***

Maria is vir ons nie "onbevlek" en sondeloos, soos Rome leer nie. Sy was ook 'n sondares, soos alle dogters van Eva. En tog is dit in ons tyd van groot belang om Maria te onthou. *Sy was 'n mens en het in 'n bepaalde tyd gelewe.* Die geboorte van Jesus is geen mite nie, maar geskiedenis. Maria het eenmaal geleef in Nasaret, in Galilea. In die tyd van die bekende Romeinse Keiser Augustus, het sy geboorte gegee aan die Seun van God. Op die geskiedkundige feit rus ons saligheid.

Wanneer die sg. "maagdelike geboorte" van Christus in ons dae deur belydende "christene" verwerp word, dan is Christus self in gedrang. Sulke mense slaan die fondament van ons geloof en ons vrede met God, onder ons voete uit. God self is in gedrang — God met sy geregtigheid en barmhartigheid — God wat met ons wil wees. Hier het die sg. "natuurwetenskap" geen seggenskap nie. 'n Ginekoloog sou die geheimenis van Maria sê ontvangenis nimmer kan verklaar nie. Ons glo en bely dit, omdat die Here dit aan ons in sy Woord sê.

## *ARTIKEL 19 - Twee nature — een Persoon*

***Stamelende belydenis***

'n Mens vra jouself af, waarom die belydenis aandag aan hierdie moeilike sake gee? Ons begryp dit nie en Guido de Brès ook nie. Hy gee eintlik alleen in sy eie woorde weer wat die kerk stamelend bely het op die Sinodes van Konstantinopel in 381 en Chalcédon in 451. In die ou sinode-uitspraak van Chalcédon word eintlik maar net gesê wat die twee nature van die Here Jesus *nie* is nie. Dit is onvermengd, onveranderd, ongeskeie en ongedeeld. En wat beteken dit nou:

— *Onvermengd* beteken elke natuur bly selfstandig — naamlik die Goddelike en die menslike natuur.

— *Onveranderd* wil sê dat beide die Goddelike en menslike natuur hulle onderskeie eienskappe behou.

— *Ongeskeie* wil weer tuisbring dat die een natuur altyd met die ander een verenig was in die persoon Jesus.

— *Ongedeeld* beteken weer dat die hele mensheid met die hele Godheid verenig is.

***Lutherse afwyking***

Dit is verhelderend as ons weet dat die ou kerk sê uitsprake geformuleer is, ná allerlei afwykende standpunte groot beroering in die kerk veroorsaak het. Dit is ook goed om te weet dat ons belydenis standpunt moes neem in die tyd van Guido de Brès omdat allerlei dwalinge weer na vore gekom het. Volgens die Lutherse opvatting bv. het Christus sê menslike natuur bepaalde Goddelike eienskappe gekry. Die menslike natuur is derhalwe ook "alomteenwoordig" sodat Christus in, met en onder die tekens van die heilige Nagmaal liggaamlik aanwesig is. Dink maar daaraan dat ons Kategismus hierteenoor bely: "Christus is waaragtige mens en waaragtige God. Na sy menslike natuur is Hy nie meer op aarde nie; maar na sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie". (Sondag 18).

***Só leer die Bybel ons***

Daar is egter nog 'n belangriker rede waarom ons by hierdie moeilike en onbegryplike dinge nie kan verbykom nie. Só leer ons Jesus uit sy Woord ken. Van Jesus Christus word in die Bybel beide Goddelike en menslike dinge gesê. En die Goddelike en menslike eienskappe word aan dieselfde Persoon toegeskryf. Hy is die Seun van God van wie ons lees in Ps. 2: "Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self u gegenereer". In Luk. 20:41-44 verwys Hy bv. na die uitspraak van Dawid in Ps. 110: "Toe sê Hy vir hulle: Hoe is dit dat hulle sê dat die Christus die Seun van Dawid is? En Dawid self sê in die boek van die Psalms: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. *Dawid noem Hom dan Here en hoe is Hy sy seun?"*

### *God en mens tegelyk*

Ook Jesaja spreek van die Kind wat vir ons gebore is en die Seun wat aan ons gegee is en dan ken hy aan Hom Goddelike eienskappe toe . . . Hy is: "Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader . . ." (Jes. 9:5). Die Here Jesus is self baie uitgesproke daaroor dat die Ou Testament in Hom vervul is. Maar Hy deins ook nie daarvoor terug om self te verklaar dat Hy God is en Goddelike eienskappe besit nie. (Lees maar weer wat ons in art. 10 oor Hom as God geskrywe het.)

En dan vertel dieselfde Bybel aan ons van die Jesus, die Seun van God, wat gebore is uit 'n vrou. Maria. Hy het opgegroei in die huis van Josefin Nasaret. Hy was aan sy ouers gehoorsaam. Aan Hom wat waaragtig en ewige God is, word sulke eg menslike eienskappe toegeskryf dat Hy *bv. geween het, dat Hy honger was, dat Hy vra: "Gee vir My water om te drink"*. (Joh. 4:7). Ja, Hy wat God is, *sterf* selfs as 'n *sterflike mens.* En luister dan na die treffende uitspraak van Paulus in Hand. 20:28: "Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van *God* te versorg, *wat Hy deur sy eie bloed verkry het".* Dit is, om die minste daarvan te sê, onmoontlik dat *"God"* sy *"bloed kon stort"* en tog sê *Paulus* dit asof dit doodgewoon is. Paulus sê aan die Korinthiërs dat die Jode die Here van die heerlikheid gekruisig het.

### *Goddelike en menslike natuur*

Ons weet alreeds uit art. 10 dat Hy waaragtige God is. Ons weet uit art. 18 dat Hy waaragtige mens is en nou probeer art. 19 aan ons sê *hoe* die twee, God en mens, in een Persoon verenig is. En dan moet ons dit erken dat dit vir ons moeilik en vaag bly. Wat is "natuur?" Dit is die iets besonders aan iets of iemand wat van hom maak wat hy is: die "natuur" van 'n hond is anders as die van 'n perd en die "natuur" van 'n perd weer anders as die van 'n mens. Praat ons van die "Goddelike" natuur dan is dit die iets besonders wat ons laat besef dat ons met God te doene het. Dieselfde geld van die "menslike natuur."

### *Ons Middelaar*

Onder "Persoon" verstaan ons weer dit waardeur iemand is wat hy is. Dit is sy "ek". Daar bestaan geen *onpersoonlike menslike natuur nie.* Die natuur is verbind aan 'n persoon. Jesus sê menslike natuur is aangeneem deur sy Goddelike Persoon — daarom bestaan in Hom twee nature na sy vleeswording. *Die "Ek" van Jesus sê menslike natuur was die "Ek" van die Seun van God.* Meer kan ons nie sê nie: Die Goddelike en menslike nature bestaan in Hom as *Persoon: onvermengd, onveranderd, ongeskeie en ongedeeld.*

Só alleen is Hy ons Middelaar: waaragtige en regverdige mens en tog ook sterker as alle skepsele, waaragtige God (Kategismus Sondag 6). Indien Hy geen mens was nie, sou Hy nie in die plek van die menslike geslag vir ons kon intree voor God nie. Aan die ander kant sou Hy die dood nie vir ons kon oorwin, indien Hy nie tegelykertyd waaragtige God was nie. Hierby staan en val ons verlossing.

## *ARTIKEL 20 - God se aangesig in Jesus Christus*

### God se aangesig in Jesus Christus

"ONS glo dat God, wat *volkome barmhartig en regverdig is,* sy Seun gestuur het om die natuur aan te neem waarin die ongehoorsaamheid begaan is, om daarin te voldoen en die straf van die sondes deur sy bittere lyde en sterwe te dra . . ."

***God se toorn begryplik***

Hier sien u die aangesig van God. So kyk Hy na ons. Regverdig is sy toorn oor 'n Adamsgeslag wat sy liefde verwerp het. Sy eer en heerlikheid is daarin aangetas. Wat kan ons anders verwag as die dood en daarna . . . die ewige verderf? En kyk ons na onsself dan moet ons erken, baie dinge kan ons nie verstaan nie en tog — kan ons die redelikheid van God sê toorn oor ons sondes begryp. Moenie wys op allerlei menslike gebreke en die gevolge van menslike misdade en dit dan as ongerymd aan ons voorhou nie. Die kwessie van "onskuldige" slagoffers van oorloë en siektes en aardbewings . . . Die "ongerymdhede" van die lewe en die dood . . . Die vraag het u ook al gehoor en miskien selfs gevra: "Waarom kom dit my oor? Ek verdien dit nie?"

***"Berge val op ons!"***

My verdienste? Die verdienste van die wêreld? "Waarheen sal ek vlug vir u aangesig en waar sal ek my verberg vir u toorn?" Is dit vreemd dat mense naderhand bid om aardbewings, wanneer hulle die naakte werklikheid van die toorn van God en die Lam aanskou? "En die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Openb. 6:15-17). Wie durf die toorn van God bevraagteken en wie kan dit uitdaag . . .? *Dit is die aangesig van God — die God wat Hom met reg vertoorn.*

***God is liefde***

Maar nou vertel die Here Jesus aan sy dissipels: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien" (Joh. 14:9). En wat 'n ander kant van die aangesig van God sien ons in Jesus Christus? En tog is dit maar dieselfde Vader met dieselfde aangesig. Onthou u nog wat ons by artikel 1 gesê het van die "eenvoudigheid" van God. Dit beteken dat daar in sy wese geen teëspraak of gedeeldheid kan bestaan nie. Sy toorn en liefde is nie in teëspraak met mekaar nie. Hy is die regverdige wat die sonde met 'n regmatige oordeel straf, maar Hy is ook die liefderyke wat dit aan sy eniggebore Seun straf— omdat Hy ons liefhet en ons wil spaar. *"Want so liefhet God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê"* (Joh. 3:16).

***Onbegryplik is God sê liefde***

En nou is daar een ding wat ons nie kan begryp nie. Dit is dat God ons liefhet. Bedink daarby: Wie is God en wie is ons, Hy is die Heilige — 'n verterende vuur en 'n ewige gloed — en ek 'n misdadiger" (Jes. 33; Ef. 2). Hy het my lief. Hy het dit bewys. "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons alles genadiglik skenk nie?" (Rom. 8:32). Dieselfde waarheid bely Guido de Brès: "aangesien Hy sy Seun vir ons in die dood gegee het tot ons regverdigmaking, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe deelagtig word".

***"Bloedteologie"***

So word vir ons iets van die "bloedteologie" van die Bybel duidelik. Daar was kalwers en bokke en lammers wat geslag is by duisende. Ja, selfs die seuntjies van Abraham sê bloed moes vloei toe hulle op die agste dag besny is. En tog: "die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem. Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom — in die boekrol is dit van My geskrywe — om u wil te doen, o God . . . Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net eenmaal" (Hebr. 10:4-10).

***Jesu-latrie***

Dit is goed om te weet dat die regverdige God ons liefhet in Jesus Christus. Ons moet egter nie dink dat sy liefde eers "ontstaan", nadat die Seun Hom vir ons gunstig gestem het nie. *Jesus het gekom, vrywillig gekom en gely en gesterwe; maar Hy is ook gestuur en oorgegee deur sy Vader wat Hom liefhet.* "Want God het sy Seun in die wêreld gestuur . . . Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie (Joh. 3:17, 18). Sommige mense aanbid eintlik alleen vir Jesus — dit noem ons , Jesu-latrie". Hulle vergeet dat Jesus gestuur is en gekom het om ons by die Vader te bring. Ons moet wel in sy Naam tot die Vader nader — ons kan en moet Hom self ook aanbid — maar Hyself leer ons om te bid: "Onse Vader, wat in die hemel is . . ."

***Medemenslikheid***

Hoe naby is God aan ons? Ons is ingesluit deur sy liefde. Ons leef daarin en daaruit omdat ons glo in Jesus Christus. En dan moet ons ons medemense van harte liefhê. Ons moet, soos die sg. "wêreldmening" vandag skreeu, "medemenslikheid" beoefen. Laat ons egter nimmer waag om dit buite die liefde van Christus te doen nie. Dan bly dit maar "humanistiese" medemenslikheid wat strewe na die aardse paradys en is dit 'n "fata morgana". ('n Sinsbedrog of lugspieëling). *Eers wanneer ons self die liefde van God in Christus ken en belewe, is ons ook in staat om ons naaste van harte lief te hê.* Dan kan ons selfs nie anders as om ons medemens lief te hê nie.

**ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK**

**Die onderwys van Jesus Christus**

Om te weet wie Jesus Christus is, kan ons die beste leer uit wat Hyself verkondig. Die hoofsaak van wat Hyself leer, vind ons in die vier Evangelies. Dit is goed om hierby in gedagte te hou dat elke evangelieskrywer 'n bepaalde doel het by sy skrywe. Elkeen maak derhalwe 'n keuse uit die onderwys van Jesus wat die beste by sy doel pas. So vul die Evangelies mekaar aan, maar weerspreek mekaar nie.

**Christus sê leer is uniek.**

Hoewel Hy praat in die taal en idioom van sy tyd, verskil sy leer egter radikaal van die leer van die Joodse rabbi's (Joh. 7:46; Matt. 7:28, 29; Mark. 1:22).

**Christus sê onderwysmetode.** Hy pas Hom in sy metode aan by omstandighede. Hy lees bv. uit die Ou Testament en verduidelik dit (Luk. 4:16-32). Hy spreek die menigtes toe bv. in die bergpredikasie (Matt. 5-7; Luk. 6). Hy onderrig ook enkelinge (Mark. 10:21; Luk. 10:39). Hy stel vrae om mense te laat dink (Luk. 10:26 ens.) Hy verkondig die toekoms in sy profetiese rede — Hy spreek deur gelykenisse ens. Wat egter al sy onderwys deurstraal, is sy unieke gesag. Hy spreek anders as die profete van die Ou Testament wat afgeleide gesag besit. Hy spreek met direkte, Goddelike en Soewereine outoriteit. Daarom is sy onderwys anders as die van enigeen voor of na Hom. Die deurlopende lyn in sy onderwys is dat Hy Homself verkondig. Sy hele leer is saamgetrek in sy eie Persoon. Hy is die Messias — dit is die tema van sy prediking. Hy kondig Homself aan — Hy openbaar Homself. Dink aan al die uitsprake waarin Hy verklaar "Ek is . . ." "Ek is die brood van die lewe ... die fontein van die lewende water . . . die lig van die wêreld ... die weg en die waarheid en die lewe ens".

Christus proklameer ook die Vaderskap van God soos niemand anders dit ooit gedoen het nie. Opmerklik dat Hy onderskei tussen "My Vader" en "julle Vader" — sy verhouding tot God is anders as die van sy dissipels — Hy is die eniggebore Seun van God en ons aangenome kinders (Luk. 2:49; 10:21, 22; Mark. 16:36; Mark. 21:25 ens.)

Die **koninkryk van die hemele** beslaan ook 'n groot deel van die prediking van Christus. In Mark. 1:15 begin Hy sy prediking daarmee. Dit is opmerklik dat Hy ook sterf onder die opskrif: , Jesus, die Nasarener. die Koning van die Jode".

Verder noem die Here Jesus Homself dikwels die **Seun van die mens.** Daarin sluit Hy aan by Dan. 7:13. Hy wou eintlik daarmee te kenne gee dat Hy die beloofde Messias is.

Hy het egter ook nadruklik sy dissipels geleer om Hom te aanvaar as die **Messias of Christus.** (Matt. 16).

Selfs sy **lyding en dood kondig** Hy vooraf aan. Hy lê sy lewe af vir sy skape (Joh. 10).

Ook oor die toekoms laat Hy Hom uit. **Hy spreek van die Trooster, die Heilige Gees,** wat sou kom (Joh. 14 - 16; Hand. 1).

Die **eindgebeure voor en met sy wederkoms** geniet ook besondere aandag in sy prediking (Matt. 24, 25).

Lees 'n mens die Evangelies onbevange dan kan dit nie anders nie — 'n mens moet Hom bely, soos Hy Homself aandien as die Christus die Seun van die lewende God of jy moet Hom verwerp as 'n godslasteraar soos die Jode, wat dit as rede aangevoer het waarom Hy gekruisig moes word. Teenoor Hom is geen neutraliteit moontlik nie.

**VRAE**

1. Wat beteken "die volheid van die tyd"?
2. Wat is die drie grootste wonders volgens Bernard van Clairvanx?
3. "Waarin het Jesus verskil van ander kinders wat gebore word?
4. Begryp jy dit dat Jesus een persoon met twee nature is?
5. Waarom **moes** Hy twee nature hê?
6. Hoe sien ons God sê toorn en liefde in Jesus Christus?

# Hoofstuk 14

## *ARTIKEL 21 - Ons ewige Hoëpriester*

**Ons Hoëpriester het eenmaal versoening gedoen toe Hy Homself geoffer het (Hebr. 11:27).**

"Ons glo dat Jesus Christus 'n ewige Hoëpriester is . . ."

### *Vir die Jode 'n struikelblok*

*Ons het 'n Hoëpriester. Hy is die Lam van God wat vir ons sondeskuld geslag is.* Dit leer die Evangelie van Jesus Christus ons. Die Jode vra 'n teken en die Grieke — ook maar die geestelike erfgename van die Grieke nl. ons "Westerlinge" — soek wysheid. "Maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus die krag van God en die wysheid van God" (1 Kor. 1:22-24). Die seuns van Abraham struikel vandag nog oor Jesus, die rabbi van Nasaret. Daar is vir die Joodse hart te veel op die spel. Hulle slag nog hulle kalwers en bokke, maar dat die altaar 'n kruishout word en die skaap die Seun van God, dit is te veel vir hulle Joodse geregtigheid. Hy het gefaal deur Hom te laat slag. Hy moes die swaard getrek en die vyande van die Jode van die aarde verdelg het en dan 'n aardse ryk — die Messiasryk — opgerig het waar die Jode die eerste onder die nasies sou wees. Maar Hy het dit nie gedoen nie — daarom is Hy 'n struikelblok vir die Jode.

### *Vir die Grieke 'n dwaasheid*

En die Grieke? In Hand. 17 lees ons hoe Paulus in Athéne vertoef. Paulus was 'n getuie van Jesus wat nie kon swyg nie. Hy het gepraat met wie hy teëkom — selfs op die mark. 'n Paar van die wysgere — Epikureërs en Stoïsyne — sê toe so tipies uit die hoogte: "Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil hê?" En uiteindelik staan Paulus voor die uitgelese gehoor van Griekse wysgere in die Areópagus en verkondig die "dwaasheid" van die dood en opstanding van Jesus. Wysgerig het hulle die neus opgetrek en gesê: "Ons sal u weer hieromtrent hoor". En dit was die laaste sien van die meeste Griekse wysgere. Waar kom 'n mens ook met jou wysbegeerte en jou menslike insigte met die Hoëpriester wat tegelyk die Lam van God was? Hoe is dit ook met ons menslike wysheid te rym dat die Verlosser van die mensdom aan 'n kruis sterwe? Hier moet 'n mens jou verstand kruisig en weer 'n kindjie word — kinderlik glo is die enigste wyse waarop ons by die kruis uitkom. Maar groot is die wins: *Vir ons is Hy die krag van God en die wysheid van God.* In Hom omhels ons hemelse Vader ons in sy kragtige arms en dit is vir ons die einde van menslike spekulasies: *Hy is die weg en die waarheid en die lewe* (Joh. 14).

### *Melgisédek*

Kinderlik gryp ons belydenis na die Bybel. Dit is asof die skrywer liefderyk deur die geliefde Boek van alle boeke blaai en die "bewyse" vir sy geloof na vore haal. En dan begin hy daar vér in die verlede by ou vader Abraham, "die vader van die gelowiges". Wie sou kon dink dat Abraham ookal sy tiende neergelê het aan die voete van sy "enigste Hoëpriester", wat soveel eeue later eers uit sy nageslag gebore sou word? Abraham het pas die inwoners van Sodom en Gomorra verlos, toe hulle deur vier konings verslaan en weggevoer is. By sy terugkeer kom Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste was, hom tegemoet. Hy seën Abraham en Abraham gee aan hom 'n tiende van die buit. (Gen. 14).

Hierdie gebeure word ook deur Dawid in Ps. 110 in herinnering geroep: "Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. Dit is duidelik 'n "Messiaanse" belofte — Dawid self was wel koning, maar geen priester nie. Hierby sluit die Hebreërbrief aan en sê oënskynlik moeilike dinge van Melgisédek. Hy praat

van hom as iemand: "sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur" (Hebr. 7:3). Die vreemde uitsprake kom maar net daarop neer dat Melgisédek nie uit die priesterstam van Levi en priestergeslag van Aäron afgestam het nie. Hy het nie nodig gehad om sy geslagsregister vas te stel nie — dat sy vader en moeder bekend moes wees — sy toetree- en aftree-ouderdom (begin van dae of lewenseinde) bepaal moés word nie ens. Net so was ook Jesus Christus nie uit die geslag van Aäron nie, maar uit die stam van Juda (Hebr. 7:14). Hy is derhalwe priester buite die "orde van Aäron" om, maar, "volgens die orde van Melgisédek".

***Eenmalige Priester — Eenmalige offer***

En wat 'n verskil? Melgisédek het eenmaal geleef in die dae van Abraham en met hom het sy "priesterorde" ook verdwyn. Maar in Hom het God sê vinger gewys na Christus wat sou kom. Ja, dit het Hy selfs met 'n eed bevestig in Ps. 110. Christus is derhalwe 'n buitengewone, eenmalige priester. Aäron sê seuns was maar soos skaduwees van Hom, die enigste ware Hoëpriester wat sou kom. Hy moes ook nie, soos die seuns van Aäron, eers vir Homself offer nie, want Hy het geen sonde gehad nie (Hebr. 7:26). Dit is selfs ook nie nodig dat sy offer herhaal moet word nie, "want dit het Hy net eenmaal gedoen toe Hy Homself geoffer het" (Hebr. 7:27).

***Die lydende Kneg van die Here***

Die belyder blaai verder deur die Boek. Dierbaar is Jes. 53: Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom. Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Hy is soos 'n lam na die slagplek gely. Hy is met die misdadigers gereken. Dan gryp hy die nuwe Testament: Pontius Pilatus het Hom veroordeel, hoewel hy Hom onskuldig verklaar het. In Getsémané het sy sweet soos bloeddruppels op die grond geval in sy benoudheid. Op Golgota het Hy in helse smarte uitgeroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Dit alles het Hy gely, opdat ons sondes vergewe kon word.

***Jesus Christus, die Gekruisigde***

Hoe kon dit anders dat Paulus, wat soos 'n brandhout uit die vuur geruk is (lees maar Hand. 9), dit moes sê: *"want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde"* (1 Kor. 2:2). Hierby staan en val ons saligheid. Die Naam , Jesus" beteken Saligmaker, omdat Hy ons salig maak en by niemand anders enige saligheid te soek of te vinde is nie. (Kategismus Sondag 11.)

Ons "enigste Hoëpriester" is die "enigste Lam van God". Hy staan voor die troon van God as 'n Lam wat geslag is (Openb. 5, 6) en Hy tree vir ons in met sy voorbidding as ons Hoëpriester. Struikel oor Hom of kniel voor Hom neer. Verwerp Hom as die grootste "dwaasheid" in die geskiedenis van die mensdom of aanbid Hom as die wysheid van God. 'n Middeweg is nie moontlik nie.

Alleen Hy kan sê: ‚Jou sondes is jou vergewe." By niemand anders is daar te vinde wat Hy bied nie: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee." (Matt. 11).

## *ARTIKEL 22 - Geregverdig deur die geloof*

**"Die regverdige, uit die geloof sal hy lewe." (Rom. 1:17).**

"Ons glo dat die Heilige Gees in ons harte 'n opregte geloof laat ontvlam wat Jesus Christus met al sy verdienstes omhels . . ."

***Waar kry ek 'n genadige God?***

Ons *glo* met die hart in Jesus Christus. So word Hy met sy verdienstes ons eiendom. "Ons glo

. . ." noem die tydgenote van Guido de Brès graag die "pit en murg, die kern en die hart" van die Evangelie. Dit is geen wonder as 'n mens in gedagte hou, hoe Luther, die "vader" van die Kerkhervorming nie tot rus vir sy siel gekom het nie. Luther sê lewensvraag was: "Waar kry ek 'n genadige God?" Hy het die God gesoek langs die weg van Roomse boetedoening, maar kon Hom nie vind nie. Na baie benoudheid en stryd vind hy die God in die Bybel. Dit is tog tragies dat die destydse kerk die genadige God nie verkondig het nie. Die rus het in sy siel gedaal toe hy in die Bybel lees: "Die regverdige, uit die geloof sal hy lewe." (Rom. 1:17). En sedert 31 Oktober 1517 het die "ontdekking" van Luther soos 'n veldbrand oor Europa versprei. Die Roomse Kerk kon die vuur van die Heilige Gees nie keer nie. Hy het die opregte geloof in die harte van mense laat ontvlam.

***Die geloof verbind ons met Jesus Christus***

Ootmoedig en dankbaar bely ons: die geloof word gewerk deur die Heilige Gees. Die geloof is die gawe van God. (Ef. 2:8). Die Here open 'n mens sê hart om te luister en te glo. (Hand. 16:14). Die geloof is die hand wat die Here ons gee om Christus en sy gawes te ontvang. En asof ons belydenis bang is — wie sou ook nie bang wees as hy sy eie hart ken nie — dat ons hierdie gawe van die Heilige Gees vir onsself as "verdienste" sal toereken, kom hy later weer daarby uit dat die verdienste van *Jesus Christus alleen ons geregtigheid voor God is en die geloof maar die "middel is wat ons met Hom verbind".* Hou dit tog maar goed vas. Dan bly jy klein voor God. Hy woon mos by die nederige en verbryselde van gees. (Jes. 57).

***'n Alte growwe Godslastering***

En, omdat die Roomse van sy tyd (en vandag ook nog maar) baie waarde heg aan die "verdienste" van die goeie werke — hulle besit glo deur die verdienste van die ekstra heiliges selfs 'n oorskot aan "verdienstelikheid" wat hulle deur sakramente, aflaatbriewe en so aan verkoop en uitdeel aan ander sukkelaars — bevestig Guido de Brès opnuut dat die hele saligheid alleen in Christus te vinde is. Om te beweer dat daar ook buite Hom saligheid te vinde is — "dit is 'n alte growwe godslastering". "Geloof alleen . . . Geloof sonder werke. Dit leer Paulus en dit glo ons. Dit is die enigste weg tot saligheid: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." (Hand. 16:31).

***Regverdig verklaar***

En nou moet ons ook 'n bietjie nadink oor die begrip "regverdig". Stel u maar 'n regsaak voor. Die Regter is God. Die beskuldigde is "ek" en , jy" en alle mense — man vir man en vrou vir vrou. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die geregtigheid van God. Ja, die hele wêreld is doemwaardig voor God. (Rom. 3:9-20). Daar staan die beskuldigdes en ons dra die tekens van die skuld aan ons. (Dink aan Josua die hoëpriester in Sag. 3.) Ons sou ons oë nie durf ophef en die Regter aansien nie. "Skuldig! Skuldig tot die dood toe," kerm ons gewete. Maar ons sien nie alleen die Regter nie, ons sien ook die Borg of Middelaar, Jesus Christus. Ons wys ons eie gewete en die duiwel en ook die hemelse Regter op Hom; die Lam wat geslag is . . . ook vir my sonde! En dan hoor ons die uitspraak van die Regter: "Onskuldig!" Ag, ons weet ons is skuldig. Maar ons word onskuldig — regverdig — "verklaar" ter wille van die verdienste van Jesus, die Lam van God wat vir ons sondeskuld geslag is.

***Nogtans toegereken***

En wat 'n bevryding is dit nie? Ek is regverdig voor God, alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus. My gewete klae my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en geeneen daarvan gehou het nie ... Ja, ek is nog gedurig tot alle boosheid geneig. NOGTANS — skryf dit met hoofletters, want dit is God wat dit oor my lewe skryf — NOGTANS skenk en reken God my toe, sonder enige verdienste aan my kant, uit louter genade, die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus ... En Hy meet nie af of gee drupsgewyse nie. Dit is

selfs nie "'n opgeskorte vonnis" nie. Dit is vryspraak, so volkome asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie. Ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het, wat Christus vir my volbring het, vir sovér ek die weldaad met 'n gelowige hart aanneem (Kategismus Sondag 23).

So het Luther sy genadige God gevind. So het Abraham Hom gevind: "En hy het in die HERE geglo; *en* Hy het hom dit tot geregtigheid gereken" (Gen. 15:6). En na hom alle gelowiges in die Bybel. En u en ek? Ja: "glo in die Here Jesus en jy saj gered word".

***"Ek glo Here", hom my ongeloof te hulp***

Maar nou kan ek nie afsluit, sonder om u ook te wys op die voorbeeld van my groot troos nie. Hier word gepraat van 'n "opregte" geloof. Ons Kategismus praat in Sondag 7 van 'n "ware" geloof. Gelukkig praat nie een van die twee van 'n "groot" geloof nie. Die Here Jesus prys wel twee keer mense vir hulle "groot" geloof en opmerklik was albei nie Jode nie, maar heidene. Dit was die Siro-Fencciese vrou en die Romeinse offisier van Kapernaüm (Matt. 15:28; Matt. 8:10). En glo my daardie Siro-Feneciese of Kananese vrou het self gedink dat haar geloof maar "kleintjies" is. Sy was tevrede om 'n hondjie te wees wat die krummels onder die tafel oplek. Waarby ek wou kom, was die vader van die duiwelbesete seun. Ons lees van hom in Mark. 9. Hy was raadop. G'n dokter kon hom help nie. Jesus sê dissipels was ook magteloos. Eindelik staan hy voor Jesus self - Weifelend sê hy: "as U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons" - Jesus sê antwoord is: "Wat dit betref— as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo . . ." En dan kom die uitroep wat vir my soveel werd is: "En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo Here, kom my ongeloof te hulp!" En die Here doen dit. Hy genees die kind.

Gelukkig staan ook die verhaal in die Bybel. Vir ons wie sê geloof soos 'n geknakte riet en 'n dowwe lamppit is, is dit tog soveel werd as ons kan sê: "Ek glo Here . . . Maar ek het tog soveel stryd met my eie ongeloof. Gelukkig is die geloof nie uit myself nie, maar 'n gawe van God. Daarom het ek diep in my innerlike rus. My saligheid lê immers vas in Christus buite myself al is my geloof, o so klein!"

## *ARTIKEL 23 - Regverdiging - Vergewing en toerekening*

**Regverdiging — vergewing en toerekening**

"Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergifnis van ons sondes om Jesus Christus wil . . . Ons steun en rus op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen, wat ons eie is as ons in Hom glo . . . '

***Ek het jou skuld weggeneem en beklee jou***

Kom ons kyk 'n bietjie na die regsaak waarvan ons lees in Sag. 3. Sagaria sien in 'n naggesig 'n regsgeding in die hemel. Voor die troon van die HERE staan Josua, die hoëpriester van sy volk. By hom staan die Satan as aanklaer. En Josua het vuil klere aangehad. Dit is kennelik die teken dat hy werklik skuldig is. Soos die moordenaar sê bloedbevlekte kleed die verhaal van sy misdaad vertel, só verklaar Josua sê klere hom skuldig. En dan kom die uitspraak van die hemelse Regter: "Mag die HERE jou bestraf, o Satan! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?" Hierop volg die opdrag: "Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en beklee jou met feesklere".

***Bruilofsgas sonder bruilofskleed***

Jy is regverdig — onskuldig verklaar voor God — wanneer jou *vuil klere weggeneem is* en *vir jou feesklere aangetrek is.* Daar word iets van jou weggeneem en iets anders aan jou gegee. *Jou skuld word weggeneem en die geregtigheid van Jesus Christus word aan jou gegee.* So

vertel die Here Jesus van die koning wat 'n bruilof vir sy seun berei het. Hy stuur sy slawe om die "genooides" kennis te gee. Hulle weier egter om te kom. Dan stuur hy hulle na die kruispaaie en straathoeke om almal te nooi wat maar wil kom. Die bruilofsaal loop gou-gou vol van slegtes sowel as goeies. Eindelik kom die koning self in. Hy kom sy gaste welkom heet. Sy oog gaan oor die feesmenigte en dan ineens bly dit rus op iemand. Daar sit iemand sonder 'n feeskleed aan. "Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande" (Matt. 22:1-14).

***Armsaliges en slawe is koningsgaste***

Wat 'n bohaai, sou u sê, oor 'n kleed! Ja, as dit maar net om die kleed gegaan het. In ons tyd maak mense baie van klere, hoewel hulle gewoonlik min aantrek. Die man, waarskynlik 'n ryk man, het ook baie aan sy eie klere gehad. Die koning roep reisigers en arbeiders en smouse na sy feesmaal. Hulle is gewis nie aangetrek om na 'n bruilof te gaan nie. Daarom word aan hulle almal by hul aankoms by die paleis feesklere uitgereik. Hulle trek hulle eie klere uit en trek die koning sê bruilofsklere aan. Om een of ander rede kom die ryk man met sy purper en fyn linne ook by die paleis aan. Hy vind dit onnodig om sy klere te verwissel. Daarby is hy ook gesteld op sy eie mooi klere. Die koning hoef hom nie soos 'n armlastige te klee nie. Regop stap hy die saal binne, met 'n tinteling in sy oë. Eintlik hoort hy nie hier tussen die "plebs" nie. Hy is ten minste darem 'n vooraanstaande en gesiene mens en hier sit die werkersklas en bedelaars nou ewe spoggerig uitgedos in geleende "feesklere" van die koning. En bedelaars en slawe is behoue, maar die ryke ween en kners uiteindelik sy tande in die buitenste duisternis.

***Allerbeste werke 'n wegwerplike kleed***

Ja, so gaan dit by ons Koning en sy koninkryk. Petrus sê dat ons allerbeste werke soos 'n wegwerplike kleed by God is. Eie werke — eie verdienste — moet afgelê word, soos 'n vuil of geskeurde kleed wat jou naaktheid nie kan bedek nie. Trek dit uit en gooi dit weg en kom kry die feeskleed verniet — dit is die geregtigheid van Jesus Christus. Hy alleen is die Regverdige, want Hy het geen sonde gedoen of gehad nie. Waarom spook en spartel jy nog om jouself voor God en die mense "toe" te hou? Jou naaktheid is oop en bloot in die "vodde" wat jy aandien as goeie werke. "Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Jesus Christus is" (Rom. 4:23, 24).

***Ons gooi, wat vir ons mooi is, nie maklik weg nie***

En is dit nie maar die fout van die mense wat verlore gaan nie? "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien" (Openb. 3:17, 18). Die Fariseër en eiegeregtige is in sy eie oë ryk. Die Fariseër wat diep onder ons vel ingekruip het gooi nie maklik weg wat in ons oë mooi is nie.

***Vyeblad van eiegeregtigheid***

Trek uit en gooi weg en haas jou om klere te kry! Adam, sê Guido de Brès, het hom bewende met vyeblare bedek en dit nog tevergeefs ook. Gelukkig het die HERE self vir hulle rokke van vel gemaak. Daar het Hy al begin om te voorsien. "En, voorwaar, as ons voor God moes verskyn en steun op onsself of op enige ander skepsel, hoe min dit ook mag wees, dan sou ons helaas! verslind moet word. En daarom moet elkeen met Dawid sê: HERE, gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie."

## *ARTIKEL 24 - Vrugte van die Geloof*

**"'n Goeie boom dra goeie vrugte" (Matt. 12:33 - 37).**

"Ons glo dat hierdie waaragtige geloof, in die mens gewerk deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, hom wederbaar en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde ..."

***'n Vrugbare geloof***

Ons glo, daarom leef ons tot eer van God. En dit kan nie anders nie. Die geloof maak ons lewend, want dit is die werk van die Heilige Gees deur die Woord van God. 'n Goeie boom dra goeie vrugte. Die vrug van die geloof is sigbaar: ons het God en ons medemens lief en bewys dit deur ons dade. Dit is wat Jakobus bedoel wanneer hy sê: "Wat baat dit my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Die geloof kan hom tog nie red nie" (Jak. 2:14). Jakobus bedoel alleen maar dat geloof *sonder werke geen geloof is nie.* Só 'n geloof, as jy dit "geloof' kan noem, is nie "saligmakende" geloof nie. Dit kan hom nie red nie.

***Christus oordeel volgens die werke***

Wanneer Jesus kom om te oordeel, word die mensdom verdeel. Hy sit op sy troon en skei hulle van mekaar soos die skape van die bokke geskei word — die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand (Matt. 25:31-46). Vir die skape sê Hy: "Kom julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af." Wie is hulle? Hulle is die wat waarlik glo. *"Hy wat in Hom glo word nie veroordeel nie"* (Joh. 3:18). Die regverdige sal uit die geloof lewe (Rom. 1:17). Nou gebeur daar egter iets vreemds. Die Koning, Jesus, rep geen woord van geloof by sy oordeel nie. *Hy praat alleen van dade:* " Want Ek het honger gehad en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad en julle het My te drinke gegee . . ." En só gaan Hy voort om hulle dade op te noem. Vir die bokke geld dieselfde: "Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad en julle het My nie te ete gegee nie, ens."

Ook by die oordeel in Openb. kry ons dieselfde verskynsel: "En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, *volgens hulle werke . . . en hulle is geoordeel, elkeen volgens hulle werke"* (Open. 20:12, 13). Is dit 'n wonder dat die Roomse Kerk dan stelle van reëls en gebooie opstel, waarvolgens die mense moet lewe, om hulle saligheid te verdien — of altans ten minste te help verdien? Hierteen is hierdie artikel gemik.

***Sonder werke is die geloof dood***

En dan kan ons maar dadelik sê: Die Here kan gerus oordeel volgens die werke, want waar geloof is, daar is die werke ook. Sonder die werke is die geloof dood. Hier moet ons gewis teen twee dwalinge waak. Aan die een kant is daar die mense wat roep: "Here, Here!", maar nie die wil van die Here doen nie (Matt. 7:12). Die sorgeloses en valse gerustes moet ons gedurig waarsku: Geloof sonder werke bestaan nie. Dit is 'n onding. Só 'n mens weet nog nie wat geloof in Jesus Christus beteken nie.

***Vrugte van geloof onverdienstelik***

Die ander gevaar is dat ons die vrugte van die *geloof* as verdienstelik kan beskou. Dan staan ons op die standpunt van die Fariseërs en die Roomse en sommer baie, baie ander mense. Die wêreld is vol Fariseërs. U ken mos die gelykenis: "O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie — rowers, onregverdiges, egbrekers ens. ens. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry" (Luk. 18:9-14). En die ou Fariseër sit in ons aller bloed. Pas op tog vir hom! Hy lyk ook nie sleg nie. Hy is nougeset en voorbeeldig. Die wortel waaruit hy leef, is egter vrot, giftig — hy sit self nog ten troon en nie Jesus Christus nie.

### *Verlos om te dien*

Ons is onverdienstelik — uit genade gered, deur die geloof en dit is nie uit onsself nie; dit is die gawe van God. (Ef. 2). En dan dink ons aan ou Sagaria, die vader van Johannes die Doper. Na Johannes sê geboorte borrel uit sy hart 'n danklied. "Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het . . . dat ons verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien" (Luk. 1:68, 74). Verlos om te dien, dit is wat die geloof in Jesus aan ons doen. Jesus self bind dit só saam: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. *Neem my juk op julle* (Matt. 11:28, 29). Weer is dit verlos om te dien. En so kan ons die voorbeelde opstapel.

### *Geskape om te dien — dit is ons vryheid*

En nou wil ek darem nog dit byvoeg. Ons Kategismus praat van *'n beloning, nie uit verdienste nie, maar uit genade.* (Sondag 24.) Lees ons nou verder wat Jesus in Matt. 11 sê, dan blyk dit ook daaruit: "Neem my juk op julle en leer van My, en julle sal rus vind vir julle siele." Is dit nie waar nie? Wanneer ons "goed doen" het ons innerlik rus. 'n Mens kan dit egter nie as beloning beskou nie. Eintlik kom dit maar net daarop neer dat die Here ons só geskape het. Wanneer ons Hom dien, leef ons volgens ons bestemming, waarvoor Hy ons gemaak het. Dit is ons vryheid. Soos die vis vry is in die water, maar tog daaraan gebonde is; so is ook ons vry wanneer ons in die Here bly en Hy in ons. *Gebonde aan sy wil is ons vry.* Dit gee aan ons bevrediging en rus vir ons siele.

### *Werke volg*

En die ewigheid dan? Luister: "Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid, en hulle werke volg met hulle" (Openb. 14:13). Ons werke sal daar wees, maar hulle baan nie vir ons die weg nie. Hulle gaan nie voor ons uit om vir ons die hemelpoort oop te maak nie. Nee, die Here gee ons die saligheid, sonder enige verdienste van ons kant, uit genade. Hy sluit die poort vir ens oop en ons gaan in, maar agter ons aan kom ook die werke: "Mooi so, goeie en getroue slaaf. Oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel!"

### *Werke van God in ons*

Die wonderlikste van alles is nou dit: Hierdie werke is in werklikheid nie my werke nie. Dit is die werk van God in my — werke van die Heilige Gees. "Dit is Hy wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae."

### *Vrugte van dankbaarheid*

Ons ontvang alles uit genade. Wat ons doen tot eer van die Here doen Hyself in ons deur die Heilige Gees. Hoe kan ons dit as verdienste aan sy voete neerlê? En daarbenewens kan ons niks op aarde doen wat volmaak en onbevlek in die oë van God is nie. Hoe sou ons dit kon aandra ter betaling aan die Heilige wat in die hemel woon? Nee, al wat ons kan sê is 'n stamelende "dankie Here" met dit wat ons doen. Hy het ons gewortel en geplant as "goeie bome" en die vrugte wat ons dra is "vrugte van dankbaarheid". Só gesien, loop ons werke nie vóóruit om ons weg na die hart van God oop te maak nie. Nee, ons ontvang die ewige lewe as 'n geskenk uit sy hand en ons sing met Dawid: "Wat kan ek Hom bring uit dank vir sy genade?"

### *Ons anker is Jesus Christus*

En dan eindig ons weer by die begin: Ons glo, daarom leef ons tot eer van God. Die anker van ons lewe is nie die wisselvallige "werke" wat ons doen nie, maar die verdienste van die lyde en sterwe van ons Saligmaker. Dit alleen gee aan ons vaste grond om op te bou — buite ons eie wisselvallige "ek". Bou ons op wat ons doen, dan sou ons aan gedurige twyfel onderwerp wees,

want daar is altyd hoeveel dinge wat ons gewete aankla. "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? *Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here"* (Rom. 7:24, 25). Jesus Christus alleen is die anker van ons lewe.

**VRAE**

1. Waarom is Jesus as Hoëpriester vir ongelowiges onaanvaarbaar?
2. Hoekom is Jesus Christus Hoëpriester volgens die orde van Melgisédek?
3. Die Roomse Kerk leer dat hulle in elke Roomse kerk oor die hele wêreld, dus onophoudelik, Jesus offer in hulle mis (wat nog altyd volgens ons belydenis vervloekte afgodery is). Noem 'n teks wat dit as vals bewys.
4. Hoe kry ek die geloof?
5. Is die mens wat weergebore is vir altyd vry van sonde?
6. Hang my saligheid af van die omvang en krag van my geloof?
7. Wat is die feeskleed wat ons ontvang?
8. Is dit waar dat Jakobus van Paulus oor die betekenis van goeie werke verskil?
9. Hoe doen ons goeie werke?
10. As ons beste werke dus nog sondig is omdat ons daaraan werk, wat bly dan oor om vas te hou?

# Hoofstuk 15

## *ARTIKEL 25 - Christus het eenmaal gely en alles volbring*

**Wat van die wette van Moses?**

"Ons glo dat die seremonies en sinnebeelde van die Wet opgehou het met die koms van Christus en dat aan alle skaduwees 'n einde gekom het, sodat die gebruik daarvan onder die Christene afgeskaf moet word; nogtans bly die waarheid en wese daarvan vir ons bestaan in Christus Jesus in wie hulle vervulling gevind het ..."

***Christus alleen***

Ons is nog altyd besig met: *Christus alleen.* Christus alléén is die Middelaar. Hy alleen is waaragtig God en waaragtige mens. Hy alléén kan en het die wil van God volkome volbring. Hy alléén het vir ons versoening met sy Vader bewerk. Deur die geloof in Christus alléén is ons geregverdig — onskuldig verklaar voor die aangesig van God en ons gewete, Die "geloof' self is geen verdienste nie — alleen maar 'n middel *aan ons gegee* om die verdienste van Christus vir ons toe te eien. En die werke, die dade, die lewe, die liefdesbetoning wat van ons kom, werk Hy ook maar in ons.

***Wat van die Wet?***

Maar wat dan van die Wet? vra die Jood en die Rooms-Katoliek. Wat dan van al die voorskrifte van Moses? Dit is tog eise van die Bybel? Hoe durf jy dan varkvleis eet? Dit is mos onrein, volgens die Wet van Moses? En die Sabbat is immers die sewende dag. En die besnydenis is 'n moet! Jy moet tog gehoorsaam wees of anders is jy verlore! Ag mens, dan het Christus mos nie alles, letterlik alles, volbring nie! Dan is sy verdienste mos nie heeltemal voldoende, indien ek ook nog my deeltjie moet doen en as verdienste aandra nie!

***Ou Testament bly Woord van God***

Wat bely ons nou eintlik in hierdie artikel? Nie alleen is die beloftes in die Ou Testament in Christus vervul nie, maar ook die erediens in die Ou Testament is in Hom vervul. Aan die ander kant bly die Ou Testament tog nog tot ons spreek as die Woord van God. "Intussen gebruik ons nog die getuienisse — wat aan die Wet en die Profete ontleen is — om ons in die Evangelie te bevestig en ook om ons lewe te reël, in alle eerbaarheid, tot eer van God, en volgens sy wil."

***Afbeeldsel en skaduwee***

Die Ou Testament is vol van sinnebeelde. In die tabernakel en tempel was altare en die goue kandelaar en die hoëpriester moes besondere klere dra en op sy bors 'n borstas ens. ens. Daar was ook seremonies soos die besnydenis, die offers en die gebruike i.v.m. reiniging. In al hierdie sinnebeelde en seremonies is iets afgebeeld. "Want as Hy (Christus) op aarde was, sou Hy selfs geen priester wees nie, omdat daar priesters is wat volgens die wet die gawes offer, *hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien"* (Hebr. 8:5, 6). "Laat niemand julle dan oordeel in spys en drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of Sabbat nie, *wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge;"* (Kol. 2:16, 17).

***Lewe uit die geloof — ook in die Ou Testament***

Die seremonies en sinnebeelde was afbeelding van Christus en sy werk. Hulle moes Israel daartoe bring om gelowig uit te sien en te wag op die Beloofde Messias. Hulle het die volk geleer om *uit die geloof te lewe.* Ook Israel moes begryp dat die geregtigheid nie bestaan in wetsvervulling nie, maar in die geloof in God wat mense uit genade regverdig maak. Ag, hoe weinig het die volk hiervan begryp? Hulle het die seremonies dikwels bloot uitwendig volbring,

met die gedagte dat hulle hulself daardeur verdienstelik voor God maak. Hoe het die profete hulle hieroor vertoorn! Luister na Jesaja: "Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste — Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie!" Maar wat moet die volk dan doen? Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here; al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol" (Jes. 1:13-18). Glo in die vergewing van sondes!

***Besny die voorhuid van julle hart***

Net soos in die Nuwe Testament moes die Ou Testamentiese gelowige ook kom tot berou en bekering en die lewe uit die geloof om vergewing van sondes te ontvang. Die seremonies en sinnebeelde was die uitwendige kleed om dit aan hulle tuis te bring. Dit het vir God nie gegaan om bokke en kalwers wat geoffer word nie, *maar om die hart van sy volk.* Dink aan die treffende wyse waarop Moses die besnydenis toepas in Deut. 10:16: *"Besny aan die voorhuid van julle hart en verhard julle nek nie verder nie."* Besnydenis van die hart is dieselfde as die "doop met die Heilige Gees", waarvan ons in die Nuwe Testament lees. Dit gaan om geloof en wedergeboorte en bekering en nie om die uitwendige vervulling van wette en seremonies nie.

***"Kinders en volwassenes"***

Die Ou en Nuwe Testament verskil, maar is nie in teëspraak met mekaar nie. Beide openbaar die geregtigheid deur die geloof alleen. Die Ou Testament is soos 'n kinderboek met baie tekeninge en min verduideliking met woorde; die Nuwe Testament is weer 'n boek vir volwassenes wat tot ons spreek deur woorde en idees en met min aanskoulike lesse. Albei gee egter tesame 'n deurlopende verhaal — die een kan sonder die ander nie bestaan nie. Ons het tot volwassenheid gekom. Ons kleef nie vas aan die figure en seremonies van die Ou Testament nie. Die boodskap daaragter bly egter ook nog tot ons spreek. Eintlik is die hele Nuwe Testament niks anders as 'n uitlegging en verduideliking van die Ou Testament nie. Christus en die apostels verwys gedurig na die Ou Testament as die Woord van God.

***Hang nie aan die uitwendige nie***

Volgens die Ou Testament kon geen priester sonder 'n offer voor God verskyn nie; anders sou hy verteer word deur die vuur van God sê toorn. Ons kan ook nie sonder 'n offer voor God verskyn nie. Die verskil is alleen maar dat ons nie 'n stomme dier slag nie, omdat die *ware Lam van God alreeds vir ons sondeskuld geslag is.* In sy Naam en in die geloof in sy soenverdienste, kan ons vrymoediglik nader. Ons sonde is immers in Hom bedek. En net soos die Ou Testamentiese gelowige nie aan die uitwendige mag vaskleef nie — so ons ook nie. Dit gaan bv. nie daarom dat ons uitwendig aan die kerk behoort nie, maar deur die ware geloof ingelyf is in die "liggaam van Christus". Wat die doop en nagmaal betref, mag ons nie bly by die uitwendige tekens nie. Dit gaan om die geloofsgemeenskap met die lewende Christus deur die werking van die Heilige Gees.

***Christus skryf op tafels van ons hart***

Ons kan nie genoeg waarsku teen die neiging tot veruitwendiging nie. Dit is veel makliker om aan 'n uitwendige reël vas te kleef as om die Here met jou hart te dien. Dit geld vir beide die Ou en Nuwe Testament. Christus het gekom om die wet te vervul (Matt. 1:17). En Hy skryf die wet op die tafels van ons hart (2 Kor. 3:3). Dit is maar die een groot wet, wat alle wette in die Bybel insluit. Jy moet die Here jou God liefhê bo alles en jou medemens soos jouself. Vanselfsprekend bly hierdie liefdesgebod in ons hart nie 'n onbeskryfbare swewende iets nie — dit kom tot uitdrukking in die uitwendige; woorde en dade. En dit kom ook nie neer op 'n soort "inwendige lig", waardeur 'n mens nou los van die Bybel en die wet van die Here presies weet hoe jy moet optree nie. Nee, dit is in ons harte geskrywe opdat ons onsself gevange gee

aan die wil van God, soos in sy Woord aan ons voorgeskrywe. En waar anders sien ons duideliker wat die wil van God is, as juis in die Tien Gebooie?

### *Geen veruitwendiging en geen verdienste*

Ons kan egter die Tien Gebooie nie vervul nie. Die allerheiligste het maar 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid aan die wet van die Here. Christus alleen het die wet vervul.

Ons stry egter hard om na al die gebooie van God te begin lewe — nie om daarmee die saligheid te verdien nie — dit het Christus gedoen, maar om ons "dankbaarheid aan die Here te betoon" vir die verlossing wat Hy aan ons present gegee het. Waar ons die wet wel betrag, gaan dit gepaard met die twee voorwaardes: *Geen veruitwendiging en geen verdienste nie.*

### *Het die "rusdag" verval?*

Dit is opmerklik dat die Tien Gebooie as sodanig oor die algemeen in Christelike kerke aanvaar word. Oor die vierde gebod bestaan egter stryd. Selfs in Gereformeerde kringe gaan deesdae stemme op teen die sg. "onderhouding van 'n bepaalde dag" (Kol. 2:16; Gal. 4:10). "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwe maan *of* sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge . . ." (Kol. 2:16). 'n Sterk argument is dan dat die Here Jesus self die sabbatgebod dikwels sou "oortree" het.

### *Gekom om die wet te vervul*

Hierteenoor wil ek in die eerste plek verwys na Matt. 5:17: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul." En dan gaan dit hier nie bloot daarom dat die Here Jesus die Wet en die profete self vervul het deur daaraan gehoorsaam te wees nie, maar dat Hy ook geleer het dat dit nie gebreek moes word nie. Volgens Calvyn is dit juis wat die Here bedoel: Hy leer die mense nie om die wet te breek nie (Matt. 5:19). Wat die sabbat betref, is die sabbatsgebod as sodanig nêrens ter sprake nie. Dit gaan in die optrede van Jesus alleen teen die Joodse vertolking van die sabbatsgebod.

### *Liefde en nie offerande nie*

In sy stryd teen die Fariseërs verwys die Here bv. na Hos. 6:6: "Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerandes nie ..." Hier was die geldigheid van die Joodse voorskrifte in gedrang. Dit pas Jesus toe in sy gesprek met die Jode juis oor die sabbat (Matt 12:7). Dit gaan om goeddoen en liefdesbetoning, ook op die sabbat, en nie om reël op reël en gebod op gebod nie. Die bedoeling van God met die rusdag is nie om die lewe te knel en in te perk nie. Selfs wat die are pluk en uitvryf betref, waarvan ons in Matt. 12:1-8 lees, gaan dit weer nie om die gebod van Moses nie, maar om die Fariseërs se vertolking van die sabbatsgebod. In Ex. 34:21 praat Moses van "oes" en nie daarvan dat 'n mens 'n paar are pluk en uitvryf om te eet nie.

### *Here van die sabbat*

Selfs wanneer Jesus Homself Here van die sabbat noem, wil Hy nog nie daarmee te kenne gee dat Hy die sabbatsgebod opgehef het nie (Matt. 12:8). Weliswaar is Hy as Seun van die mens, wat meer as Dawid en die tempel is — Dawid wat toonbrode geëet het en die priesters wat op die sabbat in die tempel die sabbat ontheilig en onskuldig is — ook nie onderworpe aan die wet nie. "Hy is van die heiligingsvoorskrifte ontslaan indien dit sy eie weg wat deur God voorgeskryf is, deurkruis! (H. N. Ridderbos: De Komst van het Koninkrijk p. 266). Selfs al sou Hy die sabbatsgebod oortree as "Seun van die mens", dan ontbind Hy nog nie die wil van die Vader nie, maar volbring dit (Ridderbos). Dit wil egter geensins sê dat Hy wel daadwerklik die gebod oortree het nie. In Matt. 17:24 - 27 kry ons 'n soortgelyke verwysing na die tempelbelasting. Hy as Seun is nie verplig om tempelbelasting te betaal nie, maar Hy doen dit tog. Só handel Hy ook met die hele wet. Hy onderwerp Hom daaraan om alle geregtigheid te

volbring, hoewel Hy as Seun van die mens dit nie nodig het nie. Hy doen dit ter wille van ons.

Die Here Jesus het, soos Hy gewoon was, op die sabbat opgegaan na die sinagoge (Luk. 4:16). Hy het die gewoonte nie as verkeerd beskou nie. En wanneer Hy sy liefdesdade betoon, was dit omdat dit op sy weg gekom het. Hy het nie doelbewus sy dagtaak as arbeider gaan verrig nie, maar Hy kon die kalf nie in die put laat bly nie.

***Die eerste dag van die week***

Dat Jesus Hom Here van die sabbat noem, hou tog ook in dat die sabbat as dag aan Hom behoort. Watter sin sou dit hê dat Hy Here van die sabbat is, indien Hy dit sou afskaf. Hy kan egter as Here van die sabbat die inhoud en sin daarvan bepaal en uitlê. Hy kan selfs as Here van die sabbat bepaal dat dit nie meer op die sewende dag nie, maar op die eerste dag van die week gevier word. Dit doen Hy deur op die eerste dag van die week op te staan en dan lei Hy sy kerk só dat hulle dit voortaan as rusdag of "dag van die Here" onderhou. Hand. 20:7: "Op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek . . ." Hulle vier nagmaal op die dag. 1 Kor. 16:2: "Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie." Ook hier is dit nie bloot 'n reëling van bydraes nie, maar bydraes word afgesonder wanneer die gemeente vergader het — op die eerste dag van die week. Openb. 1:10: "Ek was in die Gees op die dag van die Here." Johannes praat van "die dag van die Here" as die rusdag.

## *ARTIKEL 26 - Wat vir ons intree*

**"Christus wat ook vir ons intree" (Rom. 8:34).**

"Ons glo dat ons geen toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus . . ."

***'n Priester offer en bid***

Christus is ons enigste Hoëpriester. Artikel 21 het ook al gehandel oor sy priesterlike werk. Toe het dit gegaan om die soenoffer van sy eie liggaam wat Hy, die Hoëpriester, vir ons geoffer het. Daarmee is sy priesterlike werk nie afgehandel nie. Die priester in die Ou Testament was ook voorbidder van sy volk en dit is ons Priester ook. Treffend kom beide offer en voorbidding in sy priesterlike werk tot uiting in Skrifberyming 10:2. Dit is die digterlike vertolking van Rom. 8:34.

> "Dis Christus wat die skuld wou dra,
> die *dood vir ons gesterf het,* ja
> wat, opgewek, in glorie sit,
> en *altyddeur vir ons wil bid."*

Hy het vir ons die *dood gesterf.* En Hy *bid altyddeur vir ons.* Christus het opgevaar na die hemel. Daar sit Hy nie in "ledigheid" en wag op die wederkoms nie. Hy regeer, ja, as Koning, want Hy sit aan die regterhand van God. Hy regeer egter nie alleen oor ons met sy Woord en Gees nie, maar Hy bid ook vir ons. Daarsonder sou ons geen oomblik staande kon bly teen die aanslae van ons doodsvyande: die duiwel, die wêreld en ons eie bose harte nie.

***Priester dra sy volk op sy hart***

Van sy voorbidding was die hoëpriester in die Ou Testament 'n treffende skaduwee of voorafbeelding. Op die groot versoendag het die hoëpriester van Israel in die "allerheiligste" van die tabernakel of tempel verskyn. Hy moes offerbloed op die versoendeksel van die verbondsark sprinkel en vir sy volk voorbidding doen. Hy verskyn daar in die allerheiligste, "voor die aangesig van God" nie alleen nie. Nee, hy dra simbolies sy volk op sy hart. Sy gewyde

uitrusting het ook die "borstas" ingesluit. Daarop was twaalf edelstene vasgeheg met die name van die twaalf stamme van Israel daarop gegraveer. En nou ken ons die volk van die HERE. Dink maar aan hulle daar in die woestyn. Hulle was ongehoorsaam, opstandig en het voortdurend foutgevind met die HERE hulle God. Hulle het selfs afgode gedien.

***Die Here sien sy volk as keurstene***

En nou staan die hoëpriester voor die "aangesig" van God in die allerheiligste. En hoe sien die HERE nou sy volk? Sien Hy hulle morrend, murmererend, opstandig, afgodies selfs? Nee, Hy sien hulle as "edelstene" gedra op die hart van sy hoëpriester. Dit geld nie alleen van Israel en sy hoëpriester nie. Dit geld ook van ons en ons Hoëpriester. Hy staan voor die troon van God en dra ons op sy hart. En hoe sien God ons? In ons sondeverlorenheid en ongehoorsaamheid en traagheid en liefdeloosheid? Nee, Hy sien ons gedra op die hart van ons Hoëpriester as keurstene. Ondanks al ons sondes bid Hy nog vir ons met groot vrymoedigheid, want Hy het vir ons sondeskuld betaal. En die Here sien ons as "geheiligdes in Christus" — daarom verhoor Hy Hom (1 Kor. 1:2).

***Roomse Heiliges***

Ons enigste Middelaar is ook ons enigste Hoëpriester. En wat het die Roomse Kerk nie daarvan gemaak nie? Daar is Maria en die string "heiliges" wat, volgens hulle, by Christus vir ons moet voorspraak doen. Die "heiliges" word godsdienstig vereer en aangeroep op grond van hulle "verdienstelikheid". Hulle sou dan sogenaamd "oortollige" goeie werke gedoen het, wat hulle "aanroepers" ook ten goede kan kom. 'n Mens wonder waar kom Rome aan al die dwaashede. Só is die heilige George, die beskermer van Engeland; Willebrordus van Nederland; Lukas van die dokters; Virgilius van die ingenieurs en die skoolmeesters word bewaar deur die heilige Cassianus. Die heilige Blasius help by keelsiektes en Appollonia moet jy aanroep wanneer jou koors hoog is. So het hulle voortgebou op die patroon van "voorsprekers" tot in die oneindigheid. Elkeen wat deur sy "oorvloedige goeie werke tot die staat van heilige" verklaar word, moet darem ten minste 'n "taak" ontvang.

***Christus ons enigste Voorbidder***

Dit is duidelik dat Guido de Brès dit veral teen hierdie dwalinge van Rome bedoel het, toe hy die artikel opgestel het. Die Hervormers was daaroor baie beslis dat die aanroeping van die heiliges niks anders as afgodery is nie. Dit is 'n duidelike verwerping van die enigste Middelaar Jesus Christus. Hy alleen tree vir ons in by die Vader. Hy het met ons swakhede medelye, omdat Hy net soos ons versoek is, hoewel Hy sonder sonde was. (Hebr. 4:15). En sou Hy, wat op die regte tyd vir die goddelose gesterf het, ons vergeet, noudat ons geregverdig is deur sy bloed? (Rom. 5:9).

***Ek het vir jou gebid***

Sy voorbidding is vir ons net so werklik as vir Simon Petrus: "Simon, Simon, kyk die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif, maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie . . ." (Luk. 22:31, 32). Simon sou val en hy het geval, maar hy het nie verval nie, omdat die Here Jesus vir hom gebid het. En vir ons geld dieselfde. Wie is daar wat nie elke dag struikel nie? Wie twyfel nie dikwels aan sy eie saligheid en opregtheid nie? En tog kan ons nie wegkom van die Bybel en van Christus nie. Ons soek Hom altyd maar weer — al is dit in swakheid. Waarom? Omdat Hy vir ons bid.

**ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK**

Teenoor die Bybelse leer van die verlossing deur die geloof in die soenlyde van Jesus Christus, kry 'n mens allerlei strominge wat leer dat 'n mens deur verdienste voor God regverdig is. Reeds in die Bybel is sprake van geregtigheid deur verdienste. Paulus het in sy briewe te kampe met

bv. die sg. , Judaïsme". Om die agtergrond van die stryd teen die Judaïsme beter te begryp, gee ons enkele grepe uit die geskiedenis en betekenis van hierdie rigting.

**Wat is die Judaïsme?**

In "The New Bible Dictionary" kry ons die volgende definisie van Judaïsme: .Judaïsme is die godsdiens van die Jode in teëstelling tot die van die Ou Testament". Dit is vreemd dat die Jode sê godsdiens teenoor die van die Ou Testament gestel is. Dit is egter die ware toedrag van sake. Die Judaïsme het min of meer ontstaan in die tyd van die Babiloniese ballingskap. Dit het egter eintlik werklik tot ontwikkeling gekom eers na die verwoesting van die tempel deur die Romeine in 70 nC. Die Christene het hul rug gekeer op die elemente in die leer van die Judaïste wat die wet op só 'n wyse uitlê dat dit nie alleen in stryd is met die christelike leer nie, maar ook met die van die Ou Testament.

**Die Torah**

Die verwydering van die volk van die tempel — die enigste plek waar vir die Here geoffer is — deur die Babiloniese ballingskap. Los van die tempel ontwikkel 'n godsdiens sonder die offerdiens. Toe die meeste Jode na die ballingskap in Babel agterbly, was dit noodsaaklik om 'n gewysigde godsdiensoefening te hê om as Jode te kon bly voortbestaan in die vreemde. Die grondslag vir die nuwe ontwikkeling was die "Torah" of Wet van Moses. Dit is in die loop van tyd al meer en meer vertolk in die vorm van reëls en gebooie wat die sg. Rabbi's opgestel het. Die Joodse rabbi's maak daarop aanspraak dat hulle voortbou op die grondslag wat die priester Esra na die ballingskap gelê het. Dit is in elk geval duidelik dat hulle vér afgewyk het van beide Esra en Moses. In hulle reël op reël en gebod op gebod is dit uiters moeilik om nog iets van die Wet van die HERE raak te sien. Die godsdiens rondom die Torah het dan ontwikkel in die sinagoges waar die volk op die Sabbat vergader het. Die Fariseërs was die leidende groep in die Judaïsme en was verantwoordelik vir die uitbouing van die leer. Na die verwoesting van die tempel in 70 nC. het die Judaïsme uiteindelik die een kenmerkende eienskap van 'n ortodokse Jood geword.

**Iets oor die leer van die Judaïste:**

In baie opsigte was die botsing tussen Christus en Paulus aan die een kant en die Fariseërs of Judaïste aan die ander kant, nog maar eintlik "randbotsinge". Daar was selfs in die tyd van die Nuwe Testament nog groot ooreenkomste tussen die twee rigtinge sê waardering vir Moses en die Profete. In werklikheid is en bly dit 'n saak van vertolking by die Judaïste. Veral toe die Christendom beslag begin kry in die destydse wêreld, moes die Judaïste ook bepaalde aanpassinge maak om die stroom na die Christendom te keer.

**Israel:** Die Judaïsme sê basis is die bestaan van Israel as uitverkore volk van God. Proseliete was ook welkom en is by die volk ingelyf deur besnydenis, doop en offers. **Voor God geld kennis van die Torah as status. Daarom sê hulle van die volk: "Maar hierdie skare wat die wet nie ken nie, is vervloek"** (Joh. 7:49). Die sg. "Rabbi's" was nie priesters of "bedienaars van die Woord" en is ook nie ingeseën of bevestig in hulle amp nie. Hulle was alleen maar diegene wat die Torah goed genoeg geken het om dit aan andere te leer. Die vrou is beskou as die mindere van die man.

**Die opstanding:** Opstanding was vir hulle liggaamlike opstanding en nie die onsterflikheid van die siel nie. In die opsig het die Nuwe Testament veel lig gewerp op uitsprake in die Ou Testament d.i. die rede waarom die Christen begryp wat die onsterflikheid van siel in werklikheid beteken. In 1 Tim. 1:10 praat Paulus van dit "wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het **en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie".** Die Judaïsme onderskei tussen die teenswoordige — "hierdie wêreld" — en "die wêreld wat kom". Eg. word beskryf as die

"Dae van die Messias" en as 'n afgeslote tydperk.

**Die Torah.** Die Fariseërs beskou die sg. "Qumran-geskrifte" as 'n geïnspireerde en outoritatiewe verklaring van die wet van Moses. Hulle verwerp Christus en eis 'n teken van Hom, omdat Hy Homself aandien as outoriteit — vir hulle is dit in teëspraak met Moses. **Die Torah is vir hulle die verklaring en regverdiging van die bestaan van Israel as volk.** Later, teenoor die triomferende kerk in Romeinse ryk, is aan die Torah 'n universele betekenis toegeken en dit selfs voor die skepping gestel. Dit is begryplik dat die ortodokse Jood tot vandag toe vir Paulus nie kan verdra nie — volgens hulle is hy 'n verbreker en belasteraar van die Torah deur sy leer dat geen mens deur onderhouding van die wet die saligheid kan beërwe nie.

Die ontwikkeling van die Torah was kortliks: Die geskrewe Torah (van Moses) is bestudeer om vas te stel hoeveel werklike bevele dit bevat: die getal was 613. Hierdie wette is dan beskerm deur nuwe wette te maak — deur die nuwe wette te onderhou, besit 'n mens die waarborg dat jy ook die basiese wette onderhou. Dit was uiteindelik van toepassing op elke denkbare lewensterrein. Die Torah het vir alle praktiese doeleindes sy finale vorm gevind in die sg. Talmud — wat eintlik die geldige Joodse "Bybel" is.

**Die mens en die onderhouding van die Torah.** Volgens "The New Bible Dictionary" is dit onbillik om die Judaïsme bloot as "wettisisme" te beskou. Die neiging tot wettisisme word getemper deur die waarskuwing van rabbi's dat die belangrikste by die onderhouding van die Torah die regte gesindheid (kawwana) is en dat die Torah ter wille van die Torah self onderhou moet word. Die gawe van die Torah is 'n soewereine daad van genade aan Israel. Dit kan egter nie anders as om wetsvervulling te beskou as die maatstaf van sukses by die mens nie. 'n Wesenlike verskil met die christelike opvatting bestaan daarin dat die Judaïsme nie die "mens sê onmag ten goede" ken nie. Hy besit 'n bepaalde vermoë ten goede en kan deur wetsvervulling die HERE behaag.

Meer bedenklik is die Talmud sê "kanonbegrip" wat die Ou Testament betref. Rabbi Akiba se verklaring van die wet is bv. meer gesagvol as die wet van Moses self (Menahot 29 b). Sommige laste van die wet is "verlig" andere is "verswaar". Dit is die groot rede waarom Christus Hom so sterk teen die leer aan die Fariseërs en Skrifgeleerdes uitgespreek het. Hulle het Moses na goeddunke gewysig en aangepas.

**Kernbegrippe dus: Aanvaar die volmaakte enigheid van die HERE die God van Israel; die absolute outoriteit en finale seggenskap van die Torah en die onderhouding daarvan en Israel as die uitverkore volk van God.** Verder kan daar wesenlike verskille wees onder die Jode, solank hulle maar aan bg. getrou is.

Hulle Messiasverwagting is aards — Die dae van die Messias was 'n beperkte tyd op aarde, maar vorm dan die skakel met die "toekomstige wêreld".

**VRAE**

1. Wat was die doel van die Ou-Testamentiese seremonies en sinnebeelde?
2. Maar watter nut het die Ou Testament dan nog? Is die Nuwe Testament nie minstens baie belangriker nie?
3. Het Jesus die Wet ontbind?
4. Wat doen Christus in die hemel?
5. Watter voorbidders het ons?

# Hoofstuk 16

## *ARTIKEL 27 - Die Kerk*

**Die heilige Algemene Christelike Kerk**

"Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene Kerk wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo . . ."

***Vry van 'n instelling?***

"Vyandig teenoor die kerk, vriendelik teenoor Jesus Christus." Dit is 'n beskrywing wat baie mense in ons tyd, veral jong mense, gee. Hulle kom in opstand teen alles wat 'n "instelling" genoem kan word. 'n Instelling beteken "gesag" en bepaalde verskanste pligte en voorregte, en die mense wil "vry" wees om te lewe soos hulle wil. As hulle Christus dan in hulle lewe wil betrek, wil hulle Hom dien volgens eie smaak en voorkeure. En daarby is die kerk vol gebreke en selfs korrupsie. (Moet ons nie erken dat dit tot 'n groot mate waar is nie?)

***Die Liggaam van Christus***

Maar kan 'n mens Christus behou as jy sy kerk verwerp? Indien ons nie glo dat die kerk sy kerk is nie, kan ons maar gerus ophou om aan die kerk te behoort. As dit bloot 'n instelling van mense sou wees, dan sou dit ons vrystaan om die kerk toe te roep: "vaarwel!" Dit is egter 'n instelling van Christus self. Hyself sê ná die belydenis van Petrus: " ... op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matt. 16:18). Paulus noem die kerk die "gebou van God"; die "tempel van God" in wie die "gees van God" woon (1 Kor. 3). Elders praat hy van die lidmate van die kerk as "lede van Christus" en "'n tempel van die Heilige Gees" (1 Kor. 6:15, 19). Breek 'n mens derhalwe met die kerk van Christus, dan breek jy met Homself.

***Wie is die Kerk?***

Die groot misverstand van mense, wat die kerk verwerp en Christus wil behou, is 'n verkeerde opvatting van wat — of liewer — wie die kerk eintlik is. Die belydenis sê hier dat die kerk 'n vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo. Die kerk is die kudde wat die goeie Herder vergader vir Hom. Christus bring vir Hom 'n gemeente saam. Hy roep SY skape na Hom toe. Rondom Hom groei die kudde. Hulle is 'n *kudde.* Hulle kom na Hom toe en daarom ook na mekaar toe. Hulle hoort aan Hom en daarom hoort hulle ook bymekaar. In die kerk is God aktief werksaam, maar ook die lede van die kerk is daarin aktief. Hulle het God lief en ook mekaar lief.

***Die Kerk is 'n vergadering***

Die kerk is 'n vergadering. Dit is nie loslopende eenlinge of uitverkorenes wat een-een oor die aarde versprei is nie. Jesus self sê: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is; as julle liefde onder mekaar het" (Joh. 13). Elders bid Hy vir sy apostels en die wat deur hulle woord in Hom sal glo: " . . . dat almal één mag wees, net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het." (Joh. 17:12). In tekenende beelde word die vergadering van gelowiges aan ons voorgehou: Die kerk is die bruid van Christus; die vrou van God; die liggaam van Christus of die huis van God. Al die beelde druk die een gedagte uit dat die kerk 'n vergadering is. Almal saam is bv. die bruid van Christus, ens.

***Vanaf Paradys tot Wederkoms***

Ons belydenis toon nou aan dat die kerk van die begin van die wêreld af daar was. In die

Paradys het God begin om sy kerk te vergader. In Gen. 4 lees ons dat die nakomelinge van Set begin het om die Here aan te roep. Dit wil egter nie sê dat die mense toe eers begin het om te bid nie, maar toe begin het om saam te kom in 'n gebedsbyeenkoms. So begin die klein kuddetjie mekaar opsoek. En so het dit deur die eeue heen gebly. Soms was die kerk byna uitgewis. Dink aan die tyd van Agab en Elia. Elia meen dat hy alleen oorgebly het. Die HERE verseker hom egter dat daar nog sewe duisend in Israel is wat die knie nie voor Baál gebuig het nie (1 Kor. 19:18). Só sal dit bly tot met die voleinding. Teen die einde sal die kerk veral onder druk en vervolging gebuk gaan — maar die Here sal sy kerk nie begewe of verlaat nie. Die poorte van die hel sal hulle nie oorweldig nie. Wanneer Satan meen dat hy eindelik die kerk gaan uitwis, dan kom Christus en word hy en sy engele gewerp in die poel van vuur. Die kerk is egter toeberei soos 'n bruid vir haar bruidegom en beërwe die ewige heerlikheid (Openb. 19 - 22).

### *Gebou op geloof in Jesus Christus*

Paulus sê van die kerk: "Gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees" (Ef. 2:20 - 22). Wat hier staan kan ons só omskryf: Christus bou sy kerk, sy liggaam, op die fondament van die apostels en profete — dit is die Woord van God . . . "Want niemand kan 'n ander Fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus" (1 Kor. 3:11). Die kerk word gebou op die waarheid van die Woord — dit is die Bybel. 'n Mens kan en mag nie kerkbou buite Christus en buite die Woord om nie. Hier geld eie insigte en menslike oorweginge nie. *Die grondslag van die kerk is die waarheid van die Woord van God.*

### *Wat van die eenheid?*

Een groot struikelblok van baie mense is dat daar soveel verskillende kerke op aarde is. Hoe kan die kerk dan *een* wees, as daar só baie kerke is? Die Bybel weet net van een kerk en ons belydenis ook. Ons moet dadelik bely dat die verskeurdheid van die kerk 'n gevolg van ons sondigheid is. En die groot rede is dat kerke en kerkleiers en lidmate afwyk van die fondament — dit is Jesus Christus en sy Woord. Daar word afgewyk van die *waarheid.* En dit is nou veral in ons tyd 'n brandende vraag: Moet ons ten alle koste een bly, al is dit nie op die grondslag van die waarheid nie? Só word bv. geglo in die kringe van die Wêreldraad van Kerke. By hulle het die eenheidsstrewe só 'n obsessie geword, dat dit nie eens meer 'n "eenheid in Christus" is nie (Joh. 17), maar blote "medemenslikheid". Die kerk is vir hulle meer en meer daar waar mense mekaar liefhet — in of buite Christus maak nie saak nie. ('n Mens moet ook 'n groot vraagteken plaas agter die begrip "liefde" in hierdie kringe. Die "hoerery" van die Bybel het in ons tyd "vrye liefde" geword en die "christelike liefde" word 'n menslike gedoe wat aan geen norm gebind is nie. Die waarheid of waaragtigheid van die liefde word bepaal deur omstandighede of die "situasie", soos die eksistensialiste sê).

### *Verdeeld en tog één*

En tog bly die kerk een, ondanks uitwendige verskeurdheid. "Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk." Dit bely Guido de Brès hoewel hy destyds 'n verjaagde en vervolgde van die "offisiële" kerk was. Rome het hom en al die Hervormers nie beskou as lede van die kerk van Christus nie. Aan die ander kant het Guido de Brès en sy geesgenote nog die "kerk"

binne die Roomse Kerk raakgesien en waardeer. Daar was nog ware gelowiges in die Roomse Kerk, wat, ondanks al die dwalinge, nog eenvoudig in Christus geglo het. "Bowendien is hierdie heilige Kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of tot sekere persone nie, maar dit is verspreid en verstrooid oor die hele wêreld; nogtans is dit saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof."

***Die heilige kerk***

Die kerk is heilig. Dit beteken in een woord: die kerk" is die eiendom van die heilige God. Ons behoort aan Hom, daarom is ons heilig. Mooi stel Paulus dit in sy brief aan die Korinthiërs. Hy sou hierdie gemeente vermaan oor baie onheilige sondes en tog spreek hy hulle aan as: " . . . die gemeente van God wat in Korinthe is, aan die *geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges* . . ." (1 Kor. 1:2). Die kerk is mense wat deur God uitverkies is; deur die bloed van Christus gekoop is; deur die Heilige Gees tot woning van die heilige God gemaak is — daarom is die kerk heilig. "Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig" (1 Petr. 2:9).

***Die Katolieke Kerk***

Die kerk is "katoliek" of algemeen. Die kerk behoort nie alleen aan 'n bepaalde tyd of 'n bepaalde volk of 'n bepaalde beskouing nie. Die kerk is in alle tye en op alle plekke en onder alle volke dieselfde. *Dit is mense wat deur die ware geloof aan Jesus Christus gebind is.* Van die begin tot die einde word hulle vergader uit die ganse menslike geslag en alle lede van die kerk het maar een deur om in te gaan: dit is die geloof in Jesus Christus. Die Roomse Kerk handhaaf die begrip "katoliek" alleen op grond daarvan dat Rome alleen die een algemene kerk is en buite die een kerk geen saligheid moontlik is nie. *By Rome bring die geloof in die kerk 'n mens eers by Christus. By ons bring die geloof in Christus ons in die kerk.* Dit is duidelik dat ons kerkbegrip in die opsig ruim is — waar daar ook al op aarde mense is wat waarlik in Christus glo, daar is die kerk van Christus. Dit is gewis nie alleen in die Roomse Katolieke kerk, of in "my" kerk nie.

***Die Christelike Kerk***

Die kerk is "Christelik", want die kerk behoort aan Jesus Christus. Die kerk staan en val met die belydenis van Petrus: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Dit is die rots waarop die Here sy gemeente, kerk, bou. (Matt. 16:16, 18). Johannes verklaar selfs: "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore" (1 Joh. 5:1). En ons is "christene" omdat ons deur die Heilige Gees gesalf is tot lede van Christus. Ons Kategismus knoop tereg hieraan ons roeping in die amp van die gelowiges vas. Ons is naamlik net soos Christus gesalf tot profeet, priester en koning. As profete moet ons Hom bely — 'n profeet is die mondstuk van God. As priesters moet ons onsself aan Hom toewy as lewende offers van dankbaarheid. En as konings moet ons koninklik stry teen die sonde en die duiwel en sy ganse ryk. Ja, hier op aarde is ons nog strydende, vegtende "konings" — gelukkig is die oorwinning seker, omdat ons ewige Koning alreeds oorwin het. Na die dag van aardse stryd wag die heerlikheid — eers dan is ons konings en regeerders saam met Christus tot in alle ewigheid (Kat. Sondag 12).

## *ARTIKEL 28 - Elkeen moet hom by die ware kerk voeg*

### Elkeen is skuldig om hom by die ware kerk te voeg

"Ons glo — aangesien hierdie heilige vergadering ?n versameling is van die wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie — dat niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, hom daaraan behoort te onttrek om op sy eie te bestaan nie, maar dat hulle almal verplig is om hulle daarby aan te sluit en daarmee te verenig; om die eenheid van die Kerk te bewaar, om hulle self te onderwerp aan sy leer en tug; hulle nek te buig onder die juk van Jesus Christus en, as lede van dieselfde liggaam, onderling diensbaar te wees aan die opbouing van die broeders volgens die gawes wat God hulle verleen het."

***Buite die Kerk geen saligheid nie***

Ons kan dit met gerustheid ons belydenis nasê: "Buite die kerk is geen saligheid nie." Die kerk is die vergadering of versameling van die verlostes deur die bloed van Jesus Christus. Die kerk is sy liggaam en hoe kan 'n mens buite sy liggaam salig word? En dan bedoel ons nie: "buite die Gereformeerde of Rooms-Katolieke Kerk" of watter kerk ook al nie. Dit gaan hier om die "kerk van Christus" — die heilige algemene christelike kerk — wat die liggaam van Christus is. Hy het hulle uitverkies, Hy versamel en bewaar hulle. Hulle behoort aan Hom en buite Hom is daar geen saligheid nie.

### *Buig jou nek onder die juk van Christus*

Die kerk bestaan nie in die onsigbare verborgenheid nie. Dit tree in die openbaar op, waar die Woord van God verkondig word en die ampte: ouderlinge, diakens en leraars, ingestel word. Daar is Christus aan die werk — Hy versamel die kerk, sy liggaam, deur sy Woord en Gees.

Daarby moet elkeen hom voeg — elkeen wat in Jesus Christus glo. Jy moet die nek buig onder sy juk. Jy moet m.a.w. gehoorsaam wees aan sy Woord en jou ook onderwerp aan die vermaning en tug van die ampte wat Hy oor jou gestel het.

### *Medewerkers van Christus*

Daar in die kerk kom jy, as lid van die liggaam van Christus, tot volle ontplooiing in sy diens tot nut en saligheid van die ander lede. Ag, wat is daar werk in die kerk! Kritiek en kritikasters is daar dikwels genoeg, maar die onbaatsugtige werkers is skaars — die mense wat hul medemens liefhet om Christus wille en nie omdat hy 'n aangename en liefdevolle mens is nie. As ons net liefhet wie vir ons liefhet, het ons ons loon weg. En vanselfsprekend gaan dit nie alleen om hulle wat reeds binne die kerk is nie. Daar is nog soveel buite in die koue van ongeloof en onkunde. Ook hulle moet versamel word en daartoe moet elkeen meewerk.

Ons moet ons by die kerk voeg, omdat ons die gemeenskap met die kerk nie kan mis nie. Die Here vertrou sy Woord aan sy kerk toe. Sy kerk verkondig dit tot saligheid van elkeen wat glo. "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus" (Ef. 4:11 v.v.). Hiertoe is nie genoeg dat 'n mens as lid van die kerk ingeskryf is nie — jy moet 'n lewende lid wees.

Daarom beveel die Here ons om ons te voeg by sy kerk. Hier in die kerk is dit nie ryk of arm, geleerd of ongeleerd, hooggeplaas of nederig nie — hier is almal een in Christus. Sonder Hom is almal verlore in misdade en sondes en in Hom is almal kinderlik gelowig en daarom behoue. Daarom kan niemand op grond van sy aansien by die mens aanspraak maak om vrygestel te word van die verpligting om hom by die kerk te voeg nie.

'n Bantoe-gelowige het by geleentheid die voorbeeld gebruik. Wanneer jy 'n vuur maak, pak jy die hout opmekaar en dan vlam jou vuur hoog op. Skop jy egter die hout uitmekaar dat hulle hier en daar rond lê, mag die afsonderlike houtjies nog vir 'n rukkie smeul en rook, maar eindelik gaan dit heeltemal uit. Só is die mens wat hom afskei van die kerk — spoedig bly van sy "lig in die wêreld" niks oor nie. Hy kan nie buite die gemeenskap van die kerk die lig versprei soos dit hoort nie. Ja, sy eie geloofslewe kwyn ook mettertyd weg. Die Here weet dat ons nie alleen kan bestaan nie — daarom het Hy 'n kerk in aansyn geroep, waarby ons ons kan voeg.

### **VRAE**

1. Is daar verskil tussen lidmaatskap en beëindiging daarvan van 'n vereniging en die Kerk?
2. Is die sinode of die kerkraad die Kerk?
3. Waarin lê die eenheid van die Kerk?

4. Is dit reg as die Roomse Kerk die Katolieke Kerk genoem word?
5. Ons bely dat die Kerk 'n vergadering is; wat beteken die woord vergadering? Wie vergader die Kerk?
6. Kan 'n mens buite die Kerk salig word?
7. Gaan alle mense wat nie by die Kerk aansluit nie, verlore?

# Hoofstuk 17

## *ARTIKEL 29 - Die ware en valse kerk*

"Ons glo dat met ywer en versigtigheid uit die Woord van God onderskei moet word wat die ware kerk is."

### *Valse leraars met verderflike ketterye*

Eintlik is daar net één kerk en dit is die ware kerk. Die valse "kerk" is in die Bybelse sin van die woord, geen "kerk" nie. Die kerk is immers die liggaam van Christus. Die belydenis praat egter hier maar soos ons in die alledaagse gebruik praat. Ons praat van Joodse "kerk" en Mohammedaanse "kerk", wat met Christus niks te doene het nie en derhalwe in werklikheid geen kerke is nie. Die Bybel ken ook die soort van "kerke" wat gebou word op 'n valse "evangelie". In Hand. 20 waarsku Paulus die ouderlinge van Efese: "Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julleself sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan" (Hand. 20:29, 30). Ook Petrus weet van die valse leringe: "Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word" (2 Petr. 2:1,2).

### *Oorsaak dat die weg van die waarheid belaster word*

Hoe is Paulus en Petrus sê woorde nie in die loop van die geskiedenis bewaarheid nie? Wrede wolwe kom onder die kudde in. Leiers word verleiers. Die kudde word weggelei van die ware Herder af. Ander mense wys na die vervalle en hebsugtige kerk en die weg van die waarheid word belaster. "Só is die kerk!" dink die wêreld en keer die rug op die Here tot hulle eie ondergang. Die wrede wolwe en valse leraars het deur die eeue heen gedien as instrumente in die hand van Satan om mure rondom die ware kerk te bou, sodat die ware gestalte van die kerk weggesteek is vir die oë van die mense. Die buite-kerklikes sien elke instelling, wat die naam "kerk" dra, aan vir die kerk van Christus. Dit is daarom dat die Bybel die valse leraars so onverbiddelik veroordeel. Paulus verklaar selfs: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees" (Gal. 1:8. L.W. in vers 9 herhaal hy die vervloeking — so sterk voel hy daaroor).

### *Willekeurige maatstawwe*

Maar hoe kan 'n mens onderskei tussen die ware en die valse kerk? Het ons enige maatstaf waaraan die kerk gemeet kan word? Vir sommige mense is die maatstaf dat daar "gees en lewe" in die kerk is. Soms gaan dit om gesigte en wonders van genesing en 'n spreke in vreemde tale. Ander boog daarop dat die ware "lewende apostels" by hulle is en die Heilige Gees en vergewing van sondes deur handoplegging aan hulle meedeel. Vir andere is die merkteken van die ware kerk die groot doop of onderdompeling of die onderhouding van die sabbat op die sewende dag van die week. Al hierdie mense sal aan jou sê: "Indien jy nie glo soos ons glo nie, gaan jy verlore." By hulle is dus die ware kerk en daarbuite die valse kerk. Teenoor al hierdie stemme hoor ons die stem van Jesus: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei" (Matt. 24:24). Hulle "merktekens" hoef nog nie die merktekens van die ware kerk te wees nie.

### *Ware maatstaf: Woord van God*

Luister na ons belydenis: "Kort gesê, as almal hulle *ooreenkomstig die suiwere Woord van God*

*gedra*, alles verwerp wat daarteen stry en Jesus Christus erken as die enigste Hoof." Ons maatstaf is die Woord van God — niks meer of niks minder nie. Daaraan word 'n kerk gemeet. Dit word dan saamgevat in drie hoofpunte, wat die hoofsaak in die Bybelse leer is: 1. *As die kerk die suiwere prediking van die Evangelie uitoefen; 2. As dit die suiwere bediening van die Sakramente gebruik soos Christus dit ingestel het; 3. As die kerklike tug gebruik word om die sondes te straf.* Só moet uit die Woord van God met ywer en versigtigheid onderskei word, wat die ware kerk is. Die gelowiges behoort hulle volgens die duidelike aanwysinge van die Skrif bymekaar te voeg en dit wel tot die prediking van die Evangelie, tot bediening van die Sakramente en om op mekaar ag te gee en mekaar op te skerp in die liefde, sodat die kwaad uit die kerk geweer kan word.

***Ware kerk is nie volmaak nie***

Selfs dan het ons nog nie die openbaring van die *volmaakte* kerk nie. Daar is bv. nog huigelaars in die kerk, wat vir die skyn meedoen. En die ampsdraers en lidmate in die kerk as instelling is nog sondaars met gebreke. En tog bly dit die ware kerk — die kerk word só vergader volgens die Woord van God. *God werk immers self waar sy Woord suiwer bedien word.* Uit die Woord van God moet met ywer en versigtigheid onderskei word wat die ware kerk is. Ons moet die Woord ywerig ondersoek, maar ons moet ook versigtig wees om nie al te maklik te veroordeel en die etiket van "valse kerk" aan andere vasknoop nie. Laat ons maar in die eerste plek by onsself uitmaak dat "my" kerk die eienskappe van die ware kerk dra.

***Suiwere Woordverkondiging***

Word die Evangelie suiwer gepreek in die kerk waaraan ek behoort? Dit gaan nie daarom of nog "uit die Bybel" gelees en gepreek word nie, maar of die prediking nog die suiwere Woord van God is. Dit kan bloot 'n menslike opinie wees. Is dit nog die prediking waarin niks buite die Woord van God verkondig word nie? Daar word by die Evangelie niks bygevoeg of weggeneem of daarteen geleer nie. En die vraag is of dit die reël is dat so gepreek word en of die kerk ook waak oor die prediking, sodat die valse leraars uit die kerk geweer kan word.

***Suiwere bediening van die Sakramente***

Word die Sakramente, die Doop en Nagmaal, suiwer bedien, soos Christus dit ingestel het? Dit gaan om die Doop en die Nagmaal en nie om die sogenaamde sewe sakramente van Rome nie. Aan die ander kant mag dit ook nie verwaarloos word soos by die Heilsleër nie. Sommige kerke het die gebruik dat elkeen wat kom om 'n kind te doop toegelaat moet word — of hulle nou al aan die kerk behoort of nie; of hulle lewensuitkyk en omgang tot eer van Christus is, of nie. Elkeen wat in die kerk is word ook maar uitgenooi om saam Nagmaal te vier — of die kerk nou al waak oor leer en lewe of nie. Hoe kan 'n kerkraad verslag gee oor buitestaanders — die kerkraad is ook geroepe om toe te sien dat die Sakramente sover moontlik nie ontheilig word nie.

***Die Kerklike tug***

Word in my kerk nog tug toegepas? Ook dit is van die allergrootste belang. Ons weet dat die lidmate van die kerk ook maar sondaars is. Die vraag is egter of hulle strydende sondaars is en of hulle volhard in die verkeerde. En dan gaan dit nie om die straf van mense wat getrou wil bly aan die Woord van God en daarom in verset kom teen die valse leer van die kerk nie. So is Luther byvoorbeeld deur die Pous in die ban gedoen, omdat hy aan die Here getrou wou bly. Nee, die tug is 'n liefdesmiddel om mense tot berou en bekering te bring.

***Is jy 'n ware lidmaat van die kerk?***

Maar voordat ons nou kyk na die merktekens van die valse kerk, vestig ons belydenis eers die aandag op die "merktekens" van die ware lidmate van die kerk. Dit is nie genoeg dat jy aan die

ware kerk behoort nie. Die vraag is of jy 'n ware lidmaat van die kerk is. Beproef jouself of jy in die geloof is (2 Kor. 13:5). Ons moet altyd onthou dat in die kerk ook huigelaars is. En daarby is selfs die ware gelowiges onvolkome en met sondes bevlek. Daarom staan hier tot ons opskerping en troos: *die Christene leef uit die geloof; hulle ontvlug die sonde en jaag die geregtigheid na; hulle het die ware God en hulle naaste lief; hulle wyk nie links of regs af nie. Maar dit wil nie sê dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie, maar hulle stry daarteen deur die genade van die Heilige Gees.* 'n Verloste volk wat heiliges in Christus genoem word en tog staan ons in die daaglikse stryd teen eie sonde en struikeling. Die ware gelowige is onvolmaak — daarom is ook die ware kerk onvolmaak.

***Die merktekens van die valse kerk***

Maar hoe sien die valse kerk dan daar uit, indien die ware kerk selfs onvolmaak is? By die ware kerk gaan dit om die eer van Christus en die waarheid van sy Woord. By die valse gaan dit om die eer van die kerk en die gesag van die kerk. Dit is 'n "kerk" wat aan homself en sy ordinansies meer gesag toeken as aan die Woord van God. Hy onderwerp hom nie aan die juk van Christus nie, maar lê sy eie juk op die mense. Hy bedien die Sakramente nie soos Christus in sy Woord bepaal het nie, maar neem daarvan af' en voeg daaraan toe na eie goeddunke. En die kerklike tug word nie ingespan om mense in liefde by Christus te bring nie, maar hulle te laat buig voor die gesag van die kerk. Dit is duidelik dat Guido de Brès die Roomse kerk in gedagte het, wanneer hy sê: "Dit steun meer op mense as op Christus, vervolg diegene wat heilig lewe na die Woord van God en die kerk oor sy gebreke, gierigheid en afgodery bestraf." Het Guido de Brès dit dan nie aan sy eie lyf ondervind nie? Hy was self, toe die belydenis opgestel is, 'n vervolgde en is later tereggestel toe hy deur die owerheid "opgehang en gewurg" is omdat hy dit gewaag het om die valse kerk te bestraf.

***Wat van ons tyd?***

Maar wat nou van die doolhof van kerke en kerkies in ons tyd? Rome is nog daar en groot Protestantse Kerke soek toenadering met die eertydse "valse" kerk. Rome het nie verander nie — dit blyk duidelik uit lande waar Rome die mag in hande het. Die dwaalleer in Rome is ook nog dieselfde. Maar selfs in Protestantse kringe is daar groot afwykinge. Voorgangers en kerke in die Westerse wêreld verkondig selfs dinge wat die kommuniste aangryp om aan die verjaagde en vervolgde gelowiges agter die ystergordyn voor te hou — om hulle daardeur tot twyfel te bring. So wyk die nageslag van die handhawers van die Woord van God af van die waarheid. Dit is nodig, dringend nodig, dat ons die Woord van God goed ken en laat spreek vir ons tyd. Dit is ook nodig dat ons moet weet: Gereformeerd beteken voortdurende Reformasie. Altyd moet ons onsself toets aan die waarheid van God se Woord en steeds opnuut daarna voeg.

## ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE BESINNING OOR DIE KERKLIKE TOESTANDE IN ONS TYD

### Hoe laat is dit in die nag?

'n Mens kom wel voor die vraag te staan of die ekumeniese strewe van "christelike kerke" in ons tyd nog "christelik" is, veral waar die kerk hom losmaak van die "vertikale" band met die transendente God en "godsdiens" bloot sien as "horisontalisme" — liefdesbeoefening tot jou medemens. In die verband het 'n groep behoudende teoloë uit die Hervormde Kerk in Nederland onlangs 'n "Getuigenis" uitgereik waarin hulle beswaar maak teen die afwykinge. Dit is nuttig om enkele gedagtes daaruit aan te haal, sodat ons ons ook kan besin oor hoe laat dit al geword het op kerklike terrein. Die vraag is of die kerk nog kerk is. Het ons nie alreeds hier te doene met die ..groot afval" waarvan Paulus spreek in 2 Thess. 2:3, 4 nie? Veral waar die "godsdiens van die rewolusie" gepreek word en nou aansluiting by die Marxisme gesoek word, lyk dit asof die ryk van die Antichris voorberei word in samewerking met die ,.valse

godsdiens". (Ons haal nou verder vry aan uit die "Getuigenis".)

**Allerlei wind van lering**

"Te midde van die huidige geestelike verwarring op kerklike en teologiese gebied, rig ons ons met hierdie Getuienis tot die gemeente van Jesus Christus 'op alle plekke van sy heerskappy', 'n gemeente wat dreig om moedeloos, onseker, twyfelend en wankelmoedig te word, omdat hulle op en neer, heen en weer, geslinger word onder die invloed van allerlei wind van lering (Ef. 4:14). Die gemeente moet sy geloof bewaar, terwyl in die prediking die voorkeur aan twyfel bo sekerheid en aan ‚diskussie' bo die leer (doctrina) gegee word. In plaas van 'n duidelike onderrig in die waarheid van Christus word aan die gemeente skeptisisme geleer. Ons bedoeling is slegs om op die geloofspunte nadruk te lê wat in die huidige tydsgewrig op ‚ondeugdelijke' gronde bestry of verswyg word."

**Geen ware evangelie meer**

Dit is glashelder dat die huidige kerklike krisis 'n geloofskrisis is. Die prediking en teologie van vele gaan nie meer daarom om die Evangelie anders of nuut te sê nie, maar om geheel nuwe dinge te sê, waarin die boodskap van die Woord van God nie meer deurklink nie. Godsdiens en geloofsworsteling word geag as 'n oorwonne saak terwyl kommer oor persoonlike heil as 'n vorm van selfsug geag word. Met die gebed weet hulle geen raad nie. Van 'n ander en hoëre wêreld word nie gespreek nie: dood is dood. (Soos 'n dier — M.J.B.). Die hemel word 'n mitologiese voorstelling genoem. Alles wat bowêrelds (transendent) is word verwerp as oorwonne Grieks-dualistiese denke. Om te praat oor: God is dood, hou duidelik veel meer in as die prysgawe van 'n bepaalde Godsvoorstelling. Ontstellend is die platvloerse en gemeensame wyse waarop, dikwels in die kerk, die teologie en die prediking oor God en die heilige dinge gepraat word. God woon nie meer in onaantasbare majesteit bo die aardse gewemel nie . . . Nee, Hy word getrek binne die grense van ons bestaan omdat ons bo en buite ons horison geen werklikheid meer wil erken nie. Dit is die diepste oorsaak waarom die Evangelie in ons tyd geabsorbeer word deur die geskiedenis en dat die geskiedenis skynbaar sal uitmond in die Koninkryk van God. Omdat die mens homself en sy aardse werklikheid verabsoluteer, word hy afgestomp vir alle besef van God sê vrymag en verhewenheid bo die wêreld. Die Christologie word 'n Jesuslogie waarin Christus as die aardse "Jesus-Messias" en die "Man van Nasaret" geteken word, wat al die trekke van die rewolusionêre afgode van ons tyd dra. Die ryk van God word 'n afspieëling van radikale, rewolusionêr-politieke wens-drome. Die beoogde vryheid, wat in wese die mens onderwerp en slaaf maak van die wette van sy eie bestaanssituasie is 'n geheel ander vryheid as die van die kinders van God (Rom. 8:2!).

Ons Getuienis gaan teen die hoogmoedige en onverdraagsame mentaliteit, wat die Evangelie verbaster tot pure aardse messianisme. Teen die onskriftuurlike werkheiligheid, wat die christelike geloof vereenselwig met 'n bepaalde maatskaplike en politieke betrokkenheid. Teen 'n moderne sinkretisme, waarby die belofte van die koninkryk van God vermeng word met ideë, wat hulle oorsprong nie in die Bybel het nie, maar in humanistiese en ateïstiese ideologieë. Teen 'n verpolitisering en vermaatskapliking van die Heil in die sin van 'n opstand teen die gevestigde orde (die sg. "establishment") en 'n omverwerping van die huidige maatskaplike-politieke orde en strukture.

Die Bybel spreek totaal anders oor die mens en sy verlossing. Daar word die mens allereers as verantwoordelike enkeling voor God en die medemens gestel. Vandaar dat die Koninkryk van God nie in die eerste plek 'n verandering van politieke orde en maatskaplike strukture is nie, maar 'n verandering in die verhouding tot God en die medemens. Wél klink in die Bybel die protes teen duidelik aanwysbare onreg in die samelewing, maar steeds i.v.m. die innerlike verhouding tot God en die medemens in geloof en bekering. 'n Mens kan Amos 8 nie lees

sonder om ook te luister na Amos 4 nie. Hoewel die gelowige oog het vir sy verantwoordelikheid ten aansien van wêreldse take en opdragte, leef hy so sterk by die besef van die voorlopigheid van hierdie wêreld en lewe, dat hy 'n innerlike reserwe koester teenoor elke politieke en sosiale druk om die heil in die "hier en nou" te lê.

Hierop gee die ondertekenaars van die Getuienis dan die Bybelse leer teenoor die afwykinge van ons tyd t.o.v. die volgende hoofpunte. (Ons noem dit alleen, aangesien dit alles elders in die behandeling van die belydenis aan die orde was).

1. Die liefde tot God en die liefde tot die naaste in die lig van die hoofsaak van die Wet in Matt. 22:35 - 40.

2. Regverdiging gaan aan die heiliging en goeie werke vooraf (Rom. 4:5). Ons mag nie alleen roem op sondevergewing nie, maar ook die werke doen — Aan die ander kant is die werke vrug van geloof en sondevergewing.

3. Ons sondes is volkome vergewe deur die soenoffer van Christus aan die kruis (Rom. 3:25; 2 Kor. 5). Daarom versit die ondertekenaars hulle teen die verpolitisering van die leerstuk van die vergewing van sondes.

4. Vleeswording, kruis en opstanding van Jesus Christus is en bly die onwrikbare, objektiewe fondament van die christelike geloof. "Ons verset ons teen 'n teologie en prediking wat as 'n moderne vorm van die natuurlike teologie die mens Jesus van Nasaret aan die kruis sien hang as 'n simbool van alle menslike leed en onreg in die wêreld — Só 'n prediking het niks meer met die Bybel te doene nie".

5. Die opstanding van Christus is 'n goddelike heilsfeit. "Ons verset ons teen die leer wat dit as ons christelike roeping en taak voorstel dat ons mense deur ons goeie werke, deur ons politieke en maatskaplike bedrywighede, Christus tot opstanding sou moet bring, sodat die lot van God en sy Christus afhanklik sou moet wees van hierdie menslike aktiwiteite . . ."

6. Die heil kom van God as 'n wonder van sy genade en word nie deur middel van menslike aktiwiteite in die geskiedenis gerealiseer nie. Vanselfsprekend verwerp ons 'n teologie wat preek dat God dood is . . .

"Ons verset ons teen die moderne sondeleer, wat die sonde allereers soek in politieke en maatskaplike strukture. Agter die leer lê die oortuiging dat die mens eintlik wel goed is, maar dat die omstandighede hom tot 'n sondaar maak . . ."

"Ten slotte. **Die gemeente van Jesus Christus leef uit die toekoms van die Here. Daarom moet hulle getrou bly aan die beloftes, wat in die Woord van God aan ons gegee is".**

## VRAE

1. Hoe kan jy uit die baie "kerke" bepaal watter een is die ware kerk?
2. Is die ware kerk 'n volmaakte kerk?
3. Wie bepaal watter kerk is die ware kerk?
4. Wat is die merktekens van die ware kerk?
5. Waaraan word ware gelowiges uitgeken?
6. Wat is die kenmerke van die valse kerk?
7. Word alle lidmate van die ware kerk salig en gaan alle lidmate van die valse kerk verlore?

# Hoofstuk 18

## *ARTIKEL 30 - Kerkregering en Tug*

"Ons glo dat hierdie ware kerk geregeer moet word volgens die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons geleer het in sy Woord."

### *Christus regeer oor die kerk op 'n geestelike wyse*

Die landsregering stel wette op en hou 'n polisiemag aan om oor die volk te kan regeer. Dit is om orde en wet te handhaaf sodat ons in vrede kan lewe en ons werk kan doen. Hier het ons te doene met die "wêreldlike" regering wat die reg handhaaf deur die mag "van die swaard". Die owerheid kan geweld gebruik en mense dwing om hulle aan die wet te onderwerp.

Christus regeer egter oor sy kerk op "geestelike" wyse. Hy regeer deur die "swaard van die Gees, dit is die Woord van God" (Ef. 6). Kyk ons na die Nuwe Testamentiese Kerk, dan sien ons aan die begin weinig van wat ons "kerkregering" sou noem. Hier en daar is wel aanduidinge van die "ampte" van ouderlinge en diakens — maar eintlik regeer die apostels oor die kerk. Saam met hulle het ook veral die "profete" opgetree. Eers later, veral in die briewe van Paulus aan Timotheus en Titus, kry ons duideliker voorskrifte oor die "ampte".

### *Ampte noodsaaklik*

Een hoofgedagte moet ons vashou: Christus is die enigste Hoof van sy kerk. Hy roep egter alreeds, toe Hy nog op aarde was, twaalf apostels wat Hy vir hulle latere amp bekwaam en aan wie Hy gesag oor sy kerk gee. Na Pinkster tree hulle dan duidelik na vore as leiers van die gemeente (Hand. 2, 3). En uit hulle amp en onder hulle leiding het die drie ampte gegroei wat ons vandag in die kerk het: ouderlinge, diakens en leraars of ook "ouderlinge wat arbei in die Woord en leer" genoem (1 Tim. 5:17). Sonder die ampte mag die kerk nie wees nie. Titus ontvang opdrag van Paulus dat hy nog verder moet regmaak wat agterweë gebly het en ouderlinge van stad tot stad aanstel (Titus 1:5).

### *Heers nie, maar dien*

Ampsdraers is in die kerk noodsaaklik. Hulle is egter nie heersers nie, maar dienaars. "Ek vermaan die ouderlinge onder julle . . . Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde" (1 Petr. 5:1,2). Christus is en bly die enigste Hoof van sy kerk. Hy regeer deur sy Woord en Gees waarby Hy die diens van ampsdraers gebruik. Ampsdraers "bedien" die mag van Christus deur die onderwysing met sy Woord. Hulle regeer nie deur dwang nie, maar deur voorligting. Hulle taak is nie om die gelowiges aan hulleself te onderwerp nie, maar aan hulle enigste Hoof, Jesus Christus. Voor Hom buig die ampsdraers saam met die kudde.

### *Profeet, priester en koning*

Dit is treffend dat ons in die kerk drie ampte het. Dit stem ooreen met die. drieërlei amp van ons Middelaar. Hy is ons "hoogste Profeet en Leraar; ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning" (Sondag 12: Heidelbergse Kategismus).

Aan die begin het die apostels al drie die ampte vervul. Hulle het selfs die gawes vir die armes ontvang en uitgedeel (Hand. 7). Die "apostelamp" noem ons 'n "buitengewone" amp. Dit was 'n eenmalige amp van mense wat bv. "getuie was van Jesus sê opstanding" (Hand 1:22). Hulle het ook buitengewone gawes ontvang ten tye van die vestiging van die kerk van die Here in die wêreld. Hulle amp was egter "eenmalig" en het met hulle dood verdwyn. In hulle plek het die gewone "ampte" gekom. Saam met die apostels was daar ook "profete" en "evangeliste"

werksaam. Ook dit was buitengewone ampte. Die profete het bv. aan die kerk die wil van God bekend gemaak, voordat die Nuwe Testament op skrif bestaan het. Na die ontstaan van die Nuwe Testament het hierdie amp ook verdwyn.

Die drie gewone ampte het egter bly voortbestaan. Daarsonder kan die kerk nie as kerk bestaan nie. Dit is die amp wat die Woord bedien; die amp wat regeer oor die kerk en die amp wat die armes versorg: leraar-, ouderling- en diakenamp.

***Herder en leraar***

Die herders en leraars bedien die Woord in die openbaar. Hulle verkondig die Evangelie en leer die lidmate uit die Woord. Aan hulle word ook opgedra die bediening van die Sakramente, die onderrig of katkisasie van die kinders in die kerk en huis en siekebesoek. Hulle is egter ook "ouderlinge wat arbei in die Woord en leer" (1 Tim. 5:17). Hulle is dus ook opsieners oor die gemeente, saam met die ander ouderlinge.

***Ouderling***

In die Bybel word twee woorde vir "ouderlinge" gebruik: "presbuteros" wat "oudste" beteken en sien op die leeftyd of waardigheid van die persoon wat die amp beklee en "episcopos" wat "opsiener" beteken — dit sien weer in besonder op die werk van die ouderling. Dit is duidelik — ouderlinge gee leiding in die kerk en is die "wagters op die mure van Sion" wat oor die gemeente moet waak (Hand. 20:28). Hulle moet toesien dat alles in die gemeente goed en ordelik plaasvind. Hulle moet ook toesig hou oor die leer en lewenswandel van die herders en leraars, waak oor die Sakramente en sorg dat die kerklike tug gehandhaaf word.

***Diaken***

Die woord "diaken" beteken eintlik maar "dienaar". Hulle amp is die priesterlike amp. Hulle het te doene met die diens van barmhartigheid of armsorg. Dit is liefdesdiens — daarom is hulle amp "priesterlik" — die priester het met die "liefdesgawes" of "offers" gewerk. Christus sê priesterlike amp kom hoofsaaklik daarin tot uiting dat Hy Homself offer vir ons sondes. Daarin is sy groot liefde vir ons geopenbaar. Só moet ons ook mekaar liefhê en mekaar bystaan in die nood. Ons gee ons gawes aan die Here — die diakens ontvang dit in die Naam van die Here en deel dit in sy Naam uit. So ontvang die armes die gawes uit die hand van die Here.

***Hoë eise gestel***

Die ampsdraers moet dien as voorbeelde vir die kudde. Daarom word aan hulle hoë eise gestel. Paulus skryf aan Timotheus: "'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig, geen drinkers ens. ens." (1 Tim. 3:1-7). Van die diakens sê hy o.a. dat hulle waardig moet wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie, manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou (1 Tim. 3:8-13). Ons is só geneig om by ampsdraers in die eerste plek te soek na gawes bv. om te bid en te praat en vermaan, terwyl dit tog maar in die eerste plek gaan om 'n mens met 'n hart wat God en sy medemens liefhet.

## *ARTIKEL 31 Die roeping tot die amp kom van die Here.*

"Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die kerk, met aanroeping van die Naam van God en goeie orde, soos die Woord van God leer ..."

***Die wettige verkiesing tot die amp***

Ampsdraers in die kerk word deur die Here geroep. Die Here gebruik egter mense om hulle te roep. Ons praat gewoonlik van die inwendige en uitwendige roeping. Jy kan nie sommer in 'n

amp instap as jyself daartoe geroepe voel nie. Die soort geesdrywery was bekend in die tyd van Guido de Brès by die sg. Doperse. Ook in ons tyd kry ons dit in die kringe van sommige "Pinksterkerke". Indien jy deur die "Gees" geroep en deur die Gees "toegerus" is, sonder enige studie, is jy die ideale leraar. Nee, die "Gees" gaan nie so willekeurig te werk nie. Hy gebruik daartoe sy gemeente om sy roeping uitwendig uit te bring. Dit gebeur deur 'n wettige verkiesing in die kerk, met goeie orde. Ook in die Roomse kerk geskied die aanstelling van ampsdraers buite die gemeente *om.* "Niemand neem die waardigheid vir homself nie, maar Hy wat deur God geroep word." (Hebr. 5:4). Daarom moet ook die Naam van die Here aangeroep word by die verkiesing. Hy wat só verkies is, is deur die Heilige Gees aangestel oor die kudde/(Hand. 20:28).

***Die een heers nie oor die ander een nie***

By Rome staan die Pous aan die hoof van die kerk. Onder hom is dan allerlei ander ampte — kardinale, aartsbiskoppe, biskoppe, priesters ens. So loop die "hiërargiese" lyn van bo na onder. Die een het hoër gesag as die ander en die een heers oor die ander. Daarteenoor sê ons belydenis dat die dienaars van die Woord — in watter plek hulle ook al is — een en dieselfde mag en gesag besit. Hulle enigste Opperherder is Jesus Christus. Hy alleen regeer oor almal. Dit geld trouens nie alleen van die leraars nie, maar van alle ampte. Die een amp is nie hoër as die ander een nie maar al drie is gelyk. Elkeen het sy eie taak, maar almal is gelyke dienaars van Christus.

***Gee eer aan ampsdraers***

Die Bybel vermaan ons om die ampsdraers te eer, ter wille van hulle amp. "Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer" (1 Tim. 5:17). Eerbied kom aan hulle toe, nie ter wille van hulleself nie, maar ter wille van die amp waarin die Here hulle oor ons geplaas het. Wanneer die ampsdraers nie geëer word nie, lei dit gewoonlik tot veragting van God en sy Woord. Vanselfsprekend kan die ampsdraers self hiertoe aanleiding gee, indien hulle nie waarlik voorbeelde vir die kudde is, na die eis van Gods Woord nie. Ook die valse leraar, wat in die amp staan, mag nie geduld word nie. "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie" (2 Joh. 10). Ons natuurlike "gasvryheid" is dikwels in teëspraak met hierdie uitspraak, want ons mense nooi elkeen wat aan die deur klop gewoonlik maar binne. Ons moet onthou dat nie elkeen, wat hom in die Naam van die Here aandien, werklik 'n geroepene van die Here is nie.

## *ARTIKEL 32 - Orde, Dissipline, Tug*

" . . . Ons verwerp alle menslike vindinge en wette . . . om daardeur die gewetens te bind en te dwing. So neem ons dan alleen aan wat kan dien om eendrag en eenheid te bevorder en te bewaar, en alles te onderhou in gehoorsaamheid aan God. Daartoe is nodig die ekskommunikasie of die ban, wat toegepas word volgens die Woord van God, en alles wat daarmee saamhang."

***'n God van orde***

Paulus skryf aan die gemeente in Korinthe: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan" (1 Kor. 14:40). "God is nie 'n God van wanorde nie" (1 Kor. 14:33). Die kerk het dus die mag om orde-bepalinge te maak. Die Gereformeerde Kerkreg ken geen "kerkwette" nie, maar praat van 'n "kerkorde". Die kerkorde gee aan ons bloot die hoofriglyne aan hoe die kerk volgens die Skrif geregeer moet word. Christus regeer deur sy Woord en Gees en ons mag nie anders te werk gaan nie. Ons moet altyd onthou:, die Heilige Gees werk deur en met die Woord — daarom is en bly ons aan die Woord gebind.

***"Inwendige lig" lei tot willekeur***

Maarten Luther het in 1522 die sg. "pouslike bul", waarvolgens die Pous die banvloek oor hom uitgespreek het, verbrand. Sommige mense meen dat Luther hiermee alle kerklike ordereëlings en dissipline uit die kerk wou uitwerp. Hulle meen dat die gemeente alleen regstreeks deur die Heilige Gees gelei behoort te word. Hierdie sg. inwendige lig van die Gees, lei dikwels tot onordelikheid. Om maar 'n voorbeeld te noem, wat as die waarheid oorvertel is: 'n Paar geestelike leiers is byeen om te beraadslaag oor 'n gemeente wat geen pastoor het nie. "Die Gees sê dat broer Piet na A moet gaan," sê pastoor Jan. "Nee," antwoord pastoor Gert: "Die Gees sê aan my dat broer Andries na A moet gaan." Wie is nou reg? Albei maak aanspraak op die leiding van die Heilige Gees.

Dink ook aan 'n ander voorbeeld uit die praktyk. 'n Pastoor besoek 'n lidmaat met die mededeling dat hy 'n gesig gesien het. Daar het 'n engel aan hom verskyn en die het aan hom gesê dat die betrokke lidmaat Rl 000 vir die kerk gaan gee. Die lidmaat, wat ook maar lief was vir sy sente, skerm en vra uitstel. 'n Paar maande later is die pastoor weer daar: "Hoe lyk dit nou met jou belofte om Rl 000 vir die kerk te gee, broer?" Die lidmaat sê antwoord is: "Ek het ook 'n gesig gesien. Aan my het ook 'n engel verskyn en hy het gesê dat dit 'n fout is. Dit is nie Rl 000 nie, maar R10."

***Ook geen menslike reëls en gebooie nie***

Daarom sê ons dat die "vaste orde" in die kerk geen blyke van armoede of onmondigheid van lidmate is nie — dit is maar net 'n reëling volgens die objektiewe orde wat die Here ons gegee het in sy Heilige Woord. Aan die ander kant verwerp ons gewis die reël op reël en gebod op gebod van Rome. Daarby gaan dit ook by Rome nie om die redding van sondaars nie, maar die onderwerping van sg. onmondige mense aan die gesag van 'n mens, naamlik die Pous van Rome. Die kerk moet hom egter aan die gesag van die Woord onderwerp. Dit geld vir die kerk as instituut en ook vir elke lidmaat van die kerk. Dit gaan nie vir 'n kerkraad daarom dat 'n lidmaat in die eerste plek aan die kerkraad gehoorsaam moet wees nie — vanselfsprekend is ook dit 'n vereiste want die kerkraad is deur die Here daargestel, om sy kerk volgens sy Woord te regeer — maar die lidmaat moet aan die Here gehoorsaam wees. Die kerkraad "regeer" alleen met die doel om mense by die Here te bring.

***Mag jou nie willekeurig aan die gesag van die kerk onttrek nie***

Daarom waarsku artikel 32 ons tereg teen "menslike vindinge en wette wat gewetens bind en dwing". Solank die kerk egter "regeer" volgens die Woord van God, is elkeen verplig om hom aan die kerkraad te onderwerp. Hy mag hom selfs nie willekeurig van die gesag van die kerkraad onttrek, indien hy meen dat hy deur menslike bevindinge gedwing word nie. Nee, die aangewese weg is dan om hom te beroep op 'n meerdere vergadering. Indien hy oortuig bly dat die kerk, nie volgens die Woord van God regeer word en hy hom nie aan die besluite kan onderwerp nie, is die aangewese weg om dan maar by 'n kerk aan te sluit wat wel beantwoord aan die vereistes van God sê Woord. Al moet dit dan tot 'n nuwe "kerkstigting" lei. Dit is egter 'n baie groot verantwoordelikheid — 'n mens moet soos Maarten Luther kan sê: "Hier staan ek! God help my — ek kan nie anders nie!"

***Die tug is geestelik van aard***

Die kerk mag die "ekskommunikasie of die ban" nie as onnodig beskou nie. Dit is wat ons noem die christelike sensuur of uitsluiting uit die gemeente — ook genoem die kerklike tug. Calvyn noem die tug die senuwee van die kerk waaraan die kerk sê lewe in hierdie wêreld hang. Wat sou bv. word van 'n kind wat maak soos hy wil en van sy ouers geen tug of dissipline ontvang nie? Die kerklike tug is egter geestelik van aard — dit is eintlik maar net vermaninge en teregwysinge in die Naam van die Here. Indien 'n sondaar nie wil luister nie, word hy uiteindelik uit die kerk uitgesluit. Die kerk het geen mag ontvang om mense te dwing om te

luister na die Woord van God nie.

***Eer van God; heiliging van kerk en behoud van sondaar***

Ons moet egter onthou dat die kerklike tug vir ons heilige erns is. *Dit gaan om die eer van die Here; om die voortwoekering van die verkeerde in die kerk te keer en om die behoud van sondaars.* Net soos 'n ouer tug die kerk nie omdat hy haat nie, maar omdat hy die sondaar liefhet. 1 Kor. 5 handel oor die toepassing van die tug. Paulus vermaan die Korinthiërs daaroor dat hulle hoerery in die gemeente toelaat. "Want wat my betref, het ek, liggaamlik afwesig maar in die gees teenwoordig, alreeds besluit asof ek teenwoordig was, om hom wat so-iets gedoen het, in die Naam van onse Here Jesus Christus . . . so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, *sodat die gees gered kan word in die dag van onse Here Jesus."* (1 Kor. 5:3-5). Selfs wanneer iemand uit die kerk uitgesluit word, dan nog gaan dit om die liefde — soos Paulus sê: "Sodat sy gees gered kan word."

***Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur***

In dieselfde gedeelte praat Paulus ook van die bietjie suurdeeg wat die hele deeg suur maak. "Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid" (1 Kor. 5:8). Suurdeeg is vir Paulus hier die voorstelling van sonde en boosheid. Dit moet uitgesuiwer word, anders vreet die verderf deur in die hele gemeente. Een verrotte vrug in 'n kas of sakkie, laat die bederf ook versprei na die ander. Só is dit ook met die sonde. Daarom ter wille van die reinheid van die gemeente moet die kerkraad toesien dat die tug nie verslap nie.

***Sleutel van die hemelryk***

Die tug noem ons Kategismus een van die sleutels van die hemelryk. In Matt. 16:19 sê die Here Jesus aan Simon Petrus: "En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees." In Joh. 20:23 word wesenlik dieselfde gesê aan die twaalf apostels: "As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou." Hieruit het die Roomse Kerk afgelei dat die Pous wat, volgens hulle, die opvolger van Petrus is, sondes kan vergewe. By monde van sy priesters sê hy by die biegstoel aan 'n sondaar, nadat hy sy sondes bely het en soms bepaalde boetedoening volbring het: "Absolvo te." — dit is: "Ek vergewe jou . . ." Hierteen het Luther in opstand gekom en sy 95 stellinge opgestel wat op 31 Oktober 1517 aan die kerkdeur te Wittenberg vasgespyker is.

***Die Heilige Gees nie met mensehande meegedeel nie***

Op voetspoor van die Roomse verkondig óók die "Twaalf Apostelkerk" in ons tyd dat die sg. "lewende apostels" die mag het om sondes te vergewe. Volgens hulle moet die lewende apostel ook die hande op jou lê sodat jy die Heilige Gees en vergewing van sondes kan ontvang. Dit grond hulle o.a. op Hand. 8:17: "Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang." Hierteenoor leer ons uit Hand. 10:44 dat die Heilige Gees tot Petrus sê verrassing op mense val: "En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het. En die gelowiges uit die besnydenis. almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is."

***Vergewe mekaar se sondes***

Ons as mense het die plig om mekaar sê sondes te vergewe, waar ons teen mekaar gesondig het. Dit leer die Here baie nadruklik: "Ek sê vir jou nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe," is sy antwoord op Simon Petrus sê vraag hoe dikwels 'n mens mekaar sê sondes

moet vergewe. Dit bedoel Jakobus wanneer hy sê: "Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar" (Jak. 5: 16). Ook hierdie uitspraak van Jakobus word dikwels verkeerdelik vertolk. Mense sê dan dat ons voor mekaar in die openbaar ons misdade, ook geheime sondes, moet bely. Dit gaan egter by Jakobus net daarom dat ek dit teenoor my medemens teen wie ek gesondig het, moet bely.

***Sluit oop en toe***

Geen mens het egter die mag of gesag om in die Naam van die Here iemand sê sondes kwyt te skeld nie. Dit kan die Here alleen doen. Ons kan alleen aan andere die weg wys: *Bekeer jou; bely jou sondes voor die Here; glo in die Here Jesus Christus — en jou sondes sal vergewe word.* Meer as dit kan ons nie. Juis daarom is die tug 'n sleutel. Dit sluit die hemelpoort oop vir elkeen wat hom bekeer en sluit dit toe vir elkeen wat volhard in sy onbekeerlike weg van sonde en ongehoorsaamheid. Só 'n mens kan nie sê dat hy nie weet van die weg nie — ondanks die waarskuwinge in die Naam van die Here het hy volhard op die verkeerde pad — daarom is die hemel inderdaad vir hom gesluit. Indien hy tot berou en bekering kom, is die poort — gelukkig — nog vir hom oop, solank hy op aarde is.

## ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK

### Die Kerk en die Koninkryk van die hemele

Johannes die Doper tree op met die aankondiging dat die koninkryk van die hemel naby gekom het (Matt. 3:2). Jesus self het die boodskap van hom oorgeneem (Matt. 4:17). Die idee kom uit die Joodse Messiasverwagtinge. Dit gaan terug na die Ou Testament waar die herstel van die troon van Dawid en die koms van God om die wêreld te hernu beloof is. (Die "Dag van die Here" en die "Seun van die mens" volgens die Profesieë van Daniël: vgl. verder die Psalms wat God as Koning verkondig). Vanselfsprekend het die aankondiging van Johannes die Doper en Jesus groot verwagtinge by die Jode gewek. Aangesien hulle verwagtinge egter aards was, het hulle Jesus uiteindelik verwerp.

Wat die Koninkryk van die hemele betref, onderskei Jesus tussen die hede en die toekoms — Hy praat van die Koninkryk of Koning wat gekom het (Matt. 11:2 v.) en wat sal kom. (Vgl. bv. sy sg. "profetiese rede" waar dit gaan om die uiteindelike koms van sy koninkryk — Matt. 24, 25).

### Kerk en Koninkryk nie dieselfde nie

Sommige meen dat die kerk en die Koninkryk van God presies dieselfde is. Dit is bv. die Roomse opvatting dat buite die Roomse Kerk geen Koninkryk van die hemele bestaan nie. Calvyn vereenselwig nie die kerk, soos hy in sy ampte optree in die wêreld, met die Koninkryk van God nie. Die kerk is die kerk van die Woord terwyl God as Koning heers oor alles en almal. (Vgl. die "Die Koninkryk van God" deur prof. S. du Toit e.a. die artikel van prof. S. C. W. Duvenage op p. 117).

### Verband tussen Koninkryk en kerk en wêreld

Die Koninkryk hou verband met die ontwikkeling van beide die kerk en die wêreld. Daar is 'n verband tussen die kerk en die koninkryk, maar hulle is nie dieselfde nie. "Die Koninkryk is die geheel van God sê verlossingsaktiwiteite in die wêreld; die kerk is die vergadering van gelowiges wat aan Jesus Christus behoort" (The New Bible Dictionary). Die Koninkryk is nie begrepe binne die grense van die kerk nie. Christus se koningskap is soewerein bo almal.

Waar dit erken word, word nie alleen enkelinge verlos nie, maar die ganse lewenspatroon verander. Dit deursuur die hele lewe en selfs ongelowiges baat by die regering van Christus, wat die uitbarsting van die kwaad en die tirannie van die Bose inperk. Hoe sterk die invloed

van die Koninkryk van God ook al in die ontwikkeling van die wêreldgeskiedenis is, sal dit nie hier op aarde tot volkome oorwinning kom sonder die wederkoms en eindoordeel wanneer die mag van Satan finaal gebreek word en die Koninkryk in sy volmaaktheid op die nuwe aarde onder die nuwe hemel gevestig sal wees tot in ewigheid.

**VRAE**

1. Wie regeer oor die kerk en hoe doen Hy dit?
2. Waartoe is die regeeramp geroepe?
3. Hoe vloei die besondere ampte in die kerk voort uit die drieërlei amp van Christus (Kategismus Sondag 12)?
4. Het die "meerdere vergaderings" hoër gesag as die kerkraad?
5. Waarom is 'n ..Kerkorde" nodig?
6. Is die begrip van kerklike tug nie al lankal verouderd nie?
7. Wat is die doel van die tug?
8. Wie het van Jesus die mag en gesag ontvang om sondes te vergewe?
9. Die Kerkraad het die sleutels van die Koninkryk van die hemele ontvang. Wat is daardie sleutels en wie sê bevoegdheid word daarin gebruik?
10. Is tug 'n vergeldingsmaatreël?
11. Wie is tugwaardig en hoe word tug toegepas?

# Hoofstuk 19

## *ARTIKEL 33 - Sakramente*

### Tekens en seëls deur God ingestel

"Ons glo dat ons goeie God deur ag te gee op ons stompsinnigheid en swakheid, vir ons die Sakramente verorden het om aan ons sy beloftes te verseël en om pande te wees van die goedheid en genade van God jeens ons en ook om ons geloof te voed en te onderhou ..."

### *Ter wille van ons stompsinnigheid en swakheid*

"Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is" (Ps. 103:14). Ons kan dit gerus maar glo: ons het 'n *goeie God.* Hy ken ons stompsinnigheid — ons is só verkleefd aan die stof, dat dit vir ons moeilik is om die geestelike sake reg te begryp. 'n Mens is eintlik bot en as 't ware "toe" wanneer dit gaan om die dinge wat God aan ons sê. Ons verdorwenheid stomp ons af en maak ons onvatbaar vir die evangelie van die koninkryk van God. Daarby is ons gelowiges nog swak ook. Al werk die Heilige Gees die geloof in ons harte tog bly die "ongeloof' ook nog in ons werksaam. Die duiwel en die wêreld met sy skittering en omstandighede en "wetenskap" kom gedurig aangeloop met "feite" wat ons geloof sg. weerspreek. Dit wek verwarring en stryd en twyfel. Ons het dikwels soos pasgebore kindertjies behoefte aan melk, omdat ons die vaste spyse nie kan verteer nie. (1 Petr. 2:2 en Hebr. 5:12).

### *Sy Woord is voldoende, maar ons is swak*

Ons goeie God kom nou ons swakheid te hulp. By sy Woord voeg Hy ook tekens en seëls. Abraham die vader van die gelowiges, ontvang selfs 'n teken en seël van sy geloof in die besnydenis (Rom. 4:11). En as hy dit nodig het, hoeveel te meer ons? Hierdie tekens en seëls gee Hy nie omdat sy Woord onvoldoende is nie, maar omdat ons swak is. Dit is goed om dit te weet. Die Roomse kerk wil selfs "beter" as God wees en vir die swakkelinge nog meer tekens en seëls gee as wat Hy ingestel het. Hulle het selfs sewe sakramente.' Die Doop, Nagmaal (wat hulle die heilige Mis noem), priesterwyding, huwelik, vormsel, bieg, laaste salwing met olie. Vanaf die Roomse lidmaat sê geboorte tot selfs na sy dood word hy "genade" ingepomp deur uitwendige middels wat hulle "sakramente" noem. Is dit 'n wonder dat die Hervormers as 't ware 'n strydkreet aanhef wanneer dit gaan om die Sakramente? Dringend is die roep om terug te keer tot die eenvoudige waarheid van die Bybel.

### *Dwaal by Sakramente dan dwaal jy in wesenlike*

Na verhouding gee ons belydenisskrifte baie aandag aan die Sakramente. Dit is ook verstaanbaar. Hier het ons 'n saamtrekpunt van die hoofsake van die christelike leer. Hier by die Sakramente gaan dit om wat ons glo van die werk van Christus en die Heilige Gees. Die duiwel het nie verniet deur die eeue heen sy aanslae gerig teen die leer van die Sakramente nie. Dwaal 'n mens hier, dan dwaal jy in die wesenlike van die christelike geloof. Die wesenlike is immers ons verhouding met Christus en ons lewe deur die Heilige Gees. 'n Mens kan, soos Rome, die Sakramente oorskat of jy kan dit onderskat en as oorbodig afskryf. Teen albei die uiterstes moet ons waak. By die Sakrament is nie alleen ons as gelowiges teenwoordig en werksaam nie, maar ook die Heilige Gees.

### *Bedoel om ons geloof te versterk*

Maar waarom is die Sakramente nodig? Hier bely ons dat ons goeie God dit ingestel het om aan ons sy beloftes te verseël en om pande te wees van sy goedheid en genade en ook om ons geloof te voed en te onderhou. Hy gee ons in die Doop en Nagmaal iets in die hande — iets

sigbaar en tasbaar — as pande van sy trou. 'n Pand is 'n bewys van trou. 'n Seël is eintlik dieselfde — dit is God sê waarmerk of handtekening dat Hy sy beloftes sal uitvoer. Die Sakramente is derhalwe bedoel om ons geloof te versterk. Dit dien om aan ons geloofsekerheid te gee, want net so seker as water die onreinheid van ons liggaam afwas, net so seker word ons van ons sonde gereinig deur die bloed en Gees van Christus. En net so seker as ons die brood en wyn eet en drink, net so seker word ons innerlik gevoed en gelaaf deur die bloed en liggaam van Christus deur die werking van die Heilige Gees (Kategismus Vraag en Antwoord: 73, 79).

### *Sakramente voeg niks by die Woord nie*

Een ding moet ons duidelik aan vashou: die Sakramente het geen ander prediking as bloot die inhoud van die Woord nie. Dit voeg niks by by die belofte van die Evangelie nie. Dit is aanskoulike onderrig van die dinge wat ons reeds uit die Woord weet. En dit kom alleen daarop neer dat ons hele saligheid alleen uit Christus is. Sonder die Woord sou ons die Sakramente ook nie eens begryp nie. Daarom moet ons vooraf uit die Woord onderrig word om te begryp wat dit beteken. Ons kan nie, soos Rome, die Sakrament belangriker ag as die Skrif nie. Tot ons saligheid is die Woord noodsaaklik: "Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in Wie hulle nie geglo het nie? *En hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?"* (Rom. 10:13, 14). Die Sakrament daarenteen, is nie onmisbaar vir ons saligheid nie. Daarom is ons op die dwaalweg van Rome, indien ons verval in 'n soort "sakramentalisme". Jy laat jou kind doop en gebruik nagmaal, maar verder skitter jy deur jou afwesigheid in die kerk. Die Woordbediening laat jou koud. Só handel 'n lewende gelowige waarlik nie. Daarvoor is die evangelieverkondiging vir hom te dierbaar, daarvan hang sy lewe as gelowige af.

Volgens Rome word die geloof aan mense gegee wanneer hulle die Sakramente gebruik. Dit geskied: "ex opere operato" — enkel deur die volbragte werk. Ons sou sê dat dit "outomaties", vanself, gebeur. 'n Pasgebore baba ontvang bv. die nooddoop deur 'n dokter of verpleegster, indien daar blyke is dat hy wil doodgaan. Sonder die Doop, meen hulle, is hy verlore. Ons sê nee, die geloof word alleen gevoed of versterk deur die Sakrament. Dit gebeur ook nie outomaties nie — ons geloof in die belofte van die Evangelie is daarby werksaam. *Die Sakramente vra geloof en versterk die geloof.* 'n Ongelowige en skyngelowige wat dit gebruik maak nie die betekenis van die Sakrament kragteloos nie, maar hy gebruik dit vir homself tot 'n oordeel. Dit sê Paulus bv. van die Nagmaal: "Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie" (1 Kor. 11:29).

## *ARTIKEL 34 - Die Heilige Doop*

**"Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees." (Matt. 28:19).**

"Ons glo en bely dat Jesus Christus wat die einde van die Wet is, deur sy vergote bloed 'n einde gemaak het aan al die ander bloedvergieting wat 'n mens sou kan of wil aanwend tot versoening en voldoening van die sondes, en dat Hy afgeskaf het die besnydenis wat met bloed plaasgevind het, en in die plek daarvan verorden het die Sakrament van die Doop . . ."

### *Jesus die einde van die Wet*

So begin ons belydenis oor die Doop. Dit begin by Jesus Christus die einde van die Wet. Die Wet is in Hom vervul — die seremoniële Wet van die Ou Testament. Alle offers het na Hom heengewys. In Hom is die strome van

bloed van stiere en bokke 'n werklikheid. Ook die besnydenis, die teken van die verbond tussen God en Abraham en sy nageslag na hom (Gen. 17:10-14), het heengewys na die bloedvloeiing van Jesus, die eniggebore Seun van God. "Maar toe die volheid van die tyd gekom het het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om dit wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kon ontvang." (Gal. 4:4, 5). En dan kan Paulus daarby voeg: "Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie. Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval" (Gal. 5:2, 4). Die bloedige verbondteken, die besnydenis, is in Jesus sê bloed vervul. Hier loop ons pad en die van die Jood, wat nog wil vashou aan die "wet van die besnydenis" uiteen. Ons eie bloed hoef nie meer te vloei nie. Christus het immers klaar vir ons betaal met sy bloed.

***Die Doop in die plek van die besnydenis***

In die plek van die besnydenis het die Doop gekom. Hier loop weë weer uiteen — die van ons en die wederdopers. Hulle aanvaar wel dat die besnydenis in Christus vervul is, maar hulle ontken dat die Doop in die plek van die besnydenis gekom het. Dit is begryplik dat hulle dit nie wil glo nie. Dan kom die kinderdoop en grootdoop ook ter sprake. Indien ons sou aanvaar dat die Doop nie in die plek van die besnydenis gekom het nie, verval ons allerbelangrikste argument waarom klein kindertjies gedoop moet word. Die wederdopers verwerp die kinderdoop en daarom kan hulle ook nie aanvaar dat die Doop in die plek van die besnydenis gekom het nie.

***Doop en besnydenis verkondig dieselfde***

Het die Doop in die plek van die besnydenis gekom? In Kol. 2:10-12 lees ons: " . . . en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam aan die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het." Uit hierdie uitspraak is een ding wel duidelik en dit is dat die besnydenis en die Doop vir Paulus presies dieselfde beteken. Paulus sê hier dat beide besnydenis en Doop wys op die geloof in Christus en die wedergeboorte deur die Heilige Gees. Soos ons Kategismus dit stel: Die doopwater dui op die afwassing van ons sonde deur die bloed en Gees van Christus. Dit dui aan dat ons sondeskuld vergewe is ter wille van die bloed van Christus en dat ons weer gebore word "en tot nuwe mense herskep word deur die Heilige Gees.

***Besnydenis van die hart en weer gebore deur die Gees***

Ook die besnydenis wys heen na die vergewing van ons sondeskuld deur die bloed van Christus. Maar ook die besnydenis is 'n teken van die wedergeboorte of heiligmaking deur die Heilige Gees. Die Ou Testament alreeds praat van die "besnydenis van die voorhuid van die hart". (Deut. 10:16; 30:6; Jer. 4:4; 6:10; 9:26). Hierdie selfde wyse van spreke vind ons ook in die Nuwe Testament. Dink bv. aan die ooreenkoms tussen die twee uitsprake: "En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe" (Deut. 30:6). Lees nou hierby Rom. 2:28, 29: "Want nie hy is 'n Jood wat dit in die; openbaar is nie, en nie dit is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is die van die hart, in die gees, nie na die letter nie." (Omdat oor die saak dikwels vrae bestaan, verwys ons nog na die volgende uitsprake waarin die besnydenis sien op die innerlike verbondenheid en lewe uit Christus: Rom. 15:8; Filipp. 3:3; Kol. 2:11; 3:11. Dit is presies dieselfde waarop die Doop wys.)

***Jesus spreek Hom nie uit oor kinderdoop nie***

Maar hoe kom ons nou by die kinderdoop? Die Here Jesus self gee die opdrag om te doop, maar spreek Hom nêrens nadruklik uit oor die kinderdoop nie. Ook elders in die Nuwe Testament tref ons geen uitspraak aan oor kinders wat gedoop moet word nie. Daar is wél sprake van huisgesinne wat gedoop is, maar dit word nie nadruklik vermeld of die huisgesinne ook kinders ingesluit het of nie. Petrus verwys in Hand. 2:39 wel na , julle en julle kinders". (Daarop kom ons aanstons terug.)

***Jesus sê Bybel is die Ou Testament***

Die vraag is nou: Waarom gee die Here Jesus nêrens enige opdrag i.v.m. die doop van kinders nie? Die eenvoudige antwoord is: *Omdat die Here Jesus in die Bybel glo.* Die Ou testament is sy Bybel en daarin word nadruklik bepaal hoe gehandel moet word met verbondskindertjies. Hulle is op die agtste dag besny. Die Bybel is ook ons Bybel. Ons weet dat die besnydenis in die bloed van Christus vervul is. Daarom word ons nie meer besny nie. Waar die Nuwe Testament egter die besnydenis as sodanig afskaf, wil dit nie sê dat die verbondsteken van die kinders daarmee in gedrang is nie. Die Here Jesus verklaar nêrens dat die kinders buite die verbond geplaas is nie. En Petrus sê self: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. *Want die belofte kom julle toe en julle kinders . . ."* (Hand. 2:38, 39). Dit is opmerklik dat Petrus die kinders betrek by die belofte. Watter belofte? Die belofte van die vergewing van sondes en die Heilige Gees. En dit is weer die hele inhoud van die Doop. Die Doop beteken en beseël die vergewing van sondes ter wille van die bloed van Jesus Christus en die wedergeboorte deur die Heilige Gees. Waarom sou ons dan die Doop aan die kindertjies weerhou?

***Doopsbevel vas aan sendingsbevel***

Maar kom ons kyk 'n bietjie na die uitsprake van die Here Jesus self oor die Doop: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matt. 28:19); "En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Mark. 16:16).

In die eerste plek moet ons let op die verband. Jesus gee aan sy apostels die bevel om die wêreld in te trek en die evangelie te verkondig — om dissipels vir Hom te maak. Stel u nou voor: die apostels trek die wêreld in met die evangelie — hulle doen sendingwerk — ons doen dit trouens vandag nog. Niemand sou verwag dat die apostels vir heidene sou sê nie: "Bring julle kinders dat ons hulle kan doop." Nee, die heidene moes eers tot belydenis van hulle eie geloof kom; dan word hulle gedoop — vandag nog. Daarna is hulle kinders eers ter sake. En, soos reeds gesê, spreek die Here Hom nie uit oor die Doop van verbondskindertjies nie, omdat die Ou Testament alreeds gesê het dat die verbondsteken aan kindertjies bedien moes word. (Gen. 17:12).

***Groot gedoop en groot besny***

Om te verwys na Jesus en sy dissipels en al die eerste gelowiges en te vra: "Waarom is hulle almal groot gedoop?" het geen sin nie. Hulle is bloot groot gedoop omdat hulle nie as kindertjies gedoop kon word nie — die Doop was toe nog nie ingestel nie. Ons kan net so wel vra "Waarom is Abraham groot besny?" Vanselfsprekend omdat hy nie klein besny kon word nie — die besnydenis was nog nie ingestel nie. Hy is self groot besny. Vir hom was dit "'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie" (Rom. 4:11). Dit is tog merkwaardig om te let op die parallel by die Doop en die besnydenis. Abraham het in God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken (Gen. 15:6). Daarna is hy self besny en kry opdrag

om al die seuntjies op die ouderdom van agt dae te besny (Gen. 17:12). *Eers glo — dan besny. Eers glo — dan doop* (Mark. 16:16). "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word." Maar nou wil hulle, wat die kinderdoop verwerp, die parallel nie verder volg nie. Hulle weier om, soos Abraham, ook aan hulle kindertjies die verbondsteken te bedien.

***Verbondslyn deurgetrek in Nuwe Testament***

Dit is waarom die uitspraak van Petrus in Hand 2:38, 39 so belangrik is Petrus sluit by Abraham aan en trek die lyn deur. "Die belofte kom julle toe en julle kinders." Ook Paulus trek die lyn deur as hy Abraham die vader van die gelowiges noem. (Rom. 4:16). God rig sy verbond op met Abraham en sy nageslag. En dit geld nog vir almal wat glo soos Abraham geglo het. Ons en ons kinders behoort aan die verbond. Aan ons en ons kinders kom die verbondsbeloftes toe. Daarom ontvang ook ons kinders die verbondsteken, soos die kinders van Abraham dit ontvang het. Ons moet altyd onthou dat die gelowiges in die Ou Testament, net soos ons, deur die geloof gered is. Wanneer dit gaan oor die bediening van die verbondsteken word egter nie in die eerste plek gevra na die geloof nie, maar of die kind in die verbond gebore is. Vanselfsprekend is die ouer dan, net soos die ouer in die Ou Testament, verplig om die kind in die leer van die Evangelie op te voed. "En hierdie woorde wat Ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" (Deut. 6:6,7).

***Waarom alleen seuntjies besny?***

Daar is nog 'n vraag wat 'n mens soms teëkom. Dit is: "Waarom het alleen seuntjies die verbondsteken in die Ou Testament ontvang?" Hierop is die antwoord: In die Ou Testament was dit hoegenaamd nie vreemd om die vrou as inbegrepe by die man te beskou nie. Die man was die verbondshoof in die huis en sy vrou is daarom ook in die verbond, al dra sy self nie die verbondsteken in haar vlees nie. Ons kan dit so stel: in Abraham is Sara ook besny — sy het deel aan die besnydenis van die man. In die Nuwe Testament is die vrou uit hierdie byna "minderwaardige" onderhorige posisie opgehef. (Dink ook daaraan dat die vrou in die Ou Testament bloot deur haar man "weggestuur" is by 'n egskeiding en dink aan die vernedering vir die vrou by die veelwywery.) Dit is daarom dat Christus inderdaad die vrou in haar ereposisie herstel het. Die bewys daarvan is juis daarin geleë dat sy die verbondsteken voortaan ook sou ontvang. So lees ons van Lidia dat sy en haar huis gedoop is. (Hand. 16:15). ***Laat die kindertjies na My toe kom***

Die Here Jesus het die kindertjies die hande opgelê en geseën. Die dissipels wou die moeders met die kindertjies van die Here af weghou. Dit is asof 'n mens die stem van die wederdoper hoor: "Wat weet hulle van geloof in die Messias af? Julle val die Here net lastig! Wag eers tot hulle groot is en bring hulle dan na die Here toe." Gelukkig sê die Here Jesus gans iets anders. Ons lees selfs: "Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: *Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God"* (Mark. 10:14). Die koninkryk van God behoort aan kindertjies — neem dit maar letterlik op. Wat is vir die Here te wonderlik! Wat kan meer aangrypend wees as dat 'n klein babatjie gedoop word! Hy is in sonde ontvang en gebore; hy begryp nie wat met hom gebeur nie; en tog, sê die Here: "Hy is myne! Hy is 'n lammetjie van my kudde. Hy is in my kraal. die verbond, gebore. Merk hom vir my! En weet dat hy kosbaar is. Ek vertrou hom aan jou toe om hom vir My groot te maak."

***"Ek en my huis, ons sal die HERE dien"***

Ons is bly dat ons kinders gedoop is. Ons is dankbaar dat ons kinders gedoop is. Ons behoort aan die genadeverbond. Ons is kinders van Abraham, die vader van die gelowiges. Ons weet dat die Doop ons nie salig maak nie. Maar dit weet ons: Die God van Abraham is ook onse

God en Hv is getrou. Sy verbondsbeloftes maak Hy waar, ondanks ons ontrou. Dit het Hy beseël deur die verbondsteken. "Laat die kindertjies na My toe kom, en verhinder hulle nie." Ons weet dat baie gedoopte kinders verlore gaan, omdat ouers en kinders nie erns maak met die Doop nie. Aan die ander kant geld dieselfde vir mense wat groot gedoop is. *Dit is nie die "grootdoop" of "kinderdoop" wat ons salig maak nie, maar die "ware geloof in Jesus Christus.* En 'n huigelaar kan ook as groot mens ewe vroom sy "geloof bely" en gedoop word. Aan die ander kant weet ek wel dat 'n kind wat gedoop is, sê ouers hom of haar anders benader. Hy is 'n verbondskind. Hy behoort aan die Here en moet daarom vir die Here grootgemaak word. Die ouers is dus verantwoordelik vir sy opvoeding in die vrese van die Here — hulle is verplig daartoe. By die wederdoper is die beginsel egter dat die kind self verantwoordelik is om tot geloof en bekering te kom en dan gedoop te word — eers wanneer hy tot verstand gekom het. Vir sy ouers is hy maar net 'n "mens" waarvoor hulle nie verantwoordelik hoef te wees nie. Hoeveel beter is dit om soos die verbondsvader Josua te sê: *"ek en my huis, ons sal die HERE dien."* (Jos. 24:15).

### *Verantwoordelikheid en vaste anker in die Here*

Wat 'n verantwoordelikheid vir 'n ouer: "Ek en my kind, ons sal die Here dien!" Ja, inderdaad: "Ek en my kind . . ." Nie, "ek alleen en my kind kan maar toesien nie." God sluit sy verbond met ouers en kinders. Ek kan nogeens jubel: Ek is bly dat my ouers my gedoop het en verplig was om my vir die Here groot te maak. Hulle het geen hindernis in my weg gelê om na die Here te kom nie.

Die kinderdoop lê egter nie alleen 'n verantwoordelikheid op die skouers van die ouer nie. Dit bied aan hom ook 'n anker. Die kind behoort aan my, ja! Hy behoort egter ook aan die Here. Behalwe my oog en my hand, is die oog en die hand van sy hemelse Vader ook op hom. Hy dra die verbondsteken. En dit is nie bloot 'n teken nie, "dit is ook 'n seël van die geregtigheid van die geloof." (Rom. 4:11). Ons glo dat God sy hand op ons kinders gele het en wat 'n rus bring dit in ons innerlike! Daar kom immers tye dat ons self ons kinders kan vermaan en vir hulle bid, maar die Here alleen kan hulle bewaar. So kan 'n verbondsouer die toekoms inkyk. Hy kan met Josua sê: "Ek en my huis, ons sal die HERE dien." Sy kinders in komende geslagte, is in die hand van sy en hulle hemelse Vader. Aangrypend staan dit daar in Luk. 1:66 van Johannes die Doper: "En almal wat dit gehoor het, het dit ter harte geneem en gesê: Wat sal tog van hierdie kindjie word? *En die hand van die Here was met hom. "* Ook wanneer ons sou vra: "Wat sal van hierdie kindjie word?" kan ons opkyk en weet: *Die hand van die Here sal met hom wees.*

### *Die Doop van Johannes*

Ons het nou al so ongemerk oorgegaan vanaf die kinderdoop tot die betekenis van die Doop. Ons het alreeds verwys na die instelling van die Doop volgens Matt. 28:19 en Mark. 16:16. Dit is goed om te weet dat die sg. "proselietedoop" by Israel in die tyd van Johannes die Doper reeds bekend was. Proseliete was heidene wat die God van Israel gelowig aanvaar en bely het. Johannes die Doper brei egter die Doop uit tot almal — ook Jode. "Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sonde te verkondig." (Mark. 1:4). Die Jode sou wel vreemd opkyk dat Johannes ook van hulle verwag om hulle te laat doop.

Hulle is Israeliete wat die verbondsteken in hulle vlees dra. Hulle moes egter begryp dat die doop van Johannes vooruit wys: "Ek doop julle wel met water; maar Hy wat ná my kom . . . Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur" (Matt. 3:11). In wese is Johannes sê doop dieselfde as die doop van Christus. Dit wys alleen vooruit na die bedeling van die vervulling wat op hande is — dit moet nog aan die kruis vervul word. Na die opstanding en hemelvaart

en Pinkster wys die Doop egter terug na die kruis. In Jesus Christus is die "doop van bekering tot vergifnis van sondes" eers werklik. Dit is opmerklik dat Paulus mense in Efese, wat met die doop van Johannes gedoop is en van Christus nie weet nie, weer doop in die Naam van die Here Jesus. (Hand. 19:5). Die Doop is dus eers waarlik Doop wanneer dit terugwys na die kruis waar die bloed van Jesus Christus klaar uitgestort is.

***Onderdompeling en besprenkeling***

Die Doop is 'n teken. As teken word water by die Doop gebruik. Waar ons belydenis praat van "rein water" is die bedoeling dat daar geen olie of sout bygevoeg moet word, soos die Roomse gebruik is nie. Dit hoef ook nie "Jordaanwater" te wees nie. Dit is maar die gewone alledaagse water wat die Here aan ons elke dag gee. Ons belydenis spreek hom nie uit oor die "besprenkeling" of "onderdompeling" nie. In die eerste tyd is meesal met onderdompeling gedoop. "Dit is egter 'n vraag of die 3 000 van Pinksterdag en die tronkbewaarder, wat in die nag in sy huis gedoop is, deur onderdompeling gedoop is" *(J.* van Bruggen: Het Amen der Kerk bl. 167. Die skrywer verwys na Hand. 2 en 16). Die groot saak is maar om te onthou dat die krag van die Doop nie in die hoeveelheid water lê nie. En die Heilige Skrif spreek van "die bloed van die besprenkeling" (Hebr. 12:24). en: "Dan sal Ek skoon water op julle giet sodat julle rein kan word" (Eseg. 36:25). Hier word besprenkeling of begieting gebruik om presies weer te gee wat die teken van die Doop wil aandui: Afwassing van ons sondes deur die bloed en Gees van Christus. Esegiël gaan bv. voort en sê: "En Ek sal my Gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen." (Eseg. 36:27). Die simboliek van die onderdompeling is egter ryker. Dit dui duideliker op die sterwe in Christus en die opstanding in 'n nuwe lewe. (Rom. 6:3, 4). Dit is by ons egter geen twisvraag nie. Ons weet dat "water" die teken is en nie die "hoeveelheid" water nie. Ai sou 'n mens jou met seep skrop en in die see onderdompel, sal jy geen krieseltjie sonde afwas, indien jou sondes nie deur die bloed en Gees van Christus afgewas is nie.

***Die teken van die water***

U sou merk dat ons telkens praat van die afwassing van die sondes deur die bloed en Gees van Christus. Die teken van die water staan i.v.m. "was", "reinig". Soos 'n mens sê liggaam gewas word, word ons innerlik gereinig van ons sonde. 'n Mens kan van sonde of geestelike onreinheid in tweërlei sin praat: *sondeskuld en sondesmet.* Ons is skuldenaars teenoor God omdat ons teen Hom gesondig het. Glo ons egter in die Here Jesus word hierdie sondeskuld vergewe. Ons ontvang die geregtigheid voor God in Christus. Die doopwater wys dan in die eerste plek op hierdie afwassing of vergifnis van ons "sondeskuld" deur die bloed of ter wille van die bloed van Christus.

Indien ons in Christus glo en ons sondeskuld vergewe is, wil dit egter geensins sê dat ons geen sonde meer het nie. Die sondesmet kleef nog aan ons. Eintlik begin die stryd teen eie sonde eers werklik, wanneer ons glo dat ons sondeskuld in Christus vergewe is. Hierdie stryd teen die sonde noem die Skrif bv. die "afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens" (Ef. 4:22-24). Dit word ook genoem die stryd tussen die vlees en die Gees. (Gal. 5:16-26; Rom. 8:1-17). Dit is die "heiligmaking" of "lewensvernuwing" wat deur die Heilige Gees in ons gewerk word. Dit is die voortgaande stryd teen die sonde wat in ons woon. Elke dag weer het ons daarmee te kampe tot ons dood toe. So ""\vas" die Heilige Gees ons deur ons meer en meer te vernuwe na die ewebeeld van Christus, sodat ons eindelik, na hierdie lewe, die volkomenheid bereik. "Gelukkig hier bly die duiwel en die sonde agter . . ." het 'n ou vader op sy sterfbed gestamel.

***'n Seël van die geregtigheid van die geloof***

Die Doop is egter ook 'n seël (Rom. 4:11). En 'n seël is 'n waarmerk — dit verseker iets aan

ons. Ons kan dit ons Kategismus nasê: Die Doop is 'n seël "omdat Hy ons deur hierdie Goddelike pand en waarteken wil *verseker* dat ons so *sekerlik* van ons sondes geestelik gewas is as wat ons uitwendig met water gewas word" (Kat. Ant.: 73). Maar die vraag — 'n strydvraag deur die eeue heen — is nou: wat word verseker of verseel? Die belofte van die Evangelie dat my sondes afgewas is deur die bloed en Gees van Christus. God is waaragtig en betroubaar en daarom is sy belofte betroubaar dat ons 'n ewige genadeverbond met God het (Doopformulier). Die gelowige belyder kan en mag sê: My sonde is afgewas, want God sê dit aan my in sy Woord en Hy verseker dit deur my doop. Die versekering beteken nie dat die Doop self genade in my werk, soos die Roomse leer nie. Elkeen wat gedoop is, is ook nie wedergebore nie — miljoene gedooptes gaan immers verlore. Die Heilige Doop is gevoeg by die Evangelie: dit is 'n seël en versekering van God sê belofte en sy trou. Alleen die ware geloof in Jesus Christus is my geregtigheid voor God — en dit verseker die Doop my ook. Dink 'n mens hierby ook aan ons ander Sakrament, die heilige Nagmaal, dan kan ons hierdie uitdrukking uit die Nagmaalsformulier ook op die Doop toepas: "omdat ons ons lewe buite onsself in Christus soek." Buite onsself in Christus lê ook die vastigheid wat die Doop verseel, en nie in my eie wankelmoedige innerlike nie.

***Eindelose wederdopery***

Dit is goed om dit vas te hou dat die Doop 'n seël van God is. Het Hy dit eenmaal gegee dan het Hy dit waarlik gegee. Die wederdopers het in die tyd van Guido de Brès die Doop alleen erken as dit aan drie voorwaardes voldoen: 1. Dit moet aan 'n heilige mens bedien wees; 2. in 'n heilige kerk en 3. deur 'n heilige bedienaar. Die vastigheid word by hulle geheel verlê vanaf God na die mens. Dit lei tot 'n eindelose herdopery. Die gedoopte bly onseker of aan die drie genoemde eise voldoen is en dan laat hy hom weer doop. By hulle was die Doop ook nie 'n daad van God, waardeur Hy sy verbond met ons verseël nie, maar alleen 'n daad van die gelowige, waardeur hy getuig van wat God aan "sy siel" gedoen het. Hulle sou dus wel die aanhaling uit die Nagmaalsformulier hierbo, soos volg kon herskrywe: "omdat ons ons *lewe binne onsself buite Christus soek."*

***Doop bly lewe lank van krag***

Op hierdie herdopery van die wederdopers antwoord ons belydenis: Eenmaal alleen is geoorloof. Ons word tog net een keer gebore. Die Doop is die sakrament van die inlywing in die kerk — die teken en seël dat kinders in die kerk (verbond) gebore is. Ons word nie deur die Doop lidmate van die kerk nie, maar word gedoop omdat ons reeds, kragtens ons geboorte, lidmate is. En laat 'n mens jou later weer doop, dan misken jy die werk van God wat alreeds aan jou gedoen is, toe jy as kind gedoop is. Dit is onordelike menslike willekeur. My doop bly my lewe lank van krag. God sê trou is onwankelbaar. My doop verkondig voortdurend dat ek 'n sondaar is wat die reiniging van die bloed en Gees van Christus nodig het. Dit verseker my ook voortdurend dat ek in Christus geheilig is en dit bly voortdurend vir my 'n aandrang om uit dankbaarheid meer en meer tot eer van God te lewe. So lewe ek as gedoopte altyd maar onder die skaduwee van die hand van my hemelse Vader.

**VRAE**

1. Wat is sakramente?
2. Hoekom het God ons sakramente gegee?
3. Hoeveel genademiddels is daar?
4. Hoeveel sakramente is daar?

5. Wat is belangriker:- die bediening en gebruik van die sakramente of die Woord-verkondiging?
6. Watter sakramente was daar in die Ou Testament?
7. Hoekom is hulle vervang?
8. Baptiste en Pinkstergroepe (wat ons saamgroepeer onder die benaming Wederdopers) ontken dat die Doop in die plek van die besnydenis gekom het — hulle moet dit ontken want anders kan hulle die kinderdoop nie verwerp nie. Is hulle reg?
9. Het Jesus iets oor die kinderdoop gesê en hoekom?
10. Aanvaar ons slegs die kinderdoop?
11. Wat verstaan ons onder die Verbond?
12. Wat sê die doop vir ons?
13. Maar is die verbondsbelofte dan vir elke verbondskind bedoel?
14. Ontvang al die verbondskinders dan dit wat God beloof?
15. Het die Nuwe Testament wel bewyse dat die verbond nie met die Ou Bedeling beëindig is nie?
16. Nog 'n keer: Wat beteken en beseël die doop?
17. Waarom is daar geen beswaar teen die doop deur besprenkeling nie?
18. Oor watter twee weldade van God sê heil spreek die doop?
19. In die Nagmaalsformulier hoor ons: "omdat ons ons lewe buite onsself in Christus soek ..." — pas dit toe op die doop.
20. Die wederdopers sê naam sê al dat hulle "weer doop". Hoe beskou ons dit?

# Hoofstuk 20

## *ARTIKEL 35 - Die Heilige Nagmaal*

**"Doen dit tot my gedagtenis** ..."

"Ons glo en bely dat ons Saligmaker, Jesus Christus, die Sakrament van die Heilige Nagmaal verorden en ingestel het om te voed en te onderhou diegene wat Hy alreeds wederbaar het en in sy huisgesin, naamlik die Kerk, ingelyf het . . ."

***Galgdood omdat Nagmaal bedien***

In 1567 is Guido de Brès, die opsteller van hierdie belydenis, gevange geneem en aangekla omdat hy die Nagmaal bedien het, soos hy dit in ons artikel bely. Hy is op die klag ter dood veroordeel en opgehang. Dit maak onmiddellik die artikel vir ons meer aktueel as ons besef dat dit beide vir De Brès en die Roomse Kerk só 'n belangrike saak was dat hy daarvoor die dood getrotseer en uiteindelik ondergaan het. Sulke belyders kry ons vandag nog agter die ystergordyn. Ook daar word die Sakramente bedien onder die dreiging van die dood. Vreeslik moet dit wees, soos Richard Wurmbrand verhaal, dat predikante in kommunistiese gevangenisse gedwing word om die Nagmaal te bedien met die uitwerpsel van mense. O, as ons tog maar besef dat ons Nagmaal bedien en vier as "getuies van Jesus Christus" wat bereid is om vir Hom te sterwe! Wat 'n krag sal daar uitgaan van só 'n kerk in die wêreld!

***Nagmaal 'n strydpunt in Kerkgeskiedenis***

In die tyd toe die belydenis opgestel is, was daar groot stryd oor die Sakramente, veral oor die Nagmaal. Daarom wy die opsteller soveel ruimte aan die Nagmaal. Dit is ook in ons tyd nog van die allergrootste belang. Dit is wel opmerklik dat die verbroedering met Rome in ons tyd veral die Nagmaal betrek. In Nederland het verskeie Gereformeerde en ander Protestantse kerke al gesamentlik Nagmaalsdienste — of moet ons liewer sê "Misbediening" — met die Roomse gehou. Nie alleen die bloed van martelaars word vertrap nie, maar die bloed van Christus self— "aangesien die Roomse Mis in die grond niks anders as 'n verloëning van die enige offerande van Christus aan die kruis en 'n vervloekte afgodery is nie" (Kategismus Sondag 30).

***"Ek het verlang om hierdie Pasga met julle lê eet."***

Soos die Doop het ook die Nagmaal sy voorganger gehad in die Ou Testament. Die Doop het in die plek van die besnydenis gekom. Die Nagmaal weer het in die plek van die Pasga gekom. Christus het dit trouens met sy laaste Paasfeesviering, die aand voor sy dood, ingestel. Maar, net soos by die Doop, verklaar Hy nie uitdruklik dat dit in die plek van die Pasga gevier moet word nie. Ons weet egter dat Hy ons Paaslam is wat vir ons geslag is (1 Kor. 5:7); ons weet ook dat ons die Nagmaal moet vier tot sy gedagtenis — die gedagtenis aan sy lyde en sterwe as ons Paaslam. Ja, in Jesus is die profesie of skaduwee van die bloed van die paaslam vervul. Daarom verklaar Hy selfs: "Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie Pasga met julle te eet voordat ek ly." (Luk. 22:15). Dan volg gedurende die paasmaaltyd die instelling van die Nagmaal: "Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word, doen dit tot my gedagtenis. Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word (Luk. 22:19, 20; sien ook Mark. 14:22-24; Matt. 26:26-28). Ook Paulus meld die instelling van die Nagmaal: "Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek

word: doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis" (1 Kor. 11:23-25).

### *Ons Paaslam*

Net soos die Doop en die besnydenis dieselfde ,.inhoud" het, só ook die Nagmaal en die pasga. Die pasga is 'n gedagtenismaaltyd en die Nagmaal ook. Die wesenlike verskil is egter dat die "bloed van die ware Paaslam" klaar gevloei het — daarom word die Nagmaal gevier met die *onbloedige* tekens van brood en wyn. Die bedoeling van die Here Jesus is wel duidelik dat Hy juis die Nagmaal instel met sy laaste Paasfeesviering. Hy plaas as 't ware 'n punt agter die Ou Testamentiese fees en stel dan iets nuuts in die plek daarvan. (Die opmerking kan ek egter nie weerhou nie, dat die wederdopers hierdie klaarblyklike en duidelike "afleidinge" net soos by die Doop en besnydenis kan bestry. Hulle doen dit egter nie, omdat hier nie so-iets as die *"kinderdoop"* in gedrang is nie.)

Uit al die plekke waar ons lees van die instelling van die Nagmaal is die volgende duidelik: Die Here Jesus breek brood en giet die wyn uit in 'n beker en gee dit aan sy dissipels om te eet en te drink.

1. Hy verklaar van die brood: "Dit is my liggaam" en van die wyn: "Dit is die bloed van my testament (verbond)" of "van die nuwe testament in my bloed." Die gebreekte brood en wyn wat uitgegiet is, is derhalwe "tekens" van sy liggaam en bloed.
2. Hy verklaar nadruklik dat sy liggaam verbreek en sy bloed vergiet sal word "vir julle" tot vergewing van sondes.
3. Die Nagmaal is nie alleen ingestel om tot ons te spreek van wat Christus vir ons gedoen het nie. Nee, so lank sy Nagmaal op aarde gevier word "verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom" (1 Kor. 11:26).

### *Gedagtenismaaltyd*

Die betekenis van die Nagmaal kan ons met een woord omskrywe: Dit is 'n *gedagtenismaaltyd.* Dit is 'n gedagtenisviering en 'n maaltyd. By 'n gedagtenisviering dink 'n mens aan iets wat gebeur het. By die Nagmaal dink ons aan die lyde en sterwe van Jesus Christus. Sy liggaam is verbreek en sy bloed vergiet tot vergifnis van ons sondes. Ons vat egter nie alleen die brood en wyn en kyk daarna nie. Nee, ons vat dit en eet en drink dit. Daar gebeur wel iets, ook na ons innerlike mens; in ons geestelike lewe. Die Heilige Gees is ook aanwesig en Hy voed en laaf ons na die innerlike deur ons geloof te sterk in die wete dat ons sondes om Christus ontwil vergewe is en dat ons uit Hom lewe. In Hom het ons die ewige lewe.

### *Brood en wyn is tekens*

Die simboliek van die tekens van brood en wyn is duidelik en ryk van inhoud. Dit spreek in duidelike taal van:

1. *Die vergewing van sondes:* "Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, *wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes"* (Matt. 26:28).
2. *Die "ewige lewe:* "Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het *die, ewige lewe,* en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Joh. 6:54).
3. *Die gemeenskap van die heiliges:* "Omdat dit één brood is, is ons almal één liggaam, want ons het almal deel aan die één brood" (1 Kor. 10:17). Ons Nagmaalsformulier brei die beeld uit deur ook daarna te verwys dat baie druiwekorrels gepars word en tot één wyn vermeng word. Ons het deel aan die één brood en drink gesamentlik uit één beker van dieselfde wyn,

omdat ons self die één liggaam van Christus is.

Dit is die inhoudryke simboliek van die tekens van die heilige Nagmaal.

***Moenie hang aan die uitwendige tekens nie***

Waar ons geloofsartikel nou breed ingaan op die onderskeid tussen ons "liggaamlike en tydelike lewe" en "ons geestelike" lewe wat deur die wedergeboorte ons deel word, wil hy dit tuisbring dat ons nie "aan die uitwendige tekens van die brood en die wyn moet bly hang nie" (Nagmaalsformulier). 'n Mens word nie "geestelik" gevoed en gelaaf deur 'n stukkie brood te eet en 'n bietjie wyn te drink nie. Jy word geestelik gevoed en gelaaf deur werklik deel te hê aan die lewende Christus, wat nou in die hemel aan die regterhand van God sit. En die lewende band het ons nie anders as deur in Hom te glo nie. En die geloof word in ons gewerk deur die Heilige Gees. Die geloof word ook gevoed en gelaaf deurdat die Heilige Gees ons innerlik steeds hegter bind aan ons dierbare Saligmaker.

***Ingestel vir gelowige sondaars***

Dit is goed om by die Nagmaal te onthou dat dit ingestel is vir *"gelowige sondaars"*. Indien 'n siek mens vir sy dokter sou sê "Ek sal u medisyne drink, wanneer ek beter of gesond is," sal hy nimmer herstel nie. Hoe kan ons dan redeneer dat 'n mens eers "beter" wil lewe, voordat jy Nagmaal gebruik? Die Nagmaal is juis bedoel om jou "beter" te maak. Eintlik kan 'n mens nie beter doen as om elke keer wanneer die Nagmaal op hande is, goed na te dink oor wat ons Kategismus sê in antwoord 81 oor die vraag vir wie die Nagmaal ingestel is nie: "Vir die wat hulleself vanweë hulle sondes mishaag en tog vertrou dat dit hulle vergewe is om Christus wil, en dat ook die oorblywende swakheid met sy lyde en sterwe bedek is; *die wat ook begeer om hoe langer hoe meer hulle geloof te versterk en hulle lewe te verbeter."* Dit gaan om siek mense wat op hulle dokter vertrou en graag beter wil word. Hulle ken hulle nood; hulle ken hulle Geneesheer; hulle vertrou op Hom en sy medisyne en hulle maak gretig daarvan gebruik, want hulle wil só graag beter wees.

***Bekeer jou!***

Maar wie moet dan wegbly van die Nagmaal? Paulus waarsku: "Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie." (1 Kor. 11:29). Kom ons kyk weer na die Kategismus: "Maar die huigelaars en die wat hulle nie met 'n opregte hart tot God bekeer nie, die eet en drink 'n oordeel oor hulleself." Die huigelaars en onbekeerlikes moet wegbly van die Nagmaal — Nee, wag 'n bietjie! Hulle moenie wegbly van die Nagmaal nie. *Hulle moet hulle bekeer!* Hoe goed is dit dat die Nagmaal ingestel is ook met die oog daarop dat dit ons tot halt roep. Staan stil, dink na, ondersoek jouself! Bekeer jou! 'n Mens wat homself verag is welkom by die Nagmaal. Die mens wat Christus en sy bloedstorting verag, moet egter wegbly — nee, hy moet hom bekeer en lewe.

***Die Nagmaal is geen offer***

Die Nagmaal is ingestel by die Paasmaaltyd. Die Ou Testamentiese maaltyd was egter meer as bloot 'n gedagtenismaal. Daarin is die uittog, die verlossing uit die slawehuis van Egipte gedenk. Daar is by die geleentheid o.a. 'n lam geslag en sy bloed is aan die deurkosyne gesmeer. Die nag het die doodsengel deur Egipte getrek en al die eersgeborenes van die Egiptenaars getref, sodat hulle gesterf het. Die bloed aan die deurkosyne het egter die eersgeborenes van die Jode "beskerm" teen die doodsengel. Die paaslam is daarna gaargemaak en geëet. (Ex. 12). Dit was 'n maaltyd, maar ook meer as 'n blote maaltyd. Dit was ook 'n *"offer"*. Die lam sê bloed moes vloei en moes die toorn van God "afweer". En nou weet ons al dat die lam sê bloed heengewys het na die bloed van ons Paaslam wat vir ons geslag is (1 Kor. 5). Die Nagmaal is

derhalwe nie meer 'n offer nie. Christus het klaar sy liggaam vir ons sondeskuld geoffer. Hy het dit "eenmaal gedoen toe Hy Homself geoffer het" (Hebr. 7:27). Die altaar het verdwyn en plek gemaak vir 'n tafel —ja, 'n eenvoudige tafel waarby 'n mens aansit om te eet en te drink. So is die Nagmaal in die ou Christelike kerk gevier: as 'n eenvoudige maaltyd.

***Die Roomse Mis is 'n "onbloedige" offer***

Die duiwel het hiermee egter nie genoeë geneem nie. Dit is te maklik en eenvoudig. Dit spreek te duidelik van die eenmalige en afdoende offer van Jesus Christus wat klaar vir ons gely en gesterwe het. In die Roomse Kerk verdwyn die eenvoudige tafel mettertyd. In die plek daarvan kom weer 'n altaar. Hoewel ons enigste Hoëpriester klaar gekom en eenmaal geoffer het, toe Hy Homself vir ons geoffer het, kom daar nou weer "priesters" in die kerk. In Rome sit 'n "Hoëpriester" op die troon en wêreldwyd tree priesters in sy naam op by die Roomse altare. En hulle bring elke dag weer die "vroeë offers" soos in die Ou Testament. O ja, hulleself voeg daar 'n kwalifikasie by. Hulle weet darem ook van Christus wat geoffer het maar, sê hulle, sy offer is nie "voldoende" nie. Daar moet bykom dat Hy, Jesus Christus (verbeel jou!) elke dag nog geoffer word deur die Roomse priesters. Só alleen bly sy offerande van krag as dit 'n voortdurende "onbloedige" offer op die altare van die Roomse kerk word. 'n Mens kan jouself afvra: Waar op aarde staan dit in die Bybel? Is dit 'n wonder dat ons Kategismus hiervan praat as 'n "vervloekte afgodery".

Waarom die Kategismus die skerp taal gebruik, sal wel duidelik word as ons verder let op wat Rome noodgedwonge moes doen om by die "altaar en offer" te kom en dit te kon handhaaf.

***Bring Christus af uit die hemel***

Paulus waarsku: "Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring?" (Rom. 10:6). Dit is die Roomse sê geheim. Hulle het Christus, wat 40 dae na sy opstanding opgevaar het na die hemel, weer uit die hemel gaan neerhaal. Hulle moes Christus op een of ander wyse hier op aarde op hulle altare kry. Dit doen hulle deur die sg. "transsubstansiasieleer". *Hiervolgens is Christus na sy liggaam en bloed wesenlik aanwesig in die brood en die wyn, wanneer die mis deur 'n Roomse priester bedien word.* Die brood en wyn is dus wesenlik die liggaam en bloed van Christus. Daarom kan mense voor die brood kniel en dit aanbid — dit is die "heilige hostie" — liggaam van Christus. Die brood word ook nie meer gebreek nie, maar die "heilige liggaam" van Christus word in die vorm van koekies in die mond van die misgangers geplaas. By breking kan dan van die "heilige liggaam" van Christus in die vorm van broodkrummels gemors word en vertrap en "ontheilig" word. En die wyn kom nie naby die mond van die "misganger" nie. Hy kan dit sien en aanbid, maar alleen die priester drink versigtig daarvan — te bang dat die "heilige bloed" van Christus "ontheilig" mag word.

***Hoe arm is Rome ondanks sy prag en praal!***

Ja, wat sou Rome sonder die "heilige Mis" wees? Hier is Rome sê glorie en mag. Mense word kruipend in die greep van die bygeloof vasgevang. Buite Rome en sonder die Mis is jy verlore. Waar die Mis nie bedien word nie, kan geen mens salig word nie. Die Mis vul aan en voltooi die werk van Christus. Dit maak Christus elke dag bereikbaar. En tog hoe arm is Rome ondanks sy prag en praal, ondanks sy magsgreep op bygelowige mense! Die ou Geuse, wat deur Rome ten bloede toe vervolg is, het die Rooms-Katolieke "broodgodaanbidders" genoem. Ons Kategismus sê dat die Mis in die grond niks anders as 'n verloëning van Christus en 'n vervloekte afgodery is nie. Dit klink skerp, maar dit is waar. Paulus sê in Rom. 10, nadat hy vermaan het om Christus nie uit die hemel te wil neer haal nie: "Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: *As jy met die mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word . . ."* (Rom. 10:8, 9). Daartoe is Rome se onbloedige offer nie nodig nie.

***Kniel voor 'n stukkie brood***

Die woord van die geloof het tussen ons en Christus geen altaar nodig nie. Geen mispriester kan ons verhinder om die enigste en ware Middelaar tussen God en die mense te bereik nie. Eenvoudig is ons Nagmaal — 'n tafel — brood — wyn. Geen towerformules of menslike magstoere nie. Nee, hier gaan dit nie om mag of geweld nie, maar om die werking van die Gees van God. (Sag. 4). Voor Christus kniel ons in aanbidding neer, maar ons weier om te kniel voor 'n stukkie brood en 'n glas wyn. Dan maar liewer, soos Guido de Brès en duisende ander, na die galg of die brandstapel. "Hier staan ek! God help my! Ek kan nie anders nie!" het Maarten Luther uitgeroep toe hy onder dreiging van die dood opgeroep is om sy sg. "ketterye" terug te trek. Ook ons kan hom dit nasê.

***"Christus se liggaam alomteenwoordig"***

Ongelukkig het Luther egter ook by die 'Nagmaal grootliks afgewyk. Hier kon die Lutherse kerk nie geheel loskom van die Roomse dwaling nie. Hulle wil Christus ook maar neerhaal uit die hemel. Hulle leer dat Christus, onder, by en in die tekens aanwesig is wanneer die Nagmaal bedien word. Dit word die "konsubstansiasieleer" genoem. "Konsubstansiasie" beteken "wesenstegelykheid". Die "transsubstansiasieleer" by Rome beteken dat die brood en wyn 'n wesensverandering ondergaan en daadwerklik die liggaam en bloed van Christus word. Luther wou dit wel nie aanvaar nie, maar leer tog dat Christus ook liggaamlik aanwesig is, wanneer die Nagmaal bedien word. Om dit te bereik, leer die Lutherse dat Christus se menslike liggaam vergoddelik is met sy hemelvaart en nou ook, soos sy Godheid, alomteenwoordig is. Dit leer die Bybel ons egter nie. Hy is nou in die hemel, aan die regterhand van God, en wil daar deur ons vereer en aanbid wees. Na sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk Hy egter nimmermeer van ons nie. Daarom is Hy ook op 'n geestelike wyse by die Nagmaal aanwesig. Ons eet en drink sy liggaam en bloed met die "mond" van die geloof.

***Tekens van die liggaam en bloed van Christus***

Christus noem die brood en wyn, sy "liggaam en bloed" op "sakramentele" wyse. Die "teken" word genoem met die naam van dit wat daardeur afgebeeld word. Dink aan 'n eenvoudige voorbeeld: Ek druk my vinger op 'n kolletjie op 'n landkaart en sê: "Dit is Pretoria." Elkeen weet tog dat dit bloot 'n teken van Pretoria is. Indien Christus wesenlik liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is, dan sou ook die eienskappe van die brood en wyn moes verander — dit smaak en ruik egter nie anders nie. Nee, ons kan hoogstens uit die Bybelse spreekwyse aflei dat Christus ons wil verseker dat, net so seker as wat ons liggaamlik gevoed en gelaaf word deur brood en wyn, net so seker word ons geestelik gevoed en gelaaf deur die liggaam en bloed van Christus. (Kategismus antw. 79).

***Tekens nie los van afgebeelde saak nie***

Só verkondig ons die dood van die Here totdat Hy kom. Die doodgewone maaltyd, waarby brood en wyn gebruik word, verkondig die heerlike waarheid: Die Here Jesus sê liggaam is verbreek en sy bloed vergiet, om aan my die lewe te kon gee. Anders was ek nog altyd dood in misdade en sondes. En dit, benadruk ons belydenis nou verder, is nie ydel of leeg of bedoel om ons te bedrieg nie. Die Here gee altyd saam met die tekens van brood en wyn, ook die saak wat dit afbeeld. En wat is die saak wat ons by die Nagmaal saam met die tekens van brood en wyn ontvang? Dit is die vergewing van sondes deur die bloed van Christus en die vernuwing van ons lewe deur die Heilige Gees. By die Nagmaalviering ontvang elkeen die volle sakrament en nooit bloot 'n "leë" teken nie. Die wat meedoen met die bedoeling om net van die tekens gebruik te maak en nie hulle hart aan Christus verpand, hulle eet en drink 'n oordeel oor hulleself terwyl hulle die liggaam van die Here nie onderskei nie (1 Kor. 11). Só het ook Judas Iskariot en Simon die towenaar (Hand. 8) uitwendig wou meedoen tot hulle verderf.

### *Binne die erediens*

Wat die Nagmaal betref, is daar herhaaldelik afgewyk en word dit trouens nog gedoen. Daarom is hierdie artikel uitvoerig, selfs wat die praktiese viering van die Nagmaal betref. Dit moet binne die vergadering van die volk van God gebruik word. Daar bestaan nie so-iets dat 'n mens die Nagmaal aan een-een by die huise, in die hospitaal of op die sterfbed kan bedien nie. Dit gebeur wanneer die gemeente wettig saam is in 'n erediens. Die gevaar bestaan altyd dat 'n mens aan die tekens van die brood en wyn 'n soort outomatiese werking kan toeskryf soos Rome. Dan word die bediening van die Nagmaal as 't ware 'n towermiddel. Nee, die bedoeling van die Nagmaal reik nie verder as om ons geloof te versterk in die offerande van Christus aan die kruis nie. Daarom word dit nadruklik gebind aan die amptelike bediening van die Woord binne die kring van die gemeente.

### *Met ootmoed en eerbied*

Hoewel ons Rome se seremoniële prag en praal verwerp, wil dit egter nie sê dat ons die Nagmaal gedagteloos en oneerbiedig mag gebruik nie. By die Nagmaal kom ons met ootmoed en eerbied. Hoe kan dit ook anders? Ons kom onder die indruk van ons eie sondigheid en die groot en onbegryplike liefde van God aan ons in Christus bewys. Hier pas skugterheid — dit is asof 'n mens soos Petrus sou wou uitroep: "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man!" (Luk. 5:8). Ons sou sekerlik moes wegvlug indien ons nie so dringend genooi word nie: "O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!" (Jes. 55:1). Só word ons by elke Nagmaalsviering uitgenooi.

### *Danksegging*

En hoe kan ons dankbaarheid dan agterweë bly? Hier waar ons aanskoulik 'n deelgenoot is van die lyde en sterwe van Christus, pas dit ons om ons dank te betaal. (Ps. 116). Daarom roep ons belydenis ons ook op tot danksegging. By ons was dit altyd gebruik om 'n "nabetragtingsdiens" te hou. Daardeur wou ons eintlik maar ook op formele wyse in 'n bepaalde erediens uitdrukking gee aan ons dankbaarheid. Dit bly altyd goed en nodig om die gemeente op te skerp tot dankbaarheid — ons het immers altyd rede om dankbaar te wees. Hoe sou ons dank dan agterweë kon bly by 'n feesgeleentheid soos die Nagmaal?

### *Nagmaalganger bely sy geloof*

In sy geloofsbelydenis kon Guido de Brès dit ook nie nalaat om hier uitdruklik te verklaar nie: "en ons doen daar belydenis van ons geloof en van die Christelike godsdiens." Só verkondig ons die dood van die Here totdat Hy kom (1 Kor. 11:26). So spreek die eenvoudige tafel met sy brood en wyn van die groot dade van God. Die tafel? Nee, die deelgenote aan die tafel is die belyders. Dit maak dat die Nagmaal spreek. Hulle gee ook getuienis van hulle geloof in Jesus Christus wanneer hulle die brood ontvang en eet en die beker neem en drink. Die eenvoudige daad is 'n geloofsdaad in die wêreld. So verkondig ons ons Middelaar in die wêreld. Die Nagmaal is ook vandag nog 'n struikelblok vir die Jood en 'n dwaasheid vir die Griek (1 Kor. 1:23), maar dit bly steeds "Christus die krag van God en die wysheid van God" verkondig. (1 Kor. 1:24).

### *Bymengsels en menslike vindinge*

Op grond van hierdie belydenis van die heilige Nagmaal "verwerp ons alle bymengsels en verwerplike vindinge wat mense by die Sakramente bygevoeg en daarmee vermeng het, as ontheiliginge daarvan." Ons is tevrede — ja meer as tevrede — met dit wat Jesus Christus en sy apostels in die Heilige Skrif aan ons leer. Ons vier die eenvoudige Nagmaal in eenvoudigheid van hart.

**VRAE**

1. Is daar 'n uitspraak van Jesus dat die Nagmaal in die plek van die Pasga gekom het?
2. Watter soort maaltyd is die Nagmaal?
3. Wat is en beteken die tekens van die Nagmaal?
4. Wat beseël die Nagmaal?
5. Die Nagmaal spreek van twee weldade, watter?
6. Christus het die Nagmaal dus ingestel om Sy huisgesin te voed en te onderhou en die tekens getuig dat net so seker as wat ons die sakrament in geloof ontvang, ontvang ons die ware liggaam en bloed van Christus vir ons geestelike lewe. Waarom mag klein kinders dan geen Nagmaal gebruik nie?
7. Wat beteken dit om die liggaam en bloed van die Here te eet en te drink?
8. Wat maak die Roomse kerk hiervan?
9. Hoe sien die Lutherane dit? En ons?
10. Wat is voor elke Nagmaalsviering nodig? Beteken dit dat ons die Nagmaal verdien as ons dit waardig is?
11. As 'n ongelowige of onboetvaardige die Nagmaal gebruik, ontvang hy dan nie die werklike sakrament nie?

# Hoofstuk 21

## *ARTIKEL 36 - Die Owerheid en die Eindoordeel*

### Die amp van die owerheid

"Ons glo dat onse goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regeringe, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Met die doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm ..."

### *Konstantyn die Grote*

Op die Capitolheuwel in Rome kom die besoeker 'n reuse marmerkop teë, wat eertyds deel was van 'n kolos — sewe keer lewensgrootte. Die kop se oopgesperde oë staar na die hemel. Selfs die blote kop van die eertydse beeld is nog aangrypend in oorweldigende grootsheid. Dit is die beeld van Flavius Valerius Constantinus, wat aan ons uit die geskiedenis bekend is as Konstantyn die Grote — die eerste christelike Romeinse keiser. Hy is gebore in 280 n.C. en met die edik van Milaan in 313 n.C. is die christelike godsdiens vir die eerste keer van owerheidsweë erken. Destyds was Konstantyn egter nog nie alleenheerser oor die Romeinse ryk nie. Hy het met die teken van die Christendom op sy vaandel egter die alleenheerskappy verkry en sedert 323 n.C. is die vryheid van die Christene gewaarborg deur die owerheid'. Die Christene is self bevoordeel, sodat die kerk geweldig vinnig begin groei het. Dit was egter nie 'n ongemengde seën nie. Baie mense het nou ter wille van tydelike gewin by die kerk aangesluit. Aan die ander kant moes die kerk ook spoedig beginsels prysgee ter wille van die bevoorregting van die kant van die owerheid. Sedertdien ken ons in die kerkgeskiedenis die sg. "stryd tussen kerk en staat".

### *Owerheid en godsdiensvryheid*

Hierdie stryd het ten gevolge dat daar vandag nog in Gereformeerde kerke meningsverskil bestaan oor artikel 36 van ons Belydenis. Hier word deur verantwoordelike kerklike leiers baie vrae gestel. Ons ken uit die kerkgeskiedenis die nadele vir die kerk wanneer die owerheid hom inmeng met die godsdiens van sy volk. Hoe kan ons, terwyl ons voorstanders is van godsdiensvryheid, nogtans bely van die owerheid: "maar ook om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder . . .?" Was die owerhede nie juis in die tyd toe die belydenis opgestel is, besig om hulle amp só uit te oefen volgens hulle opvatting nie? En dit het die lewe van duisende getroue belyders van Christus gekos. Ook Guido de Brès, die opsteller van die belydenis, is in 1567 opgehang deur die sg. christelike owerheid wat meen dat hy op die wyse "afgodery en valse godsdiens" uitroei. Geleerde en geëerde teoloë soos proff. K. Dijk, I.A. Diepenhorst en ds. S.G. de Graaf beweer bv. dat die kerk in art. 36 die grense van sy profetiese roeping oorskry het. Die kerk moes hom, volgens hulle en talle andere, nie oor die owerheid uitgespreek het nie.

### *'n Christelike owerheid?*

Ons het tans in Suid-Afrika 'n owerheid wat die christelike godsdiens simpatiek gesind is. Nie alleen plaas die owerheid hom, volgens ons grondwet, onder die heerskappy van God nie, maar die owerheid stel hom ook ten doel om bv. die "christelik-nasionale" beginsel in die onderwys te bewerk. Die owerheid waak ook nog oor die moraal van die volk en ons het bepaalde wette teen "Sondagsontheiliging" en "Godslastering" — om enkele voorbeelde te noem. In die V.S.A.

bv. mag geen godsdiens in die skole ter sprake kom nie — selfs nie eens 'n gebed nie — terwyl antichristelike leerstellinge vryelik geleer word. Die christelike godsdiens word selfs doelbewus in die staatskole ondermyn. Dit is wat Amerika van "godsdiensvryheid" dink. So word die volk uitgelewer aan die mag van die ongeloof Kyk ons na kommunistiese lande, dan sien ons hoe die godsdiens op bloedige wyse uitgeroei word, omdat dit sg. die "opium van die volk" is. So staan ons in die praktyk voor talle vraagstukke.

***Kerk tree buite sy terrein***

Veral in ons tyd het ons ook te doene met die gevaar dat sg. kerke bv. by monde van die Wêreldraad van Kerke, hulle beywer om owerhede te beïnvloed om in te gryp op terreine wat die kerk hoegenaamd niks mee te doene het nie. Dit lê nie op die terrein van die kerk nie. Kerke verskaf deesdae bv. selfs geld aan kommunistiese terroriste wat juis ten doel het om die kerk uit te roei. 'n Mens kan jou selfs afvra: waar sou die ketterjag eindig indien elke owerheid volgens sy mening, sou ingryp en die "ware" kerke beskerm en die "valse" kerk uitroei?

***Dit kom uit die Bybel***

En tog staan die artikel nie alleen in ons belydenis nie. Die belyder haal dit uit die Bybel. Dit is vir ons die einde van alle teëspraak. Dit is hoe God die owerheid sien. Selfs die "heidense" owerheid beskou die Bybel as *'n dienaar van God, jou ten goede".* (Rom. 13:4). Indien 'n owerheid die magte, wat God aan hom toevertrou, misbruik, is dit sy verantwoordelikheid. Die kerk mag egter nie swyg nie. Al kos dit vervolgings en ontbering, bly dit ons roeping om aan die owerheid te sê wat sy roeping volgens die Woord van God is. Eintlik is art. 36 'n beroep op die beskerming van die owerhede eerder as om hulle die les te lees. Omdat die Protestante belyders van die waarheid van die Woord van God en geen misdadigers is nie, het hulle aanspraak op die beskerming van die owerhede teen die vervolging van die Roomse kerk.

***"Daar is geen mag, behalwe uit God nie"***

Ons goeie God het in sy goedheid ook owerhede ingestel. "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel." (Rom. 13:1). "Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here — of dit die koning is as opperheer, of die goewerneurs as sy gesante, om wel kwaaddoeners te straf, maar die wat goed doen, te prys" (1 Petr. 2:13, 14). "Herinner hulle daaraan om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees" (Titus 3:1). Dit is die beginsel. Ons glo God wil die rustige lewe op aarde in stand hou. Daarom is daar owerhede en konings en vorste. Hierdie beginsel is eintlik al vasgelê in die huisgesin. Kinders word gestel onder die gesag van hulle ouers en moet hulle daaraan onderwerp en gehoorsaam wees. Die "Eer jou vader en jou moeder . . ." van die vyfde gebod verklaar ons Kategismus só: "Dat ek mv vader en my moeder en *almal wat oor my gestel is,* alle eer, liefde en trou moet bewys . . ." (Antwoord 104). So plaas God ons vanaf ons geboorte onder die gesag en beskerming van ouers en owerhede. Dit is juis die mooie van die Gereformeerde belydenis. *Ons glo nie aan "volksoewereiniteit" nie, maar dat God soewerein is.* Hy stel owerhede en magte in en nie die volk of konings of diktators nie. Die sg. "volksoewereiniteit" is maar 'n vrug van die Franse Rewolusie — 'n rewolusie "uit die mens en deur die mens en tot die mens" — wat van die stem van die volk die stem van God wou maak. Dit is afgodediens. Ons glo wel dat God die volk kan gebruik om die owerheid aan te wys, maar die owerheid regeer op gesag en kragtens die ordinansie van God.

***Vanweë die verdorwenheid van die mens***

Ons belydenis sê ook waarom die Here die owerheid ingestel het. *Dit is vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag.* Daar sou seker owerhede gewees het, al sou die sondeval nie plaasgevind het nie, maar dit weet ons dat die lewe op aarde ná die sondeval onmoontlik sou wees sonder 'n owerheid. As 'n mens dink aan die stryd teen die gesag van die owerheid, waarmee ons in ons tyd veral in die kringe van studente te doene kry, dan wonder 'n mens waarop dit sou uitloop, indien hulle hul sin kry. Die uiteinde kan niks anders as algehele bandeloosheid en verwarring of 'n diktatuur wees nie. Daarom het die owerheid die mag van die swaard — hy kan met geweld orde en wet handhaaf. Wanneer 'n mens die wet oortree moet jy nie klae indien die rubberknuppel van 'n polisieman jou tref nie. Agter die knuppel moet jy self die hand van God sien —ja, die goeie God seën ons met 'n owerheid wat 'n ordelike lewe op aarde moontlik maak. 'n Owerheid kan vanselfsprekend sy mag misbruik en daar kan wel vir 'n onderdaan die tyd aanbreek dat hy moet maak soos Petrus en Johannes: *"Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie."* (Hand. 4:19, 20). Toe die Joodse raad hulle later daaroor voor stok kry dat hulle voortgaan om Jesus te verkondig, antwoord Petrus weer: *"Ons moet God meer gehoorsaam wees as die mens"* (Hand. 5:29). Ons mag dus nie aan die owerheid gehoor gee wanneer hy ons beveel om dinge te doen, wat in stryd is met die Woord van God nie.

***"Om die hand te hou aan die Kerkdiens ..."***

Maar wat is nou die plig van die owerheid teenoor die openbare godsdiens? Ons bely: "om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die antichris te gronde te rig en die Koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die Evangelie oral te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel." Hiermee word nie bedoel dat die owerheid met sy swaardmag 'n bepaalde godsdienstige opvatting mag uitroei en 'n ander een mag beskerm nie. Dit beteken alleen maar dat die owerheid geen beletsel in die weg mag lê vir die uitbreiding van God sê Koninkryk nie. Hier staan ook nie dat die owerheid afgodedienaars moet uitroei nie, maar "afgodery en valse godsdiens". Die owerheid behoort op sy terrein — die terrein van die openbare lewe — sorg te dra dat afgodery en valse godsdiens nie beoefen word nie. Dit beteken geen gewetensdwang nie — die mag besit die owerheid nie. "Ons moet God meer gehoorsaam wees as die mense." Die regering mag egter in sy openbare optrede en besluite geen ruimte laat vir afgodery en valse godsdiens nie. 'n Christen wat koning of 'n eerste minister is, is en bly 'n christen. Hy is ook in sy amp waarin hy staan, allereers aan God verantwoording verskuldig. God het hom in die amp gestel. Daarom moet hy ook in sy amp homself stel in diens van God en sy Koninkryk.

***Ons verwerp alle wetteloosheid***

Dan vermaan die artikel ons verder om ons aan die owerheid te onderwerp. Tereg voeg hy die beperking daaraan toe: "in alles wat nie stry met die Woord van God nie." Ons moet ook vir ons owerhede bid — God gebruik hulle immers om aan ons 'n stil en rustige lewe te gee, sodat sy Koninkryk kan uitbrei. Daarom "verwerp ons die Wederdopers en ander oproerige mense; en in die algemeen almal wat die owerhede en regeerders verwerp en die regterlike mag omver wil stoot, wat die gemeenskap van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense vasgestel het, in verwarring bring." Ja, wetteloosheid en opstand teen die gevestigde gesag, is nie nuut nie. Nie alleen Getuies van Jehowa in ons tyd nie, maar ook Wederdopers in die tyd van Guido de Brès wou hulle nie onderwerp aan die gesag van die owerheid nie. Dit is selfs asof die kommuniste toe al begin het met hulle leer van die "gemeenskap van goedere". Maar genoeg: Ons weet die owerheid is 'n instelling van God. Hy gebruik ons regering ons ten goede.

Ons weet ook dat ons aan God meer gehoorsaam moet wees as aan die owerheid. Andersins moet ons ons egter onderwerp en die owerheid daadwerklik steun in die uitoefening van sy gesag. Wetsgehoorsaamheid is ons plig — ja ons roeping.

## *ARTIKEL 37 - Kom Here Jesus!*

### Hy kom om te oordeel die lewende en die dode

"Ten laaste glo ons, volgens die Woord van God, dat wanneer die tyd deur die Here bepaal, gekom het — wat aan alle skepsele onbekend is — en die getal van die uitverkorenes vol sal wees, onse Here Jesus uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het, met grote heerlikheid en majesteit, om Hom aan te kondig as Regter oor lewende en dode; en dat Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer . . ."

*"Kom! . . . Amen, ja, kom Here Jesus!"*

Hierdie artikel tref ons in sy "onvolledigheid . . ." Net maar iets oor die laaste oordeel. Wat van ander brandende vraagstukke? Dink aan die toestand van die gestorwe mense tussen hulle dood en die wederkoms van die Here. Daarvan word niks gesê nie. Ons het ook niks oor die antichris, die sg. duisendjarige ryk, die tekens van die tye nie. By al hierdie dinge gryp die belyder verby. Hy sien net maar een groot gebeurtenis in die verskiet. Die Seun van die mens kom op die wolke van die hemel. Hy kom om sy verdrukte en vervolgde kerk te verlos. En het Guido de Bres en sy tydgenote nie verdrukking en marteling geken nie? Hulle het geweet wat dit beteken om met die Gees te roep: "Kom! Amen, ja kom, Here Jesus!" (Openb. 22:17, 20). Dink daaraan hoe die opstellers van die Kategismus, wat ook in die tyd van vervolging geleef het, die wederkoms verklaar: "Dat ek in alle droefenis en vervolging my Saligmaker uit die hemel verwag, wat al sy en mv vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem."' (Antwoord 52). Mense wat droefenis en vervolging ken, sien uit na die verlossing. Hulle bepaal hulle by die hoofsaak. Dit is die uiteindelike triomf van hulle Koning, Jesus Christus.

***Die Seun van die mens kom met groot heerlikheid***

Ons Here Jesus Christus kom uit die hemel met groot majesteit en heerlikheid. Dit is taal wat uit die Bybel kom. Dink aan die elf apostels wat na die hemelvaart van die Here stip na die hemel staan en kyk, waar Hy agter 'n wolk verdwyn het. Dan staan daar twee engele by hulle, wat sê: "Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel. sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het" (Hand. 1:11). Die Here Jesus self sê van sy wederkoms: " . . . dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom met groot krag en heerlikheid" (Matt. 24:30). Sy eerste koms was in nederigheid en in vernedering. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad dat ons Hom sou aansien nie. Hy is soos 'n lam na die slagplek gelei (Jes. 33). Hy kom egter weer as Regter om te oordeel en dan kom Hy as die Leeu uit die stam van Juda.

***Berge val op ons!***

Wanneer Hy kom, is daar verskrikking op die aarde. Die lewendes skrik, maar ook die dooies word opgewek en verskyn voor Hom, die Regter. Openb. 6 teken dit as die tyd van die groot vlug van die lewendes: "Die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan? (Openb. 6:15-17). Hoe kan dit ook anders? "Kyk, Hy kom met die wolke en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en

al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!" (Openb. 1:7). Mense het Hom deursteek. Mense vertrap sy bloed wat vir hulle uitgestort is. Hulle verag sy genade. En nou kom Hy om rekenskap te eis. Sy lankmoedigheid is verby. "En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy gewerp in die poel van vuur" (Openb. 29:12, 15).

***Hulle wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak***

"Want almal wat gesterf het, sal uit die dode opstaan, die siele saamvoeg en verenig met hulle eie liggaam waarin hulle geleef het." Hier het ons die belydenis van die opstanding van die vlees. Dit leer die Bybel baie duidelik. Selfs in die Ou Testament: "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik" (Dan. 12:2). Jesus self sê aan die Sadduseërs, wat die opstanding verwerp: "Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie. En wat die opstanding van die dode betref— het julle nie die woord gelees wat tot julle deur God gespreek is nie: Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob? God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes" (Matt. 22:29, 31, 32). Mense wat moeite het met die geloof in die opstanding, kan gerus vashou aan die woord van Jesus: *Julle ken die Skrifte nie en ook nie krag van God nie.* Dit is inderdaad die sleutel tot ons geloof in die opstanding. Die Bybel verkondig dit en onse God is die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde — sou daar 'n ding vir Hom onmoontlik wees? Ons glo in die Skrifte en ons weet van die krag van God; daarom is die opstanding vir ons geen struikelblok nie.

***In 'n oogwink verander***

En hulle wat nog lewe by sy wederkoms, sal in 'n oomblik, in 'n oogwink verander word. "Kyk ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word" (1 Kor. 15:51-53). Die dooies staan op en die lewendes word beklee met onsterflikheid en dan verskyn almal voor die Regter.

***Die skape en die bokke***

"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Dan sal Hy ook vir die aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele." (Matt. 25:31-46). Tereg sê ons belydenis dat die verborgenhede en geveinsdhede van die mens in die openbaar voor almal ontdek sal word. Die boeke word immers geopen.

***Martelare se trane afgevee***

En dan sluit ons belydenis af op 'n noot wat ons die hartetaal van die martelare van die tyd laat hoor. Vir die vromes en uitverkorenes sal die oordeel begeerlik en troosvol wees. Hulle verlossing sal dan voltooi word en hulle sal die vrug ontvang van al hulle sware arbeid en moeite. Hulle onskuld sal deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak van God sien — die wraak teen die goddelose wat hulle in hierdie wêreld getiranniseer, verdruk en gekwel het. Hulle sal met heerlikheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam

bely voor God sy Vader en sy engele. Alle trane sal van hulle oë afgevee word; hulle saak, wat teenswoordig deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, sal erken word as die saak van die Seun van God . . . *Daarom verwag ons die grote dag met groot verlange om ten volle te geniet die beloftes van God in Jesus Christus, onse Here."*

***Met vleuels na die hemel***

So neem ons afskeid van Guido de Bres se belydenis. Hy het hierdie kosbare belydenis vir ons nagelaat om te bewaar, te ken en uit te lewe. Hyself het dit uitgelewe. Dit is daarom so hartversterkend dat die afsluiting van die belydenis van De Bres sê eie dood só 'n besondere vertolking vind. Toe hy weggeneem is om opgehang te word vir die belydenis van sy Here en Meester, was van sy laaste woorde aan sy mede martelare: "Dit is vir my asof my gees vleuels ontvang het om na die hemel te vlieg, aangesien ek tans genooi is na die bruilof van my Here, die Seun van God."

***Die ellendigste van alle mense***

En ons? Meer en meer eertydse gelowiges het die geloof in die wederkoms van Christus afgesweer. "Dit is maar wensdenkery van die ou christelike kerk." Of "dit is beeldspraak" waarin hulle die koms van die paradys of vrederyk op aarde wou voorstel. "Christus sê wederkoms, sê hulle, beteken alleen dat daar 'n toestand van geluk en vrede vir die mensdom op aarde wag." En van 'n oordeel is daar geen sprake nie. Die hiernamaals is 'n mooi sprokie vir kindertjies, maar die mondige mens van die laat twintigste eeu glo nie meer in fabels nie. Nee, vergeet van die sogenaamde lewe na die dood en leef en werk nou en hier om die , Jesusrevolusie" te voltooi en die mensdom tot eenheid en vrede te bring.

Kan ons help om biddend te sug tot die hemel? Hoe arm het die sg. Westerse Christendom geword? Weet hulle nie wat Paulus gesê het nie? *"As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense.* Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk van God aan die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en alle mag vernietig het . . ." (1 Kor. 15:19-25).

Ons sluit af met die heerlike vertolking van Rom. 8:33-39 in Skrifberyming 10. Wanneer tye van vervolging weer aanbreek, sal dit moontlik 'n lied wees wat dikwels deur Gereformeerde belyders in Suid-Afrika gesing word:

> "Wie kan ons voor die Regter daag?
> Gods uitverkore kind verklaag?
> Waar is die mond wat durf verdoem
> as God sy kind regverdig noem?
>
> Dis Christus wat die skuld wou dra,
> die dood vir ons gesterf het, ja
> wat, opgewek, in glorie sit
> en altyddeur vir ons wil bid.
>
> Wie sal ons, van die skuldstraf vry,
> van Christus en sy liefde skei?
> Verdrukking, of vervolgingsnag?
> Benoudheid wat ons hier nog wag?

Of honger, naaktheid of gevaar?
Die swaard van die geweldenaar?
(As skape word ons nou geag,
klaar vir die mes wat ons wil slag!)

Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
deur Hom vir Wie ons leef en ly.
Ja, 'ek weet gewis, geen lewe of dood,
geen eng'lemag, bomenslik groot.
Geen skepsels in die skepping wyd,
geen ding in tyd of ewigheid —
niks kan ons van Gods liefde skei
wat ewig vas in Christus bly."

**ENKELE AANDUIDINGE VIR VERDERE SKRIFONDERSOEK**

**Die Chiliasme**

Die Griekse woord "chilios" beteken ..duisend". Ouder Chiliasme verstaan ons die leer van die mense wat glo in die ..Duisendjarige Vrederyk" (Openb. 20:2, 4). Dit is afkomstig van die skole van die Joodse rabbyne. Hulle sien die Messiaanse tyd as 'n tyd van politieke heerskappy van Israel oor die volke. 'n tyd van groot voorspoed waarop die wêreldgerig sal volg. (Vergelyk: Aantekeninge by Hoofstuk 15 oor Judaïsme). Uit hierdie bespieëlinge kom soortgelyke verwagtinge waarby die Christelike Kerk die heerlike duisend jaar sal belewe by sommige voort. Ons kry dit by die sg. Apostoliese. die Russelliete (Getuies van Jehowa): die Mormone en allerlei Adventiste. (Daar is ook lidmate van die Gereformeerde Kerk wat die opvatting huldig.) Elke rigting het wel sy eie voorstelling van wat die ..duisendjarige vrederyk" inhou. maar die hoofsaak is dieselfde. (J. van Bruggen: "Ja en Amen der Kerk" p. 192).

**'n Tweërlei wederkoms van Christus**

Die Chiliaste verkondig 'n tweërlei koms van Christus. Met sy eerste koms sal Hy die antichristelike magte oorwin. die satan bind, die gestorwe gelowiges opwek. die gemeente en insonderheid die bekeerde en. na Palestina teruggekeerde Jode. rondom Hom vergader. Die satan word dan vir 1000 jaar gebind. Dan sal Christus met die gemeente oor die wêreld heers en vir sy volk 'n tyd van geestelike bloei en stoflike welvaart gee. Sommige meen dat Christus vanuit Jerusalem sal regeer. die Mormone dat Hy in Utah,. V.S.A. sy setel sal hê en sommige dat Hy vanuit die hemel sal regeer. Aan die einde van die duisend jaar gaan Christus weer na die hemel en word die satan ontbind. Dan beleef die kerk die laaste en vreeslike tyd. Dit word beëindig by die tweede koms van Christus. Dan word alle mense opgewek en die ewige oordeel vind plaas. In onderdele is daar heelwat verskil onderling by Chiliaste. (Die duur van die ryk, die aanvang daarvan, die plek van die Jode daarin ens.).

**Skrifbewyse vir die Chiliasme**

Die twee sterk pole waarom die chiliasme draai. is die Ou Testamentiese profesieë oor die

"toekoms van Israel" en die boek Openbaringe en dan veral Openbaring 20.

Op grond van allerlei aanhalinge uit die Ou Testamentiese profesieë glo hulle dat Israel as **volk** herstel sal word deur God. Daarmee negeer hulle die baie uitsprake van die Nuwe Testament wat toon dat die bepaalde beloftes in die Nuwe Testamentiese **kerk** vervul is. Ons lees die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament. (Vgl. hoofstuk 6 oor die Ou en Nuwe Testament en hoofstuk 15 oor die "Wette van Moses en die Judaïsme"). Dink by. aan Amos 9:11 en Hand. 15: 16. Die "herstel van Israel" word hier bv. baie duidelik verklaar as vervul in die koms van Christus en dat die evangelie dan ook deur die heidene aanvaar sou word. Indien die chiliaste sou uittrek en sendingwerk onder die Jode doen, sou 'n mens nog iets kon begryp van hulle leer van die herstel van Israel, want buite Christus is alle mense verlore. En indien die Jode in klein of groot getalle tot bekering en geloof in Christus kom, sal ons ons alleen daarin kon verheug. Aan die ander kant sê dit vir ons as christen niks, al sou al die Jode op aarde in Palestina woon . . . (Ons weet natuurlik dat die staat Israel maar 'n klein persentasie van die Jode in die wêreld huisves.) 'n Uitverkorene in die sin van die Nuwe Testament is alleen 'n mens wat in Jesus Christus as sy Saligmaker glo.

Wat Openbaring 20 betref, wil ons net enkele opmerkinge maak: Openb. 20 leer nie dat die satan vir duisend jaar geheel magteloos sal wees nie. Dit leer alleen dat hy die nasies nie sal kan verlei nie. As hy sy sin kon kry, sou hy lankal die christelike kerk met wortel en tak uitroei. Hy is egter gebind. Daarom kon die Woord van die Here sy gang voltooi oor die aarde in die loop van die geskiedenis. Christus regeer. By sy hemelvaart het Hy gesê: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde ... En kyk Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:18, 20). Christus sê selfs: .,Ek het die satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val".

Lees 'n mens egter veral die Skrifgedeeltes wat handel oor die wederkoms van die Here, dan is daar nêrens enige aanduiding van 'n tweërlei koms nie (1 Kor. 15:23-28). Vir ons is dit duidelik dat die heerskappy of koninkryk van Christus dieselfde is as die Koninkryk van God waarvan die Nuwe Testament vol is (Kol. 1:13; 4:11: Ef. 5:5). Hoe sou Christus kon kom soos '"n dief in die nag" as die "duisendjarige ryk" so afgeslote sigbaar op aarde belewe word? (1 Thess. 5:1-11).

Vir ons is dit geen probleem dat trone in die hemel is en die siele van die wat onthoof is saam met Christus regeer nie. Ons glo immers dat die gesaligdes se siele direk na hulle sterwe opgeneem word tot Christus (Openb. 20:4, Kategismus Sondag 22).

Ook die eerste en tweede opstanding hou geen probleem in nie. Paulus praat van die sterwe en opstanding in Christus (vgl. Rom. 6 ens.). Ons ..eerste opstanding" is die ..opstanding in die nuwe lewe" in Christus. Ons was immers dood in misdade en sondes. Die tweede opstanding is die opstanding van die vlees by die wederkoms van Christus. En die tweede dood sien op die ewige dood in die helse smarte (Openb. 20:5, 6).

Ons kan net byvoeg dat die 1000 jaar 'n afgeslote bepaalde tydperk in die raad van God is, en hoegenaamd nie presies 1000 jaar hoef te wees nie. Die boek Openb. en selfs die res van die Bybel wemel van simboliese getalle.

**Kritiek op die Chiliasme:**

1. Hulle voorstelling tussen die Ou- en Nuwe Testament is verkeerd. Die Nuwe Testament is die vervulling van die Ou Testament volgens die Nuwe Testament self leer. Die chiliaste rangeer ons op 'n syspoor en sien uit na die "duisend jaar" en ,.die toekoms van Israel".
2. Die chiliasme beteken die dood van die heiligmaking — die christelike lewe. Christus heers nou oor ons en ons moet nou aan Hom gehoorsaam wees. Ons leef in "vrede" omdat ons

deel het aan die vrede met God in Christus.

3. Indien 'n mens die Skrif lees oor die "tekens van die tye" dan hoor ons van groot benoudheid en bittere vervolging; ons lees van die groot afval ens. Dit is ook die tyd van die verskyning van die antichris. Al die dinge dui tog kennelik op 'n tyd wanneer die satan losgelaat is om die nasies te verlei. M.a.w. die tyd van binding of1000 jaar is dan reeds verby — daarop kom Christus onverwags soos 'n dief in die nag.

**VRAE**

1. Mag die kerk met die taak van die owerheid inmeng? Mag hy die regering verander?
2. Moet 'n gelowige die owerheid altyd gehoorsaam wees?
3. Wat is die taak of roeping van die owerheid?
4. Moet die owerheid die valse kerk uitroei?
5. Weet ons wanneer Christus kom? Hoe sal Hy kom?
6. Watter troos het die gelowiges wat sy wederkoms verwag?
7. Hoe moet ons op die dag van Christus wag?